

KERKLIDMAATSKAP

'n Kerkregtelike studie

Johannes Hendrik Spies

**Proefskrif ingelewer vir die graad Doktor in die Teologie
aan die Universiteit van Stellenbosch.**

Promotor: Prof. P. Coertzen



1996

Geldelike bystand gelewer deur die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie proefskrif uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is die van die outeur en moet nie noodwendig aan die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling toegeskryf word nie.

Verklaring

Ek die ondergetekende verklaar hiermee dat die werk wat in hierdie proefskrif vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander Universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

Handtekening:

Datum:

"Die Ekklesiologie ist ... in ihrem Kern Christologie" (Weber 1972:575).

"Die Frage nach der Kirche ist ... eine Lebensfrage des Glaubens" (Roloff 1993:11).

"In die Kerk van die HERE JESUS CHRISTUS kan daar nie goedertrou met insigte gewerk word nie. Die Here self moet ons voorgaan, want dit gaan om die eer van God en die heil van die mens en samelewing" (Brown 1993:416).

"Velen zijn er (die kerk - JHS) in die niets van Christus hebben dan de titel en de schijn. Zeer vele schapen zijn er buiten, zeer veel wolven binnen. Maar opdat we toch er wat van zouden weten waar men zo ongeveer zijn kinderen moet zoeken, heeft God zich voor de zichtbare kerk aan onze bevattingsaanpassing aangepast. Omdat geloofszekerheid hier niet mogelijk was, heeft Hij er een soort oordeel der liefde voor in de plaats gesteld. Daarbij hebben we dan te oordelen naar geloofsbelijdenis, levensgedrag en deelname aan de sacramenten" (Noordmans 1984:107).

"Uncritical belief misses the point in theology as much as unbelieving criticism. True faith strengthens rather than hampers criticism. True criticism fructifies rather than destroys faith" (Küng 1967:78).

SAMEVATTING

Vrae oor lidmaatskap en die probleme wat daarmee verband hou, is volop en kom dikwels na vore tydens kerkvergaderings. Die manier waarop die kerk funksioneer, gee uitdrukking aan 'n bepaalde kerkbegrip. Die ideaal is dat die kerkordelike inrigting van die kerk uitdrukking gee aan die wese van die kerk. Daarom is dit belangrik om die vrae oor kerklidmaatskap te vra vanuit dit wat die Skrif en belydenisskrifte oor die kerk leer. Hierdie studie toon aan dat daar 'n spanning bestaan tussen die kerkbegrip, soos wat dit in die Skrif en belydenisskrifte geleer word, aan die een kant en die kerkbegrip wat deur die praktyk van kerklidmaatskap gereflekteer word aan die ander kant.

Om begrip vir die huidige situasie te kry, word daar ook gekyk na bepaalde historiese agtergronde vir huidige gebruike. Gebruike in 'n verskeidenheid van kerke word ondersoek en die siening van 'n groep lidmate van die Ned Geref Kerk in die Ring van Pietermaritzburg bepaal. Hierdie ondersoeke het aangedui dat daar 'n verskeidenheid van gebruike en opvattinge is ten opsigte van lidmaatskap wat nie 'n gesonde teologiese basis het nie. Daar is ook 'n wye verskeidenheid opvattinge oor wat lidmaatskap behels en hoe dit hanteer moet word in die kerklike praktyk.

Uit die Ou en Nuwe Testament blyk dit dat afgehandelde definisie van wat kerk is, nie moontlik is nie. Die Bybel praat op wye verskeidenheid maniere oor die kerk. God se teenwoordigheid en inisiatief in die gemeente as verbondsvolk maak van die geloofsgemeenskap kerk. Geloof, verbondenheid aan Jahwe in die Ou Testament en Jesus Christus in die Nuwe Testament, onderskei lede van die geloofsgemeenskap van diegene wat nie daaraan behoort nie.

Die hantering van lidmaatskapreëlins het so ontwikkel dat dit dikwels 'n afgrensing van kerke teenoor mekaar behels en so die sigbare eenheid van die kerk belemmer. In die laaste hoofstuk word 'n poging aangewend om riglyne daar te stel waarvolgens lidmaatskap so hanteer kan word dat die eenheid van die kerk daarin sigbaar word terwyl die belydenisgrondslag van die kerk beskerm word. In hierdie proses word onderskeid gemaak tussen lidmaatskap as die kerk se afgrensing teenoor die wêreld aan die een kant en die afgrensing van kerke teenoor mekaar aan die ander kant. 'n Poging word aangewend om die soteriologiese en kerkregtelike betekenis van die doop byeen te bring in die praktyk. Die doop, as sakrament van inlywing in die kerk van Jesus Christus, word fundamenteel in die erkenning van lidmaatskap en lidmaatvoorregte in die gemeente.

SUMMARY

Questions and problems concerning church membership are plenty and surface regularly in church meetings. The way in which the church operates reflects a particular concept of the church. The ideal is that way the church functions according to the church law must express the essence of the church. Therefore it is important to ask questions on church membership in the light of the scriptures and the confession. This study shows that there is tension between the concept of the church which comes forward in the Scriptures and the confession on the one hand and that which is reflected in the practical handling of membership issues on the other hand.

An investigation into certain historic backgrounds, the conventions of a variety of churches on the issue of membership as well as the views of church members from the Presbytery of the Dutch Reformed Church in Pietermaritzburg was necessary to acquire insight into the present situation. These investigations have shown that there are several customs and views on membership issues that do not have a sound theological basis. On what membership means and how it must be handled in practice there is also a wide variety of opinions.

From the Old and New Testaments it becomes evident that a complete definition of the church is not possible. The Bible speaks in different ways about the church. God's presence and initiative in the church as his people of the covenant is that which makes the faith community the church. Faith, the relation with Jahwe in the Old Testament and with Jesus Christ in the New Testament, is that which distinguishes the members of the faith community from those who do not belong to it.

The handling of membership developed in such a way that membership issues constitutes the delimitation of churches amongst each other. That hampers the visible unity of the church. In the last chapter an attempt was made to formulate guidelines for the handling of membership in such a way that the unity of the church is emphasized while the confessional base of the church is protected at the same time. In this process a distinction is made between the delimitation of the church against the world on the one hand and the delimitation of churches amongst each other on the other hand. An attempt is made to unite the soteriological and the canonical meaning of the baptism in the membership practice. Baptism, as the sacrament of incorporation into the church of Jesus Christ is fundamental in the acknowledgment of membership and membership privileges in the congregation.

BEDANKINGS

Ek betuig graag my opregte dank aan my promotor, prof. P. Coertzen, vir sy geduld, begrip, leiding en aanmoediging tydens hierdie studie. Hy het ook 'n belangrike rol gespeel in die verkryging van 'n studiebeurs wat die voltooiing van hierdie studie moontlik gemaak het. Hiermee ook my dank aan die eksterne eksaminator, prof. P.J. Strauss, en interne eksaminator, prof. E. Brown, vir hulle aandeel in die afhandeling van hierdie proefskrif.

Verskeie akademici het my gehelp tydens gesprekke of deur kommentaar op voorleggings aan hulle. Hier dink ek aan proff. W.D. Jonker, P.F. Theron, E. Brown, J.P.J. Olivier, H.L. Bosman, H.J.B. Combrink, J.W. Hofmeyr, A. le R. du Plooy, L. Heyns, J.S.M. Maritz en drr. B.A. du Toit, T.J. v.W. Kotze, C.W. Burger, H.J. Hendriks, J.H. Bisschoff, M. Lazenby, M. Nel en ds. W.J. Schoeman.

Sonder die ondersteuning en voorbidding van my gesin, kollegas, gemeente en vriende sou hierdie studie nie moontlik gewees het nie. Aan my vrou Hester, en my kinders, Ronel, Anena, Hester en Chris, baie dankie. My kollegas in die gemeente en ring moes as gevolg van my studies 'n swaarder werkklas dra. Hulle het nooit daarvoor gekla nie en my gedurig ondersteun. Dankie aan Jamie Rheeder wat die swaarste vrag gedra het en Johan Viviers wat my gehelp het met die proeflees van hierdie verhandeling. Aan die kerkraad van Pietermaritzburg-Suid wat studieverlof aan my toegestaan het en nie gekla het toe ek as gevolg van my studie nie oral kon byhou nie, baie dankie.

Die personeel van die Kweekskoolbiblioteek verdien spesiale vermelding. Hulle het meer gedoen om my te help as wat ek verwag het, was altyd vriendelik en baie hulpvaardig. Baie dankie. Dank ook aan die bibliotekpersoneel van die Lutherse teologiese opleidingsentrum in Pietermaritzburg en die Universiteit van Natal, Pietermaritzburg wat my toegelaat het om van hulle bibliotek en rekenaargeriewe gebruik te maak.

Die geldelike bystand van die Sentrum vir Wetenskapsontwikkeling het dit moontlik gemaak dat ek studieverlof kon neem. Daarsonder sou ek waarskynlik nie hierdie verhandeling kon voltooi nie. Dank aan hulle. Dank ook aan die Kuratorium van die Kweekskool op Stellenbosch vir 'n afstandsbeurs wat gehelp het met reiskoste en my vader wat gehelp het met dupliseringskoste.

INHOUDSOPGAWE

SAMEVATTING	iv
SUMMARY	v
BEDANKINGS	vi
1 VOORAF	1
Hipoteses	1
Metodiek	2
Literatuurstudie	2
Empiriese studie	3
Beperkte studie van historiese bronne	3
'n Vergelykende studie	3
Kennis van die kerk deur geloofsbetrokkenheid	4
Belydenis en praktyk	5
Vertrekpunt en doel	6
Die heerskappy van Christus oor sy kerk	9
Probleme ten opsigte van "lidmaatskap"	10
Kan daar van "kerklidmaatskap" gepraat word?	10
Probleme met en vrae ten opsigte van die hantering van lidmaatskap	13
Ander vrae rondom kerklidmaatskap	18
Enkele formele opmerkings	19
2. KERK EN LIDMAATSKAP IN DIE BYBEL	20
'n Paar tradisionele onderskeide	21
Metafore	21
Lidmaatskap van die geloofsgemeenskap in die Ou Testament	24
Pentateug	24
Ragab, Akan en Rut	29
God eis gehoorsaamheid van sy volk	30
Salomo se poligamie bedreig die geloofsgemeenskap	31
Gēr (Vreemdeling)	31
Die gelowige / regverdige / gemeente in die Psalms	34
Die res van die Ou Testament	36
Volk van God	37

Samevattend: Ou Testament	45
Lidmaatskap van die kerk in die Nuwe Testament	49
Matteus	51
Markus	57
Lukas (evangelie en Handeling)	60
Die evangelie en briewe van Johannes	65
Paulus	69
Hebreërs	85
Jakobus	88
Die eerste brief van Petrus	88
Die tweede brief van Petrus en Judas	89
Openbaring van Johannes	90
Samevatting Nuwe Testament	91
3 KERK EN LIDMAATSKAP IN DIE BELYDENISSKRIFTE	96
Die ekumeniese belydenisse	96
Nederlandse Geloofsbelydenis	97
Die Heidelbergse Kategismus	99
Die Dordtse Leerreëls	99
Bespreking	100
Implikasies vir lidmaatskap	101
4 HISTORIESE AGTERGROND EN DIE HUIDIGE STAND VAN SAKKE	102
Kerkgereguleering en lidmaatskap in historiese perspektief	102
Kerk, sinagoge en collegium	102
Leke en geestelikes	104
Didache	106
Extra ecclesiam nulla salus	107
Die kategumene, doop en nagmaal	107
Attestate en lidmaatsertifikate	113
Woonplek	114
Kollegialisme	120
Samevatting	123

Die huidige praktyk	126
Nederduitse Gereformeerde kerk	126
Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika (VGKSA)	141
Reformed Church in Africa	142
Ander kerke met gereformeerde belydenis	144
Ander kerke	159
Samevattend	180
5 HOE SIEN LIDMATE DIE KERK EN LIDMAATSKAP?	185
Werkswyse	185
Die vraelys	186
Enkele metodologiese opmerkings	186
Die bevindings	187
Wanneer word ek lid van die kerk?	187
Kennis van die belydenis(skrifte) van die kerk	188
Kollegialisme en die woonplek-beginsel	189
Hoe funksioneer die onderskeiding dooplidmaat - belydende lidmaat?	190
Hoe funksioneer die verbond in die denke oor die kerk?	191
Lid van plaaslike kerk, kerkverband of algemene kerk?	192
Wie se verantwoordelikheid is dit om as lid van die gemeente betrokke te raak en as sodanig erken te word?	194
Wat is die vereistes vir die toelating tot kerklidmaatskap?	195
Wat word verwag van kerklidmate?	196
Gevolgtrekking	197
6 NORME VIR LIDMAATSKAP EN BEVINDINGE	203
Onderskeid kerk-wêreld	204
Toetrede tot die kerk	204
Inhoud van lidmaatskap	211
Lidmaatskap beëindig?	219
Onderskeid tussen verskillende kerke	220
Die probleem van 'n veelheid van kerke	221
Sigbare en onsigbare kerk?	225

Plaaslike kerk, kerkverband en universele of algemene kerk?	229
Kerkordelike riglyne	232
Bevindinge	235
Spanning tussen praktyk en leer	235
Korrelasie tussen kerkbegrip en kerklidmaatskappraktyk	237
Ten slotte	237
7 BIBLIOGRAFIE	239

1 VOORAF

Wie oor enige aspek van die kerklike lewe praat, praat vanuit 'n bepaalde kerkbegrip. Daarom is dit belangrik om duidelikheid te kry oor wat ons met *kerk* bedoel wanneer daar van *kerklidmaatskap* gepraat word. Dit is ook vanuit hierdie kerkbegrip belangrik dat ons duidelikheid moet hê oor wat ons met *kerklidmaatskap* bedoel.

Die verstaan van wat kerk is, kan op 'n paar vlakke bestudeer word : (i) wat die *Bybel* oor die kerk sê, (ii) hoe die kerk homself verstaan soos wat dit in die *belydenisskrifte* weergegee word, (iii) hoe die kerk homself verstaan soos uitgedruk deur die *kerkorde* en *kerkordelike reëlins* en (iv) hoe die *lidmate* die kerk en lidmaatskap sien.

In hierdie studie word daar vanuit die kerkreg met die probleem omgegaan. Dit verskil van 'n prakties-teologiese of diakoniologiese benadering in dié sin dat die bedoeling nie is dat hierdie studie lei tot die formulering van bepaalde aksieplanne en bedieningstrukture in die gemeente¹ nie, maar eerder wil bydra tot die ontwikkeling van kerkordelike reëlins rondom lidmaatskap wat voortvloei vanuit 'n prinsipiële besinning oor wat die kerk en kerklidmaatskap is.

1.1 Hipoteses

1.1.1 Daar is 'n spanning tussen die praktyk van kerklidmaatskap en dit wat in die Skrif en belydenisskrifte oor die kerk geleer word.

Hierdie spanning kom na vore in die volgende sake :

- * Die huidige stelsel waarvolgens 'n persoon as lidmaat tot die gemeente toegelaat word of nie, is nie 'n konsekwente konkretisering van wat die Skrif en belydenis oor die kerk leer nie.

¹ Lazenby (1994) se proefskrif is 'n voorbeeld van navorsing vanuit prakties-teologiese perspektief.

- * Daar is 'n belangrike verskil tussen die siening van die meeste lidmate oor wie lidmate van die gemeente is en die kerk se amptelike standpunt hieroor soos in die Kerkorde en Bepalings en sinodale besluite gestel.
- * Die vereistes vir lidmaatskap wat in die praktyk funksioneer, is nie almal skriftuurlik verantwoord nie.

1.1.2 Die wyse waarop lidmaatskap in die praktyk hanteer word, hou verband met 'n bepaalde siening van wat die kerk is.

1.2 Metodiek

1.2.1 Literatuurstudie

Die grootste deel van die navorsing bestaan uit 'n literatuurstudie wat die volgende doelwitte het:

- 1.2.1.1 Die bepaling van watter kerkbegrip in die huidige kerklike bepalinge van die Nederduitse Gereformeerde Kerkverband rondom die oordrag van lidmaatskap funksioneer.
- 1.2.1.2 Die vasstelling van die historiese faktore wat aanleiding gegee het tot hierdie kerkbegrip en die huidige praktyk. Hieroor kan 'n volledige verhandeling geskryf word. In hierdie studie word aan hierdie saak nie volledig aandag gegee nie. Daar word alleen maar na enkele hooftrekke, waar dit van belang is, verwys.
- 1.2.1.3 Die formulering van 'n kerkbegrip vanuit die Skrif en belydenisskrifte wat as norm kan dien vir die beoordeling vir die huidige praktyk. Sonder om 'n volledige ekklesiologie daar te stel, gaan aandag gegee word aan die volgende relevante aspekte :
 - 1.2.1.3.1 Die implikasies van die feit dat die kerk kerk van Christus en verbondsvolk is.

- 1.2.1.3.2 Dat verbondenheid aan Christus kerklidmaatskap behels.
- 1.2.1.3.3 Die verhouding tussen die plaaslike kerk, kerkverband en die algemene kerk en die implikasies daarvan vir die hantering van lidmaatskap.
- 1.2.1.3.4 Die funksionering van die ampte vir sover dit bydra tot die verstaan van die funksionering van die lidmaat in die gemeente.
- 1.2.1.3.5 Lidmate se verantwoordelikhede en regte.
- 1.2.1.3.6 Die verband tussen die sakramente en lidmaatskap.
- 1.2.1.4 Die vasstelling van wat die gebruike en norme in ander kerke is met die doel om daaruit te leer.

1.2.2 Empiriese studie

'n Opname is onder 'n verteenwoordigende monster lidmate in die Ring van Pietermaritzburg gedoen om vas te stel wat hulle praktiese kerkbegrip is vir sover dit lidmaatskap raak. By die statistiese verwerking hiervan is gebruik gemaak van die kennis en vaardighede van deskundiges in statistiese metodes.

1.2.3 Beperkte studie van historiese bronne

Die doel hiervan is om die historiese agtergrond van die huidige gebruike ten opsigte van die hantering van lidmaatskap vas te stel en om hierdie gebruike teologies te evalueer. Bronne wat aandag gekry het, is notules van kerkvergaderinge, kerkordes en verslae en enkele sekondêre historiese werke. Enkele stukke korrespondensie wat 'n refleksie gee oor die kerklike lewe in die vroeë stadia van die Ned Geref Kerk aan die Kaap, sowel as briefwisseling in die amptelike kerklike blad, is ook geraadpleeg.

1.2.4 'n Vergelykende studie

In hoofstuk 4 word die gebruike en standpunte rondom lidmaatskap van 'n verskeidenheid kerke ondersoek. In daardie gedeelte word dan gelet op sake wat van besondere betekenis kan wees in die lig van die hipoteses onder paragraaf 1.1 op bladsy 1. Vir hierdie studie word daar hoofsaaklik van kerkordes gebruik gemaak en waar bronne beskikbaar is, kommentaar op die kerkordes.

1.3 Kennis van die kerk deur geloofsbetrokkenheid

Hierdie studie het sy oorsprong gehad by 'n ondersoek wat deur 'n sinodale kommissie vir ampsbediening en evangelisasie geloods is oor die gebruik in die Ned Geref Kerk waarvolgens lidmate van een gemeente na 'n ander kan beweeg met óf 'n bewys van lidmaatskap óf 'n attestaat. Op die oog af het dit na 'n bloot administratiewe saak gelyk en na 'n ondersoek wat daarop gemik is om die administrasie rondom dié prosedure(s) so te bestuur dat dit die mees doeltreffende funksionering van die kerk tot gevolg sou hê met so min as moontlik rompslomp.²

Wanneer 'n mens begin ondersoek instel na gebruike in die kerk, hoe oppervlakkig dit ook al mag blyk, kry jy op so 'n wyse met die kerk self te doen dat dit feitlik onmoontlik raak om net 'n enkele aspek van kerkwees te isoleer en nêr daarmee te werk. *Die manier waarop die kerk homself verstaan, kom na vore in sy geformuleerde orde, strukture en gebruike.* Ook wanneer daar na 'n bewys van lidmaatskap se gebruike gevra word, kry jy te doen met die kerkbegrip wat funksioneer as agtergrond van die praktiese gebruike. "Die Frage nach der Kirche ist keine terminologische, sondern eine sachliche Frage" (Papapetrou 1972:116).

Wie die kerk wil ken, kan nie as 'n afsydige ondersoeker daarmee omgaan asof dit 'n objek is los van die ondersoeker nie. Wanneer 'n mens oor die kerk praat, kan jy slegs korrek daarvoor praat vanuit 'n betrokkenheid daarby. Uitsprake oor die kerk wat slegs op teoretiese kennis van die kerk berus, maak van die kerk iets wat dit nie is nie. Macky maak onderskeid tussen "toeskouerskennis" en "deelnemerskennis". Die kennis van die deelnemer is nie 'n bloot objektiewe teoretiese kennis nie, maar 'n tipe kennis wat nie sonder meer geverbaliseer kan word nie. Oor metafore sê hy: "that both spectator and participant ways of knowing are valuable and neither can adequately be reduced to the other" en dat baie van hulle nie geken kan word deur waarneming nie, maar deur deelneming en ondervinding (Macky 1990:9). Toegepas op die kerk beteken dit dat die kerk alleen

² Van der Merwe(1973:84) praat van "stimulerend inwerk en die gladde verloop van sake bevorder."

werklik geken kan word deur in die geloof deel daarvan te wees en dat die misterie van die kerk (Ef. 5:30) nie deur woorde of logika blootgelê kan word nie.

Hoewel die gelowige nie *in* die kerk glo nie, is die kerk tog objek van die geloof (Cloete 1986:172-177; Jonker 1977:4) en kan die kerk alleen deur gelowige betrokkenheid in die lig van die Skrif geken word. As Cloete sê dat die kerk, omdat hy objek van die geloof is, nie 'n objek van empiriese waarneming is nie (1986:174), maak hy 'n vreemde teenstelling ten opsigte van die kerk³ - iets wat nie in die Skrif voorkom nie. Wat wel waar is, is dat die kerk nie deur **blote** empiriese waarneming geken kan word nie. Empiriese waarneming kan nooit op sigself deurdring tot die wese van die kerk nie (Jonker 1977:4; Rossouw 1976:146), want die kerk kom nie op uit die skepping nie, maar uit die verlossing in Jesus Christus (Jonker 1977:5). Wanneer daar vanuit die geloof ook empiries na die kerk (en na die wêreld) gekyk word, word in die empiriese die handeling van God opgemerk, al is die handeling van God in die geskiedenis selfs vir die geloofsoog nie sonder meer voor die hand liggend nie. Die empiriese kerk is tog nie 'n ander kerk as die kerk waarvan die Skrif praat nie!

Erasmus se beswaar dat die gemeentebouteoloë met 'n kerkbegrip werk wat gebaseer is op kennis uit die handelings- en bestuurswetenskappe (Erasmus 1994:100,176), is van groot belang. Die klem wat hy plaas op die Skrif as die enigste fondament vir vorming van 'n kerkbegrip kan nie genoeg beklemtoon word nie. Die ruimte ontbreek hier om behoorlike aandag aan sy argumente te gee, maar die gevaar waaraan hy waarskynlik nie ontkom nie, is die gevaar van dualistiese denke waarin die geopenbaarde waarhede van die Skrif teenoor natuur- en sosiaalwetenskaplike bevindinge geplaas word asof die twee mekaar uitskakel.

In alle geval word die ondersoeker, wat vanuit 'n geloofs(/verbonds-)betrokkenheid by die kerk vra na die kerk, geforseer om weer te gaan vra na God se bedoeling met sy kerk, na wat die Woord ons leer oor die kerk en hoe ons aan Hom gehoorsaam kan wees in die orde van die kerk (Brown 1988:153; Cloete 1986:174; Britz 1985:432).

1.4 Belydenis en praktyk

³ Cloete praat tog later van die empiries-waarneembare kerk (1986:175,176) wat net vanuit die geloof geken kan word. Wanneer hy die katolesiteit van die kerk bespreek, kwalifiseer hy sy opmerking: "dat die kerk nie as een empiries-waarneembare grootheid besien kan word nie." (Cloete, 1986:205)

Die gevaar is dat ons 'n pragtige belydenis het, maar dat ons in die vormgewing van ons kerkregering kan beland in 'n situasie wat soortgelyk is as dit wat gereflekteer word in Noordmans se onvleiende opmerking oor die Gereformeerde Kerke in Nederland : "Een presbyteriale kerkvorm, buitengewoon geschikt voor een vruchtbaar en praktisch werk. Als regeling voor geloofsorde een afschrikwekkende mislukking" (Noordmans 1984:84).⁴

Die Woord van God moet "nie alleen die gees of inhoud, maar ook die vorm van ons kerkregering ... beheers" (Keet 1924:281). Hierdie opmerking bring ons by die taak van die kerkreg wat as drieërlei beskryf is: Die **vasstelling van die grondbeginsel vir die orde van die kerk** in die Skrif (*ius constituendum*), die **bestudering van die ontwikkeling van die kerkregering in die geskiedenis** en die **bestudering van die heersende kerkreg** (*ius constitutum*) (Heyns en Jonker 1974:288, 289). Coertzen stel dit so : "Kerkreg is die wetenskap wat nadink oor wat die Skrif vir ons leer oor die orde **vir** die kerk van Christus, wat die gang van die orde deur die geskiedenis heen naspoor en wat wil help om die orde **vir** die kerk ook tot 'n orde **in** die kerk te maak" (Coertzen 1991[2]:xi-xii). **Kerkregering** verwys na die praktiese orde **in** die kerk.

1.5 Vertrekpunt en doel

Daarmee word gesê dat hierdie studie dit as 'n vertrekpunt aanvaar dat, hoewel die kerkregtelike in sy wetenskapsbeoefening gebruik maak van insigte uit bronne buite die Bybel⁵, dit in die finale instansie daarom gaan dat die grondbeginsels van die Skrif rigtingbepalend is vir die inrigting van die kerk en die uiteindelijke toetssteen is vir die gesag van die kerk. Die Skrif bly die bril waardeur hierdie bronne bekyk word (Strauss 1991:33), die "kernbron van én die kerk én sy reg" (Van der Watt aangehaal deur Hofmeyr 1991:350; Graafland 1990:170). Teologie se objek vir bestudering bly dus steeds die Woord van God op so 'n wyse dat dit alle ander kennis belig, toets en in perspektief plaas (Jonker 1981:42)⁶.

⁴ Met hierdie aanhaling word daar nie 'n uitspraak gemaak oor die meriete van Noordmans se beoordeling van die Gereformeerde Kerke nie.

⁵ Bronne soos eie belydenisskrifte (Van Wyk, 1989:43), dié van ander kerke asook insigte wat die resultaat is van navorsing in sekulêre wetenskappe.

⁶ Vergelyk Coertzen se artikels : "Metodologiese vertrekpunte in die beoefening van Kerkreg (1984:47-60), "Die bronne vir die beoefening van kerkreg en kerkregering"(1987:38-45) en "Die belydenisskrifte en ander bronne vir die beoefening van kerkreg en kerkregering"(1989[1]:75-82).

Dit wil voorkom asof Erasmus meen dat die kerk nie kennis hoef te neem van kennis wat deur navorsing buite die teologie aan die lig gekom het nie. Sy standpunt dat teologie die alleenheerskappy van Christus deur sy Woord in die kerk prysgee wanneer daar van ander bronne as die Woord, belydenis en kerkorde gebruikgemaak word (Erasmus 1994:135), veronderstel 'n spanning tussen die kosmologiese en soteriologiese aspekte van die werk van Christus (vgl. Berkouwer 1951:205,206). Die Skrif ken nie so 'n spanning nie. Trouens Kol. 1:16 dui juis op 'n harmonie tussen dié twee aspekte (Berkouwer 1951:216). Die skepping is deur die sonde aangetas en die teologie, belydenis en kerkorde is deel van hierdie skepping. Dit wat waar en goed is in die skepping, is van God. Die waarheid van die skepping, soos wat dit vanuit die lig van God se besondere openbaring geken word (vgl. Polman sj. 158-159), kan nie vreemd wees aan die waarheid van die Skrif nie. Albei is immers God se waarheid en word deur Hom in stand gehou. God se "skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld" is "immers voor ons oë soos 'n mooi boek waarin alle skepsels, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God, naamlik sy ewige krag en Goddelikheid, duidelik laat sien" (NGB art. 2). Wat die skepping aangaande God openbaar (Rom. 1:18-20) kan tog nie in stryd wees met die besondere openbaring nie. Die besondere openbaring het met die versoening van Jesus Christus **vir hierdie skepping** te doen (Kol. 1:15-20). Wanneer Erasmus opmerkings maak soos "Strategies-teologiese beplanning, met al sy ingewikkelde reëls, vervang die aangrypende en eenvoudige spreke van die Skrif" (Erasmus 1994:147), word dit duidelik dat hy die waarheid van God soos wat dit in die Skrif geopenbaar word en die sosiale- en bestuurswetmatighede wat in die samelewing voorkom, teenoor mekaar stel op so 'n manier dat hulle mekaar uitsluit.

Natuurlike teologie of die standpunt dat die Skrif en natuur of besondere openbaring en algemene openbaring gelykwaardige kennisbronne is, word afgewys (vgl. Berkouwer 1951:230-233). Die funksie van insigte van buite die teologie is om mee te werk aan die doeltreffende kommunikasie van die evangelie in en deur die kerk teenoor die moderne mens. Dit bepaal in geen opsig die boodskap van die evangelie self nie. As die kerk as draer van die evangelie "vir die Jode soos 'n Jood" wil word (1 Kor. 9:20), sal hy deeglik rekening moet hou van dit wat van die Jood Jood maak (o.a. sosiale wetmatighede).

Aan die einde van sy artikel oor die verhouding tussen die Skrif en die kerkorde maak Smit die volgende stelling: "... is die kerkorde 'n noodsaaklike formulering en toepassing van die Skrifbeginsels vir die kerkorganisasie en die kerkregering. In soverre die kerkorde op die Heilige Skrif

rus en daaraan verbonde is, is die kerkorde onteenseglik die werk van die Heilige Gees en derhalwe nie 'n stel menslike reëls naas of in die plek van die Skrif nie" (Smit 1983:40,41).⁷ Oor hierdie stelling sal 'n mens kan debatteer. Die uitdrukking "en daaraan verbonde is" is gevaarlik. Terwyl die kerk duidelik en helder die Skrifbeginsels vir die kerkorde moet uitspel, moet hy steeds bewus bly van die feit dat daar 'n spanning is in die spreke en handeling van die kerk: aan die een kant is Christus self die handelende Subjek, en aan die ander kant is dit ook maar mensewerk wat deur die sonde aangetas is.⁸ Dat Christus tog deur ons eie swakheid en sondigheid heen aan die werk is, is nie aan ons te danke nie. Tog gebeur dit in sy groot genade! "Een kerkorganisasie is een noodinstelling, of ze is geen kerkinrichting. Een kerk, die te rustig en te zeker zich inricht, kan Christus' lichaam niet zijn" (Noordmans 1984:253).

Dit pas kerkreg en kerkregtelikes om beskeie te wees en te besef dat ook in die kerkregering, die kerk leef uit die genade van God in Jesus Christus en voortdurend in afhanklikheid moet soek na die wil van God. Barth se standpunt, soos deur Correco weergegee, bevestig die onvolkomenheid van kerkreg: "Die Gemeinde, ist nicht sich selbst Gesetz, und das kanonische Recht muß sich im Gehorsam der Christengemeinde gegenüber Christus bilden, bleibt jedoch ein bloßes menschliches Recht, weil der Gehorsam der Kirche, auch im besten Falle, mißverständlich, unvollkommen und provisorisch ist" (Correco 1980:74). Ons moet steeds onthou "dit gaan in die Christusregering om iets waarvoor die kerk nie kan beskik nie, om iets waarvoor die kerk moet bid en waarop die kerk moet wag... Daarom sal die *gebed* vir die kerk nooit 'n formaliteit mag word nie. Die kerk sal voortdurend biddend moet bly om in nederigheid en bescheidenheid, bewus van eie feilbaarheid, enkel na Gods Woord te luister ..." (Jonker 1965[1]:25,31).

⁷ Sien ook sy artikel onder die opskrif "Kerkregering as 'n geestelike regeringswyse" (Smit 1992:503)

⁸ Teoloë probeer hierdie spanning oplos deur van *ius divinum* en *ius humanum* te praat. Van Wyk(1989:59-75) probeer dit verduidelik as twee konsentriese sirkels waarvan die binneste die goddelike reg en die buitenste die menslike reg voorstel - albei genormeer deur die Woord. Dit lei tot 'n onderskeid tussen sake van wesenlike belang (wat direk op Skrifgronde berus) en sake wat meer op *ius humanum* berus [bv. reëlins oor pensioenfondse]. So 'n skema kan lei tot misbruike soos wat die onderskeid tussen die wese en welwese van die kerk, die sigbare en onsigbare kerk al in die verlede gebruik is om die kerk se gebrek aan gehoorsaamheid aan die Skrif te rasionaliseer. Dalk moet ons nie probeer om die spanning op te los nie.

Dit gaan in hierdie studie oor die vraag wat dit beteken om aan die kerk van Jesus Christus te behoort en wat die implikasies daarvan vir die kerkordelike hantering van lidmaatskap is. Hoewel daar aandag gegee word aan die gebruike en standpunte van 'n verskeidenheid van kerkverbande, word daar vanuit die getuienis van die Skrif veral gekyk na die praktyk(e) binne die Ned Geref Kerkverband.

As hierdie studie kan bydra tot 'n funksionering van die kerk op so 'n wyse dat sy wese as kerk van Christus in die praktiese kerklike lewe duideliker weerspieël word, dan is 'n belangrike doel bereik. "Die opbou van die gemeente kan inderdaad aangemerkt word as die doel van Kerkreg en kerkregering, maar dán Kerkreg en kerkregering wat daarop ingestel is om die kerk kerk van die Here Jesus Christus te laat wees" (Coertzen 1991[1]:202).

1.6 Die heerskappy van Christus oor sy kerk

Dit is die taak van die kerkreg om duidelikheid te kry oor hoe dit wat die Woord van God ons oor die inrigting van die kerk leer, in die praktyk van kerkwees gestalte behoort te kry sodat die orde in die kerk die direkte en persoonlike (Jonker, 1965[1]:3) heerskappy van Christus oor sy kerk dien. Ook ten opsigte van die hantering van lidmaatskap van die gemeente moet die kerk "*voorsorgmaatreëls tref teen elke vorm van menseheerskappy in die kerk*" (Jonker 1965[1]:25) of in die woorde van H. Bouma: "dat ruim baan word gelaten aan de Koning van de kerk, die door zijn Woord en Geest een gemeente voor Zich wil vergaderen, beschermen en onderhouden" (GKN 1983:Alg.1). Dit is vir die kerk van die Here Jesus Christus lewensbelangrik om homself voortdurend te meet aan die Woord van God. "'n Kerk wat sy orde, sy organisasie losmaak van Christus en Sy Woord, hou nie op om kerk te wees nie, maar een of ander tyd sal die fout van die verlede hom inhaal en sal hy miskien deur skade en skande heen, weer moet leer om aan sy Here en Meester, Wie se genade voldoen aan Sy reg, in alles gehoorsaam te wees" (Coertzen 1991[2]:35).

As die kerk sou toelaat dat daar 'n kloof kom tussen belydenis en lewe (vgl. Coertzen 1984:185-186), tussen dogmatiek⁹ en kerkreg, belydenisskrif en kerkorde, ontstaan 'n gevaarlike toestand waarin daar kerk gespeel word, waarin die heerskappy van Christus in sy Kerk nie prakties erken word nie, die Woord van God nie sy regmatige plek kry nie en die getuienis van die kerk sy ge-

⁹ "De dogmatische en de sociologische benadering staan nu nog op gespannen voet" (Berkhof 1973:362).

loofwaardigheid verloor. In so 'n kerk hoef lidmate nie te leef vanuit hulle belydenis nie, funksioneer die kerklike tug nie, groei die kerk nie meer as gevolg van sy getuienis nie en verloor die kerk sy heilsame effek op die wêreld. Die kerkordelike inrigting van die kerk moet uitdrukking gee aan die wese van die kerk. "Die geschichtliche Existenz der Kirche muß in ihrer konkreten Gestalt auf die Bedeutung der Kirche für die Welt bezogen sein" (Pirson 1965:16).

1.7 Probleme ten opsigte van "lidmaatskap"

1.7.1 Kan daar van "kerklidmaatskap" gepraat word?

Daar is vanuit sekere kringe besware teen die gebruik van die term "lidmaatskap" om aan te dui wie aan 'n gemeente behoort omdat die term vreemd sou wees aan die karakter van die kerk. Harris, byvoorbeeld, sê dat die kerk 'n katolieke kerk moet wees en dat lidmaatskap 'n eksklusiewe praktyk is wat juis in stryd is met die kerk se katolisiteit. "We herefore have a dilemma. In some respects the concept of Church membership is out of keeping with the needs of the age and with the nature of the Church and its mission. In other respects the concept of Church membership is essential if the Church is to be the Church God has created" (Harris 1978:18). Harris se tweede probleem is dat die kerk tot op datum nog nie daarin kon slaag om te verseker dat as 'n persoon kwalifiseer om lid van die kerk te wees, so 'n lidmaat 'n meelewende gelowige sal wees nie (1978:18).

Schlink, aangehaal deur Brunotte(1979,176), sê dat 'n mens nie op jou eie tot die kerk toetree soos 'n mens by 'n vereniging of party lid word nie, maar jy word in die kerk opgeneem. By 'n vereniging kan 'n mens aansluit as jy wil en betrokke wees soos wat dit jou pas. "Der wichtigste Unterschied zwischen einer so definierten Mitgliedschaft und dem neutestamentlichen Bild der wechselseitigen Bezogenheit der Glieder eines Leibes liegt in der Tatsache, daß das letztere Bild notwendig das eines lebendigen, wachsenden Ganzen ist (vgl. 1. Kor. 12, 26; Kol. 2, 19), in dem die wechselseitigen Beziehungen der verschiedenen Glieder keine Frage formaler oder definierbarer Bedingungen, Rechte und Privilegien sind" (Sykes 1979:392). 'n Mens sou verder moes gaan as Sykes en ook Lazenby (Lazenby 1994:23) oor die uniekheid van die kerk. Die grootste onderskeiende faktor lê nie net in die aard van die betrokkenheid by die ander lede van die gemeente nie (Sykes) en ook nie alleen maar by die feit dat 'n mens se gemeentebetrokkenheid jou hele lewe en

identiteit raak nie (Lazenby), maar in die feit dat jy alleen maar lid van die kerk kan wees omdat God in sy genade jou daarin opgeneem het deur die werking(doop) van die Heilige Gees op grond van die versoeningswerk in Christus. Hierdie opmerkings raak die kern van sommige van die besware teen die term "kerklidmaatskap" wat dit het teen die hantering van die kerk asof dit van dieselfde kategorie is as ander menslike instellings in die samelewings wat berus op die vrye keuse van mense.

Vanuit die kring van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is die beswaar juis dat lidmaatskap 'n kollegialistiese term is, vreemd aan die Skrif en die wese van die kerk. Wanneer die onderwerp van lidmaatskap ter sprake is, is die gevaar altyd daar dat die behoort aan die kerk van Jesus Christus op 'n kollegialistiese manier hanteer kan word asof die kerk soos 'n vereniging in terme van die siviele reg funksioneer. Aan die ander kant is die gevaar weer daar dat die saak so vergeestelik word dat die kerk as 'n idealistiese organisme verstaan word wat opgaan in die sogenaamde onsigbare kerk (vgl. Grundmann 1979:108). In die volgende paragraaf verskyn 'n aantal aanhalings van Spoelstra wat illustreer waarom die besware gaan.

Spoelstra argumenteer dat die uitdrukking lidmaatskap van 'n kerk "grootliks verskil van hoe die Bybel die gemeente en kerk verstaan en andersyds aantoon hoe die begrip kerk en gemeente grootliks gesekulariseer het" (1989:5,6). Die term lidmate kom volgens hom uit 'n sekulêre demokratiese tradisie (1989:52) en kom nie in die Bybel voor nie. Die begrip lidmaatskap hang volgens hom saam met die opvatting dat die kerk 'n genootskap of struktuur i.p.v. gemeenskap van die gelowiges is (Spoelstra 1984:22). Hy gaan voort: "'Lidmaatskap' in die gemeente is nie sinoniem vir gelowig wees in Christus nie. In die sigbare kerk(gemeente) kom gelowiges en ongelowiges voor (Calvyn *Inst IV.1.xiv*). Juis daarom het die Here dienste ingestel (Hd 20:28; 1 Kor 12:28; Ef 4:11v; 1 Tm 3:5; 5:17; Tt 1:7) en moet versoening deur middel van tugoefening bedien word..." (Spoelstra 1989:6). "Die vraag is of daar in die kerk nie liever van 'gelowige' (of broeder/suster) as van 'lidmaat' gepraat moet word nie. Die verhouding tot Christus en nie dié tot 'n instituut nie, is die bepalende norm" (Spoelstra 1989:338,339). "Die kerk-sentriese uitgangspunt van die 18de eeuse verenigingsreg reken met 'lidmate' en 'lidmaatskap' wat met 'bewys van lidmaatskap' van een kerkgroepering na 'n ander kerkgroepering oorgaan. Daarvolgens is die kerk nie 'n organisme van gelowiges nie, maar 'n objektiewe 'ding' (instituut) waarby iemand vrywillig aansluit en 'lidmaatskap' verkry" (Spoelstra 1989:343). "Die Skrif en Belydenis leer egter dat gelowiges onder leiding van voorgangers op 'n plek saamkom en ouderlinge verkies en bevestig

om nou Christus aan die gelowiges op daardie plek te bedien. Die resultaat is 'n gemeente, 'n plaaslike kerk (vgl. Hd 14:23; artt 16,23,37,38). Daarvoor is geen 'attestatie' van 'n 'ou' kerk aan 'n 'nuwe' nodig nie, maar slegs 'n ordelike identifikasie van watter gelowiges die nuwe kerkgemeenskap uitmaak en deel mag hê aan die instituering van die ampte en kerkraad" (Spoelstra 1989:458). Hierin is die stem van Abraham Kuyper duidelik hoorbaar wat gemeentevorming direk aan die wilswaard van gelowiges ("aandrift tot kerkstichting") verbind (Kuyper 1883:27-29). Weliswaar sien hy hierdie "aandrift" as God se werk. Tog lê die benadering wat by sowel Spoelstra as Kuyper voorkom die klem op die individuele gelowiges wat saamsluit tot 'n gemeente. Die hele rigting van hierdie benadering is in stryd met die Skrif wat vanaf die gemeente na die gelowige dink en nie die gemeente as resultaat van 'n wilswaard van gelowiges sien nie. Hier lê waarskynlik die wortel van 'n liberale ekklesiologie en kerkskeuring.

Hierdie reeks verwysings en aanhalings van Spoelstra kan nie sonder meer geïgnoreer word nie. Daarin sit ten diepste 'n protes teen die verdringing van die Christusregering uit die kerk en die vervanging daarvan met 'n regering deur 'n instituut wat funksioneer soos 'n sekulêre organisasie.¹⁰

Dit gaan ook in sy protes om 'n poging om te verstaan wat die kerk van Jesus Christus werklik is. Hierdie verstaan van die kerk kan, vanuit ons eie sondigheid en gebrokenheid, tog maar net 'n gedeeltelike verstaan wees en daarom is dit van die uiterste belang dat ons na mekaar luister sodat ons *saam met al die gelowiges* (vgl. Ef. 3:18) iets van die grootheid van God se kerk kan verstaan.

Spoelstra se probleem word 'n lastige probleem wanneer hy self die noodsaak aandui vir "'n ordelike identifikasie van watter gelowiges die nuwe kerkgemeenskap¹¹ uitmaak" (Spoelstra 1989:458). Wat sou 'n mens hierdie "ordelike identifikasie" noem? Hy pleit dat daar net van gelowiges of van broers en susters gepraat word. Hoe sou hy dan aandui of 'n bepaalde gelowige

¹⁰ Sien sy bespreking van die kollegialisme (Spoelstra 1989:13v) waarin hy onder andere sê "Die meeste regslui en Afrikaanse kerkmense huldig vandag die standpunt van die kollegialisme oor die kerk en kerkregering... Waar Rome die koningskap van Christus met die monargale biskop verplaas, doen die kollegialisme dit met die sinode".

¹¹ Wanneer is 'n kerkgemeenskap 'n "nuwe kerkgemeenskap"? Kom 'n gemeente eers tot stand wanneer gelowiges byeenkom, persone in die besondere ampte verkies en dan funksioneer as gemeente? Of kom gelowiges op uit die gemeente as draer van die Woord van God se genade?

tot "hierdie kerkgemeenskap" of tot 'n ander behoort? Beteken dit verder dat almal wat aan Christus behoort, ook deel van hierdie gemeenskap is - veral as hulle in dieselfde omgewing woon? Sou gelowiges wat deel vorm van ander "kerkgemeenskappe" nog steeds "broers en susters" wees? Hoe sou hulle onderskei word van gelowiges wat wel deel van hierdie "kerkgemeenskap" is? Is dit nodig dat hulle onderskei word? Kan daar op een plek meer as een gemeente van Jesus Christus wees?

Oor hierdie vrae, wat nie maar 'n blote ligtelike kritiek op Spoelstra is nie, sal diep gedink moet word. Dit raak die kerk se gehoorsaamheid aan sy Hoof.

Dit is nie 'n geldige argument om te sê dat ons nie die term lidmaat of lidmaatskap mag gebruik nie omdat die *term* nie in die Skrif voorkom nie. Daar kan tog nie oor getwyfel word dat die *saak* van aan 'n gemeente behoort 'n wesentlike deel van die Nuwe-Testamentiese kerkbegrip is nie. Ook die vertalers van die Nederlandse Geloofsbelofenis het dit nodig gevind om die term "lidmate" te gebruik in artikel 29 : "Vervolgens, aangaande die *lidmate van die kerk*¹² (kursivering - JHS): Ons kan hulle uitken aan die kenmerke van die Christene, naamlik hulle geloof dat hulle die enigste Verlosser, Jesus Christus, aangeneem het en dat hulle daarna die sonde ontvlug, die geregtigheid najaag, die ware God en hulle naaste liefhet, nie na regs of links afwyk nie en hulle sondige natuur met sy werke kruisig" (Nederduitse Gereformeerde Kerk 1988:175). "Lidmate" beteken dus gewoonweg "diegene wat aan die kerk behoort". Die term "Lidmaten der Gemeenten" kom ook in die Dordtse Kerkorde voor in artikels XXIII en LIX en die term "Lidmaat der Kerk" in artikel LXXX (A. Kuyper 1887:5, 12, 15).

Die term "kerklidmaatskap" in die titel van hierdie studie is 'n aanduiding van 'n bepaalde band tussen 'n gemeente en 'n individu waarvolgens die gemeente van Jesus Christus die individu as deel van daardie gemeente se verbondsverhouding met die drie-enige God aanvaar en waarvolgens die individu deelneem aan die diens van die gemeente aan God, medemens en skepping.

1.7.2 Probleme met en vrae ten opsigte van die hantering van lidmaatskap

¹² Die Franse teks lui "Et quant à ceux qui sont de l'Eglise". Letterlik vertaal soos die Nederlandse weergawe dit het, beteken dit "En aangaande degenen, die van de Kerk zijn". Die Latynse teks praat wel van "Quantum autem eos attinet, qui Ecclesiae *membra* sunt" [kursivering - JHS] (Bakhuizen van den Brink 1940:116,117).

Dat daar verskeie probleme is met die definiëring en erkenning van lidmaatskap is onder andere duidelik uit verskeie sake wat deur die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk behandel is tydens die 1994-vergadering:

"Die Sinode van Suid-Transvaal versoek die Algemene Sinode dat 'n studie gemaak word van die kwessie van 'dubbele' lidmaatskap van die kerk, te wete doop- en belydende lidmaatskap" (Nederduitse Gereformeerde Kerk: Algemene Sinode 1994:334). "Die Sinode van Natal versoek die Algemene Sinode dat oordrag van lidmaatskap binne die Ned Geref Kerk slegs by wyse van attestaat sal geskied en dat lidmate wel op grond van 'n attestaat by 'n nuwe gemeente waarheen hulle verhuis binne 'n bepaalde tyd aansoek om lidmaatskap moet doen" (Nederduitse Gereformeerde Kerk: Algemene Sinode 1994:343). "Die Sinode van Suid-Transvaal versoek die Algemene Sinode om riglyne op te stel vir die oordrag van lidmaatskap en die vorms daarvoor ten einde verwarring tussen sinodes uit te skakel" (Nederduitse Gereformeerde Kerk: Algemene Sinode 1994:342).

Tydens die Algemene Sinodes van 1990 en 1994 is daar ook heelwat aandag gegee aan die "Reglement vir oordrag van lidmaatskap en erkenning van ander kerke" (Nederduitse Gereformeerde Kerk: Algemene Sinode 1994:295, 343, 372, 372, 407, 493, 500, 516). Tydens 'n broederonderhoud oor die uitdagings vir die kerk in die nuwe Suid-Afrika by die Algemene Sinode 1994 het dr. Martin Lazenby die hantering van lidmaatskap in die kerk as 'n probleem geïdentifiseer en daarop gesinspeel dat die huidige wyse van hantering tot 'n volkskerkpraktyk en institusionalisme lei. Tydens dieselfde sinode het die debat oor gemeentegrense ook verskeie argumente na vore gebring wat aandui dat lidmaatskap 'n ernstige probleem is.

In die praktyk van die kerklike lewe is daar 'n verskeidenheid van probleme en vrae wat na vore kom en vra om 'n deeglike besinning oor hoe die regering van Christus oor sy kerk die praktyk van lidmaatskap raak:

Die onnoukeurigheid met die oordrag van lidmaatskap van een gemeente na 'n ander, saam met die verhoogde mobiliteit van die kerklidmate, het 'n situasie tot gevolg waarin dit baie **moelik raak om die gemeente te identifiseer**. Spoelstra se "ordelike identifikasie"¹³ kom hier ter sprake.

¹³ Sien aanhaling op bladsy 12 hierbo.

Dikwels moes gemeentes uitvind dat iemand wat jare lank op die kerkraad gedien het, nooit werklik administratief 'n lidmaat van die gemeente was nie. So gebeur dit ook dat kerkrade moes uitvind dat hulle nie met die tug teen bepaalde persone kon optree nie, omdat die persone nie ingeskrewe lidmate van die gemeente is nie. Ten spyte daarvan gebeur dit dat nagmaal vrylik aan hulle bedien word en hulle word in die praktyk as gemeentedele aanvaar.

Behoort 'n lidmaat aan die kerk in die algemeen, of aan die plaaslike gemeente? Is die lidmaatskap van die plaaslike gemeente 'n logiese uitvloeisel van die lid-wees van die kerk in die algemeen?¹⁴ Op watter grond, indien wel, kan iemand wat aan die kerk in die algemeen behoort, uitgesluit word van die plaaslike gemeente?

Binne die Ned Geref Kerkverband het die bewys van lidmaatskap nie 'n beperkte tydskuur waarin hy geldig is nie. Dit kan selfs gebeur dat 'n persoon so 'n bewys aanvra van 'n gemeente vanwaar hy baie jare gelede vertrek het, dit inlewer by die gemeente waar hy tans woon en dan sonder meer as "huisgenoot van die geloof" aanvaar word. Dat so 'n persoon baie lank al nie aktief by die gemeente ingeskakel het nie, of selfs by 'n ander kerk of sekte ingeskakel het, word nie noodwendig in gedagte gehou by die ontvangs en erkenning van so 'n bewys van lidmaatskap nie.

Die "oordrag van lidmaatskap" word heel onpersoonlik gedoen. Lidmaatsertifikate word afgelees sonder dat iemand van die kerkraad die persoon ken of dat die persoon in die erediens teenwoordig is.

Dit is ook nie ongewoon dat daar persone is wat daarop aanspraak maak dat hulle lidmate van die Ned Geref Kerk is en wie se lidmaatsertifikate nie opgespoor kan word nie. Baie ander se lidmaatsertifikate word met groot moeite en baie korrespondensie deur gemeentes se saakgelastigdes **opgespoor** terwyl die lidmate nie persoonlik betrokke is nie.

¹⁴ Die 1857-sinode het byvoorbeeld op 'n navraag oor hierdie saak gesê dat al weier 'n persoon om sy attestaat in te lewer, "**dat hij met 't oog op Arts. 1 en 2 nog lid van de Geref. Kerk in t algemeen was**" (Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1858:57,89).

Hierdie praktyk veroorsaak dat "lidmate" wat tydens 'n sensus opgespoor word, gewoonweg op die adreslys van die gemeente bygevoeg word en **as voorwerpe van ampsbediening beskou** word, terwyl hulle dit nie noodwendig is nie, maar dikwels **evangelisasievoorwerpe** is. Dit het tot gevolg dat die kerkraadslede en leraars oorlaai word ten opsigte van hulle verantwoordelikhede wat ampsbediening betref terwyl werklike evangelisasie selde of ooit uit die normale bediening voortvloei. Dit lei op die lang duur tot 'n gebrekkige funksionering van die besondere ampte.

Verder is daar dikwels gemeentes met finansiële probleme omdat die beplanning en bediening ingerig word volgens die getal persone op die adreslys van die gemeente terwyl baie van hulle eintlik prakties kerklose en onbetrokke mense is wat geen finansiële of geestelike opbouwerk in die gemeente doen nie. Op hierdie manier word die grense tussen lidmaat en buite-kerklike so vaag dat die kerk moeilik sigbaar word in die samelewing. "Vele gemeentes lijd aan de lengte van haar ledenlijst, waarvan de slapers alleen bij de stembus wakker worden" (Noordmans 1984:161).

Effektiewe gemeentebou raak baie moeilik omdat die gemeente moeilik identifiseerbaar is en die besondere ampte nie intensiewe aandag aan die opleiding van die werklike lidmate kan gee nie, omdat hulle aandag en tyd opgeëis word deur ampsbediening aan mense wat nie werklik lidmate is nie. Die gevolg is dat die **gemeente al meer passief** raak en die neiging al hoe meer in die rigting van 'n "predikantskerk" is.

Hieruit volg dat die tug verwaarloos word en daarom min waarde het omdat lidmaatskap "goedkoop" geword het.

Die Algemene Sinode van 1986 het 'n stelsel ingevoer waarvolgens dooplidmate se lidmaatskap ook van een gemeente na 'n ander oorgedra word (Nederduitse Gereformeerde Kerk: Algemene Sinode 1986:62). Dit is 'n stap in die regte rigting¹⁵.

¹⁵ Die tradisionele onderskeid tussen dooplidmate en belydende lidmate het al in die verlede die persepsie geskep dat dooplidmate nie regtig lidmate is nie (Lazenby 1994:122). Killian meen dat hierdie onderskeid nie teologies verantwoord kan word nie (Killian 1992:268, 379).

'n Attestaat is 'n "kerklike getuigskrif waarin sekere feite i.v.m. 'n lidmaat meegedeel word" ten opsigte van sy leer en lewe (Van der Watt 1963:395). Die huidige praktyk maak voorsiening daarvoor dat attestate net aan ongesensureerde lidmate uitgereik word (Nederduitse Gereformeerde Kerk van Natal 1992:Bepaling 82.1)¹⁶. Waarom? 'n **Attestaat hoef nie noodwendig 'n positiewe getuigskrif te wees nie!** Nauta stel dit so: "Het is mogelijk, dat de kerkeraad een getuigenis van afwijkende aard geeft. Het bedoelde getuigenis behoort namelijk in overeenstemming te zijn met de feitelijke toestand" (Nauta 1971:270; vgl. Van der Watt 1963:397, Bouwman 1970:455).

Dit is 'n ope vraag **of die lidmaatskap van een gemeente na 'n ander oorgeplaas moet word sonder dat die persoon oor wie dit gaan daarom versoek het.** In gereformeerde kringe is daar meningsverskil oor hierdie praktyk. Sommige beweer dat 'n attestaat net uitgereik word op versoek van die lidmaat en ander is van mening dat die gemeente waarvandaan die lidmaat verhuis, die attestaat moet aanstuur na die nuwe gemeente as die lidmaat sou nalaat om sy attestaat aan te vra.¹⁷ Spoelstra meen op grond van NGB artikel 28 dat die lidmaat die verantwoordelikheid het om hom by die gemeente te *voeg* waar hy die merktekens van die ware kerk raakloop (Spoelstra 1984:30).

Lazenby verwys in sy eerste hoofstuk na verskeie probleme wat deur Kerkspieël III aan die lig gebring is: "Dit wil voorkom of daar maar weinig mense vanuit die nie-christen wêreld rondom ons in die kerk ingebring word" (Lazenby 1994:13). "As in ag geneem word dat lidmaatskap van die kerk die sigbare vergestaltung van die gelowige se verbondsverhouding met God is, skets die erediensbywoning nie net 'n donker prentjie van die geestelike lewe van die lidmate nie, maar dien-ooreenkomstig ook 'n negatiewe beeld van die waarde van kerklike lidmaatskap vir die lidmate" (Lazenby 1994:17). Oor evangelisasie: "Indien lidmaatskap van die kerk werklik vir die lidmate van waarde is, sou hulle sekerlik met meer entoesiasme gepoog het om ander mense deel van die kerk te laat word" (Lazenby 1994:19). Hy vat saam: "Die probleem waarmee die Ned Geref Kerk sit, is dat kerklike lidmaatskap as sigbare gestaltegewing van die verbondenheid aan God om ver-

¹⁶ Die Vrystaatse sinode is die enigste wat nie dié voorbehoud in die bepalinge oor attestasie ingebou het nie (Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat 1983:10,11), maar hulle skep tog die moontlikheid dat 'n kerkraad 'n attestaat kan uitreik "as die kerkraad dit goedvind" (Bepaling 4.1).

¹⁷ Sien hieroor die bespreking van G.P.L. van der Linde (1958:33,34) en Rutgers (1921:191-193)

skeie redes nie die lidmate dring om kerk te wees volgens die norme van die Skrif nie, maar vir baie mense slegs institusionele waarde het" (Lazenby 1994:19). Met sy studie het Lazenby die volgende hipotese as waar bevestig: "*Daar bestaan 'n positiewe verband tussen die wyse waarop kerklike lidmaatskap organisatories hanteer word en die afwesigheid by lidmate van die korrekte begrip vir lidmaatskap van 'n bepaalde plaaslike gemeente en hoe dit in die praktyk gestalte in mense se lewens behoort te kry*" (Lazenby 1994:213).

'n Tendens wat in Amerika en Europa probleme veroorsaak, is waarskynlik al ook in ons samelewing aktueel: die *probleem van Christene wat hulle nie met 'n spesifieke kerk wil verbind nie*. Baltensweiler maak Karl Rahner se begrip "anonymen Christentums" op hierdie groter wordende groep van toepassing (Baltensweiler 1984:130). Patterson beskryf hulle as "Operating as sovereign ecclesiastical consumers, they hop from church to church looking for the best spiritual 'deal' in town" (Patterson 1991:36). Sommige kerke se antwoord hierop is dat hulle geen formele lidmaatlys op datum hou nie. Elkeen wat homself as lidmaat beskou, is welkom. Sommige kerke gaan selfs so ver as dat hulle nie eers die doop as voorwaarde vir deelname aan die nagmaal of lidmaatskap stel nie (Patterson 1991:36).¹⁸ Die doop word só opsioneel. Plaaslike kerke vererger die probleem deur nie binne eie kerklike strukture hulle dienswerk te lewer nie, maar al hoe meer op te gaan in buite-kerklike organisasies. "As a result, most of the major players in the evangelical subculture are not ordained ministers or denominational leaders but self-appointed 'Christian leaders,' entrepreneurs who direct parachurch organizations while claiming to speak for 'the church'" (Patterson 1991:38).

Die *volkskerkpraktyk* wat inhou dat 'n persoon op grond van sy verbintenis aan of afkoms uit 'n bepaalde volk(sgroep) aan 'n bepaalde kerk behoort, het in die verlede sonder dat die Ned Geref Kerk dit as amptelike benaderingswyse geïmplementeer het, tog 'n rol gespeel. "Da man in die Volkskirche hineingeboren wird, muss man ihr nicht beitreten, sondern man kann allenfalls den Austritt erklären. So kommt es, dass wir in jeder Gemeinde eine grosse Zahl von Namenschristen finden" (Baltensweiler 1984:130).

1.7.3 Ander vrae rondom kerklidmaatskap

¹⁸ Die vraag of die doop as voorvereiste vir die gebruik van die nagmaal behou moet word, word ook in die Duitse literatuur gevra (Winkler 1985:325)

Verdere vrae wat in die loop van hierdie studie beantwoord sal moet word, is die volgende: Hoe word 'n mens deel van die kerk? Wat is die inhoud van kerklidmaatskap?¹⁹ Kan dit beëindig word? Indien wel, hoe?

1.8 Enkele formele opmerkings

Die terme "lidmaatsertifikaat" en "bewys van lidmaatskap" is vir die doel van hierdie studie sinonieme.²⁰

Alle aanhalings uit die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk kom uit die 1994-uitgawe van Die Kerkorde. Die *Handboek vir die Erediens* (Nederduitse Gereformeerde Kerk 1988) is gebruik vir alle aanhalings uit liturgiese formuliere en die belydenisskrifte van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

¹⁹ Hierdie vraag moet nie vanuit 'n perspektief van ampsbediening gesien word in die eerste plek nie. Hoewel die gemeentebediening en die kerkreg verweef is, gaan dit in hierdie vraag meer om die kerkregtelike/kerkordelike aspek van kerklidmaatskap. Die aspek van gemeentebediening het byvoorbeeld meer toegespitste aandag gekry in Lazenby se verhandeling: "Lidmaatskap in die Nederduitse Gereformeerde Kerk prakties-teologies verken".

²⁰ Van der Merwe het aangedui dat die begrippe lidmaatsertifikaat, bewys van lidmaatskap en vorm van lidmaatskap as wissel terme gebruik is tussen die verskillende streeksinodes in die Ned Geref Kerkverband (Van der Merwe 1973:27).

2 KERK EN LIDMAATSKAP IN DIE BYBEL

Dit sou voorbarig wees om voor te gee dat dit moontlik is om die kerk ten volle te begryp. Wanneer maatstawwe in die ekklesiologie bepaal word, sal dit telkens opnuut deur die Skrif krities belig moet word. Daar is al vroeër in hierdie verhandeling opgemerk dat die Christusregering nie iets is waaroor ons beskik nie en dat ons daarop biddend moet wag.²¹ So is die kerk 'n misterie waaraan die gelowige in Christus deur die Heilige Gees deelkry, maar wat nooit volledig begryp kan word nie. "Wij merken wel dat het niet zo eenvoudig is om - wat men soms zo noemt - een kerkbegrip te hebben. De kerk verzet er zich als het ware tegen om begrepen te worden" (Noordmans 1984:619).²²

Die bedoeling is nie om in hierdie hoofstuk 'n volledige ekklesiologie te skrywe nie of om die kerk te begryp nie, maar wel te gaan luister na 'n verskeidenheid maniere waarop die Skrif oor die kerk praat om sodoende te probeer vasstel watter beginsels op die spel is wanneer daar kerkordelik oor kerklidmaatskap gedink en gereël word.

Dit is gebruik by kerkregtelikes in die Afrikaanse gereformeerde tradisie om 'n deeglike studie oor die gebruik van die woord *ἐκκλησία* te doen en die resultate van daardie ondersoek as die vernaamste fundering van hulle standpunt oor die kerk en die kerkreg. Dit bly 'n belangrike aspek van die ekklesiologie, maar die Skrif praat tog op baie meer maniere oor die kerk as bloot deur die gebruik van die woord *ἐκκλησία*. In hierdie studie word daar dus ook aandag gegee aan ander aanduidings van die kerk in die Skrif - aan beelde en metafore van die kerk wat in die Skrif gebruik word om die misterie van die kerk aan te dui.

²¹ Bladsy 8

²² "Do Christians need to think again about the doctrine of the church? Many would answer, 'No!' Mention the church and they begin to smell the musty odour of churchianity. It rises from the crypts of institutional religion, and permeates the seat-cushions of formal traditions. Martin Luther thanked God that even a child of seven knows what the church is. 'Let the church focus on the gospel, preach Christ and him crucified, and the church will become part of the answer instead of the problem'. That is the way Luther's point is often made today" (Clowney 1987:13).

Die gevaar van 'n al te goue sistemativering van die gegewens, is dat 'n mens nie onbevange luister na wat elke Skrifgedeelte te sê het nie, maar probeer om dit wat reeds gesistematiseer is te bevestig by elke nuwe gegewe.

2.1 'n Paar tradisionele onderskeide

Zhan (aangehaal in Gilhuis 1955:162) maak 'n onderskeid tussen die "*Heilsordnung*" en "*Arbeitsordnung*" van die kerk. Bosch stel hierdie onderskeid gelyk aan die onderskeid "wese" en "welwese" van die kerk (Bosch 1962:483). Dit is 'n onderskeid wat wyd gebruik is in die gereformeerde kerkreg. Hierdie tipe onderskeidings moet versigtig hanteer word sodat 'n mens nie al te gemaklik met twee kategorieë van gegewens werk waarvan die een belangrik is en die ander een met 'n mindere mate van versigtigheid hanteer kan word nie. Hierdie onderskeid is waarskynlik ook nie sonder verband met drie ander onderskeidings wat in die ekklesiologie gebruik word nie: die *sigbare* en *onsigbare* kerk, die kerk as *instituut* of *organisme* en die *plaaslike* en *algemene of universele* kerk. Al hierdie onderskeidings het verband met die *vorm-inhoud*-onderskeiding wat in die filosofie en ook teologie wyd gebruik is.

Berkouwer wys daarop dat daar nie 'n teenstelling gemaak moet word tussen die wese van die kerk en die sigbaar funksionerende kerk as liggaam van Christus nie. "Over *dit* „zijn" van de kerk kan men niet nadenken zonder alle verbanden van geschenk en vermaan te honoreren en alle „beelden" worden dan verstaanbaar tegen de altijd aanwezige achtergrond van de paranese waarin de kerk juist terwille van haar waarachtige *zijn* word gesteld" (Berkouwer 1970:107).

Die outonomie of selfstandigheid van die plaaslike kerk wat in die gereformeerde teologie (en veral in die kringe van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en Nederland) sterk funksioneer, is ook iets wat aan Skrifgegewens getoets moet word. Die idee van selfstandige of "onselfstandige" kerke kom nie in die Nuwe Testament voor nie. Die Nuwe Testament "ken alleen die absolute teenstelling tussen kerk van Christus en 'sinagoge van die Satan' (Openb. 2:9). ... Daar is egter wel 'n bepaalde Christonomie wat deur ongehoorsaamheid verdof kan word of selfs verlore kan gaan (Openb. 3:16)" (Bosch 1962:485).

2.2 Metafore

Wanneer die Skrif oor God praat, is dit soms letterlik en soms metaforiese spreke. Daarom is dit belangrik om rekening te hou met die karakter van metafore. Die werke van Macky(1990) en Clowney (1984) brei meer uit oor die gebruik en betekenis van metafore. Hier volg net enkele opmerkings.

'n Metafoor word gebruik wanneer daar oor 'n onderwerp gekommunikeer word op 'n wyse waarop die onderwerp figuurlik aangedui word deur 'n ander bekende onderwerp en in terme wat gewoonlik geassosieer word met die ander onderwerp wat as simbool optree en analogies daaraan verwant is (Macky 1990:49). "Een metafoor is niet een vage en irreële expressie, maar bedoelt - in dienste der openbaring - de ogen te openen voor een diepe en aangrijpende *realiteit* en de vraag is dan ook niet: al of niet werkelijkheid?, maar is gericht op de *aard* van de aangeduide realiteit" (Berkouwer 1970:99; vgl. Lee 1992:183).

Op bladsy 4 is daar verwys na Macky se opmerking oor toeskouerkennis en deelnemerskennis by die verstaan van metafore. 'n Mens kan die kerk nie reg leer ken wanneer jy as 'n onbetrokke waarnemer die kerk as verskynsel bestudeer nie. Combrink (1986:226) en C.S. Lewis wys daarop dat ons ons vooropgesette idees, belange en assosiasies opsy moet sit of ten minste opnuut krities moet laat belig deur die teks, as ons metafore werklik wil verstaan. "Then comes the positive opening up to what the text provides: 'We must use our eyes. We must look, and go on looking till we have seen exactly what is there ... The first demand any work of art makes upon us is surrender. Look. Listen. Receive. Get yourself out of the way'" (C.S. Lewis aangehaal deur Macky 1990:277). Om deel te neem aan die skrywer se metaforiese denke is 'n verbeeldingryke proses wat nie ten volle onder woorde gebring kan word nie (Macky 1990:297).

Die verstaan van metafore moet in terme van die konteks plaasvind waarin die Skrif hulle plaas (Clowney 1984:78). Daarom moet ons onself so ver moontlik in die milieu van die skrywer inleef sodat die beelde wat in ons moderne denkwêreld moontlik ander betekenis kan hê as wat die skrywer bedoel het, nie ons verstaansproses verduister nie (Clowney 1984:85). "Understanding then, ... , is the process of constructing a duplicate of the speaker's meaning. A duplicate, of course, is never identical with, but only approximates, the original" (Macky 1990:22).

Ons moet ook rekening hou met die feit dat een metafoor na verskeie kante toe verbindings het met ander metafore wat heeltemal 'n ander aspek van die kerk belig. Clowney wys op so 'n voorbeeld:

"The metaphor of the house of God, for example, may be used so as to include non-elect people (under the further figure of clay pots for dishonour, 2 Tim.2:20). But the same figure of the house may also be used to describe the temple of living stones (1 Pet.2:4), a figure in which a hypocrite would find as little place as in the body of Christ metaphor. (There is no suggestion of surgery on the body of Christ)" (Clowney 1984:97).

Om een van die metafore as 'n primêre model te neem en 'n ekklesiologie daaromheen te bou, is gevaarlik en eensydig en het nog nooit werklik geslaag in die geskiedenis nie (Clowney 1984:82,83; Brueggemann 1994:264). Daarom word daar in hierdie studie gekyk na 'n wye verskeidenheid van metafore en beelde en ander maniere waarop daar oor die kerk gepraat word om dan te gaan kyk na dié aspekte wat na vore kom wat duidelike implikasies het vir die hantering en verstaan van lidmaatskap van die kerk.

Clowney (1984:105) wys op die gevaar dat 'n metafoor in isolasie ontwikkel word tot 'n model in terme waarvan die kerk ingerig word. So 'n ontwikkeling het 'n skewe inrigting van die kerk tot gevolg - iets wat homself later op die kerk wreek. Erasmus opper dit ook as 'n belangrike punt van kritiek teen die moderne gemeentebouteologie dat die liggaamsbeeld van die kerk tot model ontwikkel word, teenoor die sogenaamde herder-kudde-model gestel word en as 'n paradigma aangewend word in terme waarvan die kerk homself moet inrig (Erasmus 1994:48-55,60,68-87)²³. Dit is daarom belangrik dat metafore saam met mekaar gelees word, dat Skrif met Skrif vergelyk word sodat ons die kerk reg kan ken (Clowney 1984:105). Verskillende metafore beklemtoon verskillende aspekte van dieselfde werklikheid: die gemeente van God. Om een metafoor in isolasie te gebruik, sou beteken dat daar met eensydige perspektiewe op die kerk gewerk word (vgl. Kritzinger 1957:3).

Voordat die ondersoek oorgaan tot dit wat in die Ou Testament oor die kerk(lidmaatskap) te leer is, is 'n opmerking van Clowney tog van belang: "The church must be understood from the side of God's presence and work; and the scriptural metaphors emphasize this" (Clowney 1984:98).

²³ Potgieter ontwikkel bv. die sg. "selgemeente-model" (Potgieter 1995) waar die mikrogemeente die sentrale punt van alle gemeente-aktiwiteite word: "Alle werksaamhede gaan daarvan uit of dien tot die opbou daarvan" (Potgieter 1995:20).

2.3 Lidmaatskap van die geloofsgemeenskap in die Ou Testament

Die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 27 sê dat die kerk daar was "van die begin van die wêreld af". Om die kerk in die Nuwe-Testamentiese bedeling te begin verstaan, is dit belangrik om na die Ou Testament te gaan luister om daar te hoor hoe God met sy gemeente omgaan.

In hierdie studie word daar nie aandag gegee aan vraagstukke soos outeurskap, die ontstaansgeskiedenis van die teks van die Ou Testament en die daarmee gepaardgaande literêre kritiek nie. Daar word ook nie 'n poging aangewend om 'n historiese ontwikkeling of literêre-historiese ontwikkeling van bepaalde begrippe vas te stel nie.

2.3.1 Pentateug

In Gen. 4:4b kry ons vir die eerste keer dat daar *onderskeid* gemaak word tussen verskillende mense vir sover dit hulle verhouding met God aangaan. Abel en sy offer word aanvaar en Kain nie. Wanneer daar oor die betekenis van kerklidmaatskap gedink word, is dit juis die vraag wat *onderskei* kerklidmaatskap van ander vorme van behoort tot groepe.

Dit is nie in Gen. 4:4,5 duidelik waarom God Abel se offer aanvaar het en Kain s'n nie. Hebreërs 11:4 dui Abel se *geloof* aan as dit wat Abel se verhouding met God onderskei het. Gispen wys daarop dat die verhaal van Gen. 4 die waarheid van Hebreërs 11:4 laat blyk (Gispen 1974:171). Uit die hoofstuk raak dit duidelik dat Kain se weiering om vir sy broer verantwoordelikheid te aanvaar (4:9) aandui dat sy verhouding met God en sy medemens nie reg was nie.

Later in dieselfde hoofstuk (4:26) meen Bavinck (1930:260) dat ons die eerste spore van die kerk vind. Die nageslag van Set begin om God se Naam aan te roep - anders as die nageslag van Kain. In hierdie geval lê die onderskeid in 'n (liturgiese) handeling wat uitdrukking gee aan 'n geloofsverhouding tussen God en die nageslag van Set. Opmerklik hier is dat die naam יהוה²⁴

²⁴ Die verwysing na die naam יהוה hier is vir Ou Testamentici 'n probleem omdat dit algemeen aanvaar word dat aanbidding van Jahwe eers in die tyd van Moses begin het (Von Rad 1963:109; Westermann 1984:339). Beide skrywers meen dat hier nie 'n verwysing is na die begin van 'n Jahwe-godsdiens nie. "The notice about the beginning of the Yahweh cult is strange and can scarcely be rightly explained" (Von Rad 1963:109).

hier gebruik word - 'n Naam wat later in die Ou Testament die klem baie sterk laat val op die besondere verhouding tussen God en sy volk: die *verbond*.

Die gebeure rondom die sondvloed (Gen. 6-10), dui weer eens aan dat God 'n onderskeid tussen mense maak en dat Hy van mense verwag om Hom as God te erken, vertrou en gehoorsaam te dien. Diegene wat dit nie doen nie, sny hulleself af van die Bron van hulle lewe en gaan onder.

Na die sondvloed en in die roeping van Abraham, word hierdie skeiding of onderskeid tussen mense wat aan God behoort en diegene wat nie aan Hom behoort nie, duideliker beklemtoon. Die verbond met Abraham met die besnydenis as uiterlike teken en die Sinai-verbond het die verbondsvolk al skerper begin aandui as die geloofsgemeenskap vir wie God uitgekies het uit al die volke om sy eiendomsvolk te wees.

Die besnydenis moes die verbondsvolk daaraan herinner dat hulle deur God in die verbond in geroep is (Gen. 17:10-14, 23-27; 21:4; Eks. 4:26; 12:44,48; Lev. 12:3; Jos. 5:2-8). Hulle was anders as die ongelowiges - *vir God afgesonder*. Onbesnedenes mag nie aan die kultusgemeenskap deelhê nie (Gen. 17:14; Eks. 12:48; Num. 9) en ook die vreemdelinge moes besny word voordat hulle daaraan kon deelhê. 'n Besnydenis wat bloot uiterlik was en nie gepaard gegaan het met 'n innerlike verbondenheid aan God nie, was nie vir God aanvaarbaar nie (Jer. 9:25,26; König 1986:66,67). "Wat die Ou Testament verstaan onder die geestelike besnydenis is bekering, gehoorsaamheid, 'n nuwe lewe van liefde vir God en barmhartigheid teenoor die naaste" (König 1986:69).

Hoewel afkoms 'n belangrike rol speel in die verbond, was dit nie net bloedlyn wat lidmaatskap bepaal het nie. Slawe, as deel van huishoudings is in die verbond opgeneem (Gen. 17:13). Voorbeelde daarvan is Eliëser (Gen. 15:2-3), Hagar (Gen. 16), Bilha (Gen. 30:3,4), Silpa (Gen. 30:12), Jarga (1 Kron. 2:34-35) en die tempelslawe en hulle nakomelinge (Esra 2:43). By die uittog uit Egipte het "'n menigte mense van ander afkoms saamgegaan" (Eks. 12:38). As die geslagsregisters in die Ou Testament deurgelees word, is dit opvallend hoeveel keer die name van mense wat nie gebore Israëliete was nie, voorkom as lede van die verbondsvolk van God. "Nêrens egter was die voorreg om tot die kultusgemeenskap te behoort die prerogatief van die Israëliete nie" (Heyns 1977:38). Hulle het deel van die Godsvolk geword as gevolg van God se omgang met hulle in die geskiedenis. "Das 'Volk JHWHs' ist seine 'Sippe', seine 'Verwandtschaft', seine 'Familie', 'in

deren Mitte JHWH lebte (Lev. 26,12) und dies nicht naturhaft, sondern durch geschichtliche Setzung" (Preuß 1991:57).

"Israel als volk was eene עדה יהוה of eene קהל יהוה" (Bavinck 1930:260). As sy gemeente is hulle opgeroep om uit dankbaarheid vir sy verlossing Hom alleen te dien en alle ander gode te vermy (Eks. 20). In Levitikus word die term קהל uitsluitlik gebruik om mense wat met kultiese hande-linge besig is, aan te dui (Kritzinger 1957:15). In die res van die Pentateug is daar 'n verskeidenheid van betekenisse - ook sekulêr. In Eks. 12:6; 16:3 en Lev. 19:20 word dit gebruik om die totale Godsvolk aan te dui (Kritzinger 1957:19,20,28) hoewel die volk nie as vergadering beskou kan word in Eks. 12 nie. Hulle het in hulle huise die pasga gebruik. Num. 14:5 dui op die konkrete vergadering van Israel en Num. 15:15 op die kultusgemeente (Kritzinger 1957:24,25). Die uitdrukking קהל יהוה kom vir die eerste keer voor in Nu. 16:3 waar dit volgens Kritzinger een van twee betekenisse kan hê: dat die volk in sy totaliteit aan Jahwe behoort of dat Jahwe in die midde van die gemeenskap woon, "dat die volk dus voortdurend om die heiligdom geskaar is, en so as't ware gedurig 'n *kultusgemeente* is" (Kritzinger 1957:26).

In die verbondsluiting met Abraham, en die verwysing daarna in die Ou Testament, speel die uitverkiesing 'n sentrale rol. God neem die inisiatief en reg deur die Ou Testament word Israel gereeld daaraan herinner dat hulle deur God uitgekies is om aan Hom te behoort en ook dat dit Hy is wat self hulle leiers aangestel het en hulle regeer (Gen 18:19; 25:23; Ps 106:23; Num. 12; 17:1-8; Deut. 7:6-8; 1 Sam. 10:24; 16:1,12; 2 Sam. 6:21; Jes. 41:8-9; 42:1; 43:1; Eseg. 16; Hosea 11). Die uitverkiesing van Israel beklemtoon God se genade teenoor sy verbondsvolk, maar bring ook 'n geweldige verantwoordelikheid mee vir die verbondsvolk. "Dit volk is uitgekozen om God te kennen, door Hem gered te worden en Hem wederliefde te bewijzen in de cultus en de lofprijzing en in het gehoorzaam wandelen in zijn wegen. De uitverkiesing is dus zowel een genade als een opdracht; en de opdracht houdt de roeping in om van de liefde van deze vrijmachtige God over de hele breedte van het bestaan te leven" (Berkhof 1973:260; vgl. Preuß 1992:305).

By die uittog uit Egipte word die onderskeid tussen Israel (geloofsgemeenskap) en die Egiptenare (die wêreld buite die geloofsgemeenskap) duidelik met die tien plaë - veral met die dood van die eersgeborenes. By die tiende plaag moes die Israëliete hulle deel wees van die verbondsvolk bevestig deur die bloed van die lam aan die kosyne te smeer - 'n daad van geloofsgehoorsaamheid. In die verhaal wat daarop volg (Eks. 12-13) word beklemtoon dat hierdie reddingsdaad van Jahwe

deur die volk in die pasga gereeld feestelik in herinnering geroep moes word. Deur gelowig aan hierdie feesgeleentheid deel te neem, het die enkeling deel aan die heilsgeskiedenis van die geloofsgemeenskap.

Die reinheidswette (Lev. 11-15; Num. 19:11-20; Deut. 14:1-21) sluit by gebruike van die omgewing aan en dat dit moeilik is om spesifieke motiewe vir al die wette vas te stel. Die heiligheid van God en die gemeente speel egter oral 'n belangrike rol (Kritzinger 1957:105). Kritzinger kom tot die gevolgtrekking "dat God in Sy heilswerk aangeknoop het by, of ingegaan het op die volksgeloof, en nie aan Sy volk *volkome* nuwe sedes en wette gegee het nie" (Kritzinger 1957:118).

Die verhaal van die veertig jaar in die woestyn bring 'n baie belangrike feit na vore vir sover dit lidmaatskap van die kerk behels: dit is moontlik om uiterlik deel van die gemeente te wees, selfs te ervaar dat God sy gemeente wonderlik verlos en tog nie te deel aan God se finale heil vir die gemeente nie. Paulus gee die volgende betekenis aan hierdie geskiedenis: "Almal het dieselfde geestelike voedsel geëet, en almal het dieselfde geestelike drank gedrink: hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat met hulle saamgegaan het. Die rots was Christus. Tog was God met die meeste van hulle nie tevrede nie, want hulle het in die woestyn omgekom" (1 Kor. 10:3-5). Hebreërs bring 'n belangrike perspektief hierby: "Ons sien dus dat hulle as gevolg van hulle ongeloof nie in sy rus kon ingaan nie" (Hebreërs 3:19). Geloofsgehoorsaamheid is vir die gemeente van wesentlike belang. Ongehoorsaamheid kan maak dat die gemeentelid, hoe onverklaarbaar ookal, die heil kan misloop (vgl. Jer. 11:9-11; 12:7-8; 14:10; Eseg. 18:21-24).

Die verbondsvernuwing by Sinai wat beskryf word in Eks. 19 en verdere hoofstukke beklemtoon vanuit God se genadige redding, die verantwoordelikheid van die verbondsvolk om as verbondsvolk te leef (bv. 19:5) en God nooit te vergeet nie. Die volk se reaksie op God se genadebewys is van groot belang. "With the affirmative response, 'Israel,' a community of faith transcending biological descendancy, could come into being. ... a people who will be Yahweh's own *סֵּגֻלָּה* 'special treasure'" (Durham 1987:262).

Terselfdertyd herinner God sy volk aan die feit dat hulle alleen maar volk van God is kragtens sy genadige uitverkiesing (Deut. 7:7; 10:12-15). Hy sou net so goed 'n ander volk kon kies (Fensham 1977:119). Die hele aarde is immers syne (19:6). "The primal disclosure of the Bible is that this God in heaven makes a move toward earth to identify a faithful covenant partner, responding to

the groans of oppressed people (Exod. 2:24-25). We say it is an irreversible move. And the partner now embraced is identified as the "rabble" of slaves that no other god thought "worthy" (Exod. 12:38; Num. 11:4; cf. Luke 7:22-23; 1 Pet. 2:9-10)" (Brueggemann 1994:44).

God se teenwoordigheid te midde van sy volk (Eks. 33:15,16; 40:34-38) is van wesenlike belang. Dit is juis hierdie teenwoordigheid wat van Israel die verbondsvolk maak - anders as die ander volke.

2.3.1.1 Deuteronomium 23 en Jesaja 56

Die uitdrukking יהה קהל kom net 10 keer in die Ou Testament voor waarvan 6 keer in die gedeelte Deut. 23:1-8 (2-9) (Kritzinger 1957:2). Die feit dat Klaagl. 1:10 waarskynlik na hierdie gedeelte verwys, maak dit waarskynlik dat dit hier gaan om die יהה קהל as kultusgemeenskap en nie 'n politieke grootheid waar burgerregte ter sprake is nie (Kritzinger 1957:31; Hossfeld/Kindl 1989:1212). Deut. 23 weer drie kategorieë mense uit die gemeente: die ontmandes, kinders gebore uit ontoelaatbare geslagsgemeenskap en die Ammoniete, Moabiete, Edomiete en Egiptenare.²⁵

Die verwysing na ontmandes is waarskynlik 'n verwysing na 'n godsdienstige ritueel waardeur so 'n persoon aan 'n afgod gewy is (Kalland 1992:141; Driver 1895:259) hoewel dit ook voorgekom het by krygsgevangenes en sekere slawe (vgl. Kritzinger 1957:80). Opsetlike selfverminking pas ook nie by die gemeente nie (Deut. 14:1). Die onderskeid tussen gemeente en die heidenwêreld moet streng gehandhaaf word en die gemeente moet vry gehou word van "vreemde smette" (Kritzinger 1957:81). As hierdie verbod saam gelees word met Lev. 22:24 en Lev. 21:17-21 is dit ook moontlik dat dit dui op die onaanvaarbaarheid van 'n liggaam wat geskend is in die vergadering van die Here. In Jes. 56:3-8 word die ontmandes en nie-Israeliete uitgenooi om te deel aan die gemeente se heil en God in terme van die verbond te dien. Hoewel Kritzinger nie meen dat Jes. 56 'n regstelling is van Deut. 23 nie, aanvaar die meeste geleerdes dit wel so dat Jes. 56 'n nuwe bedeling aankondig in hierdie verband (Kritzinger 1957:82).

Die verwysing na ממוזר, wat in die 1983-vertaling met die betekenis van buite-egtelike kinders vertaal word, dui volgens Driver (1895:260) waarskynlik op kinders wat gebore is uit bloedsbande of uit 'n huwelik wat gesluit is binne verbode grade van verwantskap. Kalland gee toe dat dit 'n

²⁵ Vergelyk Lazenby se bespreking van Deut. 23 (Lazenby 1994:192-193).

moontlike verklaring is, maar voeg by: "The Deuteronomic prohibitions, often if not always, relate in some way to religious differences between Israelites under the covenant stipulations of the Lord and the pagan nations of Canaan. Consequently, this regulation might well be aimed at the offspring of cult prostitutes or of other promiscuous sexual practices related to the fertility religions of Canaan" (Kalland 1992:141).

Die bepalinge rondom die Ammoniete en Moabiete, afstammeling van Lot, in Deut. 23 het te doen met die voltrekking van Jahwe se straf op daardie volke as gevolg van hulle vyandelike optrede teenoor die verbondsvolk wat soos 'n refrein deur die Ou Testament weerklink²⁶. Nog belangriker as hulle vyandige optrede is hulle voortdurende bedreiging vir die geloofslewe van Israel in dié sin verleiding tot afgodery.

Tog word die deur vir hulle nie heeltemal toegemaak nie - na tien geslagte kan hulle tog deel van die gemeente word. In die geval van die Egiptenare en Edomiete, as gevolg van hulle noue verbintenis met die lotgevalle van die verbondsvolk, is die deur selfs wyer oop - na drie geslagte kon hulle lede van die gemeente word.

2.3.2 Ragab, Akan en Rut

Ragab, die prostituut, kry deel aan die volk van God omdat sy deelgeneem het aan God se vervulling van sy belofte vir sy volk (Jos. 2; 6:17,25).

Die verhaal van Akan in Jos. 7 bring die korporatiewe karakter van die geloofsgemeenskap duidelik na vore: "Joshua and his army lost the battle at Ai because Achan, one of the soldiers, had violated YHWH's specific instructions. Before the community knew that Achan was the guilty one, they were told 'that Israel sinned.' The nation lives its way through the life of every Jew, and vice versa. When Achan is stoned, his family and servants, and animals are stoned with him. And we are told that all Israel stoned him, meaning that at that moment the few people who act are all

²⁶ Genesis 19:37,38; 36:35; Eksodus 15:15; Numeri 21-24, Deuteronomium 2;3; 23:6; 24:9; Rigters 3;10;11;12; 1 Samuel 11; 12; 14:47; 2 Samuel 8; 10-12; 23:20; 1 Kon. 11:1,,7,33; 2 Kon. 1:1; 3; 23:13; 24:2; 1 Kronieke 11:22; 18-20; 2 Kronieke 20; 24:26; 27:5; Esra 9:1; Nehemia 4:3,7; 13:1; Psalm 60:10; 83:6,7; 108:10; Jesaja 11:14; 15:1, 4-7; 16; 25:10-12; Jeremia 9:26; 25:17-26; 40:14; 48,49; Eseg. 21:28; 25:2, 8-11; Amos 1:13; 2:1; Miga 6:5; Sefanja 2:8-10

Israel acting" (Lee 1992:182). Vir westerse individualistiese denke is hierdie korporatiewe identiteit nie so maklik om te begryp of te aanvaar nie terwyl dit vir ons van groot belang is dat ons iets hiervan probeer verstaan. "One is redeemed through the covenanted people because one's life is lodged there. And it is personal because it courses its way through each and every member, but it is never individual, i.e. never something that happens via some direct connection between YHWH and an individual person that is outside of covenant or irrespective of it" (Lee 1992:183).

Rut was 'n Moabitiese vrou. In die lig van wat in Deut. 23 staan, sou sy nie deel van die gemeente kon word nie - so ook Orpa, haar skoonsuster (Rut 1). Naomi se opmerking in Rut 1:15 oor Orpa is veelseggend: "Kyk, jou skoonsuster het teruggegaan na haar volk en na haar gode toe." Rut se woorde sluit by hierdie kombinasie van volk en God(gode) aan: "waar u gaan sal ek gaan; waar u bly sal ek bly; u volk is my volk; u God is my God" (Rut 1:16). Uit hierdie verhaal kan ons die volgende aflei: Orpa sowel as Rut het deel gehad aan die volk van God waartoe Naomi en haar gesin behoort het terwyl hulle getroud was met Maglon en Kiljon. Die keuse wat hulle moes maak, was om óf hulle lewens te laat lei deur hulle natuurlike herkoms, óf deur hulle verbintenis met die volk van Jahwe. Toe Orpa die band met Naomi en die geloofsgemeenskap (volk) breek, was die implikasie dat sy teruggaan na haar volk en gode. Dit was dus moontlik vir iemand om uit die volk van God te tree en afgode te gaan dien. Naomi se keuse was om die verbintenis met Naomi, haar God en die geloofsgemeenskap (volk) te behou. Uiteindelik het sy, die Moabitiese vrou, as die vrou van Boas een van die voorouers van Jesus geword. Iets van die waarheid van 1 Kor. 7:14 word deur die verhaal van Rut en Orpa geïllustreer. In die lig van Deut. 23 illustreer die verhaal van Rut die oorweldigende genade van God waardeur selfs die vyande van sy gemeente deel van die gemeente kan word.

2.3.3 God eis gehoorsaamheid van sy volk

Die volk van God is telkens maar weer voor die werklikheid gestel dat God van hulle gehoorsaamheid eis. Behalwe vir die talle kere tydens die uittoeg uit Egipte waar hulle as gevolg van hulle eie ongehoorsaamheid gely het en deur die lyding weer deur God teruggeroep is tot bekering, vertel die verhaal van die boeke Josua, Rigters en die res van die Ou Testament die verhaal van 'n geloofsgemeenskap wat elke dag moes kies of hulle God gaan dien of afgode (bv. Jos. 25:15; 1 Sam. 7:3; 1 Kon. 18:21; Eseg. 20:39). Daarmee moes elke lid van die volk rekening hou.

2.3.4 Salomo se poligamie bedreig die geloofsgemeenskap

In 1 Kon. 11 word daar beskryf hoedat koning Salomo se verbintenis met heidense vrouens (van buite die geloofsgemeenskap) veroorsaak het dat sy eksklusiewe lojaliteit aan Jahwe in die slag gebly het: "Veral in sy ouderdom het Salomo se vrouens hom verlei om ander gode te dien. Toe het hy die Here sy God nie meer met soveel toewyding gedien soos sy pa nie" (1 Kon. 11:4). Die motivering vir die gemeente se vermyding van omgang met mense buite die gemeente word ook in hierdie hoofstuk aangegee: "Dit was die nasies waarvan die Here vir die Israëliete gesê het: "Julle mag nie met hulle omgaan nie, en julle mag nie toelaat dat hulle met julle omgaan nie, want hulle sal julle net verlei om hulle gode te aanbid." Salomo het egter juis op hierdie vrouens verlief geraak (1 Kon. 11:2) en gesondig (Neh. 13:27). Dit het 'n skeuring in die Godsvolk tot gevolg gehad (1 Kon. 11:29-36; 1 Kon. 12).

Daar moes dus voortdurend 'n afstand gehandhaaf word tussen diegene wat deel van die geloofsgemeenskap was en diegene daarbuite. Hierdie afstand het beteken dat enige verbintenis waardeur die gemeente se lojaliteit aan Jahwe bedreig kan word, vermy moes word.

2.3.5 Gēr (Vreemdeling)

Die begrip *gēr* het in die Bybel drie betekenis: "iemand wat uit sy stam-of dorpsverband tree, elders 'n tuiste vind en daar in sekere opsigte in 'n minderheidsposisie verkeer", 'n *proseliet* of in die Nuwe Testament waar dit as aanduiding vir die lidmate van die kerk gebruik word in 'n geestelike sin as vreemdelinge in die wêreld (Muntingh 1962:556). Hulle is dikwels verdruk en het nie altyd volle burgerregte geniet nie (Kritzinger 1957:13). 'n *Gēr* is van 'n *nokri* onderskei in die sin dat eersgenoemde 'n meer bestendige verbinding met Israel gehad het as die *nokri* wat as gas nie daar gewoon het nie (Kritzinger 1957:62,64). Die *nokri* was uitgesluit van enige betrokkenheid by die kultus (Eks. 12:43,48). Na aanleiding van Eks. 12:43-49 kom Kritzinger tot die gevolgtrekking: "dat die toelating tot die kultusgemeenskap met Jahwe afhanklik was van die solidariteit met die volk van Jahwe" (Kritzinger 1957:104).

In die wetgewing van die Sinai-verbond is daar voorsiening gemaak vir bepaalde voorregte van die vreemdelinge. Hulle kon deelneem aan die godsdienstige plegtighede. Dieselfde kultiese voorskrifte wat vir die Israëliete gegeld het, was op hulle ook van toepassing (Num. 15:15). "Dit

blyk dus dat die verskille van die sosiale lewe opgehef word in die kultus, waar daar geen onderskeid bestaan nie" (Kritzinger 1957:13). Muntingh sê dat die gër as 'n permanente bewoner van die land Kanaän tot die geleedere van die uitverkore bondsvolk kon toetree deur hul godsdiens, en wat daarmee saamgegaan het, aan te neem (1962:557). 'n Mens sou hier die vraag kon vra of dit inderdaad gegaan het om die aanname van "hul godsdiens, en wat daarmee saamgegaan het" en of dit nie eerder gegaan het om geloof as reaksie op God se teenwoordigheid onder sy verbondsvolk en sy genadebetoning aan hulle, waarin die vreemdelinge kon deel omdat hulle tussen die volk gebly het nie. "Er konnte sich dem JHWHglauben und der JHWHgemeinde leichter anschließen (Dtn 29,10; 31,12). Er erfährt Hilfe von Gott und Menschen (Dtn 10,18; 14,29) und wird oft zusammen mit Armen, Witwen und Waisen der Fürsorge befohlen" (Preuß 1992:317).

In Salomo se gebed by die inwyding van die tempel, het hy onder andere die volgende gebed: "Luister ook na die vreemdeling wat nie uit u volk Israel is nie en, omdat hy gehoor het van u groot Naam, u mag en krag, selfs uit 'n ver land kom en na hierdie tempel toe bid. Luister tog uit die hemel, u woonplek, en doen alles wat die vreemdeling U in sy gebed vra, sodat al die volke van die aarde u Naam kan ken en ook aan U gehoorsaam kan wees net soos u volk Israel, en dat hulle kan weet u Naam is uitgeroep oor hierdie tempel wat ek gebou het" (1 Kon. 8:41-43). Die *vreemdeling wat by Jahwe verlossing soek, is welkom by die tempel*, want die wil van Jahwe is dat al die volke van die aarde sy Naam kan ken en Hom kan gehoorsaam. Salomo het dit waarskynlik nie in verbondsperspektief bedoel nie, maar toe hy die nie-Israëliete betrek het by die bou van die tempel (2 Kron. 2:17,18) het hy reeds aan dit waarvoor hy gebed het by die opening van die tempel simboliese gestalte gegee.

2.3.5.1 Immigrante

In 2 Kon. 17 lees ons van die immigrante wat in die Samaria-omgewing kom intrek het tydens die ballingskap. Omdat hulle die Here nie gedien het nie, het die leeus onder hulle gemaai (2 Kon. 17:25). Die interessante opmerking word dan gemaak: "Toe is die koning van Assirië meegedeel: "Die nasies wat deur u weggevoer en in die stede van Samaria gevestig is, weet nie hoe hulle die God van die land moet vereer nie. Nou het Hy leeus op hulle losgelaat wat hulle doodgemaak het. Dit het gebeur net omdat hulle nie presies weet watter verering hulle aan die God van die land verskuldig is nie" (2 Kon. 17:26). Die koning van Assirië se regstelling van die probleem was toe om 'n priester daarheen te stuur om mense te leer hoe om God te vereer (2 Kon. 17:27). Die

sukses van sy kategeese was net gedeeltelik. Die mense het die Here toe begin eer, maar terselfder tyd voortgegaan om hulle eie gode te dien (2 Kon. 17:28-41). Lering sonder die onderlinge tug en toesig het só gelei tot sinkretisme wat ook op die nageslag sy invloed uitgeoefen het: "Hierdie nasies het nie net die Here vereer nie, maar ook hulle eie afgodsbeelde gedien, en tot vandag toe nog volg ook hulle kinders en kleinkinders hulle voorbeeld" (2 Kon. 17:41). Hierdie immigrante het 'n wesentlike aspek van lidmaatskap van die verbondsvolk nie hulle eie gemaak nie: die eksklusiewe verering van Jahwe.

2.3.5.2 Vreemde vroue

Esra 9 en 10 vertel die bekende verhaal, wat vir Westerse ore baie wreed klink, van die vreemde vrouens en hulle kinders wat weggestuur is. Die agtergrond vir hierdie verhaal is Eks 3:8,17; 33:2 en Deut. 7:1-4. Die motivering wat Deut. 7:4 vir die verbod op gemengde huwelike gee is "want hulle sal jou kinders wegroekel van die Here af en hulle sal ander gode dien. Dan sal die toorn van die Here teen jou ontvlam en Hy sal jou gou uitdelg". Vir Esra, wat die herstel van die gemeente na die ballingskap op die hart gedra het, was dit belangrik dat die invloede van vreemde godsdienste so ver moontlik geweer word uit die gemeente. Wat intussen gebeur het, was dat die volk nie, soos dit die volk van God betaam, hulle afgesonder het van die heidene nie. Selfs die godsdienstige leiers het ontrou geraak (Esra 9:2).

"Foreign women were married contrary to the law of God. The marriages were illegal from the outset. The sending away of the women is to guard the exiles against the continuation of an illegal act" (Fensham 1982:135). Williamson gaan verder en wys daarop dat die woord wat in vers 2b vir "trou" gebruik word (יָשַׁב) letterlik beteken "to cause to dwell" of "to give a home to" en dat dit net op gemengde huwelike van toepassing gemaak word (Williamson 1985:150). Davies het daarop gewys dat die woord wat hier vir "vreemde" vroue gebruik word, in Spreuke ook aangewend word om 'n prostituut mee aan te dui en dat dit dalk daarop dui dat hier sprake was van 'n buite-egtelike saamwony (Williamson 1985:150). Die woord לְהוֹצִיאָהּ wat hier gebruik word vir skei of wegstuur, is nie die gewone woord wat vir egskeiding gebruik word nie (Williamson 1985:150). Daarby moet gesê word dat Fensham aantoon dat die stam van hierdie woord ook in Deut. 24:2 voorkom (Fensham 1982:134) waar daar nie sprake van vreemde vroue is nie. "It appears from Mal 2:10-16 (from roughly the same period) that in some cases the men had already divorced their Jewish wives in order to enter into these new partnerships" (Williamson 1985:160).

In die lig van al hierdie gegewens, is dit duidelik dat dit in Esra 9 en 10 gaan oor die regstelling van 'n ongehoorsaamheid van die volk aan God. Die implikasie daarvan vir vreemdelinge is duidelik: as jy deel van die Here se mense wil wees, moet jy Hom met jou hele hart dien en afsien van die lewenswyse wat jy gehad het toe jy nog buite die geloofsgemeenskap was en jou eie gode gedien het.

Nehemia het met 'n soortgelyke probleem te doene gehad (Neh. 13:13-27). Hier word 'n bykomende feit genoem nl. dat van die vreemdelinge se kinders 'n vreemde taal gepraat het en nie Judees kon praat nie (Neh. 13:24). Dit het daarop gedui dat hulle ouers wat deel van die gemeente was, waarskynlik nie die verbondswaarhede aan hulle kinders geleer het nie. Duideliker as in Esra word die motivering aangedui as 'n bedreiging vir die geloofslewe van die gemeente wanneer daar verwys word na die sonde van Salomo (Neh. 13:26). Die aangaan van 'n huwelik met 'n ongelowige vrou was ontrou teenoor God (Neh. 13:27).

2.3.6 Die gelowige / regverdige / gemeente in die Psalms

Met "gelowige" hier word aanvaar dat daar verwys word na die gelowige as deel van die geloofsgemeenskap.

God maak onderskeid tussen die regverdige en goddelose (Ps. 11:5; 37:16-20). Die gelowige is een wat hom verlustig in die Woord (Ps. 1:2; Ps. 119), hom nie laat lei deur die ongelowiges nie (Ps. 1:1), maar deur die Here (Ps. 1:6; 22:27; 23; 25:4,5; 26:3; 143:8-10). Daar is 'n duidelike onderskeid tussen die lewenstyl van die geloofsgemeenskap en dié van die "raad van goddeloses" (Ps. 1:3,4). Die gelowiges is diegene wat regverdig en opreg handel (Ps. 11:7). Die ongelowiges word genooi om die Here met ontsag te dien en by hom te skuil (Ps. 2:10-11; 5:12; 9:10; 11:1; 31). Wie hooghartig (Ps. 5:6) en vol van hulleself is (Ps. 10:2; vgl. 36:12), mag nie saam met die gemeente voor God verskyn nie. Daarteenoor weet die gelowige dat hy van God afhanklik is. Die gelowiges leef uit God se vergifnis (Ps. 19:13-15; 25:7,11,18; 38; 51), vertrou Hom (Ps 20:8) en wag op hom (Ps. 130;131). Onverdeelde lojaliteit aan die Here is 'n kenmerk van die gelowige (Ps. 16). In die gemeentevergadering word daar van God se groot dade getuig (Ps 40:10) en word die aanwesiges opgeroep om Hom te eer (Ps. 22:23-24). 'n Ideaal vir die geloofsgemeenskap is dat mense God sal erken as koning en hulle tot Hom sal bekeer (Ps. 22:28,29). Vir die gelowige

is die voorreg om in die tempel van God te wees van lewensbelang (Ps 27:4-6; 23:6; 63:3; 84) en die troue liefde van God is "meer werd as die lewe" (Ps. 63:4).

In Psalm 15 kom die vraag na vore wie in God se teenwoordigheid mag kom. In die antwoord speel die begrip *פועל צדק* (doen wat reg is) 'n belangrike rol. Dit is 'n begrip wat die verhouding met God en medemens raak. Hierdie verhouding vra dat jy doen wat reg is teenoor God en medemens, dat jy teenoor jou medemens optree soos wat God dit van jou verwag (Kritzinger 1957:129). Die res van die vereistes wat in die psalm gestel word, is 'n verbesondering van *פועל צדק* en *ודבר אמת בלבבו* (wat met sy hele hart die waarheid praat) is 'n belangrike aspek daarvan. In Psalm 24 waar ongeveer dieselfde vraag gevra word, kom in vers 4 'n sinoniem voor vir *פועל צדק* *נקי כפים*: *לבב ובר* (en wie se hart suiwer is) (Kritzinger 1957:137). Albei Psalms beklemtoon dus 'n waarheidsverhouding teenoor God en medemens as vereiste vir mense wat tot die geloofsgemeenskap behoort.

Psalm 65:5 en 5:7 beklemtoon die voorreg van diegene wat deel van die kultusgemeenskap kan wees - dis alles genade.

Die gerigtheid van die geloofsgemeenskap op die wêreld kom na vore in o.a. Psalm 47 waarin die volke opgeroep word om God te prys en die psalm afsluit met 'n verwysing na die leiers uit elke volk wat hulle sal "verenig met die volk van die God van Abraham" (Ps. 47:10). Psalms 66, 67 en 87 sluit hierby aan. In Psalm 87 word die geloofsgemeenskap aangedui as mense wat God ken (Ps. 87:4).

Psalms soos Ps. 78, 95 105 en 106 beklemtoon, met verwysing na Israel se geskiedenis, God se verbondstrou ten spyte van talle mislukkings aan die kant van sy volk.

Die geloofsgemeenskap word telkens as God se volk of kudde aangedui (bv. Ps 100:3; 23). Dit is God wat jou insluit by hierdie volk (Ps. 106:4,5) wat sy uitverkorenes is (Ps. 135:4). Hy kan ook a.g.v. sy volk se aanhoudende ongehoorsaamheid 'n weersin in sy volk kry en heidene gebruik om hulle te tug (Ps. 106:40). Hy los hulle genadiglik nie, maar bring hulle weer terug (Ps. 106:43-45) ter wille van sy verbond.

God se teenwoordigheid in Sion/Jerusalem/die tempel is deurslaggewend (bv. Ps. 46; 48; 63:2; 87;125-128; 135; 146:10). Daar sonder is die gemeente nie meer gemeente nie.

Die geloofsgemeenskap word in Ps. 111:1 as die samekoms van die opregtes beskrywe. Kraus skryf hieroor: "Es war üblich, daß bei den großen Jahrefesten die Danksagenden im Vorhofe des Tempels auftraten und einen Kreis von Zuhörern um sich sammelten. Auf diese Gruppe bezieht sich בְּסוּד יִשְׂרָאֵל מוֹעֵדָה. An eine *ecclesiola in ecclesia* ist also nicht zu denken" (Kraus 1978:941). Die gelowiges bring lof aan God vir sy groot dade (Ps. 35:18). In Ps. 68:26 <27> word בְּמִקְהֵלוֹת in die 1983-vertaling van die Afrikaanse Bybel met "in kore" vertaal terwyl Green dit met "in the assemblies" (Green 1978:1448) en die *Authorised Version* vertaling dit met "in the congregations" (OLB 1994) vertaal. Hoe dit ookal sy, die verband dui op 'n singende gemeente wat aan God die lof bring.

2.3.7 Die res van die Ou Testament

By die profete word die heiligheid van God beklemtoon saam met die eis van God dat Hy alleen aanbid word en dat daar nie plek vir gedeelde lojaliteit (vgl. 2 Kron. 16:9) of skynheiligheid (Jes. 1; 29:13) in die volk van God is nie. Godsdienstige rituele sonder geloof(sgehoorsaamheid) is vir die Here 'n gruwel. Die goddelose word soos volg beskrywe: "U het hulle geplant; hulle het wortel geskiet, gegroei, ook vrugte gedra. Hulle neem u Naam graag op hulle lippe, maar U is nie in hulle hart nie" (Jer. 12:2). Wanneer die volk van die Here nie meer reg laat geskied aan wees en weduwees nie (Jes. 1:23; 3:15;) en oneerlikheid of korrupsie duld (Jes. 1:23), bygelowig word (Jes. 2:6), afgodery bedryf (Jes. 2:8), hoogmoedig word (Jes. 2:11; 3:16;), het hy "'n ontroou slet geword" (Jes. 1:21). "Jerusalem het gewaggel, Juda het in duie gestort omdat hulle hulle met woord en daad teen die Here en teen sy gesag verset het" (Jes. 3:8). Dan tref die oordeel van die Here hulle; maar hulle word nie totaal uitgewis nie. 'n Kern van die volk wat nie die verbond van die Here verlaat het nie, word behou (1 Kon. 19:18; vgl. Amos 5:15; 9:8ev.; Jes. 1:9; 4:3; Sag. 13:8; Dan. 12:1). Die geloofsgemeenskap is diegene wat vertrou op die Here (Jes. 28:16; 30:15,18) en vir diegene wat hul heil buite die Here soek, wag daar probleme (Jes. 31:1-30). Daarom word hulle opgeroep tot bekering (Jes. 31:6; 44:21).

Die geloofsgemeenskap leef uit God se openbaring uit Sion (Jes. 2:3), uit die lig wat van die Here af kom (Jes. 2:5) en word deur die Here in stand gehou en beskerm (Jes. 4:5,6).

Vreemdelinge sal by die gemeente gevoeg word (Jes. 14:1) en die vyande van die Here vernietig word (Jes. 14-25).

Dit is die Gees van God wat mense verseker dat hulle deel van die volk van God is (Jes. 44:1-5). God sal uit die omliggende volke kinders vir sy volk versamel (Jes. 49:19-21). Die werking van die Gees van God in die nuwe verbond bly prominent (Jes. 59:21; Joël 2:27,28; Eseg. 36:26,27).

2.3.8 Volk van God

Iets wat na vore kom in al die gedeeltes waarna daar verwys is in die studie om vas te stel wat ons uit die Ou Testament kan leer oor die kerk, is dat dit gaan om 'n verhouding tussen God en mens wat uitgedruk word deur die benaming *verbond*. Alle ander metafore waar daar na God en sy gemeente verwys word in die Ou Testament verduidelik aspekte van die verbond. Odendaal se standpunt dat dit juis die verbond is wat die sleutel inhou tot die verstaan van die onderskeid tussen Israel se geloofslawe en dié van die omliggende volke, word hiermee onderskryf (Odendaal 1989:146). "Covenant correctly understood therefore provides one with a key to the understanding to the true nature of the people of God, the relationship between universalism and particularism, between grace or divine initiative and human obedience, that is between indicative and imperative, and also between historical reality and eschatology. In Biblical faith the political paradigm or concept has been transformed in a religious metaphor giving expression to a unique relationship between the incomparable Yahweh and his people" (Odendaal 1989:147; vgl. Berkhof 1973:243, 244, Krause 1958:24, Brueggemann 1994:47).

Die kern van die verbond word so saamgevat: "Ek sal by julle bly en julle God wees, en julle sal my volk wees" (Lev. 26:12). Israel was volk van Jahwe. Dit was 'n verhouding waar die wil van God en sy uitverkiesende handeling die grondslag vorm (Deut 7:6; 9:5; Eks. 19:5-6). "Het is enkel Gods soevereine liefde die dit volk in het aanzijn riep" (Noordegraaf 1990:20,21). "God neemt het initiatief tot *redding en bescherming*" (Berkhof 1973:244). "The three belong closely together: a *God* who makes covenant by making a move toward the partner (Hos. 2:14, 18-20); a *community* that practices the new forms of torah, knowledge and forgiveness (Jer. 31:31-34); and a *world* yet to be transformed to covenanting, by the dismantling of imperial reality (Isa. 42:6-7; 49:6)" (Brueggemann 1994:53).

Uit wat reeds hierbo na vore gekom het, word die volgende sake duidelik aangaande hierdie volk: Israel is God se besondere eiendom, danksy sy genadige verkiesing apart gestel van ander volke en in diens van God gestel (Preuß 1992:305). Die bestaan van Israel is gewortel in die heilsdaad van God²⁷. As teken van hierdie verbond is die besnydenis gegee. Die wet is gegee as rigtingwyser met die boodskap: bly by jou Bevryder! God eis dat die volk Hom vertrou en gehoorsaam (Berkhof 1973:245). Die besondere verkiesing van Israel as priesterlike volk (Eks. 19:5-6) is verbind aan 'n universele perspektief en roeping: om vir die wêreld tot seën te wees. "*By way of Abraham and Israel God enters into the world of the nations*" (Krause 1958:27).

"Israëls gemeente-zijn is theocratisch bepaald" (Noordegraaf 1990:21). God heers self aktief²⁸ oor sy volk (Rig. 8:23) en hy het volstrekte seggenskap. As heilige volk mag hulle nie vermeng met die heidene nie omdat dit sou lei tot afgodery. God se teenwoordigheid is wesentlik: "They are a people only because he dwells within them and moves among them" (Minear 1960:69). Lidmaatskap tot die volk was nie bloot deur biologiese, sosiologiese of historiese faktore bepaal nie. Dit was primêr 'n teologiese band (Preuß 1991:68) wat lidmaatskap van die Godsvolk bepaal het. Slawe en vreemdelinge het deur geloof in Jahwe deelgekry aan die verbond. Dit was 'n teologiese band wat hulle gebind het, of selfs nie 'n biologiese nie (Preuß 1991:68). "The line between this people and other peoples is thus drawn in a unique manner. God alone draws this boundary, and therefore the boundary remains at least partially intangible, because it is constantly being redrawn by the mysterious movement of grace. ... the definition of this people by its Lord permanently prevents it from finalizing or absolutizing its own map of the boundaries that divide it from those who are not his people" (Minear 1960:70).

Die samekoms by Sigem in Josua 24 is 'n belangrike punt in die geskiedenis van die Godsvolk. Daar is die volk vir 'n verbondsvernuwing vir die eerste keer rondom 'n aanbiddingsplek, wat later 'n gereelde aanbiddingsplek geword het, saamgetrek (vgl. Krause 1958:12,13). Daar is die volk

²⁷ "The accent must be allowed to fall on the God who creates this society of people as his people by his choice of them. ... A shift of accent (and how easy that is!) replaces the sense of complete dependence with the sense of invidious superiority. That shift took place all too often in both Old Testament and New Testament times" (Minear 1960:69).

²⁸ "The sovereignty of God in the life of the alliance of the twelve tribes is an event, a continuing *activity* of God; it is not a *principle* that can be used as the basis for the organization of a state" (Krause 1958:16).

gereeld opgeroep tot gehoorsaamheid aan God (Krause 1958:22,23). So bly die verbond aktueel en word telkens vernuwe. By Sinai is dit so beleef: "Die Here ons God het by Horeb 'n verbond met ons gesluit. Dit is nie ons voorvaders met wie Hy hierdie verbond gesluit het nie, maar ons, ons almal wat hier is en nou lewe" (Deut. 5:2-3). Dit word telkens in die liturgie weer bevestig (Deut. 27:9).

In Heyns se besinning oor die kerk in die Ou Testament staan die kultus sentraal in so 'n mate dat 'n mens byna kan sê dat die kerk opgaan in die kultusvergadering (Heyns 1977:35-38; 1978:356-357)²⁹. Hoewel die kultus sentraal staan in die lewe van die gemeente - ook in die Ou Testament (vgl. Roloff 1993:20), kom die karakter van die verbondsvolk na vore in 'n baie wyer spektrum van fasette as net die kultus. Dit raak letterlik elke aspek van die lewe en die waarhede van die kultus was so geïntegreer met normale praktiese lewe dat die Ou Testament nie die Godsvolk se lewe in kompartemente beskryf nie. Wat wel waar is, is dat die verbond tussen God en sy gemeente op sy duidelikste sigbaar word in die kultus (Roloff 1993:20).

In die kultus het godsdienstige feeste, die sabbat, offers, gebed en wysheidsliteratuur 'n belangrike rol gespeel (Preuß 1992:226-271). Daar kon die Godsvolk God se uitverkiesende genade vier en op 'n besondere manier beleef. "Jedenfalls ist Kultus in und nach dem AT nicht nur 'Antwort' Israels, nicht nur Verehrung JHWHs und Dank an Ihn, sondern auch und dies zuerst neue Zueignung des Heils, damit der Erwählung und der Verpflichtung" (Preuß 1992:231).

Na die ballingskap het Israel al hoe minder die karakter vertoon van 'n gewone volk en al hoe meer van "eene godsdienstige gemeente" (Bavinck 1930:261). Eredienste is gereeld op die sabbat gehou (Psalm 74:8; Hand. 15:21) en hierdie byeenkomste het die sentrum van die godsdienstige lewe geword. "de LXX zet $\epsilon\upsilon\delta\omicron\iota$ in den regel door $\sigmaυναγωγη$ over, en $\lambda\eta\kappa$ door $\epsilon\kappa\kappa\lambda\eta\sigma\iota\alpha$, behalwe in Exodus, Lev., Nu., Jos., waar ook $\lambda\eta\kappa$ door $\sigmaυναγωγη$ wordt vertaald. Maar langzamerhand kwam er bij de Joden toch reeds dit onderscheid, dat $\sigmaυναγωγη$ meer de empirische, feitelike

²⁹ Vergelyk ook Heyns se siening van die kerk as organisme waar hy die stelling maak: "Die kerk is nie oral daar waar gelowiges saam is of hul geloof bely nie" (Heyns 1977:198,199) en op 'n ander plek "Die kerk is nie oral daar waar sy lidmate aanwesig is nie" (Heyns 1977:24). Spoelstra maak kaspie teen die laaste opmerking (Spoelstra 1989[1]:65) Die agtergrond van Heyns se benadering is dat hy die kerk as net nog 'n gestalte van die koninkryk naas ander gestaltes sien (bv. Heyns 1977:25).

samenkomst aanduidde (congregatio, vergadering), en ἐκκλησία het woord werd voor de ideale gemeente, gelijk zij de door God tot zijn heil geroepenen omvat (convocatio, gemeente)" (Bavinck 1930:261).

Die uitdrukking קהל kom in die Ou Testament voor met die volgende betekenis: vergadering, menigte of skare, kultusgemeente, volksvergadering en die hele versamelde Israelitiese volk of die totale getal Israeliete (Esra 2:64; Neh 7:66; Hossfeld/Kindl 1989:1210). Soms word קהל en עדת as sinonieme gebruik, maar in die konteks van Eks. 12:6; Num. 14:5; 20:1-12 dui עדת op die kwalitatiewe aspek van die gemeente en קהל op die kwantitatiewe aspek (Hossfeld/Kindl 1989:1214). Die uitdrukking יהוה יקהל wat net op 10 plekke in die Ou Testament voorkom, is 'n tegniese term vir die kultusgemeente (Kritzinger 1957:56,57). Die יהוה יקהל is 'n dinamiese grootheid. Die volk Israel was nie identies met die יהוה יקהל nie, maar "tog die kern waarom die יהוה יקהל opgebou is. Daar was geen ander weg tot deelname aan die kultusgemeenskap met Jahwe dan via Israel, die uitverkore volk van God, nie" (Kritzinger 1957:146).

2.3.8.1 Enkele metafore wat verdere lig werp op die verhouding God-verbondsvolk

Die verbondsverhouding tussen God en sy gemeente word met behulp van 'n verskeidenheid metafore beskryf. Hier word net enkeles bespreek nl. die geloofsgemeenskap as wingerd, die Herder met sy kudde, die Here as Rots, of vesting of klip teenoor die geloofsgemeenskap, die huwelik, die geloofsgemeenskap as dienaar van God en die bou/afbreek-metafoor.

2.3.8.1.1 Die geloofsgemeenskap as wingerd

Die geloofsgemeenskap word as 'n goed versorgde wingerd beskryf wat nie die verwagte vrugte gelewer het nie. "Die wingerd van die Here die Almagtige, die wingerd wat Hy geplant het en waarin Hy Hom wou verlustig, is die Israeliete, die volk van Juda. Die Here het verwag dat daar reg sou wees, maar daar was net onreg, dat daar geregtigheid sou wees, maar daar was net die hulpgeroep van veronregtes" (Jes. 5:7). Hulle het hulle nie aan sy Woord gesteur nie (Jes. 5:24). God gaan die oordeel oor sy volk voltrek, hulle byna vernietig, maar tog "vir die land 'n stomp laat oorbly: die gewyde geslag" (Jes. 6:13; 11).

Hierdie tema van die geloofsgemeenskap as wingerd kom op verskeie plekke in die Ou Testament voor [Jes. 1:8; 5:1,3-5,7,10; 27:2,4; Jer. 6:9; 12:10; 35:9; Jer. 2:21; Eseg. 17:4-10; Miga 7:1](OLB 1994). In Deut. 32:32 word die beeld gebruik om te verwys na 'n gemeenskap wat nie van die verbondslyn kom nie, maar uit sonde gebore is en die vyande van die geloofsgemeenskap is: "Die rots van die nasies is nie soos ons Rots nie, ons vyande kan tog self oordeel, want hulle stam uit Sodom se wingerd, uit Gomorra se droë gelyktes. Hulle druiwe is giftig, elke tros is bitter" (Deut. 32:31-32). In Jer. 48:32 word die beeld van die wingerd op Moab van toepassing gemaak.

Hierdie beeld van die geloofsgemeenskap dui deurgaans op God se versorging van sy gemeente en hulle totale afhanklikheid van Hom. Die element van God se oordeel word ook dikwels met hierdie beeld verbind en dan in die sin dat God die geloofsgemeenskap straf omdat die "wingerd" nie die "vrugte oplewer" wat regmatig verwag kon word as daar gekyk word na die moeite wat met die versorging van die wingerd gedoen is nie.

Wat vir die tema oor lidmaatskap hier van belang is, is dat dit God is wat self sy wingerd plant en versorg en dat Hy ook met reg vrug verwag van sy gemeente. Werklike lidmaatskap is slegs moontlik as 'n gevolg van God se inplanting van 'n mens in sy gemeente en sy versorging van sy wingerd en gaan saam met 'n lewe wat vrug dra as bewys van God se genadewerk.

2.3.8.1.2 Die kudde van God³⁰

Die kudde verwys deurgaans na die volk van God en die herder in die meeste gevalle na Jahwe, maar ook in heelwat gevalle na die koning of ander leiers in Israel. Hulle taak is dan om Jahwe se herderskap uit te oefen oor die volk. Hierdie herderskap kom na vore in die versorging van die geloofsgemeenskap sodat hulle alles kry wat hulle nodig het en beskerm word teen uitbuiting en gevare (Ps. 23; 28:9; Jes. 40:11; Eseg. 34:2). Die herder is die een wat die geloofsgemeenskap lei of daarvoor heers (2 Sam. 5:2; 1 Kron. 11:2; Ps. 77:21; 78:52; 80:2; Jer. 3:15). Die kudde

³⁰ Gedeeltes waar die herder-kudde motief ter sprake kom in die Ou Testament is ook volop : 2 Sam. 5:2; 1 Kron. 11:2; 21:17; Ps. 23:1; 28:9; 74:1; 77:20; 78:52; 79:13; 80:1; 95:7; 100:3; Pred. 12:11; Jes. 40:11; 44:28; 56:11; 63:11; Jer. 3:15; 10:21; 13:17,20; 17:16; 23:1,2,3,4; 25:34,35,36,38; 50:6; Eseg. 34:2,5,7,8,9,10,12,15,16,23; 37:24; Hos. 4:16; Miga 2:12; Sef. 2:7; 3:13; Sag. 9:16; 10:3; 11:4,5,7,8,16,17; 13:7.

behoort aan die Herder (Ps. 100:3). Selfs Kores word as herder aangestel om God se wil uit te voer (Jes. 44:28) - ter wille van Israel (Jes. 45:4). As die menslike herders nie aan God gehoorsaam bly nie, word die kudde verstrooi (Jer. 10:21; 13:17,20; 50:6; Eseg. 34:5). Sulke herders kom onder die oordeel van die eintlike Herder, die Here wat ingryp om die kudde te red van ondergang (Jer. 23:1-4; 25:34-38; Eseg. 34; Miga 2:12; Sag. 10:3; 11). Soms is die kudde self hardkoppig (Hos. 4:16) en voorwerp van God se toorn. Dan kan daar tye kom dat die Here optree teen die herder sodat die skape verstrooi kan word (Sag. 13:7).

Die herder-kudde-beeld van die volk van God in die Ou Testament bring onder andere die volgende belangrike oorwegings aan die lig: Die kerk is geheel en al afhanklik van die leiding van die Here as herder en wanneer Hy gebruik maak van menslike herders in die geloofsgemeenskap, is die menslike herders aan Hom as Eienaar van die kudde verantwoordelik vir wat hulle met die kudde doen. Die geloofsgemeenskap se verantwoordelikheid is om gehoorsaam te volg waar die herder lei en ook mekaar onderling te beskerm en te ondersteun (Eseg. 34:17-22). Wie dus lidmaat wil wees, moet hom onderwerp aan die groot Herder van die geloofsgemeenskap soos wat Hy van menslike herders gebruik maak en moet ook weet dat die lidmaat nie ander lede van die volk van God mag benadeel nie, maar sorg vir hulle moet neem.

2.3.8.1.3 God as Rots vir die geloofsgemeenskap

God word dikwels as 'n rots, 'n klip of 'n vesting vir die geloofsgemeenskap aangedui.³¹ Die klem val deurgaans op 'n baie besondere verhouding tussen God en die geloofsgemeenskap waardeur God die geloofsgemeenskap herinner dat hy hulle in die wêreld gebring het, gered het en beskerm. God se trou en volmaaktheid word deurgaans beklemtoon. Deut. 32:4 is 'n goeie voorbeeld: "Hy is die Rots, sy werk is volmaak, alles wat Hy doen, is regverdig. Hy is die getroue God, sonder onreg, Hy is regverdig en betroubaar." By Hom is die geloofsgemeenskap veilig.

In skrilte kontras teenoor God se troue liefde word die geloofsgemeenskap soms beskuldig dat hulle God, hulle Rots, vergeet het of vermetel was teenoor Hom. Die kontras word nie net tussen God

³¹ Gen. 49:24; Deut. 32:4,15,18,30,31,37; 1 Sam. 2:2; 2 Sam. 22:2,3,32,47; 23:3; Ps. 18:2,31,46; 19:14; 27:5; 28:1; 31:2,3; 42:9; 59:9,16,17; 61:2; 61:3; 62:2,6,7; 71:3; 78:35; 89:26; 91:2; 92:15; 94:22; 95:1; 118:22; 144:1,2; Spr. 18:10; Jes. 8:14; 17:10; 26:1; 28:16; 30:29; 33:16; 44:8; 51:1; Jer. 17:7; Joël 3:16; Hab. 1:12.

en die geloofsgemeenskap getrek nie, maar ook tussen God en die afgode: "Dan sal Hy vra: "Waar is hulle gode? Waar is die rots waar hulle gaan skuil het'?" (Deut. 32:37). Hy is uniek (2 Sam. 22:2).

Wanneer die geloofsgemeenskap teen God in opstand kom, sal Hy vir hulle "'n klip wees waarteen 'n mens jou stamp, 'n rots waaroor jy struikel. Vir die inwoners van Jerusalem sal Hy 'n vangnet en 'n strik wees" (Jes. 8:14; vgl. Hab. 1:12). Tog sal Hy vir hulle uitkoms bring (Jes. 8:23-9:6; 11; 12;). Wanneer die geloofsgemeenskap leef asof "of die Rots wat jou toevlug was, nie meer daar is nie" (Jes. 17:10) verlaat hulle God en bedryf afgodery.

Die verhouding tussen God as Rots en die geloofsgemeenskap wat deur Hom tot stand gekom het, gered is en gelei word, is ook 'n verhouding waarin God se oordeel oor sy gemeente se ongehoorsaamheid aan die lig kom. Daarmee moet die lidmaat / gemeente rekening hou. Die gemeente se veiligheid by God is 'n veiligheid binne die verbondsverhouding.

2.3.8.1.4 Die verbond as huweliksverhouding

Die verbondsverhouding tussen God en sy gemeente word dikwels in terme van 'n huweliksverhouding uitgedruk waarin die volk se ontrou vergelyk word met dié van 'n ontrou eggenote. Gedeeltes waarin hierdie terminologie voorkom is onder andere Jes. 54:6-8; 57:3-12; Jer. 3:1,3,20; 5:7; 7:9; Eseg. 16:7,28,30,31,35; 23:3,8,21,34,43,44 en die profesie van Hosea (bv. 2:2; 3:1; 4:13,14).

In hierdie beeld verklaar die Here sy liefde vir sy gemeente en word die geloofsgemeenskap se rebellie en afgodery as huweliksontrou beskryf - soms in krasse terme (Jes. 57:3; Jer. 3:20; 5:7; 7:9; Eseg. 16:28-35; 23; Hosea 2:2; 3:1; 4:13,14). Hierdie verhouding is eksklusief: die Here verwag onverdeelde lojaliteit aan Hom van sy gemeente. Wanneer iemand dus deel word van die geloofsgemeenskap, raak hy deel van hierdie verhouding van die geloofsgemeenskap met die Here.

2.3.8.1.5 Die dienaar van die Here

In Jesaja kom die bekende יהוה עבד-liedere en ander gedeeltes voor waarin die volk van God as dienaar van die Here beskryf word.³² Die klem val op die feit dat die gemeente in diens van die Here staan tot heil vir die wêreld. Hulle is deur Hom uitgekies (41:8-9; 42:1; 44:1), met die Gees toegerus om God se boodskap aan die wêreld uit te dra (42:1; 43:10), ter wille van die wêreld te ly (42:19; 53), vir wie Hy nie verwerp of verlaat nie (41:8; 44:21), deur Hom verlos (48:20) en ontvangers van die openbaring van sy mag (49:3).

Opvallend is Jes. 56:6,7: "Ek sal die nie-Israeliete wat by my volk aansluit om My te dien, om my Naam lief te hê, en om my dienaars te wees, almal wat my sabbatte onderhou en dit nie onheiligt nie, en wat lewe volgens my verbond, na my heilige berg toe bring. Ek sal aan hulle vreugde gee in my huis van gebed, hulle brandoffers, hulle offers op my altaar sal vir My aanneemlik wees, want my tempel sal uitgeroep word tot 'n huis van gebed vir al die volke." Enigeen wat die Here wil dien en uit sy verbond lewe, word deur die Here opgeneem in die volle voorregte van sy verbondsvolk. Hulle raak saam met die geloofsgemeenskap sy dienaars.

"Wij zien in de geschiedenis van Israël een toespitsing optreden. De verkiezing van Israël spitst zich toe op de rest van Israël. In het tweede deel van Jesaja zien ons hoe deze toespitsing wordt doorgetrokken naar de figuur van de Knecht des Heren, het ware Israël. En door Hem wordt het nieuwe volk van God uit Israël en de volken vergaderd (de 'velen', vgl. Jes. 53,12). Zo roept de verbondsgeschiedenis van Israël om de komst van de Messias" (Noordegraaf 1990:23).

2.3.8.1.6 God bou sy kerk

Telkens in die Ou Testament is daar sprake van God wat óf opbou óf afbreek in Israel. Die afbreek is 'n uitoefening van sy oordeel en die opbou word telkens as herstel of uitbou van sy volk aangedui. "Die soewereine God en Heerser oor sy verbondsvolk bou, maar breek ook af. Wanneer God afbreek, kan niemand sonder sy hulp weer opbou nie.... *Opbou* is die werk van Jahwe. Hy beloof dit en *Hy* doen dit *self* - ook wanneer Hy sy opbouwerk deur die diens van mense uitvoer" (Nel 1994:3).³³

³² Jes. 41:8,9; 42:1,19; 43:10; 44:1,2,21,26; 45:4; 48:20; 49:3,5,6,7; 50:10; 52:13; 53:11; 54:17; 56:6; 61:6; 63:17; 65:8,9,13,14; 66:14.

³³ Gedeeltes in die Ou Testament waar die bou-motief ter sprake kom is: Jer 1:10; 12:14-17; 18:7-10; 24:6; 31:4,28,31-34; 12:16; Eseg. 36; Jes. 65:21-24; Jer. 42:10;

Die missionêre aspek van die verbond kom na vore wanneer die bou-beeld ook verwys na buitelanders wat "ingebou" word. "Heidene wat hulle tot *Jahwe* bekeer, word ingebou in die volk van God" (Nel 1994:4; Jer. 12:16; Eseg. 36).

2.3.9 Samevattend: Ou Testament

'n Mens sou nie uit die Ou Testament kerkordelike voorskrifte vir kerklidmaatskap kon aflees nie. Tog is daar belangrike motiewe in die Ou Testament wat rigtingduikers is vir 'n praktyk vir die hantering van kerklidmaatskap. Omdat die hantering van kerklidmaatskap 'n weerspieëling is van 'n onderliggende kerkbegrip, is dit belangrik dat daar in die beoordeling van dié hantering fyn geluister word na wat die Ou Testament en die Nuwe Testament sê oor die wyse waarop God met sy gemeente omgaan. Die volgende sake wat na vore kom uit die voorafgaande paragrawe, behoort in ag geneem te word by die hantering van kerklidmaatskap in ons tyd:

2.3.9.1 God maak onderskeid tussen dié mense wat aan Hom behoort en die ander.

Hierdie *onderskeid* tussen die mense wat aan God behoort en die res van die mense word deurgaans gehandhaaf. Die heiligheid van die geloofsgemeenskap hang daarmee saam. Nie enigeen kan deelhê aan die kultusgemeenskap nie.

2.3.9.2 Geloof speel 'n deurslaggewende rol in die onderskeid tussen mense. Ongelowiges pas nie in die geloofsgemeenskap nie. Alleen deur geloof kan die geloofsgemeenskap die volheid wat God skenk, beleef.

2.3.9.3 Hierdie geloof kom tot uitdrukking in *liturgiese handeling* (die aanroep van die Naam van die Here en die beleving en viering van sy heil te midde van die gemeente), gehoorsaamheid aan God en in die *optrede teenoor die medemens*.

2.3.9.4 God eis absolute lojaliteit van sy gemeente sodat daar geen plek is vir lojaliteit aan ander

gode nie. Alle skyn van verbintenis met ander gode moet uit die gemeenskap geweerd word. Daarom is huweliksverbintenisse van lede van die verbondsvolk met heidene onaanvaarbaar. "The theological self-understanding of Israel permitted a new people that had no other identity - linguistic, racial, ethnic, or territorial - except exclusive allegiance to its God" (Brueggemann 1994:19).

- 2.3.9.5 Die gemeente is 'n verbondsgemeenskap. Die *verbond met Abraham* en die *besnydenis* as teken daarvan vorm die agtergrond van die res van die Ou-Testamentiese verhaal van God se gemeente. Die verbond met Abraham en latere verbonde daarvan soos in die Sinaï-verbond en die verbond met Dawid vorm 'n belangrike sleutel tot die verstaan van die Ou-Testamentiese verbondsvolk.
- 2.3.9.6 God se uitverkiesing bring die geloofsgemeenskap tot stand. Hier val die klem op die *uitverkiesing* van die gemeenskap tot eiendomsvolk van God, tot 'n koninkryk van priesters (Eks. 19:5,6).
- 2.3.9.7 In die verbond het die geloofsgemeenskap 'n *verbondsverantwoordelikheid* wat in die Sinaï-verbond duideliker uitgespel is en waarop die geloofsgemeenskap telkens weer gewys is by geleentheid van verbondsvernuwing.
- 2.3.9.8 Deur ongehoorsaamheid bring die geloofsgemeenskap armoede en ellende oor hulleself. Die verhaal van die vele Israëliete wat aan die uittog deelgehad het en tog nie die beloofde land binnegegaan het nie, beklemtoon hierdie verantwoordelikheid en toon aan dat as die lede nie positief reageer op die genadige handeling van God nie, hulle hulleself, hoe onbegryplik ook al, kan afsny van die Bron van hulle lewe (Deut. 30:17-20; vgl. Jer. 2:19).
- 2.3.9.9 Al loop die verbondslyn deur Abraham, Isak en Jakob, word die geloofsgemeenskap gewaarsku om nie die Edomiete, ook afstammeling van Abraham en Isak, te verstoot nie (Deut. 23:7). Bloedverwantskap is die natuurlike bane waarin God se verbondsgenade sigbaar word al is sy genadebetoning veel wyer as dit.
- 2.3.9.10 God is in sy volk teenwoordig, en heers daar aktief. Sy teenwoordigheid maak die

gemeente tot gemeente. Daarsonder verval die onderskeid tussen die gemeente en wêreld. In die proses gebruik Hy ook mense wat aan Hom verantwoordelik is vir wat hulle aan die gemeente doen.

- 2.3.9.11 Die na-eksiliese geloofsgemeenskap was "an intensely textual community" (Brueggemann 1994:271). Hulle was besig om die verhaal van God se handeling met sy volk te bestudeer en op te teken en dit het die formerende krag in die gemeenskap geword. Die gemeente laat hom lei deur die Woord van God.
- 2.3.9.12 Gebrek aan lering en lering sonder behoorlike dissipline binne die Godsvolk lei tot die verval van die gemeente.
- 2.3.9.13 Aanbidding en lofsange is 'n sentrale element van die gemeente se verering van God.
- 2.3.9.14 Die geloofsgemeenskap het 'n roeping om God se verteenwoordiger in die wêreld te wees sodat ongelowiges daartoe kan kom om God te eer. "The three belong closely together: a *God* who makes covenant by making a move toward the partner (Hos. 2:14, 18-20); a *community* that practices the new forms of torah, knowledge and forgiveness (Jer. 31:31-34); and a *world* yet to be transformed to covenanting, by the dismantling of imperial reality (Isa. 42:6-7; 49:6)" (Brueggemann 1994:53).
- 2.3.9.15 Wanneer die geloofsgemeenskap ongehoorsaam word, tree God teen hulle op deur hulle te waarsku deur profete, hulle op te roep tot bekering en soms rampe te gebruik om hulle tot besinning te bring. "Die sonde, afval en verval van Israel het dan ook oor die hele linie van hulle lewe plaasgevind. Dit het God se oordeel en gerig oor hulle gebring. Hulle was verbondsverbrekers, maar in plaas daarvan dat God hulle geheel en al uitgedelg het, het Hy aan sy verbond gedink en sy verbondsbeloftes tot nuwe en kragtiger gelding gebring. Hierin neem Hy nou ook die volk se verpligting tot gehoorsaamheid op Homself deur die oprigting van 'n nuwe verbond (Jer 31:31-34; Eseg. 16; 34:25; 36:26-28)" (Gerber 1990:59).

2.3.9.16 Hierdie nuwe verbondsgemeenskap het die volgende kenmerke (Brueggemann 1994:48-50): Hulle leef vanuit die wet van God (Jer. 31:33). "The torah is a reminder that God's will focuses on large human questions and that we also may focus on weighty matters of justice, mercy and righteousness" (Brueggemann 1994:48). Die tweede kenmerk van die nuwe verbondsgemeenskap is dat hulle God ken (Jer. 31:34). Hierdie kennis hang onlosmaaklik saam met die sensitiwiteit vir die behoeftes van die medemens. Jy kan God nie ken as jy by die nood van die medemens verbygaan nie (Jer. 22:13-17). "The word to the strong in the community is that the weak ones know some very important dimensions of the news, to which we must all attend" (Brueggemann 1994:49). Die derde kenmerk van die nuwe verbondsgemeenskap is dat hulle vergifnis ken, ervaar en beoefen (Jer. 31:34).

2.3.9.17 Die korporatiewe karakter van die verbond maak dat die heil nie maar net 'n blote individuele saak van persoonlike geloof is nie, maar beteken dat elke verbondskind nie buite-om die gemeente aan God verbind is nie, maar *as lid van die verbondsgemeenskap* aan God deelhet. "Auch wo und wann JHWH einzelne erwählt, dient dieses sein Handeln dem Volk as ganzem" (Preuß 1991:67).

Die identiteit van die individu in Israel is bepaal deur die verhoudingstruktuur waarin hy staan - die sogenaamde diadiese identiteit. "Individual people are not known or valued because of their uniqueness, but in terms of their dyad; that is, some other person or thing" (Neyrey 1993:51; vgl. Preuß 1991:68). So het die dissipels van Jesus 'n nuwe diadiese identiteit vir die dissipels beteken: hulle is opgeneem in 'n nuwe netwerk van verhoudings waarin Hy hulle Verlosser en Leier is in ooreenstemming met die patriargale kultuur van die tyd (Neyrey 1993:51). In die kultuur het die vader-figuur ("patron" - Malina 1993[1]:133) 'n baie sentrale rol ingeneem in verhoudings. God is as die Vader van Israel gesien, die koning as die vader van die volk en so ook die grondeienaar vir sy huurders en arbeiders. "Within a kinship group, "justice" means enduring loyalty to one's kin" (Malina 1993[1]:136). Gehoorsaamheid aan die "patron" is normaal en daarin lê ook die sekuriteit en identiteit van die individu (Neyrey 1993:52). "What clients seek of patrons is favor, and grace is favor" (Malina 1993[1]:83). Om guns in die oë van

God of die "patron" te vind, is lewensbelangrik.³⁴ God se genade moet teen die agtergrond van hierdie "patron-client" verhouding gesien word (Malina 1993[1]:85).

2.3.9.18 'n Waarheidsverhouding teenoor God en medemens is 'n vereiste vir almal wat aan die geloofsgemeenskap behoort.

2.4 Lidmaatskap van die kerk in die Nuwe Testament

Om oor die kerk in die Nuwe Testament te skryf, is 'n gewaagde onderneming (Roloff 1993:10). Een van die redes is dat die Nuwe Testament op so 'n wye verskeidenheid van maniere met die kerk omgaan. "Es ist heute nicht mehr möglich, an das Neue Testament mit der Erwartung heranzugehen, in ihm eine einheitliche Lehre von der Kirche zu finden, die sich als solche, weil schriftgemäß, unmittelbar auf unsere gegenwärtigen Verhältnisse übertragen ließe" (Roloff 1993:310). Tog is die kerk vir die Nuwe Testament belangrik. Erasmus (1994:119) verwys na 'n "lae profiel wat die Nuwe Testament aan die kerk toeken" sonder om so 'n stelling te motiveer. Daarteenoor staan 'n standpunt soos die van Ridderbos: "De kerk behoort mede tot de centrale inhoud van Paulus' prediking" (1973:364). Wie die Nuwe Testament deeglik lees, kry met die verhouding tussen God en sy gemeente te doen. Al die sendbriewe en Openbaring is aan gelowiges in gemeenteverband geskryf en die hele boek Handelingte vertel van dit wat die Heilige Gees in en deur die gemeentes gedoen het.

Vir 'n ondersoek soos hierdie is daar verskeie opsies oop. Een sou wees om so veel as moontlik van die metafore in die Nuwe Testament na te gaan en daaruit te kyk watter beginsels uitkristalliseer. Minear (1960), Dulles (1987) en andere (bv. Clowney 1984, 1987) het al sulke pogings aangewend en waardevolle bydraes gelewer. Nog 'n opsie sou wees om 'n deeglike studie van die gebruik van die woord *ἐκκλησία* te maak en daaruit bepaalde afleidings vir die kerklike praktyk te maak. Dit is ook al dikwels deur kerkregtelikes en Nuwe Testamentici gedoen en die resultate daarvan word wyd gebruik (en soms misbruik) in die kerkreg. 'n Derde opsie is om na die verskillende skrywers van Nuwe-Testamentiese geskrifte te kyk en te gaan vasstel wat die kerkbegrip is wat by hulle funksioneer. Roloff(1993) het waardevolle werk in hierdie verband gedoen. Hierdie laaste opsie vereis gewoonlik 'n hele stuk verantwoording ten opsigte van die outeurskap

³⁴ Gen. 6:8; 18:3; 31:5; 32:5; 33:8,10,15-17; 34:11; 39:4; 47:29; 50:4; Eks. 33:12-13; 34:9; Num. 11:11,15; Deut. 24:1; 28:50; Eks. 3:21; 11:3; 12:36

en datering van Nuwe-Testamentiese geskrifte en dit lê buite die skopus van hierdie studie. 'n Verdere opsie hou 'n verskeidenheid van moontlikhede in: om een of ander dogmatiese skema te neem en aan die hand daarvan die kerk in die Skrif te ondersoek. Voorbeelde hiervan sou wees om die drie-eenheid van God as uitgangspunt te neem (Clowney 1987:15; Rossouw 1976:146-157) of die 4 eienskappe van die kerk soos wat dit in die belydenisskrifte voorkom. Waardevolle werk is ook al in sulke ondersoeke gedoen.

In hierdie deel van die ondersoek word 'n poging aangewend om van 'n kombinasie van hierdie opsies gebruik te maak sonder om by 'n diskussie oor outeurskap en datering betrokke te raak. Die doel van die ondersoek is om te probeer vasstel wat die kerk in die Nuwe Testament van die omgewing onderskei het en wat dit behels het om deel van die kerk te wees. Die rede vir hierdie keuse is dat die kans gering is dat die navolging van net een of twee van die ander opsies enigiets oorspronklik sal oplewer - juis omdat daar al soveel uitnemende werk langs daardie weë gedoen is.

Die Nuwe-Testamentiese kerkbegrip is nie die resultaat van 'n teoretiese besinning oor die kerk nie (Roloff 1993:12), maar die ervaringe van die eerste Christene word onder leiding van die Heilige Gees deurgegee as geïnspireerde getuienis van God se genadewerk. Hendriks (1983:39) se opmerking dat ons nie in die Nuwe Testament "het selfverstaan" van die Christelike gemeente vind nie, maar die gesaghebbende getuienis van die apostels, stel twee sake teenoor mekaar wat nie teenoor mekaar hoef te staan nie. Ook in die getuienis van die apostels is die selfverstaan van die gemeente opgeneem. Die doel was in alle gevalle om te verseker dat die eer van God gehandhaaf word deur te verseker dat die gemeente gestruktureer word vanuit die genade van God in Jesus Christus onder leiding van die Heilige Gees sodat die Woord van God vrye toegang tot alle mense kan hê. Dit beteken ook vir die kerkreg van vandag dat daar vanuit die praktyk van kerkwees, in die lig van die Skrif, opnuut oor die hedendaagse situasie besin moet word sodat die bediening van die Woord van God tot sy reg kom in die praktyk.

In hierdie proses moet daar rekening gehou word met die feit dat die leefwêreld van die Nuwe-Testamentiese tyd kultureel baie verskil van die moderne tyd. Een van die belangrikste verskille wat kerkbegrip en spesifiek kerklidmaatskap raak is die feit dat in teenstelling met die westerse individualistiese kultuur, die identiteit van die individu in die Nuwe-Testamentiese tyd, soos in die

Ou Testament, bepaal is deur die groep waarmee hy geassosieer is (vgl. Malina 1993:45-48, 63-89).

Hoewel bv. die paranetiese gedeeltes in die Nuwe Testament die optrede van die individu geraak het, was die primêre doel daarvan "to keep the Christian group, the individual church, in harmony and unity, in sound state"³⁵ (1 Kor 12; Rom. 12:3-21)" (Malina 1993:71). Wanneer die individu die groep in gevaar stel (soos in die geval van Akan), kan die individu ter wille van die groep opgeoffer word. Dit is die logika wat agter Kajafas se woorde in Joh. 11:50 lê en ook Paulus s'n in Rom. 9:3. In hierdie lig moet ook die afsnyding van lidmate gesien word in 1 Kor. 5:5,13 en Rom. 12:3-21 (Malina 1993:71).

Die opinie wat buitelanders van die gemeente as groep het, is krities belangrik soos blyk uit o.a. 1 Tes. 4:12; 1 Kor. 6:6; 10:32-33; 14:23; Rom. 12:17-18; Kol. 4:5; 1 Tim. 3:7. Die gemeente het dus 'n bepaalde groepsidentiteit wat gehandhaaf moet word teenoor die buite-wêreld. Om deel van 'n groep te word, moes 'n mens gevra word (Matt. 20:7; Mark. 1:17, 20; 2:14; 10:21). Uit sy eie sou 'n eerbare persoon nie aansluiting by 'n groep soek nie (Malina 1993:93).

2.4.1 Matteus

Matteus teken die vroeë kerk as die voortsetting van die Ou-Testamentiese volk van God. Dit blyk alreeds uit die eerste perikoop van die evangelie: die geslagsregister van Jesus waarin God se verbond met Abraham en met Dawid 'n belangrike rol speel. Brueggemann se opmerking is betekenisvol: "The purpose of genealogy is to connect the threatened present generation with the horizon of reference points from the past. That is, a studied recovery of the past intends to combat the "now generation" and the disease of autonomy and individualism that imagines that we live in a historical vacuum" (1994:271). Deur Jesus hier met Abraham te verbind, verklaar Matteus dat God se belofte om al die nasies deur die nageslag van Abraham te sien, in Jesus vervul word (Holwerda 1995:32). Jesus is die oorblyfsel, die ware Israel (Holwerda 1995:33).

³⁵ Dit sou in terme van Rom. 12:1-2 beteken dat die gemeente, in die lig van God se groot barmhartigheid, 'n lewe leef wat nie volgens die skema van die ongelowige wêreld ingerig is nie, hulle lewe as offer aan God wy en daagliks vernuwe word deur die Heilige Gees tot onderskeiding van God se wil.

Die talle aanhalings uit die Ou Testament waardeur aangedui word dat Jesus Christus die vervulling van God se beloftes vir die herstel van Israel is, asook die ooglopende parallele wat Matteus tussen Jesus en Moses trek, bevestig die feit dat Jesus se koms nie gesien is as 'n breuk met die verlede nie, maar 'n vervulling van God se ideale met Israel (vgl. Holwerda 1995:27-58). Matteus teken Jesus as die een wat God se beloftes aan Abraham en Dawid en beloftes oor Israel vervul.

Die geslagsregister aan die begin van die evangelie bevat hoofsaaklik die name van manlike familiehoofde deur die geslagte. Daarom is dit opvallend dat vyf vroue se name in die voorgeslag van Jesus ingesluit word: Tamar, Ragab, Rut, die vrou van Uria en Maria. Vroeër, in die gedeelte oor die Ou Testament, is daar verwys na Ragab en Rut. Die verhale van Tamar en die vrou van Uria en hulle insluiting by hierdie geslagsregister beklemtoon God se genade en sy bestuur van sake op so 'n manier dat Hy selfs nie alleen die sonde vergewe nie, maar selfs die gevolge daarvan in sy diens neem. God se genade in die roeping van Maria om as moeder vir Jesus op te tree word eweens beklemtoon. Die ongewone stap om haar as Jesus se moeder aan te dui en nie Josef as vader nie, wys op 'n ingrype van God. "Matthew's genealogy of Jesus demonstrates that in the end and often along the way, the genealogical connections to Abraham were insufficient and that God had to intervene to preserve a people for himself" (Holwerda 1995:36). Deur God se genade kan enige sondaar ingesluit word by die verbondsvolk!

Johannes die Doper se optrede gee 'n aanduiding dat die nuwe bedeling begin deurbreek wanneer hy sê: "Julle moet julle nie verbeel dat julle by julleself kan sê: 'Ons het Abraham as voorvader' nie. Dit sê ek vir julle: God kan uit hierdie klippe kinders vir Abraham verwek (Mat. 3:9). Hierdie uitspraak van Johannes het nie neergekom op 'n ontkenning of verwerping van Israel nie, maar dit is eerder 'n oproep tot die lede van Israel om hulle verantwoordelikheid as verbondsvolk na te kom. Geloof is beslissend (Noordegraaf 1990:27). Omdat hulle God se volk is, het God gehoorsaamheid van hulle verwag. Hulle het Hom verwerp en nou tref die gerig hulle, maar nie so dat hulle vernietig word nie. Ten spyte daarvan dat hulle hulle kanse verspeel het, bly God nog sy beloftes getrou en wil Hy hulle red (Roloff 1993:25).

Diegene wat hulle laat doop, kry hulle laaste kans: Hulle moes hulle lewenswandel verander en die vrugte dra wat God van sy volk verwag (3:10) (Roloff 1993:26). Die doop van Johannes het nie die betekenis van inlywing in die Godsvolk gehad soos die proselietedoop nie. Dit was eerder

'n eskatologiese sakrament wat die dopeling herinner het aan die eindoordeel van God en oproep tot bekering (Roloff 1993:26).

Die agtergrond van Jesus se oproep tot bekering lê in Jes. 52:7-10.³⁶ Hoewel 'n omvattende definisie van wat Jesus met die koninkryk van God bedoel het, nie moontlik is nie (France 1984:35,36), gee die Ou-Testamentiese agtergrond vir ons 'n belangrike aanduiding: Die koninkryk van God en die herstel van Israel is ten nouste met mekaar verbind. "Es steht außer jedem Zweifel, daß sich für die Zeitgenossen Jesu mit dem Begriff „Gottesherrschaft“ ganz selbstverständlich der *Gedanke an Israel* verband. ... Nur dann, wenn Gott über Israel Herr ist, werden auch die übrigen Völker seine Herrlichkeit sehen und seine Macht anerkennen (Sach 14,9)" (Roloff 1993:32). In aansluiting by die Ou-Testamentiese aanvaarding van God se koningskap het Jesus spesifieke toepassings van daardie feit in sy daaglikse bediening gemaak (France 1984:36). Hoewel daar 'n noue verband is tussen die herstel van die Godsvolk en die koninkryk van God is Küng se opmerking belangrik: "The reign of God cannot be identified with the people of God, the Church, any more than the saving act of God can be identified with man's reception of salvation" (Küng 1967:74).

Bolkestein wys op die onlosmaaklike samehang tussen die koninkryk en bekering. Die koms van die koninkryk maak bekering noodsaaklik en moontlik. Bekering is 'n reaksie op die nabyheid van die koninkryk. "Deze bekering heeft niets individualistisch aan zich. Hoezeer zij ook iedere mens als enkeling geldt, zij stelt de mens in een gemeente, de gemeente van de omkerenden, het nieuwe volk van God van de eindtijd" (Bolkestein 1962:8,9; vgl. Küng 1967:54).

Jesus roep die hele Israel tot bekering (sien ook Luk. 13:1-5; 16:1-8; 12:16-21; Mark. 8:12; Luk. 11:29[Mat. 12:39]). Hoewel die bekering nie die sentrale aspek van sy prediking was nie, was dit 'n belangrike deel daarvan (Roloff 1993:28). Die bekeringsprediking het teen die agtergrond van

³⁶ "Hoe wonderlik klink op die berge die voetstaple van hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede aankondig, wat die goeie tyding bring, wat redding aankondig, wat vir Sion sê: "Jou God is Koning!" 8 Hoor, jou wagte roep hard, hulle jubel almal saam, want hulle sien dat die Here na Sion toe terugkom. 9 Jubel en juig, puinhope van Jerusalem, want die Here het vir sy volk uitkoms gebring, Hy het Jerusalem verlos. 10 Die Here het sy heiligheid, sy mag, geopenbaar voor die oë van al die nasies. Tot aan die uithoeke van die aarde sal hulle die redding sien wat ons God bewerk het."

die komende gerig plaasgevind wat die herstel van Israel in die oog het, maar tog ook die moontlikheid inhou dat die empiriese Israel uit die koninkryk uitgesluit kan word (Roloff 1993:29).

Die kontroverse tussen Jesus en die Fariseërs oor Jesus se betrokkenheid by die tollenaars en sondaars was juis daaroor dat Jesus die heil vir die hele Israel wou bring, terwyl die Fariseërs net die gehoorsames uitgesonder het vir aandag. Terwyl die Fariseërs die kontinuïteit tussen die heilshandeling van God aan Israel in die verlede en die verwagte voleinding gesoek het in die vroomheid van die volk, hulle standvastigheid en trou, sien Jesus dit "allein im erwählenden, suchenden und vergebenden Handeln Gottes begründet" (Roloff 1993:31).

Die volk van God was ontrou en het ten spyte van sy bevoorregte posisie in God se genadeverbond nie God se koningskap bly eer nie. Jesus se aardse bediening was juis daarop gemik om Israel weer na die oorspronklike bedoeling met die verbond toe terug te bring, maar hulle het dit van die hand gewys (Roloff 1993:148). Dit het tot gevolg gehad dat Israel, soos die heidene, nie aan die heil anders as deur bekering kon deel kry nie (Roloff 1993:32,33).

Tog praat Matteus nie van 'n nuwe verbond of nuwe Godsvolk nie. Die breuk tussen die kerk en Israel is nie 'n totale diskontinuïteit nie (Roloff 1993:153). Matt. 8:5-13, 21:33-46 (waar die wingerd-motief vir die Godsvolk weer ter sprake kom) en 22:1-9 dui aan dat 'n nuwe bedeling gaan aanbreek en dat die ou Israel se posisie in die verbond nie vanselfsprekend staties sal bly nie. "Terwijl alle drie de synoptici het woord over de steen die de bouwers verworpen hebben, maar die door God tot hoeksteen is gemaakt (Ps. 118, 22 v.), citeren, worden alleen bij Mattheüs het woord Jezus overgeleverd: 'Daarom zeg Ik u, dat het Koninkrijk Gods van u zal weggenomen worden en het zal gegeven worden aan een volk, dat de vruchten daarvan opbrengt'... Er komt in plaats van het oude Israël een nieuw volk van God, dat vrucht voortbrengt en dat mag delen in de zegeningen van Gods rijk (vgl. Rom. 9,25; 1 Petr.2,10)" (Noordegraaf 1990:27).

Lidmaatskap van die verbondsvolk beteken dus nie outomatiese aanspraak op die heil nie (Mat. 8:11-12 [Luk. 13:28-29]; vgl. Jes. 25:6-8), maar vereis 'n erkenning van die koningskap van God en 'n lewe in 'n geloofsverhouding met Hom. "The primary criteria for membership in Matthew's household is doing the will of the one who sent Jesus (12:46-50) ... The focus of membership, then, is on the issue of right relationship with God, with others and with the larger community"

(Russel 1994:33). Geloof speel 'n belangrike rol in die opmerkings van Jesus in Matt. 8:10-13 en die vrugte van geloof in 21:43.

Dissipelskap of navolging van Jesus is vir die kerk wesentlik. 'n Mens kan net 'n dissipel word wanneer jy vergifnis ontvang het en die werklikheid van die koninkryk van God in Christus aanvaar het. Hierdie werklikheid bepaal die hele lewe van die dissipel sowel as van die gemeenskap waaraan hy of sy behoort (Bosch 1991:39). Hierdie navolging is "die ausschließliche und dauernde *personhafte Bindung an Jesus*" (Roloff 1993:155) en impliseer 'n blywende leerling-verhouding teenoor Jesus (Roloff 1993:156) sowel as 'n diens-verhouding (Bosch 1991:38), 'n lotsverbondenheid met Jesus (10:38; 16:24; 26:29,38,40) en met die dissipelgemeenskap: "Every disciple follows the Master, but never alone; every disciple is a member of the fellowship of disciples, the body, or no disciple at all" (Bosch 1991:74). Jesus se teenwoordigheid maak die volhardende navolging moontlik (Matt. 8:23-27; 18:20; 28:20).

Dissipelskap vereis praktiese gehoorsaamheid en nie net mondelinge getuienis nie. Die bergpredikasie, wat as die gedragsriglyne vir die nuwe gemeente funksioneer, getuig hiervan (Roloff 1993:158). Die dissipels moes vrugte dra wat by die bekering pas (Matt. 7:16-24; vgl. 24:42-51; 25:1-46). Die vrugte van bekering word uitgespel in die bergpredikasie waarin die volgelinge van Jesus daarop gewys word dat hulle getrouheid aan die wet dié van die Fariseërs moes oortref (5:20). Hulle moes God se heerlikheid aan die omgewing bekendmaak deur hulle sigbare gehoorsaamheid (5:13-16) en hulle lewens laat lei deur die woorde van Jesus (7:24-28).

Dissipelskap word moontlik danksy Jesus se teenwoordigheid (Matt. 1:23; 28:20). Sonder Hom is daar geen ware dienswerk of getuienis nie. Wanneer Christene byeenkom, is hulle verseker van die teenwoordigheid van die opgestane Christus (Shedd 1987:150,151). Die opstanding van Jesus Christus uit die dood en sy volmag wat so sigbaar geword het, gee vir die kerk sekuriteit (Vgl. Matt. 9:6; 11:27; 28:18).

Die belangrikheid van die gehoorsaamheid in reaksie op God se genade word beklemtoon deur Mat. 18:10-35. Die gemeente moet sy uiterste bes doen om te voorkom dat iemand deur ongehoorsaamheid, wat ondankbaarheid is, homself afsny van die heil of ander laat struikel. "To this church Christ gives, not a sword, but the keys of the kingdom" (Clowney 1987:33). Oor die "sleutels" van hierdie gedeelte is daar al hoe meer konsensus dat dit gaan oor die gesag om te onderrig en

te tug, wat ook die gesag om sondes te vergewe, insluit (Maier 1984:58). Besondere sorg vir die swakkes in die gemeente is belangrik (Matt. 18:10-14). Die tug is belangrik vir die welsyn van die gemeente en die redding van die sondaar. Tug kan net funksioneer in 'n gemeente wat kan vergewe (18:21-35; vgl. 1:21; 9:8; 6:12,14; 26:28).

Matt. 16:17-19 staan in die sentrum van die debat oor die kerk in die Matteus-evangelie (Maier 1984:47; vgl. Bronkhorst 1947:16-46). Een van die dinge wat die interpretasie van hierdie gedeelte vertroebel, is vooraf dogmatiese of filosofiese beslissings wat opgesluit lê in die agtergrond van die leser (Maier 1984:49). Die kans dat daar ooit volkome eenstemmigheid oor die implikasies van hierdie gedeelte sal wees, is baie min (Minear 1960:51).

Die gemeente word gebou op die rots (Petrus). Jesus is die bouer. In Joodse tekste word die gedagte aangetref dat Abraham die rots is waarop Israel gebou is (Noordegraaf 1990:28). Jesus se opmerking dat Petrus die *petra* (rots) is waarop Jesus sy gemeente bou, sluit hierby aan. Tradisioneel het die Protestante dit so uitgelê dat dit slaan op Petrus se geloof. Die konsensus in die jongste tyd is al hoe meer onder sowel Protestantse as Rooms Katolieke eksegete dat dit na Petrus as 'n (begenadigde) persoon verwys (Maier 1984:58; vgl. Roloff 1993:164; Noordegraaf 1990:28; Schlatter 1969:253; Hendriksen 1974:645-649). So 'n uitleg kan nie regverdiging gee vir 'n siening van die pous as hoof van die kerk in opvolging van Petrus nie. Daar sal eers aangetoon moet word hoe so 'n uitleg lei tot die konsep van opvolging vir Petrus. In elk geval word Petrus in dié gedeelte nie as die hoof van die kerk aangedui nie.

'n Opvallende aspek van Matt. 16:18 is dat daar nie na die gemeente verwys word as die gemeente van God of van Jahwe soos in die Ou Testament nie, maar na die gemeente van Jesus ("My gemeente"). 'n Nuwe identiteit van die Godsvolk wat nou *deur Jesus* aan God behoort, het ontwikkel (Goppelt 1982:11). Anders as by Matt. 18:17 waar die plaaslike kerk ter sprake is, is hier nie aanduiding van die plaaslike kerk nie (Maier 1984:58).

Uit Matt. 28:16-20 word die kontinuïteit met die bedeling voor Jesus se opstanding beklemtoon: Die dissipelkring van die tydperk voor die opstanding van Jesus word behou en uitgebrei. Die kerk se taak is om dissipels te maak van alle nasies. Anders as Paulus wat oor die kerk dink vanuit die teenwoordigheid van die Heilige Gees (bv. 1 Kor. 5,6) sien Matteus die kerk eerder vanuit die opdrag van die kerk in die wêreld (Roloff 1993:160).

Dit beteken in terme van 28:19 dat hulle gedoop en onderrig word. Die onderrig gaan oor die opdrag van die navolging van Jesus wat 'n wesenskenmerk van die kerk is (Roloff 1993:145). In die navolging van Jesus is gehoorsaamheid aan alles wat Hy beveel het, belangrik. Die doop waarvan hier sprake is, is nie meer soos die doop van Johannes, die doop van die verbondsvolk tot bekering in die lig van die naderende oordeel van God nie, maar is teken van die inlywing van die nasies in die Godsvolk (vgl. Schmaus 1979:64). Elemente van die doop van Johannes het wel behoue gebly soos die element van bekering en sondebelydenis (Goppelt 1982:7).

Die diskontinuiteit met die vorige bedeling word duidelik in die insluiting van "al die nasies" in die sendingopdrag (Vgl. Mat. 15:21-28; 10:5; 19:28; 28:19). Dit behels nie 'n verwerping van Israel nie, maar 'n uitbreiding van die Godsvolk (vgl. Noordegraaf 1990:28-30).

Die kerk is 'n *corpus permixtum* (13:36-43). Die kerk is in die wêreld en deel van die wêreld en word eers sigbaar en van die wêreld onderskeibaar wanneer hy in gehoorsaamheid en met volmag sy opdrag uitvoer. By Matteus kry ons so 'n funksionele kerkbegrip: "Kirche ist allein da, wo sie durch ihre Funktion auf die Welt hin sichtbar wird" (Roloff 1993:161).

Jesus is die enigste Leier in die gemeente. Alle hiërargie is uitgesluit. "Allen zijn broers" (Bolkestein 1962:10). Matteus 18 speel hierin 'n belangrike rol. Hiërargiese verhoudings in die gemeente is uitgesluit. Daar is net een Leraar (Mat. 23:8). Deur die doop en die leer van Christus is hulle aan mekaar gebind (Mat. 28:19).

In die lig van die wederkoms van Christus raak die taak van die gemeente elke lidmaat wat moet werk met die gawes wat hy ontvang het (Matt. 25:14-16).

2.4.2 Markus

Die klem val sterk op die lydende Seun van die Mens. Jesus se lyding en die feit dat Hy dit van sy dissipels verwag het om saam met Hom en vir Hom te ly (8:27-38; 10:17-31), was iets wat sy dissipels moeilik gesnap het (10:26, 35-45; Dudley en Hilgert 1987:82). Vanaf 8:27 raak die verhaal van Markus al hoe meer toegespits op Jesus se lyding en die gevolge daarvan vir die dissipels (Smit 1992[1]:75). Markus onderstreep die paradoksale karakter van die openbaring.

Jesus kan alleen deur die geloof geken word in die lig van die opstanding. Tot versterking van die lydende gemeente word hulle opgeroep tot daardie geloof (Noordegraaf 1990:30).

In al drie lydensaankondigings van Jesus (8:31; 9:31; 10:33,34) en ook in die belangrike 10:45 gebruik Hy die titel Seun van die Mens om Homself mee aan te dui. Hierdie titel kry teen die agtergrond van Dan. 7:13-14 " 'n tegniese betekenis, wanneer dit dien as benaming van die koninklike figuur van die eindtyd aan wie God ewige al-heerskappy sal gee" (Smit 1992[1]:79). Hierdie koningskap word duidelik by die kruisiging van Jesus - ten minste vir sommige (Smit 1992[1]:80,81).

Die swyggebod speel 'n prominente rol. Dit hou juis verband met Jesus as die lydende Messias. Hoewel daar nie eenstemmigheid is oor die funksie van die swyggebod in Markus nie wil die skrywer van dié evangelie dit miskien gebruik om sy hoorders en lesers te maan tot versigtige gebruik van die titels³⁷ van Jesus. Hulle moet nie gebruik word nie tensy hulle verduidelik kan word en goed verstaan word (Smit 1992[1]:82). Die gemeente moet beseft dat om Jesus te ken, betrokkenheid by sy lyding behels.

Die mislukkings van die dissipels word besonder skerp deur Markus aangedui sodat hulle "eintlik as voorbeelde van 'n gebrek aan dissipelskap" uitgebeeld word (Smit 1992[1]:84). Simon Petrus se verhaal in 8:29-38 demonstreer die ambivalensie by die dissipels: aan die een kant is daar die belydenis waarin die messiaanse geheim ten minste in die dissipelkring bekend geword het (Dudley en Hilgert 1987:82) en navolging van Jesus en aan die ander kant die onvermoë om werklik te snap waaroor dit gaan of 'n terugdeinsing vir die eise daarvan. Dudley en Hilgert praat van die dood van Christus as "the real cause of dissonance" (Dudley en Hilgert 1987:82).

In die gemeente word diens aan mekaar en missionêre diens aan die wêreld die norm vir verhoudings in die lig van Jesus se soendood (10:42-45) (vgl. Roloff 1993:95,272; Wolfaardt sj:14). Hulle vorm 'n eiesoortige gemeenskap wat op die weg van die kruis saam met Jesus gaan (Smit 1992[1]:86,87). "*To follow Jesus means following him into suffering*" (Achtemeier aangehaal deur Smit 1992[1]:87). Roloff koppel ook 10:45 met die nagmaalviering waar die dood van die Here herdenk word (Roloff 1990:129-138). Die perspektief van "vir baie" gee rigting aan die gemeente

³⁷ Veral "Seun van God" en "Koning"

se feesviering en dienslewering in die wêreld. In die vroeë Christelike kerk het die messiaanse geheim 'n belangrike rol gespeel in die evangelisering van die wêreld (Dudley en Hilgert 1987:83).

2.4.2.1 Markus 9:40 en Lukas 9:50

Die uitspraak van Jesus in hierdie twee gedeeltes lui soos volg:

ὅς γὰρ οὐκ ἔστιν καθ' ἡμῶν (ὕμῶν) ὑπὲρ ἡμῶν (ὕμῶν) ἔστιν (Mark. 9:40).

"Wie nie téén ons is nie, is vir ons."

ὅς γὰρ οὐκ ἔστιν καθ' ὑμῶν ὑπὲρ ὑμῶν ἔστιν (Lukas 9:50).

"Wie nie teen julle is nie, is vir julle."

Om verdere perspektief hierop te kry, moet daar ook gekyk word na Matt.12:30 en Luk. 11:23.

Hierdie uitspraak kom ook by Cicero³⁸ voor. Dit laat 'n vermoede ontstaan dat Jesus in hierdie uitsprake van 'n spreekwoord gebruikgemaak het (Baltensweiler 1984:131; Cranfield 1972:311).

By sowel Markus as Lukas kom hierdie uitspraak voor met verwysing na persone wat in die Naam van Jesus duiwels uitdryf, maar nie deel van die dissipelkring is nie. "Dies beweist, dass die Frage der Zugehörigkeit zur Gemeinde in jener Zeit problematisch war" (Baltensweiler 1984:134). Hoewel daar kommentare is wat hierdie gedeelte interpreteer as sou dit daarop dui dat die gemeente 'n "oop" benadering moet hê in sy toelating van nuwe lidmate en dat daar sonder meer groter verdraagsaamheid moet wees teenoor diegene wat nie tot die eie gemeente behoort nie, meen Baltensweiler dat dit 'n oorspanning van die teksgedeelte is. Die konteks is duidelik in sowel Lukas as by Markus die verhaal van die vreemde duiweluitdrywers. Daardie duiweluitdrywers tree ook op "in die Naam van Jesus". Die *aktiwiteit* van die buitelanders is die kriterium, nie die feit dat hulle buitelanders of neutraal is nie. Baltensweiler se opmerking is hier van belang: "Sicher kann der Ausspruch in Mk 9,40/Lk 9,50 nicht ein «Christentum der Passivmitglieder» regfertigen. Er erinnert uns aber daran, dass Gott mehr Arbeiter in seine Ernte sendet als wir, gefangen in unseren kirchlichen Grenzen, ahnen und auch wahrhaben wollen. Insofern ermahnt uns das Wort tatsächlich zur Toleranz" (1984:136).

³⁸ *Te enim dicere audiebamus, nos omnes adversarios putare, nisi qui nobis cum essent, qui contra te non essent, tuos* (Cicero: Pro Q. Ligario, 33 - aangehaal deur Baltensweiler 1984:131).

Cranfield los die probleem só op: "While the principle of Mk ix. 40 should govern the attitude of the Church toward those without, the principle of Mt. xii.30 must be part of the Church's preaching both to those without and to those within" (Cranfield 1972:311). Dit is waarskynlik 'n oorvereenvoudiging van die probleem rondom hierdie uitsprake. Dit gaan tog nie bloot om mense buite die onmiddellike kring van die dissipels nie, maar juis mense wat met aktiwiteit besig is wat hulle met Jesus Christus verbind. 'n Belangrike waarde van hierdie gedeeltes oor die besinning oor kerklidmaatskap, is dat dit die kerk behoort te maan tot versigtigheid wat sy oordeel en uitsprake oor mense betref - na alle kante toe. Daarmee saam lê die verantwoordelikheid om lidmate op te skerp om met onverdeelde lojaliteit aan Christus sy navolgers te wees in die gees van die Markus-evangelie.

2.4.3 Lukas (evangelie en Handeling)

Lukas beklemtoon die universaliteit van die heil (bv. 13:29; 14:16-24) en laat dit duideliker blyk as die ander evangeliste dat Jesus besig is om vir Hom 'n gemeente te vergader vanuit Israel en die volke (Noordegraaf 1990:33; vgl. Roloff 1993:191). Die gemeente is diegene wat die Woord van God gehoor en aangeneem het (8:15), alles verlaat het en Jesus gevolg het (18:28), gesien en gehoor het waarna die profete en konings tevergeefs uitgesien het (10:20) en hulle vorm die kudde wat deur die Vader se genade kan deel in die ryk van God (12:32) (Noordegraaf 1990: 33). Die kerk moet die heilsboodskap in die openbaar aan die wêreld oordra.

Die gemeente staan in kontinuïteit met Israel, maar is nie 'n blote voortsetting van Israel nie. Die kontinuïteit word veral sigbaar in die eerste twee hoofstukke van die Lukas-evangelie (Roloff 1993:192). "God begint wel bij Israël, maar gaat doors Israëls verstokking een andere weg, zodat de gemeente dan ook Samaritanen en heidenen gaat omvatten" (Bolkestein 1962:12). Roloff meen dat Maria in die Lukas-evangelie as "Repräsentantin der Kontinuität mit Israel" optree (Roloff 1993:195).

Anders as by Matteus waar die klem op Israel in sy totaliteit geval het, laat Lukas die klem val op Israel wat deur die koms van Jesus verdeel word in twee groepe: die wat Hom glo en so as lede van die volk van God beskou word, en diegene wat die geloof versaak het en so ophou om regtig deel van Israel te wees (Roloff 1993:194; Luk. 2:34,35). Diegene wat die Woord van God hoor en bewaar (Luk. 11:28), is deel van die gemeente. "Lukas will zeigen, daß Jesus mit seiner

Verkündiging *ganz Israel erreicht* hat, daß in diesem von Jesus erreichten Israel ein *Prozeß der Scheidung* einsetzte, sowie daß trotz dieser Scheidung *eine Botschaft in Israel ohne positives Echo blieb*" (Roloff 1993:195).

Toe die dissipels voor die hemelvaart vra na die herstel van Israel, stel Jesus hulle veronderstellinge reg deur daarop te wys dat nie Hy persoonlik nie, maar die Heilige Gees dit gaan doen deur die dissipels. Verder het hy hulle ook daarop gewys dat die herstel verder gaan as net die historiese Israel: die wêreld is in die oog (Hand. 1:7,8; vgl. Jes. 49:6; Hand. 13:47; Luk. 2:31,32).

Met Pinksterfees begin die sigbare versameling van die volke in twee fases: eers die Jode en later die heidene (Roloff 1993:200, 201). "*Die Kirche ist das zu seiner heilsgeschichtlichen Bestimmung gekommene Israel*" (Roloff 1993:200). Die toespraak van Jakobus by die apostelkonvent bevestig dat dit in die uitbou van die kerk gaan om die herstel van die vervalde huis van Dawid (Hand. 15:14-18). "*Für Lukas ist die Kirche auch nach dem Hinzukommen der Heiden das endzeitlich gesammelte und vollendete Israel*" (Roloff 1993:204).

Die werk van die Heilige Gees kry 'n prominente rol in die geskrifte van Lukas veral waar dit die verhouding tussen Jesus en die Heilige Gees raak, sy werking op die individuele Christen sowel as sy rol in die hele kerk (Roloff 1993:207). Die Heilige Gees maak die kerk aan Jesus gehoorsaam. In die geval van die individu is daar 'n noue verband tussen die doop en die Heilige Gees (Hand. 2:38). As toerusting ontvang die individu en die gemeente gawes van die Gees. "*Die Gabe des Geistes an einzelne ist für ihn primär die von Gott geschenkte Fähigkeit, jenes Wort des Zeugnisses von Jesus zu verkündigen, durch das die Kirche wächst und das sie auf ihrem Weg durch die Geschichte leitet*" (Roloff 1993:209). Die leiding van die Heilige Gees in kritieke oomblikke is opvallend (Hand. 8:29; 10:10-19; 13:2; 15:28; 16:6; 20:22,28; 21:11).

Twee-en-dertig van die ses-en-sestig verwysings na die koninkryk van God in die Nuwe Testament kom in die Lukas-evangelie voor. "This central organizing theme is Luke's primary image of the church: The church, the Christian household, is called to be a sign of the kingdom of God" (Russel 1994:40).

Giles toon aan dat anders as by Markus wat van die dissipels meestal praat as die twaalf dissipels, die getal by Lukas groter is (Giles 1981:124v). "The term includes all those who are in fellowship

with Jesus" (Giles 1981:126). So kies Jesus in Lukas 6:13 twaalf apostels *uit sy dissipels*. In Lukas 10 word daar van sewentig of meer dissipels gepraat. Giles is van mening dat Lukas juis die dissipels in sulke groot getalle aandui sodat die lesers hulle sal sien as model vir die kerk (Giles 1981:126).

Terwyl die term $\delta \lambda \alpha \sigma$ 3 keer in die Markus-evangelie voorkom en 14 keer in Matteus, gebruik Lukas dit 37 keer. In ten minste 10 gevalle gebruik hy $\delta \lambda \alpha \sigma$ waar Markus die woord $\delta \chi \lambda \omicron \varsigma$ gebruik (Giles 1981:129). Die beklemtoning van $\delta \lambda \alpha \sigma$ by Lukas onderstreep die feit dat Jesus, hoewel Hy vir die heidene ook gekom het, in die eerste plek gekom het vir die Jode (Giles 1981:130).

Lukas, meer as die ander sinoptici, beklemtoon die eise van dissipelskap om daarmee die belangrikheid van dissipelskap vir die Christelike gemeenskap te onderstreep (Giles 1981:138). "The life of Jesus and the life of the disciple can be depicted as a 'όδός'. Thus in Acts Luke calls the beginning of Jesus' ministry an $\epsilon \dot{\iota} \sigma \omicron \delta \omicron \varsigma$ (Acts 13:24) while in the gospel its termination is called an $\epsilon \dot{\xi} \omicron \delta \omicron \varsigma$ (Lk. 9:31)" (Giles 1981:140). Hierdie saam-op-weg-wees is vir die kerk lewensnoodsaaklik. Alleen vanuit die teenwoordigheid van die lewende Christus kan die kerk sy roeping vervul. In die Lukas-evangelie is dit die fisiese teenwoordigheid van Jesus Christus wat die klem kry terwyl hy in Handeling deur die Heilige Gees teenwoordig is op die pad saam met sy kerk (Giles 1981:141v). Lukas se bedoeling was dat as mense die evangelie hoor of lees, hulle met die dissipels sou identifiseer deur Jesus as Here te erken, op die veeleisende pad van dissipelskap Hom te volg en deel te neem aan die verkondiging van die koninkryk van God. "It makes the Lukan picture of discipleship a bridge between the Gospel imagery of 'following' ($\acute{\alpha} \kappa \omicron \lambda \omicron \upsilon \theta \epsilon \iota \nu$) and the Pauline imagery of 'imitation' ($\mu \iota \mu \epsilon \iota \sigma \theta \alpha \iota$)" (Giles 1981:145). Wanneer daar oor kerklidmaatskap besin word, is hierdie aspek van dissipelskap belangrik.

Dienslewering is 'n basiese aspek van alle dissipelskap. Daarvan getuig die talle gelykenisse waar daar sprake is van base en slawe met hulle pligte. "Those who would lead in the Christian community are not rulers but servants" (Giles 1983:3).

Op Pinksterdag word daar 3000 toegevoeg tot die gemeente. "Constituerende factoren in deze vergadering van de gemeente zijn de prediking, het geloof en de doop... De gemeente is *creatura verbi*, een schepping van het Woord. De verkondiging is geen vrijblijvend gebeuren, maar roept

om het antwoord van geloof en omkeer (vgl. Hand. 2,36 v.v.; 8,5 v.v.; 11, 14v.v., 19-20; 13, 40 v.v. enz.).... De doop ... markeert het weggeroepen worden uit de wereld en de inlijving in de gemeente" (Noordegraaf 1990:38). Roloff stel dit so: "Die Taufe wurde, so zum sichtbaren Zeichen der Eingliederung in den vom Geist bestimmten Bereich gegenwärtigen Heils. ... Die Glaubenden stehen kraft ihrer Taufe in der Gemeinschaft Jesu" (Roloff 1993:70).

Wanneer Petrus op Pinksterdag antwoord op die vraag van die mense "Wat moet ons doen, broers?" (Hand. 2:37), gebruik hy verbondsterme wanneer hy verwys na die belofte van God (2:39). Drie groepe word daar aangedui: "julle", "julle kinders" en "almal wat daar ver is". Dit is dieselfde groepering wat in die verbond met Abraham voorkom (Abraham, sy nageslag en al die volke van die aarde - Gen. 12:2,3,7). "Petrus sien dus, net soos Paulus, 'n direkte verband tussen die koms van die Heilige Gees en die Abrahamverbond" (König 1995:19). Pinkster is die begin van die nuwe bedeling waarin God Israel na Hom wil terugbring (Roloff 1993:63). Roloff wys daarop dat in die tyd van Jesus die Pinksterfees deur verskeie godsdienstige groeperinge as 'n verbondsvernuwingsfees gevier is en dat dit 'n verklaring kan wees vir die baie mense wat vir die fees Jerusalem toe gekom het. Dit lyk logies om hierdie vertolking van Pinksterfees ook by die dissipelkring te veronderstel (Roloff 1993:65,66).

In die tweede hoofstuk van Handeling word bepaalde "wezenskenmerke van die *ekklesia*" (Noordegraaf 1990:40) genoem: Die *volharding in die leer van die apostels*, die onderlinge *gemeenskap* van die gelowiges wat uitdrukking vind in die eenheid tussen die gelowiges en die gemeenskaplike besit, elemente van die *erediens* soos woordverkondiging, die *gemeenskapsmaal*, die *gebede* en *missionêre verkondiging*. Hierdie byeenkomste het in gelowiges se huise plaasgevind en sluit aan by die patroon waarop die sinagoge-byeenkomste in Jerusalem plaasgevind het (Ladd 1975:348).

Volgens Roloff was dit moontlik dat daar tot 480 sinagoges in Jerusalem kon wees (1993:72). Die verskil tussen die nuwe gemeente se byeenkomste en dié van die sinagoge het veral daarin gelê dat die gemeente volhard het in die *leer van die apostels* (Ladd 1975:349) terwyl die *halaka* in die sinagoges geleer is. Die gemeente het nie meer die gewone pasga gevier nie, maar die maaltyd van die Here. "Es unterlegt alledem keinem Zweifel, daß die Mahlgemeinschaft der entscheidende *Ansatzpunkt für die Ausbildung des spezifischen Selbstverständnisses und Identitätsbewußtseins der frühen Gemeinde* gewesen ist" (Roloff 1993:74). Bruce verwys n.a.v. Hand. 2:46-47 na die

ooreenkoms tussen die vroeë Christelike gemeente en 'n vrywillige organisasie genaamd "*haburah*" waarvan die gemeenskapsmaaltyd 'n belangrike element was (Bruce 1975:81).

In die laaste vers van hoofstuk 2 word daarna verwys dat die Here daaglik mense toegevoeg het tot die gemeente. "Vier dinge vallen in dit vers op: 1. Het subject van het 'toevoeging' is de verhoogde Here zelf... 2. Hij doet het door de dienst van mensen... 3. Ook de aantrekkingskracht die er van de christenen uitging op hun omgeving (vgl. 2, 47b: zij stonden in de gunst bij het volk) vormde een missionaire stimulans. 4. Het komen tot het heil, de redding, is verbonden met het behoren tot de gemeente" (Noordegraaf 1990:45).

Die hele gemeente is geroep tot getuie en diens tot opbou van mekaar onder leiding van die Heilige Gees wat elkeen vervul.

'n Volledige ontleding van die gebruik van die woord *ἐκκλησία* in Handeling sou 'n onnodige herhaling wees van studies wat reeds hieroor gedoen is³⁹. Samevattend word hier net na Roberts se bevinding verwys: Die begrip *ἐκκλησία* word in Handeling in die volgende betekenis aangetref: God se volk/mense, God se mense op 'n bepaalde plek, God se mense in (aanbiddings)vergadering, 'n amptelike politieke vergadering en 'n nie-amptelike politieke vergadering of oproer (Roberts 1973:81).

2.4.3.1 Die grense oorgesteek in Handeling

"Het boek Handelingen leert ons, dat de 'ontgrenzing' naar de volken toe niet zonder spanningen gegaan is" (Noordegraaf 1990:39). Die betrokkenheid van nie-Jode by Pinksterdag (Hand. 2:11) was al klaar 'n aanduiding dat die nuwe bedeling aangebreek het vir die gemeente: die aankondiging van Jesus in 1:8 het reeds 'n werklikheid begin word. Tog het die gemeente 'n geruime tyd nie betrokke geraak by die uitdra van die evangelie na die mense buite Jerusalem nie. Die feit dat hulle nog gereeld dit tempel besoek het (3:1), bevestig die feit dat die gemeente hulleself nog nie gesien het as iets los van die Judaïsme nie, maar eerder as die ware Israel. Die gebed 4:27 gee

³⁹ o.a. Roloff 1993:83-85; Noordegraaf 1990:20; Searle 1983:25; TTK 1981:46-53; Roberts 1973:73-94; Kleynhans 1982:31-34; Groenewald 1962:389-402; Weijland 1984:10; Lazenby 1994:31-33.

'n aanduiding van 'n identiteit van die gemeente wat hulle self tog gesien het as 'n groep wat nie bloot binne die tradisionele Israel pas nie.

Binne die gemeente het daar taalprobleme ontstaan en Griekssprekende mans wat met die Heilige Gees vervul is, is aangewys om die versorging van die Griekssprekende weduwees te behartig (6:1-7). Natuurlike en kulturele verskille binne die gemeente het dus nie verdwyn nie en die bediening moes daarvoor voorsiening maak. Na die dood van Stefanus, het die (waarskynlik meestal Griekssprekende) gelowiges gevlug en so is die gemeente as't ware oor die grense heen gedwing. Toe word die evangelie in Samaria verkondig (8:5-14), aan die Etiopiër (8:26-40), in Damaskus (9), Lidda (9:35), Joppe (9:36), Sesarea (10), Fenisië, Siprus en Antiogië (11:19), maar hoofsaaklik aan Jode (11:19,20). Later is die gemeente in Antiogië gestig vanwaar georganiseerde sendingwerk in alle erns onderneem is.

Handelinge 10,11 en 15 se verhaal is vir die onderwerp van hierdie studie van belang: Wat is die vereistes vir toelating tot die gemeente? Was geloof in Jesus Christus voldoende, of moes die besnydenis en nakom van die konvensies van die tyd ook as vereiste gestel word?

Die toesprake van Petrus, Paulus, Barnabas en Jakobus by die vergadering van Handelinge 15 het die klem laat val op God wat besig is om vir Hom 'n gemeente te versamel (15:14). Hy bring geloof tot stand (15:7). Veral uit Jakobus se toespraak kom die identiteit van die nuwe gemeente as *volk van God* duidelik na vore. Die besluit van die vergadering het uiteindelik daarop neergekom dat die gemeente nie God se werk mag verhinder deur "verdere las" (15:28) op nuwe gelowiges, te lê nie. Geloof en gedrag wat aan God die eer gee is al wat nodig is om deel van die gemeente te wees (15:28,29).

2.4.4 Die evangelie en briewe van Johannes

Die woord *ἐκκλησία* kom nie in die Johannes-evangelie voor nie en die tradisionele metafore vir die kerk, soos die liggaam van Christus, die huis van God of die tempel van God, is ook afwesig. Tog kom daar in die Johannese geskifte belangrike waarhede oor die aard van die kerk voor. "Indeed Oscar Cullmann goes so far as to say that 'no writing of the New Testament emphasizes so much as the Fourth Gospel the continuation of the work of Christ incarnate in the Church'" (Giesbrecht 1986:102). Schnackenburg kom tot die gevolgtrekking dat die gemeente wat in die

Johannese geskryfte ter sprake kom "eine lokale Hauptgemeinde („johanneische Gemeinde“ im engeren Sinn) und mehrere in ihrem Radius lebende, von ihr geistig beeinflusste Lokalgemeinden, die man im weiteren Sinn zum „johanneischen Christentum“ rechnen kann" (1978:282).

Die proloog van die evangelie van Johannes, en veral 1:17, stel Jesus en Moses teenoor mekaar op 'n wyse wat sowel die verskille tussen die Sinaitiese verbond en die nuwe verbond beklemtoon as die verskille tussen Jesus en Moses, wat die onderskeie verbonde verteenwoordig. Jesus het doelbewus sy eie persoon en opdrag gekontrasteer met die van Moses op wie die Jode hulle hoop gevestig het (Giesbrecht 1986:104; Joh. 5:45). Giesbrecht toon aan hoedat byvoorbeeld die vermeerdering van die brood dui op die feit dat Jesus Moses oortref (6:32-40) (Giesbrecht 1986:107,108). Jesus kontrasteer homself ook met Abraham (8:30-59). Ook in Jesus se openbare optrede en tekens, word hy aangedui as die waardige leier van God se nuwe volk (Giesbrecht 1986:107).

Die vraag of die kerk die voortsetting van die Godsvolk is, eintlik 'n vraag wat volgens Roloff aan Johannes verbygaan (Roloff 1993:306). Tog dui die vorige paragraaf waar gewys is op die kontras tussen Jesus aan die een kant en Moses en Abraham aan die ander kant, dat die gemeente nie gesien is as iets wat *de novo* uit die niet ontstaan het nie. 'n Bepaalde kontinuïteit word wel gehandhaaf. Die beeld van die goeie Herder en die kudde in Joh. 10 sluit ook aan by die herder-kudde metafoor in die Ou Testament al word dit nie sistematies uitgewerk nie.

Johannes gebruik die term τέκνα τοῦ θεοῦ | τέκνα θεοῦ ("kinders van God") op 'n uitsonderlike manier. Die term kom voor in Joh. 1:12; 11:52; 1 Joh. 3:1,2,10 en 5:2. Hoewel Paulus ook die uitdrukking gebruik (Rom. 8:16; 9:8; Fil. 2:15), word dit uitdrukking *υἱοὶ θεοῦ* meestal in die Nuwe Testament gebruik (Matt. 5:9,45; 8:12; 13:38; Luk. 20:36; Joh. 12:36; Rom. 8:14; 9:26; Gal. 3:7,26; 4:6; 1 Tes. 5:5; 1 Joh. 3:1,2,10; 5:2) (OLB 1994). In Joh. 20:17, waar die dissipels ook Jesus se Vader as Vader aanspreek, word dieselfde verhouding wat in 1:12 en 11:52 aangedui word, veronderstel (Klein 1986:59-60).

"Für die Evangelisten ist die Taufe nicht schon Garantie für die Götteskindschaft. Diese ist in seiner Sicht ein unüberprüfbares Geistgeschehen. Est ist und bleibt ganz Gottes Werk und jeder menschlichen Verfügung unzugänglich" (Klein 1986:63).⁴⁰ Soos wat "dissipels" en "gelowiges"

⁴⁰ Sien 1:13; 6:37,39,44,65; 10:29; 17:2,6-9,12,24; 18:9

begrippe is wat die keersy van dieselfde saak is, so is in Joh. 1:12 "gelowiges" en "kinders van God" aanmekeer verwant "wobei durch die Betonung der Geburt aus Gott Gotteskindschaft und Glauben ganz als Werk Gottes gekennzeichnet werden" (Klein 1986:63).

Joh. 11:52 toon aan dat Christus gesterf het sodat die verstrooide kinders van God versamel kan word (Klein 1986:63). Alle kinders van God - sowel Jode as nie-Jode is hier ter sprake.

Om 'n kind van God te wees beteken om aan Jesus Christus te behoort, in Hom te glo en in sy Woord te bly. "Das bedeutet natürlich auch Bleiben in der Gemeinschaft, die dieses Wort weitergibt" (Klein 1986:65). Hoe hierdie gemeenskap daar uitgesien het, kan ons uit die Johannes-evangelie nie duidelik agterkom nie. Die beeld van die Herder en die kudde, Jesus se gebed in Joh. 17 en die opdrag om mekaar in liefde te dien in Joh. 13:43 e.v. gee tog 'n aanduiding.

In die eerste brief van Johannes is daar drie kriteria vir die kinders van God: 1. 'n Regverdige lewe (2,29; 3,10) en verwerping van sonde (5:18); 2. die belydenis van Jesus as die Christus (5:1); 3. broederliefde (3:10; 5:1,2) (Klein 1986:66). In sowel die evangelie van Johannes as sy eerste sendbrief is "das Bleiben in der Gemeinschaft der Gotteskinder" en die liefdesdaad die eienskappe van die ware Christendom (Klein 1986:67).

Giesbrecht wys op ses eienskappe van die gemeenskap rondom Jesus in die Johannes-evangelie: Die eerste een is dat dit gelowiges is wat onderskei word van die Jode. "*Nach johanneischem Verständnis ist die Existenz von Kirche eine Funktion der Christusgemeinschaft der einzelnen Glaubenden*" (Roloff 1993:300) "*who are able to worship God, the Father, truly and deeply*" (Giesbrecht 1986:110). Hierdie gemeenskap is vir sy aanbidding nie gebonde aan 'n bepaalde plek of die stiptelike nakom van godsdienstige regulasies soos wat dit deur die godsdienstige leiers van daardie tyd beklemtoon is nie, "but who are concerned, first and foremost, about loving and glorifying God in all truth and by his Spirit" (Giesbrecht 1986:110). Johannes gaan negatief met die Jode om. Die opponente van Jesus word dikwels as "die Jode" aangedui (bv. Joh. 5-10). "Der johanneische Jesus ist nicht der messianische Hirte des ganzen Gottesvolkes (vgl. Mt 9,36); seine Hirtensfürsorge beschränkt sich auf jene Schafe, die ihn kennen und seine Stimme hören (10,14.16)" (Roloff 1993:305).

Die tweede eienskap van hierdie gemeenskap is liefde tot God en mekaar (Giesbrecht 1986:111). Die gelowiges word deur Jesus sy vriende genoem (Joh. 15:15) en daarom is die kerk 'n gemeenskap van die vriende van Jesus en behoort die lede ook mekaar se vriende te wees (Roloff 1993:300). "Christusgemeinschaft des einzelnen und Gemeinschaftlichkeit in der Kirche stehen zueinander im Verhältnis von *Indikativ und Imperativ*. Freund Jesu kann nur sein, wer das *tut*, was Jesus ihm aufträgt (Joh 15,14)" (Roloff 1993:301).

Die derde en vierde eienskappe wat Giesbrecht aandui is dié van innerlike vreugde en vrede (Joh. 14:27; 16:33) en 'n vyfde "*the profound sense and experience of unity*" (Giesbrecht 1986:113). Die sesde eienskap is die feit dat die kerk die missie van Jesus deel (17:18) (Giesbrecht 1986:116).

Joh. 15 dui op die wesensafhanklikheid van die gemeente van Christus. Die beeld van die wingerdstok beklemtoon die direkte afhanklikheid van die kind van God van Christus as die Een wat die lewe gee.

"We staan in Joh. 17 voor de expresse vermelding, dat Jezus niet voor de wereld bidt, maar via de „omweg" van de eenheid der gemeente komt dan toch de wereld ter sprake" (Berkouwer 1970:51). In die sigbare eenheid van die kerk kom die sendinggroeping (sending-effektiwiteit) van die kerk ter sprake en so uiteindelik die heil van die wêreld. Berkouwer maan dat die kerk nie die blywende sondige verskeurdheid van die kerk moet probeer verklaar deur te skuil agter 'n sogenaamde verborge eenheid nie. Wie dit doen "miskent de „belangen" van de wereld, maakt de kerk introvert, maakt onduidelijk, hoe ze haar „zending" in de wereld bedoelt en neemt Christus' bede niet serieus. ... Hier kan men niet roemen in een reeds genoegzame verbondenheid voor de ogen Gods, maar moet men denken aan de ogen der *wereld*" (Berkouwer 1970:52). Die eenheid het die bekering van ongelowiges in die oog (Berkouwer 1970:53). "De eenheid tussen Vader en Zoon is het grote geheimenis van Christus' messiaanse leven en vormt hier het diepe fundament voor wat tot het wezen der kerk behoort" (Berkouwer 1970:57). Daarom word die eenheid deur God as 'n gawe aan die kerk geskenk. Vanuit die verbintenis met Jesus is liefde, diens en die gemeenskap van gelowiges (1 Joh. 1:7) die band wat gelowiges aan mekaar bind.

Roloff lê 'n ander klem: "Der johanneische Einheitsgedanke hat eine andere Blickrichtung als die heutige ökumenische Bewegung: Hinter ihm steht keineswegs das Programm der Sammlung des weltweiten Volkes Gottes zur sichtbaren geschichtlichen Einheit gemeinsamen Bekennens und

Bezeugens; er will vielmehr das Selbstverständnis einer kleinen Gruppe von wahrhaft Glaubenden in Abgrenzung gegenüber der Welt und in Distanz gegenüber der Geschichte artikulieren. ... Einheit ist nicht „moralische oder organisatorische ‚Leistung‘ der Gemeinde, sondern ganz und gar göttliche Gabe“. Sie erwächst nicht aus dem Konsens der Glieder Kirche, sondern ist etwas, von dem sie immer bereits herkommt" (Roloff 1993:309).

Die Heilige Gees werk in alle gelowiges, in die gemeente, "in der Gesamtkirche, in den berufenen Verkündigern und Amtsträgern, im Lehramt; er wirkt je auf spezifische Weise, doch immer auf die Einheit hin" (Schnackenburg 1978:298). Die gemeente het die taak om onder leiding van die Heilige Gees die geeste te onderskei (1 Joh. 4:1-4) en mekaar te dien (Joh. 12:26; 13:15).

Verskeie belangrike sake wat die kerk raak kom na vore in Jesus se hoëpriesterlike gebed in Joh. 17. Jesus se werk vorm die grondslag vir die gemeente. Hulle behoort aan Hom. Deur Hom ken hulle die Vader. Hulle lewe in die wêreld onder sy beskerming. Jesus se gebed om die beskerming vir sy gemeente sluit in: dat hulle in die **waarheid** sal bly; die **heiligheid** van die gemeente; die **sending** van die kerk wat aansluit by die sending van Jesus deur die Vader; die **eenheid** van die kerk in verbondenheid aan die getuienis van die apostels (Noordegraaf 1990:37).

2.4.5 Paulus

Die vraag oor die outeurskap van die briewe wat in die kanon tradisioneel as Paulus se briewe aanvaar word, word nie hier beredeneer nie en die hele korpus wat deur die kanon as Paulinies aangedui word, word vir die doeleindes van hierdie studie as Paulinies beskou.

Roloff en Holmberg is van mening dat die Pauliniese gemeentes nie ingerig is na aanleiding van 'n vooraf uitgewerkte teologies-kerkordelike konsep van Paulus nie, maar eerder dat die meeste van Paulus se teologiese uitsprake oor die kerk deur spesifieke situasies in die gemeente by wyse van korrektiewe reaksie genoodsaak is (Roloff 1993:87; Holmberg 1980:195).

2.4.5.1 Verskillende beelde vir die kerk

Paulus gebruik naasteby 20 beelde, benamings of aanduidings vir die kerk (Roberts 1984:282). Twee van die belangrikste beelde wat Paulus gebruik vir die kerk is dié van die volk van God en

die liggaam van Christus (Ridderbos 1973:364). Roloff meen dat 'n mens die twee beelde by Paulus as van gelyke belang beskou soos die twee middelpunte van 'n ellips (Roloff 1993:90). Hulle vorm saam 'n eenheid waarvan die eerste die heilshistoriese aspek van die kerk beklemtoon en die tweede die Christologiese aspek (Ridderbos 1973:364). Fung beskou saam met dié twee die metafore van die Bruid van Christus en die gebou van God as Paulus se belangrikste (Fung 1981:89). Die standpunt van Küng dat die benaminge wat in die Ou Testament vir Israel gebruik is, die titels vir die kerk is wat die wese van die kerk die duidelikste na vore bring, dra gewig. Die terme *ekklesia* en *volk van God* staan uit in hierdie verband. "The idea of the people of God is the oldest and most fundamental concept underlying the self-interpretation of the ekklesia. Images such as the body of Christ, the temple and so on, are secondary by comparison" (Küng 1967:120-121).

Ander verwysings na die kerk by Paulus, wat 'n Ou-Testamentiese agtergrond het, dui daarop dat die ware volk van God tot openbaring kom deur die geloof in Jesus Christus: *heiliges* (Rom. 1:7; 1 Kor. 2:2; 2 Kor. 1:1; 13:13; Ef. 1:1; Kol. 1:2; vgl. Dan. 7:21,22), *uitverkorenes* (Rom. 8:33; 16:13; 1 Tes. 1:4; Kol. 3:12; 1 Kor. 1:27; Ef. 1:4; 2 Tim. 2:10; vgl. Deut 7:6,7; Ps. 105:6), *geliefdes* (Rom. 1:7; Kol. 3:12; 1 Tes. 1:4 - vgl. met prediking van Hosea; 2 Tes. 2:13), *geroepenes* (Rom. 8:28; 1 Kor. 1:2; vgl. Jes. 41:9; 43:1), *bruid* (2 Kor. 11:2; Ef.5:25; vgl. Jer. 2:1,2; Jes. 54:4-5), *huis of tempel* (1 Kor. 3:10; Ef. 2:19-22; 1 Tim. 3:15) (Noordegraaf 1990:47), *deur God geken* (1 Kor. 8:3; Gal. 4:9) (Meeks 1983:85). Russel sien daarby ook nog die verwysing na die kerk as draer van die versoening in Christus (Rom. 5:6-11; 2 Kor. 5:16-21; Ef. 2:11-21) as 'n afsonderlike beeld (Russel 1994:53).

Die taal wat Paulus ten opsigte van die gemeente gebruik, dui daarop dat hy die gemeente as 'n groot, hegte familie sien (bv. 1 Tes. 2:17-3:1; Gal. 4:19; 1 Kor. 4:14e.v.; 2 Kor. 6:13; 12:14) (Meeks 1983:87; Banks 1980:53). Wanneer iemand lid van die gemeente word, word hy dus deel van 'n gesin, die verbondsvolk van God in Jesus Christus.

2.4.5.2 Mobiliteit

Die mobiliteit van die Christene in Paulus se tyd word duidelik as 'n mens sien vir hoeveel gemeentedele (26 individue en verskeie groepe in Rom. 16) in Rome hy spesifiek groete stuur en dit terwyl hy self nog nooit daar was nie. Die meeste van hulle was mense wat hy vroeër elders

mee te doene gekry het tydens sy sendingreise. Daar was moontlik onder hulle mense van wie hy nog net gehoor het en nog nie persoonlik ontmoet het nie. Meeks noem Aristobolus en Narsissus as moontlike voorbeelde daarvan (Meeks 1983:16). Paulus se aanbeveling (getuigskrif?) van Febe aan die gemeente dui moontlik op 'n gebruik wat later in die kerk tot iets soos attestasie ontwikkel het waardeur 'n gelowige, wat as vreemdeling by 'n nuwe gemeente aankom, bekendgestel word.

2.4.5.3 Volk van God: ἐκκλησία

Paulus gebruik die term volk van God in verskeie gedeeltes wat elkeen na 'n gedeelte in die Ou Testament verwys.⁴¹ Dit is opmerklik dat hierdie beeld nie gebruik word in Paulus se gevangenisbriewe nie (Worgul 1982:24), alhoewel 'n verwante begrip - die van hemelse burgerskap - in Fil. 3:20 gebruik word.

"Kirche, Ekklesia Gottes entsteht nach Paulus dadurch, daß Christus die verstreuten Einzelnen, die Vereinzelten, um seinen Tisch sammelt und sie, indem er sich ihnen zu eigen gibt, zum endzeitlichen Volk Gottes macht" (Roloff 1990:223). Hierdie vergadering word van sekulêre vergaderings daarin onderskei dat dit nie maar 'n vergadering van eendersdenkende individue met 'n religieuse opset is nie, maar 'n vergadering wat deur God in die lewe geroep is en aan Hom behoort (Banks 1980:37). Banks wys daarop dat die aanvanklike gebruik van die term ἐκκλησία by Paulus op die "actual gatherings of Christians" (Banks 1980:41) dui en dat later, by die pastorale briewe, die term ἐκκλησία feitlik sinoniem met gemeenskap (community) is (Banks 1980:193).

Oor die vraag of die aanduiding van die kerk as die volk van God as 'n letterlike of metaforiese beskrywing van die kerk verstaan moet word, sê Clowney: "It is both. The church in both the N.T. and the Old is the people of God, yet O.T. Israel is also a model, a type in its earthly form, of the spiritual and heavenly reality of the church" (Clowney 1984:92). Die teologiese inhoud van hierdie benaming by Paulus sluit die volgende in: Die identifikasie van die nuwe geloofsgemeenskap bestaande uit Joodse en nie-Joodse Christene met die volk van God. Dit is 'n gemeenskap wat deur God in die geskiedenis gevorm is en steeds vernuwe word en God se doel met hierdie nuwe

⁴¹ 1 Kor. 10:7 (Eks. 32:6); 14:21 (Jes. 28:11); 2 Kor. 6:16 (Lev. 26:16); Rom. 9:25-26 (Hosea 2:23, 1:11); 10:21 (Jes. 55:2); 11:1-2 (Psalm 94:14) en 15:10-11 (Deut. 32:43; Psalm 117:1)

volk is dat hulle 'n teken van sy genade moet wees vir die nasies (Worgul 1982:25). Die volk van God moet 'n teken wees van God se genade vir die nasies.

Feitlik al die gedeeltes waar Paulus van die gemeente as volk van God praat, beklemtoon God se genadige verkiesing/redding van dié volk. Hulle is God se eiendom en daarom dien hulle Hom ywerig (Titus 2:14; Wolfaardt, sj:17).

In die Kolossensebrief is daar geen verwysing na die volk van God nie. Tog is daar in Kol. 3:12 'n verwysing na die gemeente as die uitverkorenes - 'n term wat duidelik verband hou met die Ou-Testamentiese volk van God. In Kolossense is die gemeente "das exklusive Organ, durch das Gott seinen uranfänglichen universalen Heilsratschluß vollzieht" (Roloff 1993:225).

2.4.5.4 Die kerk as verbondsgemeenskap: Israel, die kerk en die heidene

Die belofte dat God onder Israel sal woon, is ook op die kerk van toepassing (2 Kor. 6:16 - Jer. 32:38 en Eseg. 37:27). Die kerk word benoem met die term *ἐκκλησία του θεου* (1 Kor. 1:2; 10:32; 2 Kor. 1:1), 'n term wat in die LXX gebruik is vir *קהל יהוה*. Hierdie kontinuïteit word verder beklemtoon dat die kerk net een keer as kerk van Christus aangedui word (Rom. 16:16 in die meervoud) in die Nuwe Testament (Fung 1981:90).

Daar is ook 'n diskontinuïteit tussen Israel en die kerk: Romeine 11 praat van die verwydering en inenting van takke (Fung 1981:90v). Israel *κατὰ σάρκα* (1 Kor. 10:18) en Israel *κατὰ πνεῦμα* word van mekaar onderskei. "Membership in Israel is no longer a matter of physical descent (Rom. 9:6) or circumcision, for it is inward, spiritual circumcision that makes one a real Jew (Rom. 2:25-29; Gal. 6:15)" (Fung 1981:91; vgl. Heyns 1977:40; Küng 1967:115). So is daar sprake van die besnydenis van Christus (Kol. 2:11v) en die ware besnydenis (Fil. 3:3). Die ware kinders van Abraham is nou die gelowiges en nie meer diegene wat natuurlike afstammeling is nie. (Rom. 9:7, Gal. 3:7-9, 21-29; Rom. 4:16). Die kerk is dus die eintlike erfgename van die verbondsbeloftes (Gal. 3:16,29). Paulus sien homself as dienaar van 'n nuwe verbond (2 Kor. 3:6-12) waar die Heilige Gees die gemeente in vryheid lei om die Skrif te verstaan. Hierdie nuwe verbond word ook in die nagmaal gevier (1 Kor. 11:25). In Christus is profesieë van 'n nuwe verbond en nuwe bedeling vervul (Jeremia 31:31-34, Rom. 9:23-26). Daarom kan Paulus in Gal. 6:16 die term *τόν Ισραήλ του θεου* op die kerk van toepassing maak.

Paulus sien die heiden-christene vanuit die perspektief van Israel (Roloff 1993:240). Ef. 2:11-22 is belangrik in hierdie verband. Heidene wat vroeër uit die verbond uitgesluit was, kry nou in Christus deel in die kerk. "Samen vormen zij het nieuwe volk van God, dat zij de zegeningen van het in Jeremia 31, 31 v.v. aangekondigde nieuwe verbond mag ontvangen" (Noordegraaf 1990:48). "Es ist Israel, wie es in der Kirche seine heilsgeschichtliche Volendung findet" (Roloff 1993:241). In Ef. 2:14-16 word die "volk van God" tema vervang met 'n vyandskap / versoening-beeld wat daarby aansluit. "Die Kirche als das schlechthin Neue ist „das von Gott gesetzte sichtbare Zeichen der Einheit der menschheit.“ Das ist vielleicht *der wichtigste Beitrag des Epheserbriefs zur Ekklesiologie*" (Roloff 1993:244). Die grense is opgehef. Die enigste grens wat oorgebly het, is "die skëiding tussen gelowiges en ongelowiges" (Coetzee 1965:305).

Die verbond wat God met Abraham gesluit het, bly volgens Paulus van krag met betrekking tot die gemeente (Gal. 3:15-18) (Roloff 1993:123; Ridderbos 1973:372). "Van deze gemeente geldt het oudtestamentische verbondswoord: 'Ik zal onder hen wonen en wandelen, en Ik zal hun God zijn en zijn zullen mijn volk zijn (2 Kor. 6,16; vgl. ook Rom. 8,14; Gal. 3, 26 v.v.; Tit. 2,14)" (Noordegraaf 1990:48).

Waar in die Jerusalemse gemeente die aansluiting van heidene die uitsondering was, was dit vir Paulus 'n prioriteit (Roloff 1993:117-119). Paulus handhaaf tog Israel se voorrangposisie. Israel se roeping om lig vir die wêreld te wees, is in Christus vervul en Paulus se roeping om sendeling te wees vloei hieruit voort. God se heilshandelinge teenoor Israel en die kerk word gerealiseer deur geloof en die vernuwing van die Gees en nie deur afstamming nie.

Die gelowiges word afstammeling van Abraham. "'Volk Gods' is een uitermate kritisch begrip (vgl. Rom.2, 28-29)" (Noordegraaf 1990:48). Israel is verhard, maar nie verwerp nie. "Israel is het stamvolk waarbij de heidenchristenen worden ingevoegd. Zo worden zij tot het ene volk van God onder de ene Messias, onze vrede (Ef. 2, 11 v.v.)" (Noordegraaf 1990:49).

2.4.5.5 *ἐκκλησία*: plaaslik of universeel?

Die ontledings van die begrip *ἐκκλησία* in die Skrif het al dikwels uitgeloop op 'n toutrekkery oor die vraag of die kerk net plaaslik en universeel kan wees en of die georganiseerde kerke van 'n gebied ook kerk genoem kan word. 'n Goeie voorbeeld hiervan is diskussies in die Tussenkerklike

Kommissie van die sogenaamde Afrikaanse susterskerke (bv. TTK 1970:46-54). 'n Basiese fout in hierdie debatte is dat daar van die veronderstelling uitgegaan word dat 'n mens 'n kerkbegrip kan bou wat in hierdie verband bloot op die gebruik van 'n enkele woord in die Bybel berus. Die kerk word tog baie wyer aangedui as net deur die begrip *ἐκκλησία*. Roberts sluit hierby aan wanneer hy daarop beweer dat "die kerk as volk van God, as die een **universele vergadering van God, die primêre is**, en dat die plaaslike gemeente sy bestaan van hierdie universele Godsvolk herlei, en sy lewe te danke het aan sy verband tot die geheel" (Roberts 1984:290; vgl. Roberts 1981:189). Roloff voeg hieraan toe: "Natürlich hat Kirche immer eine überörtliche, weltweite Dimension, denn sie ist ja das Volk, das Gott sich aus allen Völkern sammelt. Aber diese weltweite Dimension wird aus der örtlichen gottesdienstlichen Versammlung gewonnen, weil allein hier die Schranken durchbrochen werden, die Menschen voneinander trennen" (Roloff 1990:223).

Banks wil nie die begrip "universele kerk" gebruik nie en sê Paulus het nooit so 'n begrip ontwikkel nie (1980:44). Hy praat eerder van 'n "heavenly community" waarvan lede van die plaaslike gemeente deel het (Banks 1980:45). Hierdie beeld van 'n hemelse vergadering wat op die laaste dag ten volle verwesenlik gaan word, word veral in Kolossense en Efesiërs duidelik (Banks 1980:46). Elke plaaslike kerk is 'n uitdrukking hiervan en daar is geen sprake van 'n oorhoofse organisasie of selfs amptelike skakeling van kerke met mekaar nie (Banks 1980:47). "These scattered Christian groups did not express their unity by fashioning a corporate organization through which they could be federated with one another, but rather through a network of personal contacts between people who regarded themselves as members of the same Christian family" (Banks 1980:48).

Tog dui Banks se verwysings na "members of the same Christian family" dat hoewel hy nie die begrip universele kerk wil gebruik nie, die bewussyn van 'n verbondenheid met Christene oor die hele aarde, deel van die kerk se identiteit is. Dat hierdie verbondenheid deur Paulus so gesien is, word deur Roberts duidelik aangetoon (1984:290-300).

"De *qahal JHWH* / *ekklesia tou Kuriou* is het volk Israël, dat de HERE bijeenvergadert rondom zijn daden. Wat dit volk is, is het door Hem" (Noordegraaf 1990:20; vgl. O'Brien 1987:90). Die woord *ekklesia* word deur Paulus met die volgende betekenis gebruik as hy die gemeenskap van die gelowiges aandui:

- * Die *plaaslike gemeente* (veral in die aanhef van sy briewe en byvoorbeeld in Rom. 16:1).
- * 'n *Huisgemeente* (Rom. 16:5; 1 Kor. 16:19; Kol. 4:15; Filemon:2).
- * Die *geheel* van gemeentes in 'n bepaalde gebied (Hand. 9:31; 1 Kor. 15:9; Gal. 1:13; vgl. 1:22,23; 1 Kor. 11:16). As 'n mens in gedagte hou dat daar in Jerusalem 'n paar duisend Christene was wat in huiskerke byeengekom het op die patroon van die sinagoge (Roloff 1993:72,73), is dit nogal insiggewend dat daar van die gemeente (enkelvoud) in Jerusalem gepraat word.
- * die byeenkoms van $\delta\lambda\eta \eta \epsilon\kappa\kappa\lambda\epsilon\sigma\iota\alpha$ wat waarskynlik dui op die samekoms van al die huisgemeentes in die stad (1 Kor. 14:23; Rom. 16:23; vgl. 1 Kor. 11:20) (Meeks 1983:75).
- * die *universele kerk* (Ef. 1:23).
- * Die *gemeentesamekoms* (1 Kor. 11:18; 14:19,28,34,35).

2.4.5.6 In Christus

Pelser en Roloff stem saam dat die term "in Christus" soos Paulus dit gebruik, ekklesiologies verstaan moet word selfs waar daar nie uitdruklik van die inlywing in die kerk melding gemaak word nie (Pelser 1984:273,274; Roloff 1993:94; vgl. Malina 1993:176-179). "Die Formel 'in Christus' impliziert eine Sozialstruktur" (Klaiber aangehaal deur Roloff 1991:94). Hierdie "Sozialstruktur" word in Gal. 3:28 beskryf: "Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één" (Gal. 3:28). Die imperatief van Rom. 6:4 formuleer die gevolge van die doop vir die Christene - "sodat, ... , ons ook so 'n nuwe lewe kan lei" - word hier gekonkretiseer. "Ort dieser Konkretion ist das Sein „in Christus“, d.h. die Versammlung der Getauften in der Gemeinde" (Roloff 1993:94).

Hierdie inlywing in Christus, in die versameling gedooptes bring sterk kohesie- en adhesie-kragte na vore. Die "fissiparous forces" moet teengewerk word as die gemeente as eenheid wil voortbestaan (Meeks 1983:89). Dit word gedoen deur ordelike maatreëls wat gehoorsaamheid van die

gemeentelede vra. Hierdie dinamiek wat aan die werk is in die gemeente word onder andere in 1 Kor. 11-14 duidelik.

Wanneer Paulus praat oor die wêreld buite die gemeente, word die gemeente duidelik afgegrens. Die terme buitelanders (1 Kor. 5:12,13; 1 Tes. 4:12; Kol. 4:5), ongelowiges (1 Kor. 6:6; 7:12-15; 10:27; 14:22-24; 2 Kor. 4:4; 6:14), mense wat onreg doen (1 Kor. 6:1,9), wat die kerk verag (1 Kor. 6:4) en wat God nie ken nie (1 Tes. 4:5; Gal. 4:8; 2 Tes. 1:8; Ef. 4:17-19) (Meeks 1983:95). In die lig daarvan word die gemeente telkens in die paranetiese gedeeltes opgeroep om in terme van hulle nuwe status te leef en te breek met die ou lewenswyse.

Hierdie nuwe lewenswyse is 'n resultaat van die werk van die Heilige Gees. Sonder sy werking kan daar nie 'n gemeente wees nie, kan Christus nie bely word nie (Rom. 8:9; 1 Kor. 12:3). Om aan die gemeente te behoort, beteken om in die "werkingsfeer van de Geest" te wees (Bolkestein 1962:14; vgl. Wolfaardt, sj:15).

Daar is 'n wederkerigheid binne die gemeente waartoe Paulus die gemeente oproep: onderlinge teregwysing (Kol. 3:16; 1 Tes. 5:14; Bolkestein 1962:18). Alles moet getoets word (1 Tes. 5:21; Ef. 5:10) aan die wil van God. Lidmate moet ook aan hulle voorgangers gehoorsaam wees (1 Kor. 16:6; Wolfaardt, sj:16,17) en met hulle saamwerk. Nie net na binne nie, maar gemeentelede se optrede teenoor diegene buite die gemeente is van groot belang (Fil. 2:15; Ef. 5:6-28; 1 Tes. 4:12; Kol. 4:5,6) (Wolfaardt, sj:17).

Na aanleiding van Rom. 5-8 en in aansluiting by Minear (1960:175) wys Groenewald op die teenstelling waarbinne die kerk funksioneer (Groenewald 1962:391):

<i>In Adam</i>	<i>In Christus</i>
sterf almal	sal almal lewendig gemaak word
heers die dood	heers almal in die lewe
sondig almal	ontvang almal die gawe van geregtigheid
is die lede van die liggaam diensbaar aan die ongeregtigheid	is die lede van die liggaam diensbaar aan die geregtigheid

is almal onderworpe aan die wet van sonde en dood	is almal bevry deur die wet van die Gees
is die uiteinde die dood	is die uiteinde die ewige lewe

Hierdie spanning in Rom. 5-8 bereik sy hoogtepunt in Rom. 7:24-25. Die oorgang vind plaas van die *σῶμα τοῦ θανάτου τούτου* (die liggaam van hierdie dood) na die nuwe *σῶμα* toe, die *σῶμα τοῦ Χριστοῦ*, die liggaam van die lewe. Groenewald wys daar op dat "dood en lewe tot die primêre kategorieë van die ekklesiologie behoort" (Groenewald 1962:394) en selfs meer wesentlik is vir die karakter van die kerk as die vier eienskappe van die kerk nl. eenheid, heiligheid, katolesiteit en apostolisiteit. Wie dus lid word van Christus, is uit die dood gered en deel in die lewe van die gemeente.

Die uitdrukking "in Christus" hang ten nouste saam met die doop. Dit dui op 'n nuwe lewe wat werklikheid geword het deur die verbinding met Christus waardeur die magte van sonde en dood oorwin is en 'n nuwe lewe begin het waarin die Heilige Gees aktief aan die werk is (Noordegraaf 1990:50; Roloff 1993:90,91). Hiervan is die doop bevestiging en daartoe is die doop ook 'n imperatief (Rom. 6:4) op grond van die opstanding van Jesus Christus (Roloff 1993:91). Die gelowige is gedurig onder druk om aan te pas by die ou natuur, maar moet dit weerstaan (Rom. 6:12; 12:2). Hierdie nuwe lewe in Christus is eskatologies bepaald (2 Kor. 5:17).

2.4.5.7. Liggaam van Christus

Hierdie beeld kom net in die Paulus se literatuur voor en die drie vernaamste teksverbande waarin dit voorkom is Rom. 12, 1 Kor. 12 en Ef. 4 (Roberts 1984:300). Anders as die beeld "Volk van God" kom hierdie metafoer nie in die Ou Testament voor nie. Die gebruik om 'n liggaamsbeeld op 'n gemeenskap van mense van toepassing te maak, was egter nie vreemd nie. Joodse skrywers het dit op Israel van toepassing gemaak en ook die laat Stoïsyne het dit gebruik. Wat die toepassing van die liggaamsmetafoer op die gemeente so uniek maak, is juis die feit dat dit liggaam *van Christus* is (Meeks 1983:89).

Die liggaamsbeeld funksioneer prominent in die nadenke oor die kerk (bv. Minear 1960:11; Fung 1984:19). Ook in die Rooms Katolieke Kerk word in die *Lumen Gentium* die liggaamsbeeld saam

met die beeld van die volk van God aangewend om die wese van die kerk te verduidelik (Grillmeier 1967:144-185; Krämer 1977:135-142; Wentzel 1990:237-240).

In Paulus se gebruik van die metafoer "liggaam van Christus" is daar twee aspekte wat na vore kom: die verhouding met Christus en die onderlinge verhoudinge binne die gemeente. Roloff praat van die eerste aspek as 'n sakramentele deelname aan die "eucharistieschen Leib Christi" (Roloff 1993:100). Die eerste komponent word sigbaar in 1 Kor. 10:14-30 en die tweede in 1 Kor. 12:12-31. Die twee betekenisse staan in 'n wisselwerking sodat die een nie sonder die ander in die regte perspektief verstaan kan word nie.⁴²

Na aanleiding van 1 Kor. 10:17 wys Weber daarop dat die aanduiding van die kerk as die liggaam van Christus nie 'n blote metafoer is nie. Dit gee uitdrukking aan die realiteit⁴³ van die "in Christus"-formule en kry in die nagmaal sigbare gestalte kry in die plaaslike gemeente. "Das corpus sacramentale und das corpus mysticum fallen, wie 1 Kor. 10,17 am deutlichsten zeigt, ineinander" (Weber 1972:574; vgl. Roloff 1993:102). In die nagmaal word die gemeenskap van die heiliges op 'n besondere manier sigbaar as die gemeenskap van die liggaam van Christus (Roloff 1993:104). Deelname aan die nagmaal beteken deelname aan Christus se liggaam en bloed - dus die vrugte van sy sterwe.⁴⁴ Die deelname aan die liggaam van Christus in sakramentele sin en in organiese sin kan nie van mekaar geskei word nie (Vgl. Fung 1981:92). Worgul se standpunt dat "this believing Christian community is constituted as the body of Christ *insofar as they emulate*⁴⁵ the characteristic of this body i.e. solidarity-unity and they can therefore worthily

⁴² Die betekenis van die uitdrukking *ἐν σῶμά ἐν Χριστῷ* binne die konteks van Rom. 12:4-21 dui iets hiervan aan.

⁴³ Oor die vraag of hierdie beeld vir die kerk as metafoer of letterlik verstaan moet word sê Perriman "there is no necessary reason why one expression should not be literal and the others figurative" (Perriman 1990:130). Die metafoer is nie 'n vergelyking nie en ook nie 'n analogie (vgl. Dainés 1978:71) nie, maar maak tog gebruik van die beginsel van analogie (Clowney 1984:76). "Paul's metaphorical identification of the church with the body of Christ ... carries a commitment of faith, or an exhortation to faith, that is lacking in the more rational simile" (Perriman 1990:135; vgl. Berkouwer 1970:99; Lee 1992:183)

⁴⁴ Worgul het nie enige grond om na aanleiding van 1 Korintiërs 11:23 die liggaam met "the real body of the historical Jesus the Christ" en "the actual flesh of Jesus" te verbind nie (Worgul 1982:25).

⁴⁵ My kursivering

celebrate the Lord's body which they have become (1 Cor 11:26-39)" (1982:26) het geen grond in hierdie gedeelte nie.

In Rom. 12 en 1 Kor. 12-14 kom die beeld van die liggaam in die vermanende gedeeltes aan die plaaslike gemeentes voor. Die *sōma*-begrip hier het betrekking op die plaaslike gemeente (Groenewald 1962:395). Lede is nie bo mekaar verhewe nie, maar moet mekaar dien met die gawes wat God geskenk het. Samehorigheid word beklemtoon en die gemeente tot eenheid opgeroep. Verdeeldheid en skeuring vloek teen die wese van die liggaam van Christus (Noordegraaf 1990:49; Groenewald 1962:396). Die liggaamsbeeld dien dan ook daartoe om die individualistiese gebruik van die gawes van die Heilige Gees teen te werk. Trouens, die eenheid van die kerk is 'n wesenlike aspek van ook ander metafore wat Paulus gebruik om die kerk mee aan te dui (vgl. Denton 1982:147v).

Paulus maak dit duidelik dat 'n Christen nie alleen staan nie, maar alleen sy bestemming in verhouding tot die res van die gemeente vind (Roloff 1993:108; Berkouwer 1970:97; Fung 1981:92e.v.). 'n Veelheid van lede en funksies is vir die liggaam en die lede noodsaaklik volgens die plek en gawes wat die Heilige Gees aan elke lid toeken in die liggaam. Elke lid is belangrik en onvervangbaar deur 'n ander lid (Worgul 1982:26). In hierdie lig moet Lazenby se opmerking gelees word: "Die implikasies van hierdie metafoor vir kerklike lidmaatskap is geweldig. Dit word veral saamgevat in die feit dat lidmaatskap aktiewe betrokkenheid vra en nie passiewe meelopy nie" (1994:39).

Deur die doop word die gelowige bevestig in 'n besondere band met Christus. Dit kry in sy deelwees aan die gemeente gestalte. In die nagmaal ervaar die gelowige elke keer weer "die verbindlike lebensbestimmende Wirklichkeit des Ein-Leib-Seins der Vielen" (Roloff 1993:110). Die doop en nagmaal hoort saam en het 'n wisselwerking. Roloff sê die volgorde van doop en nagmaal is onomkeerbaar. Die nagmaal is die fees van die gedooptes en in die nagmaal word die gawe wat hulle by die doop ontvang het, telkens weer geaktualiseer (Roloff 1993:110).

Die liggaam van Christus dui op 'n besondere gemeenskap tussen Christus en die gemeente - 'n eenheid wat na vore kom in gedeeltes soos 1 Kor. 1:12; 6:15; 12:12; 10:10; Rom. 12:5; Gal. 3:28; Kol. 3:15; Ef. 2:16; 4:4,15,16 (vgl. ook Hand. 9:4,5). Hierdie eenheid van die gemeente is nie die resultaat van 'n samekoms van gelowiges nie, maar het sy fondament in die heilsdaad van God

waardeer hierdie gelowiges verlos is van hulle vorige bestaan en ingeneem is in die liggaam van die Gekruisigde (Weber 1982:574). "An Jesus Christus zu glauben, das hat nicht die schließlich auftretende *Folge* der unio Mystica, sondern es ist wesenhaft bereits die Zugehörigkeit zu seinem Leibe" (Weber 1972:575; vgl. Roloff 1993:237). As deel van die liggaam is die gelowige deel van die ruimte waar die Heilige Gees Jesus die Hoof van die gemeente maak (vgl. Noordegraaf 1990:50).

Die beeld van die liggaam van Christus in sy ryke verskeidenheid van perspektiewe, moet verstaan word vanuit sy verwysing na die fisiese liggaam van Christus wat *in ons plek* gely het vir die sonde (vgl. Clowney 1984:86). Hierdie band kom na vore in gedeeltes soos Kol. 1:22, Rom. 7:4, 1 Kor. 11:27, 1 Petr. 2:24, Rom. 5:9 en Ef. 2:13-16. Telkens moet die spesifieke implikasies van so 'n verwysing na die liggaam van Christus binne die konteks van die Skrifgedeelte gesoek word.

2.4.5.7.1 Hoof en liggaam in Efesiërs en Kolossense

In Kolossense funksioneer die kerk, as liggaam van Christus, nie charismaties, soos by 1 Korintiërs of Efesiërs, nie. Die liggaam is 'n aanduiding van die totale kerk op aarde (vgl. Groenewald 1962:398; Roloff 1993:231). Die klem val op die verhouding tussen die Hoof en die lede van die liggaam. Die liggaam is 'n ruimte waarin die gedooptes die wêreldheerskappy van Jesus Christus as 'n werklikheid kan ervaar (Roloff 1993:228). In hierdie liggaam word iets van die huidige eskatologiese heerskappy van Christus sigbaar ook in die verhoudings: "Hier is dit nie van belang of iemand Griek of Jood is nie, besny of nie besny nie, andertalig, onbeskaaf, slaaf of vry nie. Hier is Christus alles en in almal" (Kol. 3:11).

Perriman wys daarop dat Moule en Meuzelaar (op eksegetiese gronde) en Ridderbos (op logiese gronde) oortuigend aangetoon het dat in Ef. 4:15 en Kol. 2:19 daar van twee metafore sprake is wanneer Christus as Hoof aangedui word van die kerk as sy liggaam (Perriman 1990:136). Die Hoof is nie die kop van die liggaam in hierdie metafoor nie (Roberts 1984:306).

As Hoof is Hy ook die bron van lewe vir die kerk, die een wat finale gesag oor die kerk het (Kol. 1:18). Uit die metafoor van Christus as Hoof in Kol. 2:19 kom die element van groei na vore. "Christ as Head of the Body is here the source (ἐξ οὗ) of the Body's growth as well as its unity" (Fung 1981:94). Kolossense lê dus meer klem op die liggaam se verhouding met Christus as op

die onderlinge verhouding tussen die lede van die liggaam self - soos wat die geval was in Romeine en 1 Korintiërs.

In Kolossense is die primêre klem op die kerk as liggaam die band tussen Christus en die gemeente en word die gemeente herinner aan hulle opdrag om oor die Christusgebeure teenoor die ganse wêreld te getuig (Roloff 1993:231).

In sowel Kolossense as Efesiërs word Christus as tegelyk Hoof van die kerk en die wêreld geteken. Die kerk en wêreld kan as twee konsentriese sirkels uitgebeeld word waarvan die grense tussen die twee nie vas is nie, maar dinamies (Roloff 1993:234). Die kerk is aan die groei. Deur die liefde van Christus word grense wat skeiding bring, oorwin (4:12-15). Wanneer 'n persoon dan Christus as Here leer ken, word die grens oorgesteek van die wêreld na die kerk.

Efesiërs ontwikkel die metafoor verder. In 1:22 word Christus aangedui as "its absolute Head (*κεφαλήν ὑπὲρ πάντα*), and introduces the entirely new element of Christ's filling his body just as he fills the universe" (Fung 1981:94v). In Ef. 2:16 val die klem op die liggaam as versoening van Jood en heiden met God deur Christus. Hier is die verwysing na die liggaam as 'n nuwe mensheid wat twee voorheen vyandige groepe in Christus insluit. Hierdie eenheid word deur die Heilige Gees geskep (2:18). Ef. 4:12-16 sluit weer aan by die eenheid tussen gelowiges met die betekenis van Rom. 12 en 1 Kor., maar gaan dan verder. Die verhouding met Christus word beskryf as Hoof van die liggaam. Die liggaam groei uit Hom (*ἐξ οὗ*) en na Hom (*εἰς αὐτόν*) toe.

Ef. 4:3-6 noem 7 elemente wat die inhoud van die eenheid van die kerk na vore laat kom: "Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe. 4 Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. 5 Daar is net één Here, één geloof, één doop, 6 één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon." Die eenheid is nie die resultaat van 'n samevoeging van mense wat gered is en tot die gemeenskap toetree nie, maar die basis vir die eenheid in die liggaam is die versoeningsdaad van Christus waaruit die kerk ontstaan het. Vanuit hierdie versoenings in Christus ervaar die gemeente ook die onderlinge versoening waarin die vyandskap opgehef is (Roloff 1993:245).

Calvyn sien in Efesiërs 4:4-16 die bediening van mense wat God in sy regering van die kerk in diens neem as "a principal bond by which believers are kept together in one body" (Calvin, sj:563).

Die liggaamsbeeld van die kerk laat die klem sterk val op die twee verbintenisse waarin 'n lidmaat van die kerk staan: tot Christus en tot die medegelowige (vgl. O'Brien 1987:113). In hierdie verhoudinge speel die Heilige Gees 'n deurslaggewende rol deur geloof te werk en die lidmaat tot diens te aktiveer.

2.4.5.8 Bruid van Christus

Hierdie metafoor het Ou-Testamentiese wortels en kom in die Nuwe Testament vir die eerste keer voor by 2 Kor. 11:2 met verwysing na die plaaslike kerk.

In Ef. 5:22-33 is die bruid van Christus nie die plaaslike kerk nie, maar die hele kerk. Uit hierdie gedeelte kan die volgende afgelei word oor die kerk (Fung 1981:98e.v.) : 1. Die kerk is verenig met Christus (*οἱ δύο εἰς σάρκα μίαν* - v.31), maar bly as bruid, 'n afsonderlike entiteit. 2. Christus tree teenoor die kerk op met liefde en die kerk is onderdanig aan Christus. 3. 'n Eskatologiese aspek van die verhouding van die gemeente tot Christus word in vers 27 uitgespel - al is die konteks nie primêr eskatologies gerig nie. 4. Die verhouding tussen die bruid en Bruidegom in hierdie gedeelte hou verband met die verhouding tussen die kerk as liggaam van Christus en Christus as die Hoof van die kerk.

Die beeld van die kerk as bruid van Christus is ook 'n beeld wat 'n aspek van die verbondsverhouding tussen God en sy volk uitbeeld. By die toetrede tot die gemeente, raak die lidmaat deel van hierdie verhouding tussen Christus en moet sy gedrag daardeur bepaal word.

2.4.5.9 Geestelike gebou

Jesus het aangedui dat Hyself die nuwe tempel gaan wees en dat die oue tot niet sal gaan (Joh. 2:19,21). Stefanus dui aan dat hy iets hiervan verstaan in sy toespraak in Handeling 7:44e.v. Paulus sien die kerk as 'n tempel van God en hierdie gedagte kom veral na vore in 1 Kor. 3:16v; 2 Kor. 6:16-18 en Ef. 2:20-22.

In die twee gedeeltes uit die Korintiërs-briewe, is dit die plaaslike kerk wat as tempel van God uitgebeeld word. In 1 Kor. 3 word gewaarsku teen verdeeldheid om dat dit die tempel van God, wat die gemeente is, in gevaar stel. Omdat dit die tempel van God is (en as sodanig uitdrukking van die algemene kerk), moet elkeen wat daaraan bou met versigtigheid werk (1 Kor. 3:16,17). Dit is die inwoning van die Heilige Gees wat van die gemeenskap die gebou van God maak soos wat dit die teenwoordigheid van God in die tempel in die Ou Testament was wat dit tot tempel gemaak het (Fung 1981:101). Dit is die gelowige gemeenskap wat God se woonplek is en nie geboue nie. Op die vraag: "Waar woon God?" sou die antwoord wees, "In sy gemeente." Abraham Kuyper se opmerking "God Drieëenig is buiten de kerk, want hij is er boven, maar de mensch Jezus Christus is in de kerk, levende in ons vleesch en bloed" (Kuyper 1883:15) behels 'n onaanvaarbare skeiding van die werking van God. Later meld hy dat die Heilige Gees in die enkele gelowige is, maar ook in die gemeenskap van die heiliges "door het ambt aller gelovigen" en deur die enkele draer van die besonder amp sowel as deur die "organische vergaderingen der ambtenaren van Koning Jezus" werk (Kuyper 1883:24).

In 2 Kor. 6:16-18 lê die waarskuwing daarin dat die tempel as die woonplek van God, afgesonder moet wees van die heidense omgewing.

In die Korintiërs-gedeeltes is daar nie 'n verwysing na Christus in verband met die tempel nie, behalwe dat Hy as die fondament aangedui word. Die beeld van die gemeente as tempel van God "bringt die Ausschließlichkeit und Unteilbarkeit des Besitzanspruches Gottes auf die Kirche zum Ausdruck: Sie ist allein Gottes Eigentum und Wohnort. Darum ist sie heilig" (Roloff 1993:114). Die fondament van die gemeente is onveranderlik, die tempel self is egter dinamies: dit word gebou (1 Kor. 3).

In Ef. 2:20-22 verander dit: "Christ has a definite place in the image of the Building which is introduced for doctrinal instruction, though ultimately it is meant to serve as the basis for ethical exhortation" (Fung 1981:102). Die gebou is God se woonplek en 'n geestelike tempel (Fung 1981:103v). Die gebou is in aanbou en dit raak die gelowiges wat die gebou vorm. Die eenheid van die gebou rus op Christus, die hoeksteen (Fung 1981:104). "Wer in sie aufgenommen wird, tritt heraus aus der bisherigen Heimatlosigkeit und Unbehaustheit, um Bürgerrecht in der Familie Gottes zu gewinnen" (Roloff 1993:239).

In die pastorale briewe word die gemeente as huis van God uitgebeeld (vgl. 1:15). "Damit ist die zentrale ekklesiologische Metaphor der Pastoralbriefe genannt; das Haus, verstanden im Sinne des antiken *oikos*, des Hauswesens der Großfamilie" (Roloff 1993:253). Die beeld van die kerk as huishouding in die pastorale briewe is 'n aanduiding van die "geordnete soziale Grundstruktur" van die gemeente (Roloff 1993:254). In hierdie huis is God die Huisheer of Eienaar (2 Tim. 2:21) en daar is ouderlinge as bestuurders (Tit. 1:7) wat vir God se kinders moet sorg (1 Tim. 3:5). Die gemeentelede moet weet hoe om hulle te gedra in die huisgesin van die Here (1 Tim. 3:15; Tit. 2:6) en dit was die taak van die ouderlinge om hulle dit te leer en die taak van die gemeentelede om hulle te laat leer.

Die doop is die verseëling van die gelowige as God se eiendom (2 Tim. 2:19-22; Roloff 1993:260). Binne die kerk is daar kans dat iemand hom van die kwaad kan reinig en "'n voorwerp vir besondere gebruik" word (2 Tim. 2:21). "Diese Kirche ist Werkzeug des Heils, aber sie ist nicht dessen Garantin" (Roloff 1993:261). Die kerk het die taak om mense op te voed, hulle te leer oor die genade van God (1 Tim. 1:20; 2 Tim. 2:25).

Ook die beeld van die kerk as gebou van God, is 'n verbondsbeeld in dié sin dat dit 'n aspek van die besondere band tussen Christus en die gemeente aandui. Daardeur word lidmate se gedrag bepaal (1 Kor. 3:16; 6:14-17; Minear 1960:181). Dié beeld word op die plaaslike gemeente, die individu en ook gelowiges in die algemeen van toepassing gemaak (O'Brien 1987:105).

2.4.5.10 Die gemeente en die wêreld⁴⁶

Die gemeente staan in 'n dubbele verhouding tot die wêreld: aan die een kant is daar 'n afsondering van die wêreld en vermyding van wêreldgelykvormigheid en aan die ander kant is daar die missionêre gerigtheid van die kerk wat weer 'n openheid vereis na die wêreld toe. Daar is 'n antitese tussen gemeente en wêreld. Die gemeente se Here heers ook oor die kosmos. Juis dit is 'n kragtige missionêre impuls vir die kerk (vgl. Noordegraaf 1990:52).

⁴⁶ Skrifgedeeltes wat oor hierdie onderwerp handel is Ef. 2:1 e.v.; 4:17 e.v.; 1 Kor. 6:11,12 e.v.; Gal. 5:13 e.v.; Ef. 5:3 e.v.; 2 Kor. 6:14 e.v.; 1 Tes. 4:1 e.v.; Ef. 6:12; 1 Tim. 6:11 e.v.; 1 Tes. 5:8; Ef. 1:22 e.v.; Fil. 3:20; Kol. 1:13 e.v.; 3:1 e.v.; 1 Tes. 1:9-10; 1 Kor. 15:25; Ef. 1:21; 4:10 e.v.; Kol. 1:16,18.

Hierdie missionêre roeping sluit in voorbidding, daadwerklike hulp en spontane getuienis (Ef. 6:18 e.v.; 2 Tes. 3:1; Kol. 4:2 e.v.; Fil. 1:12; Kol. 4:7-9; Rom. 15:24; 1 Kor. 16:6; Titus 3:13 e.v.; Ef. 6:15; Filip. 1:5,14; 1 Tes. 1:7-8).

Ten slotte is 'n opmerking van Minear oor Paulus van belang: "In Paul's thought, Christ (as body) has members, i.e., men and women whom he has incorporated within himself as belonging to him. Only as a corollary of this basic image could they be visualized as members of the church, although this corollary was never used during the New Testament period" (Minear 1960:182).

2.4.6 Hebreërs

'n Kenmerk van die Hebreërbrief is die voortdurende vergelyking van die twee bedelings van die heilsgeskiedenis, die ou en die nuwe verbond, met mekaar (Andriessen en Lenglet 1971:23). In hierdie vergelyking is daar 'n bepaalde kontinuïteit sowel as 'n diskontinuïteit. In sowel die kontinuïteit as die diskontinuïteit is die rol van die menswording en offer van Jesus Christus sentraal. Die nuwe verbond in Christus vervang al die onvolmaakte aspekte van die ou verbond. In die nuwe verbond gaan dit om die redding van die "nageslag van Abraham" (2:16), oortref Christus die engele (1:3-14), Moses (3:1-6) en die levitiese priesters en Melgisedek (4:14-10:18) en word die gemeente gemaak om nie die foute van die volk van die ou verbond te herhaal nie (3,4). Die nuwe gemeente is nie gemeente sonder die geloofshelde van die Ou Testament nie en die ou verbond se gemeente is ook nie los van die nuwe gemeente nie (11). "... one must conclude that the continuity between the two Testaments is grounded in the fact that both tell the story of how the same God fulfils his covenant promises to the same people" (Minear 1960:72).

Die teologie van Hebreërs kan nie losgemaak word van die Christologie en ekklesiologie van die brief nie (Ellingworth 1993:68). Daar is weinig verwysings na kerk in institusionele sin in Hebreërs. Verwysing na die doop en nagmaal is "allusive" (Ellingworth 1993:68)⁴⁷ en die verwysing na leiers (13:7,17,24) in die gemeente kan nie sonder meer gelykgestel word met ampte in byvoorbeeld die pastorale briewe nie.

⁴⁷ Al veronderstel Roloff in 3:14 die doop as die toetrede tot die gemeente (Roloff 1993:68)

Mense wat deel van die gemeente word, word "*Mitgenossen Christi*(3,14)" (Roloff 1993:281). Net in Hebreërs word hierdie term *μετοχοι του Χριστου* (deelgenote, partakers [AV]) gebruik ten opsigte van die gemeentelede.

Die volk van God as beskrywing van die gemeente funksioneer veral in 3:7-4:11, maar implisiet deur die hele boek wat in die lig van verbondsvernuwing die verlossing in Christus en die implikasies daarvan vir die gemeente wil duidelik maak. Dat die gemeente die voortsetting van die verbondsvolk is, word duidelik in die gebruik van Ps. 95:7-11 in Hebr. 3. Die Hebreërbrief ken net een volk van God waartoe in 'n gelyke mate Jode en Christene behoort. Die nuwe volk van God is nie 'n vervanging van die oue nie (Roloff 1993:283). Ook die verhaal van Israel se woestyntog het nie die bedoeling om die heilsverlies van die ganse Israel aan te toon nie. "Giebt es nur *ein* Gottesvolk, so gibt es aber doch ein Verhältnis der *Steigerung und Überbietung* zwischen der *Situation* des Gottesvolkes in der Zeit des alten Bundes und der des neuen Bundes" (Roloff 1993:284). Hierin speel die huis-allegorie van 3:4-6 'n belangrike rol.

Die spanning waarin die gemeente leef tussen die hede en die eindtyd in die lig van die verlossing in Jesus Christus, is 'n belangrike motief in die brief. Dit kom na vore in die uitdrukking in 3:6: "En ons is sy huis *as ons maar net met moed en oortuiging bly vashou aan wat ons hoop*" (kursivering - JHS). Die eschaton is bepalend vir die gemeente se optrede (Noordegraaf 1990:56). Dit kom na vore in vermanende gedeeltes dwarsdeur die brief. 'n Goeie voorbeeld hiervan is 10:23-25.

Sake wat vir die gemeentelewe onmisbaar is, is die opsig oor mekaar (3:12; 10:24,25), die lewe vanuit die versekering van die verlossing in Christus (10:19-25) soos verseker deur die doop (10:22,32; 6:2)⁴⁸ en gewaarborg deur die betroubaarheid van God (10:23). Die Woord van God (4:12) is vir die gemeente lewensbelangrik (Noordegraaf 1990:57; Roloff 1993:282). Gasvryheid en broederliefde, omsien na gevangenes en slagoffers van verdrukking is deel van die gemeente se opdrag (13:1 e.v.). "De pelgrimerende gemeente is ook een dienende gemeenschap" (Noordegraaf 1990:57).

⁴⁸ In 10:22 is die verwysing in alle waarskynlikheid na die doop, hoewel dit nie sonder twyfel so is nie. In 10:32 en 6:4 word die term *φωτιζω* gebruik met 'n moontlike verwysing na die doop (Ellingworth 1993:68) of na "kennis die door het christeljk geloof ontvang word" (Andriessen en Lenglet 1971:96).

Na aanleiding van Heb. 12:23 sê Bavinck dat die kerk aardse en hemelse gelowiges omvat (Bavinck 1930:264). Die besondere uitdrukking is die uitdrukking "vergadering van die eersgeborenes". Hulle word verder beskryf as mense wie se name in die hemel opgeskryf is. Hierdie gedeelte plaas die kerk ook in eskatologiese perspektief (vgl. O'Brien 1987:97,98).

2.4.6.1 Hebreërs 6:4-8

Vir 'n oorsig oor uitlegmoontlikhede van hierdie gedeelte kan daar na Van Zyl se artikel gekyk word (1990:339-343).

Die gedeelte is grammaties indikatief, maar staan in konteks van vermaning (6:1,9). Verse 7-8 vorm die basis vir die verstaan van verse 4-6 en sluit aan by vers 3. Verse 4-6 is in die derde persoon teenoor 1-3 wat in die eerste persoon geskryf is. Dit is volgens Ellingworth (1993:318) 'n aanduiding dat die skrywer nie spesifieke mense in die oog het nie. Wanneer die skrywer sê dat dit onmoontlik is om 'n sekere groep mense tot bekering te vernuwe, sê hy dit omdat hy weet dat 'n land wat goed versorg is, en waarvan die eienaar verwag om vrugte te oes, en dan dorings voortbring, verwoes gaan word (Verbrugge 1980:63). Die feit dat soveel verwysings na die Ou Testament in Hebreërs begin met die woordjie γὰρ⁴⁹, dui op 'n sterk waarskynlikheid dat die skrywer met die skryf van verse 7 en 8 'n Ou-Testamentiese gedeelte in gedagte het. Verbrugge meen dat die Jes. 5:1-7 die waarskynlike verwysing is. Albei gedeeltes praat van ἀκάθαρτος⁵⁰ wat opgelewer word en in albei gevalle is die wingerd/grond goed bewerk sodat daar goeie vrug verwag kan word. Hebreërs maak melding van reën (ὕετον) en in Jesaja word die reën (ὕετον) weerhou as straf. In Hebreërs is die land wat dorings opgelewer het se uiteinde dat dit met vuur verbrand moet word (εἰς κάθισιν). Volgens Jesaja 5 (LXX) sal die wingerd uiteindelik 'n stuk veld vol dorings in 'n droë onvrugbare veld word (*eis cherson*). Volgens die landbougebruike van daardie tyd is sulke gebiede beheer deur periodieke brande (Verbrugge 1980:64,65).

Die feit dat Jes. 5 verbondsterme gebruik in sy verwysing na Israel en Juda, maak dus 'n belangrike perspektief oop dat as Hebreërs 6 vertolk word in verbondsterme, daar nuwe insigte na vore kan kom. Daar is 'n seën-vloek motief in Heb. 6:7-8 waar die terme *eulogia* en *katara* gebruik

⁴⁹ 1:5, 2:5, 4:3, 6:13, 7:1, 7:17, 8:8, 10:15, 10:30, 10:37, 12:20, 12:25

⁵⁰ dorings (LXX).

word. Dit is dieselfde woorde wat in Deut. 11:26-28 gebruik word waar God sy verbondsvolk voor twee keuses stel: seën wat voortvloei uit gehoorsaamheid of vervloeking a.g.v. afvalligheid en ongehoorsaamheid (Verbrugge 1980:65). "The church is viewed here not as an aggregate of individuals, but as a corporate unit, and Christ's rejection of it is not first of all a rejection of many individuals but of a corporate entity" (Verbrugge 1980:68).

Die woord wat in verse 4-6 die meeste "moeilikeid gee" is *'Αδύνατον* (onmoontlik). Hierdie woord word vier keer gebruik in Hebreërs⁵¹ en in elkeen van hierdie gedeeltes beteken die woord nie "moeilik" nie, maar onmoontlik, kragteloos (Ellingworth 1993:319). In 6:4 word, soos in 11:6 nie 'n subjek aangedui saam met die infinitief nie. Uit die verband is daar twee moontlikhede vir die subjek: *theon* of *hemas*, God of ons (Verbrugge 1980:70). Dit sou in stryd met die res van die Skrif wees om God as subjek hier te neem en dit lyk dus logies dat die subjek 'ons' is. Hierdie "ons" sou dan, in ooreenstemming met die verbondskonteks, die gemeente wees.

Hebreërs 6:4-6 het 'n belangrike waarskuwing aan lidmate van die kerk wat deel het aan die voorreg van God se teenwoordigheid en werking in die kerk: God verwag dat sy teenwoordigheid, sy Woord en werking effek sal hê in die lewe van die lidmaat.

2.4.7 Jakobus

Die aanhef van die Jakobusbrief "Aan die twaalf stamme wat oor die wêreld versprei is. Groetel!" dui op die identiteit van die gemeente as die voortsetting en vervulling van die verstrooide volk van God (Noordegraaf 1990:57). Hoofstuk 2 verwys na samekomste van die gemeente waar daar geen diskriminasie van persoon mag plaasvind nie. In hoofstuk 5:14 word ouderlinge aangedui en die gemeente opgeroep om hulle skuld teenoor mekaar te bely en vir mekaar te bid.

2.4.8 Die eerste brief van Petrus

Die aanhef van die brief skep, soos dié van Jakobus, die indruk van 'n ekumeniese kerkgrip as "die uitverkorenes van God, vreemdelinge in die wêreld, wat verspreid woon in die provinsies Pontus, Galasië, Kappadosië, Asië en Bitinië" (1:1) aangespreek word (Roloff 1993:268).

⁵¹ 6:4, 6:18, 10:4, 11:6

Die begrip *ἐκκλησία* kom nie in 1 Petrus voor nie (Bolkestein 1962:23), maar die beelde gebou / huis van God en volk van God wel in 1 Pet. 2:4-9. Hierdie gedeelte beklemtoon 'n paar belangrike aspekte t.o.v. die kerk: die feit dat die gemeente danksy God se genadige uitverkiesing in Christus tot stand gekom het, die feit van die uitsluiting van die nie-christelike omgewing uit die kerk (Roloff 1993:273), die kerk se roeping tot getuienis teenoor die nie-christelike wêreld (Bolkestein 1962:24), dat die kerk homself verstaan in die lig van die Ou Testament (Deist 1970:48) en die feit dat geen gelowige los van die gemeente kan funksioneer nie en die voortdurende opdrag het om as 'n lewende steen ingebou te word in die huis van God. Individualisme word uitgeskakel (Bolkestein 1962:23; Wolfaardt sj.:18). "The primary image is that of the church as a household for the displaced. For Peter, the church is a home for the homeless" (Russel 1994:67; vgl. Roloff 1993:276).

Bolkestein beskou 1 Petrus 2:5,9 saamgelees met Openbaring 1:6; 5:10; 20:4-6; 22:5 en Eks. 19:6 as 'n baie belangrike vertrekpunt wanneer daar gedink word oor die lidmaat in die Nuwe Testament (Bolkestein 1962:5,6)⁵².

Die gemeente word in 1 Petr. 5:2,3 as kudde aangedui - nog 'n beeld uit die Ou Testament wat die identiteit van die kerk as die nuwe verbondsvolk bevestig. Lidmate moet mekaar dien met die gawes wat hulle van die Here ontvang het. In die verband is elke lidmaat 'n rentmeester wat teenoor God verantwoordelik is vir die gawes wat hy ontvang het (4:10). Hiermee saam word die ouderlinge aangespoor om die gemeente te versorg in die lig van die groot Herder se sorg oor sy gemeente (Noordegraaf 1990:58).

Die gemeente leef in 'n omgewing wat nie geloof as vanselfsprekend aanvaar nie en hulle moet bereid wees om rekenskap te gee van die hoop wat in hulle leef (3:15; Noordegraaf 1990:59). Deur die evangelie het die heidene deelgekry aan die beloftes wat aan Israel gemaak is. Hulle opname in die gemeenskap van die gemeente van Christus stempel hulle opnuut tot vreemdelinge ten opsigte van die heidense wêreld (4:3,4; Noordegraaf 1990:59).

2.4.9 Die tweede brief van Petrus en Judas

⁵² Hy wys in dié verband ook op Jes. 61:6; 56:6v; 60:7; 59:21; Jerem. 31:31-34; Eseg. 36:25-29; Num. 11:29; Joël 2:28.

In 2 Petr. 1:3-11 teken die skrywer die rykdom van God se genade, die heerlike vooruitsig vir die gemeente en die gemeente se geweldige verantwoordelikheid om juis teen die agtergrond van die genade en in die lig van die komende koninkryk, deur hulle lewe te bewys dat God hulle geroep en verkies het (3:10; Noordegraaf 1990:60).

Die gemeente moet na aan God leef, biddend en verwagend. Hulle moet so die dwaalleraars vermy "in een radicale scheidung om der wille van de waarheid van het evangelie" (Noordegraaf 1990:60).

2.4.10 Openbaring van Johannes

Die Christene vir wie Openbaring geskryf is, moes onthou dat hulle getuies is van "*der endzeitlichen Königsherrschaft Jesu Christi über Welt und Geschichte*" (Roloff 1993:171).

Die feit dat 7 gemeentes met een brief aangespreek word, herinner die gemeentes dat hulle bestaan alleen te danke het aan hulle verbintenis met Christus, maar ook dat hulle hieraan deel het saam met die ander gemeentes (Roloff 1993:172). Christus regeer sy gemeentes deur sy Woord (waarvan die 7 briewe voorbeeld is). Die gemeente wat afdwaal word tot bekering opgeroep (Openb. 3:20) en die gemeente wat weier om in gehoorsaamheid terug te keer, kan as gemeente verwyder word (2:5).

In Openb. 12 word die beeld van die vrou aanvanklik vir Israel gebruik en later (van vers 5) af verder vir die Christelike gemeente (Noordegraaf 1990:61). Opvallend is ook dat Openbaring 12 van die aardse kerk in sy geheel praat.

Die verband tussen die kerk en Israel word versterk deur die simboliese taal wat gebruik word vir die kerk: die vrou uit wie die Messias gebore word (Openb. 12; vgl. Jes. 1:8; Jer. 4:31; Openb. 19:9; 21:2,9; 22:17), die tempel waarin God woon (11:1), Sionsberg (14:1), Jerusalem (21:2) en die verseëling van die uitverkorenes (7:1-8) met die simboliek van die 12000 en 144000. Dit alles bevestig die feit dat die kerk in Openbaring as verbondsvolk gesien is wat in 'n vyandige wêreld leef. Hierdie vyandige wêreld word dikwels in Openbaring as die teenpool van die kerk geskets. "John calls the communities of Asia Minor to resist the evil that is so graphically embodied by

Babylon. It is better to suffer and die, he tells them, than to compromise or betray Christ" (Russel 1994:87).

2.4.11 Samevatting Nuwe Testament

Die eerste gemeente het hulleself as dissipels aangedui, later as heiliges en later as gemeente van God (Roloff 1993:82,83) wat hulleself gesien het as die eskatologiese volk van God wat sy wortels het in die Abrahamitiese en Sinaïtiese verbond (Roloff 1993:83; Minear 1960:70,71).

Dit is opvallend dat, miskien met die uitsondering van die Johannesevangelie en -briewe, die res van die Nuwe Testament bewus gebly het van die identiteit van die geloofsgemeenskap rondom Jesus Christus as die voortsetting van God se verbond met Israel (vgl. Roloff 1993:320). "Slegs by een geleentheid (Gal. 6:16) word die naam 'Israel' gebruik vir die kerk, maar die formule 'Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees', word verskeie male op die gemeente van toepassing gemaak (II Kor. 6:16; Hebr. 8:10; Openb. 21:3)" (Theron 1978:39). So kom die eksodus motief ook telkens in die Nuwe Testament na vore, toegepas op die Nuwe-Testamentiese kerk (Theron 1978:40). Dit is van groot belang vir die hantering van lidmaatskap, want dit bring die "volk van God"-motief na vore in die ekklesiologiese denke. Wanneer daar met die volk van God gewerk word, dan is ons besig met die kerk as *verbondsgemeenskap*. Die metafore wat die Nuwe Testament gebruik om die kerk of dissipelgemeenskap mee aan te dui, wat ook in die Ou Testament voorkom, bevestig die kontinuïteit tussen die Christelike gemeente en Israel van ouds. Hier kom veral beelde soos tempel, gebou, huis, wingerd, bruid en Christus as die Rots of lewende steen, na vore. Die liggaamsmetafoor het wel nie direkte Ou-Testamentiese agtergrond nie, maar dit sluit in Ef. 4 direk aan by die bou-beeld wat Ou-Testamentiese wortels het. 'n Mens sou met reg kon sê dat liggaamsbeeld nie enige aspek van die kerk beklemtoon wat nie binne die raamwerk van die kerk as verbondsgemeenskap 'n welkome plek het nie. Die kontinuïteit tussen die ou verbond en die nuwe is die Woord van God (Heb. 1).

Alle Nuwe-Testamentiese getuïenisse is eens oor die volgende waarheid: "*Jesus war nicht der Gründer, sondern ist der Grund der Kirche*" (Roloff 1993:312). Hy is die Een in wie die ryke beloftes van God aan Abraham ook beloftes aan die gemeente van die Nuwe Testament geword het. Die versameling van die eskatologiese gemeente, met mense van sowel Joodse as heidense agtergrond daarin, het begin (Roloff 1993:313).

In die lig van die Nuwe-Testamentiese verstaan van die kerk as verbondsgemeenskap, is die volgende sake van belang wanneer daar oor kerklidmaatskap gedink word:

- 2.4.11.1 Die verhouding tot Christus is deurslaggewend vir die gemeente. Dit onderskei hulle van alle ander gemeenskappe. Die term "*in Christus*" het hier besondere belang. Hierdie verhouding tussen die gemeente en Christus is 'n *geloofsverhouding* van die gemeente se kant af gesien. In Christus is die gemeente kinders van God en het hulle die ewige lewe. By Paulus is sy ekklesiologie, soteriologie en Christologie met mekaar verweef (Noordegraaf 1990:46). Om gelowige te wees beteken om deel van die gemeente te wees, om aan Christus te behoort. In die plaaslike kerk is Christus aan die werk en bind die gelowiges onderling ook aan mekaar. Daarom is die kerk wesentlik sigbaar.
- 2.4.11.2 Die Heilige Gees bring mense tot geloof en voeg hulle by die gemeente. Dit gebeur wanneer die Woord van God aan mense die evangelie van Jesus Christus bekendgemaak word en daar by hulle aangedring word om te glo en hulle te laat versoen (bv. 2 Kor. 5:20). Geloof en bekering is in die Nuwe Testament hang onlosmaaklik saam met lidmaatskap van die kerk. "In fact, in Acts 15:19 the expression 'turning to God' *ἐπιστρέφουσιν ἐπὶ τοῦ θεοῦ* is used to mean 'joining the church'" (Harris 1978:21). Geloof as reaksie op die evangelie, soos wat dit uitdrukking vind in bekering en belydenis is 'n basiese voorwaarde vir lidmaatskap in die Nuwe Testament (vgl. Barnard 1971:263).
- 2.4.11.3 Hierdie gemeenskap van gelowiges "is infused and ever sustained by the very presence and life of Jesus Christ, its Founder and Head" (Giesbrecht 1986:118) en word deur die Heilige Gees gelei in al sy aktiwiteite na binne en na buite. Die Woord van God speel 'n sentrale rol hierin. Die talle briewe in die Nuwe Testament is getuie daarvan.
- 2.4.11.4 Net binne hierdie gemeenskap is dit moontlik om as individu werklik in noue gemeenskap met God te leef en die vreugde en vrede wat Jesus vir sy gemeente bedoel het, te beleef (Giesbrecht 1986:119). "Men zou kunnen zeggen, dat Paulus' denken over de kerk sterk anti-individualistisch van aard is" (Berkouwer 1970:98).

- 2.4.11.5 Die doop is die teken van inlywing in Christus en die gemeente en ook die toesegging van God se beloftes aan die gelowige.
- 2.4.11.6 Die gebruik van die begrip *ἐκκλησία* in die Nuwe Testament, vir sover dit op die kerk betrekking het, dui aan dat die plaaslike gemeente, 'n gemeentebyeenkoms, huisgemeentes, die totale kerk van Christus, 'n stad se huisgemeentes en 'n streek se gemeentes as kerk aangedui word. Dit is ook 'n eskatologiese term.
- 2.4.11.7 Geloofsgehoorsaamheid, navolging van Jesus Christus en dissipelskap is inherent deel van die lewe van die gelowige.
- 2.4.11.8 Afkoms, sosiale stand of geslag speel nie 'n rol in die samestelling van die gemeente nie. Die nuwe Israel word uit alle volke en stande saamgestel.
- 2.4.11.9 Volharding in die leer van die apostels, die gebede, viering van die verlossing in die nagmaal, onderlinge sorg en missionêre verkondiging is deel van die normale lewe van die kerk.
- 2.4.11.10 Diens aan God en medemens is deel van navolging van Jesus.
- 2.4.11.11 Die Heilige Gees gee gawes aan gelowiges waarmee hulle meewerk aan die opbou en uitbou van die gemeente.
- 2.4.11.12 Die Heilige Gees gee ook persone as gawes aan die gemeente sodat hulle die gelowiges kan toerus vir hulle opbou-taak. Die besondere ampte kan in hierdie lig gesien word.
- 2.4.11.13 Die eenheid van die kerk van Jesus Christus is baie belangrik. Hierdie eenheid kom na vore in gesamentlike belydenis en viering van die verlossing in Jesus Christus en in die onderlinge liefde wat onder andere die volgende behels: diens en hulpverlening aan mekaar, gesamentlike aanbidding van God en eensgesindheid.
- 2.4.11.14 By Paulus, wat minder klem lê op die doop as teken van die deelword van die

gemeente, kry die doop groot betekenis vir die lewe van die gemeente. (vgl. Winkler 1985:328).

- 2.4.11.15 Die handhawing van die eer van God in die gemeente, sowel as onderlinge sorg vir mekaar in die gemeente, vereis dat die opsig en tug behoorlik funksioneer.
- 2.4.11.16 Gasvryheid, die omsien na slagoffers van verdrukking en swakkes, is deel van die gemeente se opdrag.
- 2.4.11.17 God skenk sy genade vrylik aan die gemeente en verwag dat die gemeente vrug sal dra. Waar die vrug ontbreek, sal God optree. Hy sal so 'n lid of gemeente deur sy Woord tot bekering roep (Openb. 3:20) en Hy kan die ondankbare, ongehoorsame lid of gemeente verwyder (Openb. 3:25). Daar is dus, soos by die Ou Testament die moontlikheid dat iemand deel van die gemeente kan wees, deel in die voorregte daarvan, en tog die heil kan misloop.
- 2.4.11.18 Die gemeente moet voortdurend op hulle hoede wees vir dwaalleer. Daarom moet hulle na aan God leef, biddend en verwagkend terwyl hulle hulle laat lei deur sy Woord en Gees en mekaar opbou in die geloof.
- 2.4.11.19 Die kerk staan in 'n tweeledige verhouding tot die ongelowige wêreld. Aan die een kant teken die Openbaring van Johannes die kerk as 'n "Kontrastgesellschaft" (Roloff 1993:322) terwyl die pastorale briewe die kerk en wêreld op mekaar betrek sodat die kerk die wêreld kan leer wat die genade van God beteken. By Matteus en 1 Petrus veral word die invloed van die gemeente op die omgewing a.g.v. die gedrag en getuienis van die gemeente beklemtoon. Die eie lewenswyse van die kerk moes God se heerskappy aan die wêreld sigbaar maak. "The Christ whom they served called them to be counter to the culture of the world from which they came. From this distinctiveness arose the energy to challenge and change the world" (Dudley en Hilgert 1987:38).

Die kerk kan inderdaad as geloofsgemeenskap bestempel word in wie se midde die opgestane Christus deur sy Heilige Gees heers. Hierdie gemeenskap leef met die verwagting dat Christus weer kom op die wolke (vgl. Küng 1967:75).

3 KERK EN LIDMAATSKAP IN DIE BELYDENISSKRIFTE

In hierdie hoofstuk word daar net gekyk na die hoofsaak van wat die belydenisskrifte oor die kerk sê en dit daarna kortliks bespreek.

3.1 Die ekumeniese belydenisse

Die geloofsbelydenis van Athanasius het nie 'n spesifieke verwysing na die kerk nie. Beide die Apostoliese geloofsbelydenis en die geloofsbelydenis van Nicea vermeld die kerk net na die Heilige Gees. Hier volg 'n vergelyking tussen die twee belydenisse:

Apostoliese Geloofsbelydenis	Geloofsbelydenis van Nicea
<p>Credo in Spiritum Sanctum; sanctam ecclesiam catholicam; sanctorum communionem (Schaff 1977:45).</p> <p>Ek glo in die Heilige Gees; aan 'n heilige katolieke kerk; die gemeenskap van die heiliges</p>	<p>Credimus</p> <p>... et in Spiritum Sanctum, ... Et unam, sanctam, catholicam et apostolicam ecclesiam (Schaff 1977:57).</p> <p>Ons glo ... en in die Heilige Gees ... en aan een heilige katolieke en apostoliese kerk</p>

Die eerste saak wat opval is die onderskeid tussen die artikel oor die kerk en die artikels wat oor die Vader, Seun en Heilige Gees handel: "glo **in**" verander in Afrikaans na "glo **aan**". In Latyn val die voorsetsel "in" weg (vgl. Pannenberg 1972:145; Küng 1993:132). Hoewel die kerk voorwerp van geloof is, is hy dit op 'n ander wyse as God voorwerp van geloof.

Die amptelike Afrikaanse vertaling het ook nog "Christelike" as eienskap van die kerk bygevoeg. Dit is in navolging van Protestantse vertalings van die belydenis sedert die 16de eeu wat die term "katolieke kerk" met "Christelike kerk" vervang het (Pannenberg 1972:147; Van Ruler 1968:141) omdat daar 'n vrees was dat die woord "katoliek" 'n vereenselwiging met die hiërargiese Rooms Katolieke kerk sou beteken (Van Ruler 1968:140). Later het die woord "algemene" bygekom (Van Ruler 1968:141) en saam met "Christelike" gevestig geraak in die vertalings.

Die feit dat die kerk net na die Heilige Gees genoem word, is nie toevallig nie. Deur die kerk as voorwerp van geloof te bely, bely die Christen "the church as the field of activity of the Spirit of Christ" (Pannenberg 1972:145).

Die heiligheid, eenheid, apostolisiteit en katolisiteit van die kerk word veral deur die geloofsbelydenis van Nicea beklemtoon. Hierdie vier eienskappe van die kerk, wat deur die Rooms Katolieke ook as die kenmerke van die ware kerk gesien word (Van Genderen 1990:283-284; Dulles 1987:124v), was in die verlede al die onderwerp van baie en diepsinnige teologiese besinning. Hierdie eienskappe "zijn niet evident. Het zijn geen onaantastbare en onbedreigde eigenschappen, die men onmiddellijk kan leren kennen en herkennen. In deze wereld komt de kerk immers niet uit boven de gestalte van een zondares bij het kruis (Luther)" (Balke 1990:259). Die realisering van die eienskappe van die kerk is ten nouste verbonde aan die inwoning van die Heilige Gees en die Christokrasie in die kerk (Balke 1990:260). Nie een van hierdie vier eienskappe mag ten koste van die ander beklemtoon word nie (Bavinck 1930:266).

Oor die verwysing na die kerk as die *communio sanctorum* word daar meer gesê wanneer die Heidelbergse Kategismus bespreek word (bladsy 99).

3.2 Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikels 27-32 behandel die kerk. Dit begin met die bekende formulering: "Ons glo en bely 'n enige, katolieke of algemene kerk, 'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo, wat almal hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees" (Nederduitse Gereformeerde Kerk 1988:174). Verder word daar aangedui dat die kerk nog altyd daar was, deur God bewaar word, oor die hele wêreld verspreid is en tog "met hart en wil in een en diéselwde Gees" deur die geloof verenig.

Artikel 28 beklemtoon die belangrikheid van die gelowiges om hulle by die versameling verlostes aan te sluit en aktief onder die dissipline van Christus die gemeente te help opbou. Die gelowiges moet hulle afskei van diegene wat nie aan die kerk behoort nie. Heyns wys op twee motiewe wat hier 'n rol speel: die bewaring van die eenheid van die kerk en om Rooms Katolieke, wat nog gehuiwer het of hulle na die Protestante toe moes oorkom, op te roep om hulle by die ware kerk aan te sluit (Heyns 1992:338).

Von Allmen, wanneer hy praat oor die soteriologiese aspek van lidmaatskap, haal 'n gedeelte uit die *Confessio Helvetica Posterior* aan wat nou by Artikel 28 van die NGB aansluit: "Die Gemeinschaft mit der wahren Kirche schätzen wir aber so hoch, daß wir behaupten, niemand könne vor Gott leben, der mit der wahren Kirche Gottes keine Gemeinschaft pflege, sondern sich von ihr absondere. Denn wie außerhalb der Arche Noahs keine Rettung war, als die Menschheit in der Sündflut umkam, so glauben wir, daß außerhalb Christus, der sich den Erwählten in der Kirche zum Genusse darbietet, kein gewisses Heil vorhanden sei. Deshalb lehren wir, daß, wer leben will, sich von der wahren Kirche nicht absondern dürfe" (Von Allmen 1979:412,413). Hieruit word dit ook duidelik dat daar buite die kerk geen saligheid is nie.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis pas die beeld van 'n koning en sy onderdane op Christus en die kerk toe in artikel 27 (Cloete 1986:180). Dieselfde artikel wys op die feit dat die kerk meer as plaaslik is: "Verder is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of sekere persone nie, maar dit is oor die hele wêreld versprei en verstrooi." Die kerk is plaaslik "waar God dit ook al gevestig het" (NGB Art. 28) en daar behoort gelowiges hulle by dié vergadering te voeg. Die eenheid in die kerk word daardeur bewaar sowel as deur die gehoorsame onderwerping aan Jesus Christus (NGB Art. 28).

Artikel 29 behandel die kenmerke van die ware en valse kerk met die doel om die lidmate te help om die ware kerk van die sektes te onderskei. Die kenmerke van die ware kerk word behandel sowel as die kenmerke van die lidmate van die kerk en die kenmerke van die valse kerk. Die kenmerke van die ware kerk is die suiwer bediening van die evangelie en sakramente soos Christus dit ingestel het en die kerklike tug. Die kenmerke van die lidmate is: "geloof dat hulle die enigste Verlosser, Jesus Christus, aangeneem het en dat hulle daarna die sonde ontvlug, die geregtigheid najaag, die ware God en hulle naaste liefhet, nie na regs of links afwyk nie en hulle sondige natuur met sy werke kruisig" (NGB Art. 29). "Dit gaan dus nie net om die vraag of die evangelie in die kerk suiwer gepreek word nie, maar eweveel daarom of dit deur elke lid van die kerk uitgeleef word" (Cloete 1986:254).

Artikel 29 dui vier kenmerke van die valse kerk aan: 1 Menslike instellings word hoër aangeslaan as dié van God, 2 die weiering om onder Christus se juk te buig, 3. die bediening van die sakramente op eiegeregtige wyse en 4 die vervolging van diegene wat hom bestraf (Cloete 1986:261-262).

Artikel 30-32 het met die regering van die kerk, die ampte en die tug te doen en artikels 33-35 behandel die sakramente. In artikel 34 word daar gesê: "Deur die doop word ons in die kerk van God opgeneem en van alle ongelowiges en vreemde godsdienste afgesonder om heeltemal sy eiendom te wees en sy merkteken en vaandel te dra" (NGB art. 34).

3.3 Die Heidelbergse Kategismus

Sondag 21 behandel die vrae oor die heilige algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die gelowiges en die vergifnis van sondes. Soos by die Nederlandse Geloofsbelydenis, word die Heilige Gees direk met die kerk verbind. Hier word spesifiek melding gemaak van die uitverkiesing, dat die kerk uit die hele menslike geslag vergader word, dat die Seun van God dit deur sy Gees en Woord doen. Hy beskerm en onderhou die kerk en die gelowige het die sekerheid dat hy deel van die kerk is en sal bly.

Die gemeenskap van die heiliges beteken volgens die Heidelbergse Kategismus dat al die lede aan Christus en sy "skatte en gawes" deel het en mekaar met hulle gawes moet dien. Volgens Pannenberg was die oorspronklike betekenis nie die samekoms van gelowiges om met mekaar gemeenskap te hê nie, maar het die uitdrukking deelname aan die sakramente uitgedruk asook 'n uitdrukking van gemeenskap met die martelare (Pannenberg 1972:149). Pannenberg meen "that the church must be understood primarily as the communion with Christ which is mediated through preaching and the ordinances of the church, which guarantee the individual communion with Jesus Christ" (Pannenberg 1972:151). Wat kortkom in hierdie beskrywing van die kerk, is die klem op die onderlinge gemeenskap van gelowiges met mekaar en die korporatiewe karakter van die kerk. Dit gaan om meer as "individual communion with Jesus Christ". Dis primêr die *gemeente* wat met Christus gemeenskap het. *Communio sanctorum* is ook *communio fidelium* - gemeenskap van gelowiges (Küng 1993:141; Barth 1936:143). *Communio sanctorum* verwys dus na sowel die deelname aan die heilige dinge (Cranfield 1993:64) as die diens en deelhê aan mekaar (Barth 1958:642,643). Hierby sluit die Heidelbergse Kategismus aan met 'n sterk klem op die onderlinge gemeenskap naas die gemeenskap met Christus deur die Heilige Gees.

3.4 Die Dordtse Leerreëls

Paragraaf 1:12 maak melding van die taak van die kerk om die leer van die Goddelike uitverkiesing uiteen te sit. Die kerk is die resultaat van God se raadsbesluit en ewige liefde vir die uitverkorenes (2:9). Die kerk is gegrond in die bloed van Christus en moet sy Verlosser liefhê en met volharding dien en verheerlik. Diegene wat onderrig gee in die gemeente moet nie die dinge wat God saamgevoeg het, skei nie, maar met Woordverkondiging, sakramente en tug die gemeente onderrig (3/4:17). God sal sorg dat die kerk die leer van die volharding van die ware gelowiges volhardend verdedig (5:15).

3.5 Bespreking

Sowel die ekumeniese belydenisse as die gereformeerde belydenisskrifte beklemtoon die kerk as God se werk deur die Heilige Gees. Dit is God wat mense uitkies (HK vr. 54), tot geloof (NGB art. 22) bring en inlyf in die gemeente (NGB art. 27).

Die belydenisskrifte maak nêrens voorsiening vir meer as een kerk nie behalwe vir die verwysing na die onderskeid tussen die ware en valse kerk (NGB Art. 29). Cloete skryf ons onderskeid kerk/kerke toe aan "uitwendige omstandighede soos plek of tyd en nie ... wesenlike sake, naamlik die gehoorsaamheid aan die evangelie en die wettige gebruik van die sakramente nie" (1986:209).

Die kerk van Christus moet van die nie-kerk of valse kerk onderskei kan word. Artikel 29 van die NGB het 'n polemiese inslag met die doel om aan te dui hoe gelowiges die ware kerk kan onderskei. "Dat die kerk langs die weg van geloof, wat ook 'n konkrete beslissing inhou, tot stand kom, beteken dat tot kerkwees negatief ook die verantwoordelikheid behoort dat gelowiges hulle afskei van diegene wat nie aan die kerk behoort nie. 'n Mens kan alleen ja sê vir die geloof as jy vir die ongeloof nee sê" (Wethmar 1991:451). Daar word klem gelê op verantwoordelike lidmaatskap (Cloete 1986:378).

In die lig van die uitsprake van die belydenisse en belydenisskrifte oor die kerk, moet daar erns gemaak word met die grense van die kerk. Om die grense van die kerk te ken, sal die kerk in biddende opsien na God onder leiding van die Heilige Gees voortdurend moet nadink oor wat die kerk werklik is. Om al te maklik grense vir die kerk aan te dui, kan dui op 'n voortvarendheid en gebrek aan begrip vir God se genade. Om sonder meer toe te laat dat die grense so vervaag dat die kerk nie meer sigbaar is nie, is sonde teen God. "Na die een kant moet gesorg word dat daar

nie te veel mense by die kerk ingesluit word nie: slegs diegene wat aan Christus behoort en volkome voor Hom gebuig het, behoort waarlik aan die kerk. ... Aan die ander kant moet ook ernstig gewaak word teen partyskappe binne die kerk, deur byvoorbeeld taal of ras as bykomende bepaling by te voeg as onderskeidende kenmerk van die kerk" (Cloete 1986:386). By hierdie opmerking van Cloete sal 'n mens moet byvoeg dat die gemeentelike dissipline of tug voortdurend aangewend sal moet word om die grense van die kerk vir sowel diegene binne as buite die kerk so ver moontlik waarneembaar te maak.

3.6 Implikasies vir lidmaatskap

In die lig van wat uit die belydenisskrifte na vore kom, is die volgende sake belangrik by die hantering van lidmaatskap:

- * Om aan die kerk te behoort, is die vrug van God se genadewerk.
- * Geloof is van wesenlike belang.
- * Die vier eienskappe van die kerk: heiligheid, katolisiteit, eenheid en apostolisiteit. Lidmaatskap moet so hanteer word dat hierdie eienskappe van die kerk daardeur gedien word.
- * Die Woordbediening, sakramente en kerklike tug (NGB art. 29; DL 3/4:17) is van sentrale belang sodat die gelowige die ware kerk kan onderskei.
- * Die kenmerke van ware gelowiges (NGB art. 29) is rigtingduiders vir die lewenskwaliteit van die lidmaat (die inhoud van sy lidmaatskap). Die onderwerping aan die gesag van Christus onderskei die ware van die valse kerk (NGB art. 29).
- * Die *sanctorum communionem* (Apostoliese Geloofsbelydenis en HK vr. 55) is vir die verstaan van kerkwees en lidmaatwees onontbeerlik: die gemeenskap met Christus en sy gawes aan die een kant en die verpligting tot onderlinge diens en opbou aan die ander kant.
- * Die verpligting om aktief deel te neem aan die gemeente (NGB art. 28) is 'n verdere rigtingduider van die werklike aard van lidmaatskap.

4 HISTORIESE AGTERGROND EN DIE HUIDIGE STAND VAN SAKE

In hierdie hoofstuk word eerstens aandag gegee aan 'n kort historiese agtergrond ten opsigte van sake wat kerklidmaatskap raak. Verder word daar eers gekyk na die reëlins binne die Ned Geref Kerkverband en daarna op 'n veel minder intensiewe manier na die reëlins in 'n verskeidenheid ander kerke. In so 'n vergelykende studie sou 'n mens uit die aard van die saak nie ten opsigte van elke betrokke kerk 'n volledige studie kon doen nie. Daar word ook in hierdie hoofstuk gekyk na die inhoud van *Samen op Weg*, die konsepkerkorde van die Verenigde Protestantse Kerk in Nederland.

4.1 Kerkgereguleering en lidmaatskap in historiese perspektief

In hierdie gedeelte word aangetoon dat

- * daar 'n duidelike onderskeid was tussen die gemeente, die sinagoge en die Romeinse collegia in die eerste paar eeue van die Christelike Kerk;
- * die onderskeiding tussen leke en geestelikes gelei het tot 'n verwaarlosing van die rol van die lidmaat in die kerk;
- * die uitspraak dat daar buite die kerk geen saligheid is nie, in die kerkgeskiedenis 'n verskeidenheid van betekenis gehad het;
- * die verhouding tussen kategese, die doop en die nagmaal deur die geskiedenis 'n belangrike invloed gehad het op die kerkgereguleering en die hantering van kerkordelike maatreëls rondom lidmate;
- * daar in die gereformeerde geskiedenis 'n spanning ontstaan het tussen die gedagte van 'n territoriale gemeente (met 'n logiese uitloper in die volkskerk) en die belydeniskerk waar nie woonplek nie, maar belydenis die deurslaggewende maatstaf vir gemeentevorming is.

Voeg hierby die rol van kollegialisme en die geskiedenis rondom attestate en lidmaatsertifikate en 'n mens het in breë trekke 'n prentjie van die historiese agtergronde van die huidige gebruikte rondom die lidmaatskap in die Ned Geref Kerkverband.

4.1.1 Kerk, sinagoge en collegium

Vir die Jode in die diaspora was lidmaatskap van die sinagoge outomaties vir gebore Jode en eksklusief beperk tot gebore Jode en proseliete. Dit was wesentlik anders as die ander *collegia* van daardie tyd wat 'n oop, vrywillige lidmaatskap gehad het (Meeks 1983:35). Paulus het gereeld by hierdie sinagoges die aanknopingspunt gevind vir die evangelieverkondiging wanneer hy op sy sendingreise in 'n stad aangekom het. Die eerste Christelike gemeentes het bepaalde aspekte van die liturgie en leierskapstruktuur van die sinagoges oorgeneem en aangepas (Roloff 1993:77). Die bande met die sinagoge was aanvanklik sterk, maar die Christelike gemeenskap het spoedig 'n eie identiteit ontwikkel (Bartlett 1993:63,64,92). "The shape of Matthew's church and of its leadership reflects both the church's background in the Jewish community and its attempts to differentiate itself from that community" (Bartlett 1993:64).

Tydens die eerste 200 - 300 jaar van die kerk se bestaan, was daar nie 'n duidelik gedefinieerde kerkbegrip nie (Van Oort 1990:65), maar wel 'n duidelike besef van hulle identiteit wat na vore gekom het in 'n broederskap in Christus waarin sorg en liefde vir mekaar 'n belangrike rol gespeel het. Hierin het die besondere ampte 'n leidende rol gespeel. Van teoretiese refleksie oor die kerk was daar nie veel sprake nie. "Men sprak niet zozeer over haar, men leefde haar" (Van Oort 1990:66). Die kerkbegrip het in die liturgie en daaglikse lewenspraktyk na vore gekom. Eers in tye van nood en die afweer van dwaalleringe, is die kerk geforseer om sistematies rekenskap te gee van wat die kerk is en glo.

Die kerk het in daardie stadium hoofsaaklik uit huisgemeentes bestaan wat Lee *communitae* noem (Lee 1992:178). Hierdie groepe het 'n hegte band met mekaar gehad en ook voortdurend daarvan bewus gebly dat hulle deel is van 'n veel groter geheel as net die plaaslike groep gelowiges (1 Kor. 1:2; Meeks 1983:107). Van 'n oorhoofse struktuur was daar nog nie sprake nie. Eers toe die kerk in 380 staatskerk geword het, het daar 'n bepaalde vaste formele oorhoofse struktuur tot stand gekom wat Lee 'n *societas* noem (Lee 1992:195). Hierdie "supralocal organization" het 'n belangrike rol gespeel in die invloed wat die Christendom op die sosiale en politieke lewe uitgeoefen het in die tyd van Konstantyn (Meeks 1983:107). Toe die Christendom staatsgodsdienst geword het, het kerklidmaatskap 'n staatsregtelike betekenis verkry en was daar, wanneer dit by kerklidmaatskap gekom het, ander motiewe buiten geloof wat 'n rol begin speel het (Pirson 1979:142).

Geleerdes wat die sosiale ooreenkomste tussen die huisgemeentes en ander Romeinse klubs of assosiasies van daardie tyd (*collegia*) ondersoek het, het gevind dat daar moontlik bepaalde ooreenkomste was, maar belangrike verskille het ook na vore gekom: Die gemeentes het 'n charismaties-bepaalde struktuur gehad (Nel 1994:51)⁵³ terwyl die ander groepe ten minste 'n skyn van demokrasie gehandhaaf het. Verder was die leier van 'n *collegium* gewoonlik vereer deur titels en op ander wyses terwyl dit in die gemeente nie so was nie. Trouens, Paulus moes die Korintiërs vermaan om meer respek aan mense soos Stefanus te betoon (1 Kor. 16:15-18). Die gemeente was in 'n sekere sin eksklusief en het totaal beslag gelê op sy lede soos wat dit in geen ander sekulêre organisasie gebeur het nie: "... to be 'baptized into Christ Jesus' ... signalled for Pauline converts an extraordinarily thoroughgoing resocialization, in which the sect⁵⁴ was intended to become virtually the primary group for its members, supplanting all other loyalties" (Meeks 1983:78). Waar die sekulêre groepe "fellowship and conviviality" (Meeks 1983:79) as primêre doel gehad het, was die oorhoofse samebindende faktor in die gemeente die verlossing in Jesus Christus en die doel van hulle byeenkomste die diens aan God, mekaar en die wêreld (vgl. Rossouw 1976:146-158). Die gemeente was ook meer inklusief vir sover dit die sosiale stratifikasie raak. Waar ander groepe min of meer homogeen was, het die gemeente mense uit alle lae van die samelewing betrek (Meeks 1983:79; vgl. Rossouw 1976:152).

Hoewel daar belangrike ooreenkomste tussen die vroeë gemeentes en die sinagoge in die diaspora was (Meeks 1983:80), het die vereistes vir lidmaatskap drasties verskil. Die gemeentes was nie 'n etniese gemeenskap nie, terwyl die sinagoge dit wel was. Die besnydenis was nie 'n vereiste vir lidmaatskap in die gemeente nie; wel by die sinagoge (Meeks 1983:81). Verder het die gemeente ook ander gebruike wat verband hou met wat die kerk vandag sien as die seremoniële wette van die Judaïsme, laat vaar.

4.1.2 Leke en geestelikes

Die gewone lidmate het aktief deelgeneem aan die gemeentelêre en die onderskeid tussen lidmate en die ampte was 'n funksionele verskil (Wolfaardt, sj:24). Die ampte in die gemeente was

⁵³ Die charismatiese funksionering van die gemeente beteken nie dat daar nie 'n amptelike struktuur was nie (vgl. Nel 1994:51).

⁵⁴ Meeks gebruik die woord "sekte" hier in 'n sosiologiese sin en nie as verwysing na 'n teologies afwykende groep nie.

"dienste", maar hulle het nie al die diens in die gemeente verrig nie. Die dienslewering was steeds baie wyer as amptelike dienslewering (vgl. Trimp 1988:241). "In der waarheid blyk dat die spontane verbreiding van die evangelie tot ongeveer die jaar 300 n.C. hoofsaaklik gedra was deur die lewe en getuienis van die gewone lidmate van die kerk" (Wolfaardt, sj:25). So het die getuienis van 'n gewone lidmaat gelei tot die bekering van Justinus, die Martelaar (Wolfaardt, sj:25). Origenes (230 n.C.) gebruik die term priesters vir die ouderlinge en leviëte vir die diakens (Wolfaardt, sj:26). So is die ampte al duideliker afgegrens van die van die gewone gelowige. Hierdie toenemende skerp onderskeiding tussen die ampte en die leke het later ook ontwikkel in 'n hiërargie wat uitgeloop het op die siening dat die amp van biskop die suiwerheid van die leer waarborg omdat biskoppe opvolgers van die apostels was. Irenaeus was invloedryk in hierdie proses en Cyprianus het die konsep van apostoliese suksessie gesistematiseer (Wolfaardt, sj:27,28). "Hierdie opvatting het vanselfsprekend 'n beperkende invloed op die oefening van die amp van die gelowige⁵⁵ gehad, aangesien alleen die biskoppe kon bepaal wat die ware leer is en hoe dit verklaar moet word" (Wolfaardt, sj:27). Die kloof tussen die geestelikes en die leke het al hoe groter geword met 'n gepaardgaande groter wordende passiwiteit by lidmate (Wolfaardt, sj:28). Chrysostomos (380) het weer 'n groter klem op die betrokkenheid van gewone gelowiges by die uitdra van die evangelie beklemtoon (Wolfaardt, sj:28).

Veel later het groepe soos die Waldense begin om die ideaal van die Skrif vir die kerk uit te leef en "die verwaarloosde Woord van God weer uit te dra" (Wolfaardt, sj:30). Gewone gelowiges het hier 'n belangrike rol gespeel en die amptelike kerk se antwoord hierop was die kloosterordes waar deur die leke-inisiatief gekanaliseer is op 'n wyse wat deur die kerk beheer kon word (Wolfaardt, sj:30). "Samevattend oor hierdie tydperk van die monnike-ordes kan ons sê: Die periode van 1046 tot 1200 was die eerste periode van die priesterordes; die periode van 1200 tot 1500 het meer leke-ordes meegebring. Slegs die Roomse kerk se sukses om hierdie lekekragte te kanaliseer, het verhoed dat die amp van die gelowige weer tot sy volle reg en ontplooiing gekom het" (Wolfaardt, sj:30).

Die Reformasie het die Bybelse klem op die rol van die individuele gelowige in die gemeente laat val. Luther (Lekkerkerker 1971:130) en Calvin (Lekkerkerker 1971:140; Calvin sj:IV.XIX.25,28) het die priesterskap van die gelowige beklemtoon. Die Heidelbergse Kategismus laat iets van die

⁵⁵ Hier word nie ingegaan op die vraag of 'n mens inderdaad van die "amp van die gelowige" kan praat nie.

verantwoordelikheid van die gelowige na vore kom in sy antwoord oor wat die gemeenskap van die heiliges beteken: "dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend" (Sondag 21 Vraag 55).

4.1.3 Didaché

Een van die oudste dokumente buite die Bybel wat ons 'n idee gee oor die inrigting van die kerklike lewe in die eerste eeu van die kerk se bestaan, is die Didaché⁵⁶.

'n Bepaling in die Didaché oor die doop vereis dat die dopeling aangesê word om twee dae voor die doop te vas (Jefford 1995:9). Die gelowiges moes hulleself van die huigelaars onderskei deur op ander dae te vas: "They fast on Monday and Thursday; you, though, should fast on Wednesday and Friday" (Jefford 1995:9). Die nagmaal mag alleen aan diegene bedien word wat in die Naam van die Here gedoop is (Jefford 1995:10). Die samehang tussen die doop en die nagmaal asook tussen die doop en kerklike onderrig is duidelik in die Didaché en Brunotte merk op dat hier 'n duidelike aanduiding is dat die waarheid al vroeg in die Christelike kerk vasgelê is dat 'n mens deur die doop aan die gemeente deelkry as Christen (Brunotte 1979:174).

Die Didaché het ook bepalings oor hoe om op te tree teenoor vreemdelinge wat by die gemeente aanmeld: "Let everyone who comes in the name of the Lord be received, and then, when you have taken stock of him, you will know [what he is like], for you will have right and left perception [i.e., perception of what is good and bad about him]" (Jefford 1995:12). So is daar ook bepalings oor besoekende apostels en profete. Hier is al reeds spore te sien van kerklike reëlins oor hoe om te onderskei of vreemdelinge gelowiges is of nie.

Feitlik die hele Didaché is 'n reëling van die gemeente- / gelowiges se gedrag - wat vir ons aantoon wat die inhoud van lidmaatskap in daardie gemeenskap was. Die klem op die liefde vir God, die etiese en die gebruik van die sakramente is opvallend. Die gedeelte 1.1-6.1a van die Didaché word beskou as onderrigmateriaal vir kategumene (Mitchell 1995:250). Die term "die weg van die lewe" beteken volgens Mitchell hier "to live as Jesus did" (Mitchell 1995:251).

⁵⁶ Patterson dateer die Didaché so vroeg as 50-70 nC. (Patterson 1995:315)

Dit is opvallend dat kruisiging en opstanding van Jesus Christus nêrens gemeld word in die Didaché nie - selfs nie by die nagmaal of dankseggingsmaal nie. Die gemeenskap waar die Didaché gefunksioneer het, toon tekens van 'n mengsel van Judaïsme en die Christendom. Die doop het 'n sterk eskatologiese karakter, byna soos dié van Johannes die Doper (Mitchell 1995:248). "For the Didachist, baptism does *not* create an egalitarian community. Gentile Christians are 'second-class citizens,' and are ultimately expected to embrace Torah observance. (One must become a Jew in order to be a Christian.)" (Mitchell 1995:255).

4.1.4 *Extra ecclesiam nulla salus*

Cyprianus het in 250 die beroemde uitspraak gemaak dat daar buite die kerk geen saligheid is nie en ook dat 'n mens God nie as Vader kan hê sonder om die kerk as moeder te hê nie. Cyprianus se bedoeling was om deur hierdie uitspraak (*extra ecclesiam nulla salus*) die soteriologiese dimensie van die doop te beklemtoon (Nissiotis 1979:372). Net in die kerk is die sakramente wat die heil bring (Van Oort 1991:87). Vir Augustinus het die heilsoodsaaikheid van die kerk gelê in die feit dat die sakramente in die kerk "*door de band van de liefde en de eenheid* (vinculum caritatis et unitatis) hun genadekracht verkrijgen. Slechts waar deze eenheid en liefde is, dáár heerst de Heilige Geest en worden de sacramenten niet alleen rechtmatig maar ook met vrucht (utiliter) bediend" (Van Oort 1991:88).

In die Middeleeue het die kerk verder gegaan en die heil aan die onderwerping aan die pous verbind toe Bonifacius VIII 1302 in sy bul *Unam sanctam* verklaar dat onderwerping aan die pous in Rome heilsoodsaaik is (Von Loewenich 1970:167; Ott 1952:361,362).

Die Nederlandse Geloofsbelydenis het ook die waarheid van Cyprianus se uitspraak opgeneem - in artikel 28. Dit word daar nie sakramenteel verstaan of in die sin van die *Unam sanctam* uitspraak nie, maar die kerk word gesien as 'n versameling verlostes waarby elke gelowige moet inskakel. Gelowiges wat nie inskakel nie, handel "in stryd met die bevel van God" (NGB. art. 28).

4.1.5 Die kategumene, doop en nagmaal

In die doopopdrag van Jesus in Matt. 28:19 is die volgorde dat die doop die onderrig voorafgaan. Dit word bevestig deur die feit dat daar 3000 mense tydens Pinksterdag feitlik onmiddellik na

geloofsbelydenis gedoop is. Van onderrig vooraf was daar nie veel sprake nie, behalwe vir die inhoud van Petrus se toespraak. In Hand. 8:30-38 is die Etiopiër wel elementêr onderrig voor sy doop en daar is nie spesifieke verwysing na 'n belydenis in een of ander vorm nie. Die vroeë kerk het hierdie orde gou verander. Voor bekeerlinge gedoop kon word, moes hulle kerklike onderrig ontvang om hulle in die Christendom in te lei (vgl. Clasen 1989:73). Die kategumene het nie volle lidmaatskapstatus gehad voordat hulle gedoop is nie.

In die Didache is die ongedooptes gewaarsku om hulle van die nagmaal te weerhou - iets wat volgens Theron dalk 'n aanduiding kan wees dat die weerhouding van die ongedooptes nie in die voorafgaande tyd vanselfsprekend was nie (Theron 1994:298). Die onderskeid tussen die lidmate en die ongedooptes wat nog besig was om te katekiseer, is by die eredienste só hanteer: Die ongedooptes is uitgestuur wanneer die mis bedien moes word: "*Missa* betekenende oorspronklik hetzelfde als *missio*, *dimissio*: wegzending. Het eerste had plaats na het evangelie of de homilie, de tweede na de H. Handeling: *Missa catechumenorum* en *Missa fidelium*. Nadat de eerste wegzending om de bovengemelden redenen had opgehouden, bleef alleen de laatste bestaan: *Ite, missa est*" (Albers 1925:271; vgl. Brunotte 1979:174,175). Clasen skryf hierdie gebruik aan die invloed van die misteriegodsdiens toe (Clasen 1989:170).

In die vroeë kerk is die kategumenestand as 'n vorm van Christenwees voor die doop beskou. In die derde en vierde eue het dit mode geword het om die doop uit te stel tot die sterfbed toe indien moontlik (Brunotte 1979:175)⁵⁷. Dit het ook dikwels gebeur dat heidene hulle bekering uitgestel het sodat hulle eers die lewe kan geniet en later daarvoor vergifnis kan kry (Jeremias 1960:87). Waarskuwings dat hierdie praktyk verkeerd was, het opgehoop: "Christ und Angehöriger der seligmachenden Kirche ist nur, wer getauft ist" (Brunotte 1979:175). So het die vroeë kerk met die vraag geworstel: Is dit moontlik om Christen te wees al is jy nog nie gedoop nie? Wat is dan die status van die gedoopte (Brunotte 1979:175)?

Veral toe die kinderdoop die normale doop in die kerk geword het, het die vraag oor die status van die ongedoopte na vore getree. In die Rooms Katolieke Kerk word die standpunt gehandhaaf dat

⁵⁷ Augustinus was ook nie as baba gedoop nie. Toe hy ernstig siek word, tussen 360 en 370, het sy moeder, Monica, versoek dat hy gedoop word, maar voor dit kon gebeur het hy herstel. Die doop is toe weer uitgestel (Jeremias 1960:87,88).

Konfirmasie of die vormsel as sakrament het in die Westerse Kerk ontwikkel in die skaduwee van die kinderdoop. Dit het saamgeval met 'n skeiding wat ontwikkel het tussen die handoplegging en die doop en is gesien as die toelating tot die nagmaal (Clasen 1989:102). Dit is as aanvulling van die kinderdoop gesien (Clasen 1989:104). Die hervormers het die vormsel as sakrament verwerp, maar ontwikkel tog 'n "kategetiese konfirmasie" (Clasen 1989:108) in die vorm van openbare belydenis van geloof.

Kategesie het met die Hervorming die funksie van voorbereiding tot lidmaatskap van die kerk begin verkry (Clasen 1989:80). "Uiteindelik het die kategesie (met sy eindpunt in die 'konfirmasie') die voorwaarde geword vir die deelname aan die nagmaal" (Clasen 1989:81).

Calvyn het bepaal dat kinders goed onderrig moes word en rekenskap van hulle geloof moes gee voordat hulle tot die tafel van die Here toegelaat kon word (Clasen 1989:109). Kinders kon in Genève waarskynlik al teen 11 of 12-jarige ouderdom nagmaal gebruik (Theron 1994:299). "Die groot afstand wat tans tussen die doop en die eerste gebruik van die nagmaal bestaan, bring mee dat geneene van die sakramente die pastorale funksie vervul wat dit vir Luther en Calvyn gehad het nie" (Theron 1994:304).

Die Protestantse weergawe van "konfirmasie" het waarskynlik sy wortels by Bucer wat die tug nie met die doop wou verbind nie, maar wel met die nagmaal (Van 't Spijker 1990:137; Theron 1994:299). Clasen se gevolgtrekking oor die "Reformatoriese konfirmasie" is van belang: "waar dit egter ook aan die nagmaal en kerklidmaatskap verbind word, loop dit gevaar om 'n onaanvaarbare sakramentele betekenis te verkry. Dit mag alleen gebeur indien die konfirmasie deel van die doopseremonie vorm" (Clasen 1989:112).

Uit geskrifte van Cyprianus en Augustinus kan afgelei word dat klein kindertjies deelgehad het aan die nagmaal (Clasen 1989:149,150). Gedooptes kon nagmaal vier. In die Westerse kerk is die doop en nagmaal geleidelik van mekaar geskei (Clasen 1989:151). Dit hang saam met die skeiding tussen die doop en konfirmasie en die invoering van die transsubstansiasieleer (Clasen 1989:152; Theron 1994:298). Na die kerkskeuring in 1054 het die Oosterse kerk voortgegaan met kinderkommunie terwyl die klem in die Westerse kerk al hoe meer op die geestelike bevoegdheid van die nagmaalganger gelê is (Clasen 1989:153).

Onder die hervormers was Wolfgang Musculus die enigste voorstander van kinderkommunie terwyl die getuigenis oor Calvin en Luther se standpunt en gebruike hieroor nie heeltemal duidelik is nie (Clasen 1989:156). Die Ordonnances Ecclésiastiques van Genève (1541) het bepaal dat die nagmaal 'n week voor die tyd afgekondig moes word sodat "geen kind soontoe sal kom voordat hy belydenis van geloof afgelê het" nie. Trouens dit was "vir sowel die kinders as die ouers gevaarlik as hulle sonder 'n goeie en voldoende onderrig na die nagmaal gedwing word" (Pont 1981:32,41; Speelman 1994:45). Kinders moes ook elke Sondagmiddag vir kategismusonderrig gebring word en moes die inhoud van die kategismus kon weergee voordat hulle belydenis van geloof in die teenwoordigheid van die gemeente kon aflê.

In die 1541-kerkorde word die woord 'kerk' soms gebruik in die betekenis van die nagmaalgemeenskap (Speelman 1994:89) en in ander gevalle om die kerkraad aan te dui en soms om die stadsowerheid se kommissie vir kerklike sake aan te dui (Speelman 1994:91). Die sakramente is ook op kerkraadsvergaderings bedien (Speelman 1994:131). Dat Calvin kinders as deel van die gemeente beskou het, blyk uit sy kommentaar op Hand. 2:39: "Deze plaats weerlegt ... de wederdoopers, die de kinderen van geloovige ouders van den doop weren, *alsof zij geen lidmaten van de gemeente van Christus waren*" (Calvijn 1970:95; kursivering - JHS).

In die Franse Gereformeerde kerke, waar die kerk en owerheid nie verbind was soos die geval in Genève nie, ontstaan daar 'n probleem oor hoe om seker te maak dat 'n geëkskommunikeerde persoon nie in 'n ander gemeente nagmaal gebruik nie. In Poitiers, wat 'n universiteitstad was, met sy baie studente, was die probleem nog groter. In die 1557-kerkorde kry die predikante opdrag om geen vreemdeling tot die nagmaaltafel toe te laat "zonder een goed getuigenis van de kerkeraad van de kerk waartoe hij behoort, en als er in hun plaats geen enkele opgerichte kerk zou zijn, zullen zij een voldoende getuigenis van goed gedrag moeten overleggen van de plaats waar zij wonen" (Speelman 1994:128). Dit was waarskynlik die oorsprong van die attestaat in die gereformeerde geskiedenis. Diegene wat die nagmaal vier en tog ook die Roomse mis, was beskou as mense wat hulleself afskei van die liggaam van Jesus Christus (Speelman 1994:129).

Onder die kerkordelike reëlings van die Waalse gemeentes onder die kruis loop 'n mens die volgende raak: Alle kinders van gelowiges en mense met goeie aansien in die gemeente, sal gedoop word. Sulke ouers moet hulle by die kerklike orde hou en lidmate van die kerk wees. Vreemde-linge kan nie kinders laat doop voordat hulle nie deur hulle lewenswandel hulle geloof bevestig het

nie (Pont 1981:63). Niemand mag nagmaal gebruik sonder dat hulle gekatriseer en geskik bevind is nie (Pont 1981:64). In 'n besluit in 1564 is daar onderskeid gemaak tussen lidmate en gelowiges wat nie lidmate is nie (Pont 1981:68). Die kerklike tug is ook uitgeoefen op laasgenoemde in drie stappe: vermaning, dreigement van die weerhouding van regte en "suspensie" (Pont 1981:68).

In Nederland het die sinode van Dordrecht(1578) besluit dat alle gedooptes nie sonder meer toegang tot die nagmaal kry nie, maar alleen belydende lede van die kerk (Speelman 1994:201). In Genève is die inwoners deur die stadsowerheid, met die steun van Calvyn, verplig tot die aflê van 'n belydenis. Calvyn is deur die stadsowerheid verbied om diegene wat dit nie gedoen het nie van die nagmaal te weer (Speelman 1994:62-64). Almal het toegang tot die nagmaal gehad behalwe diegene vir wie die predikante as gevolg van growwe sondes daarvan weerhou het (Speelman 1994:202) en kinders wat nie gekatriseer is nie (Clasen 1989:109). Versuim om nagmaal te gebruik was tugwaardig in die Geneefse Kerkorde van 1561 (Pont 1981:43,44).

Beza en Coolhaes het gepleit vir 'n meer oop benadering tot die nagmaal. Beza se standpunt was dat niemand moes wegbly van die nagmaal nie en dat alleen in die geval van growwe sondes, die tug iemand van nagmaalviering moes weerhou. Coolhaes het gepleit dat daar ruimte gelaat moet word vir andersdenkende Protestante (Speelman 1994:215). Oor besluite van die Gereformeerde kerke in Nederland in die jare 1571-1581 skryf Speelman "de afwezigheid van een degelijke schriftuurlijke onderbouwing ter verdediging van hun standpunt blijft opvallend" (Speelman 1994:217) "Het blijft onduidelijk wat de gereformeerden in deze jaren bewogen heeft om niet eenvoudigweg het hele kerkvolk welkom te heten, maar in de plaats daarvan het brede publiek de komst naar de nieuwe kerk moeilijk te maken" (Speelman 1994:219).

So het die konfirmasie tot 'n dualistiese lidmaatskapsbegrip gelei: terwyl daar gesê word dat die dopeling volwaardig deel van die kerk is, word daar sowel in die Rooms Katolieke Kerk as in die Protestantse kerke beperkings geplaas op die reg tot deelname van die kind wat gedoop is en nog nie belydenis van geloof afgelê het (of die sakrament van die vormsel ontvang het) nie aan aktiwiteit in die gemeente (vgl. Von Campenhausen 1979:259; Winkler 1985:328). 'n Voorbeeld hiervan is dat die Dordtse Kerkorde artikel LIX meld dat 'n "bejaarde" (volwasse persoon - JHS) deur die doop by die Christelike gemeente ingelyf word en daarom verplig is om die nagmaal te gebruik soos wat hulle by die doop belowe het (Kuyper 1887:12). Hierdie voorreg is nie aan jeugdige dopelinge toegestaan nie.

4.1.5.1 Die situasie aan die Kaap

Aan die Kaap was daar van die begin af gebruik gemaak van attestate wanneer die nagmaal ter sprake was. 'n Lys van name van almal wat deelgeneem het aan die nagmaal is in 'n brief aan die klassis Amsterdam genoem in 1657 (Spoelstra 1906:7-9). So is daar in 'n brief van Pieter van der Stael gedateer 25 April 1660 nie net van attestasie sprake nie, maar ook van die belydenis van geloof. Ook in verskeie later briewe word telkens saam met die rapport oor die bediening van die nagmaal, melding gemaak van attestate.

Dit blyk uit 'n brief van ds. Petrus Kalden en ouderling Janssen Driek Vlok op 4 Julie 1697 dat daar van lidmate gepraat word as nagmaalgangers: "Wat de gemeente aen mijn gedestineerde plaetse aengaet, is onder Godes seegen nog in bleyende welstand, aenwassende dagelijx soo van *leeden tot H. Avondmaal*(my kursivering), als van heydenen die sigh tot het Christen geloof overgeven en laeten doopen, wordende, behalven de Christenen die sigh iverig tot Gods Woordt begeven, bij de hondert Ledematen van de tafel des Heeren gevonden, en de Sacramenten volgens oude gewoonte alhier viermael des jaars uytgedeelt" (Spoelstra 1906:32).

Ds. Henricus Beck skryf in 1703: "Na een redelicke en prijsseelicke geloofsbelijdenis voor de gemeente, hebben wij een, van Muhammedaanse ouders gebooren, tot een proselyt, en *lid van het verborgen lighaam J.C. aangenomen*" (Spoelstra 1906:33,34; kursivering -JHS). Naas die klem aan die Kaapse kerk dat lid van die gemeente lid van die nagmaalsgemeenskap is, kom hier 'n element by: lid van die verborge liggaam van Jesus Christus.

4.1.6 Attestate en lidmaatsertifikate

Die eerste spore van attestasie in die Gereformeerde tradisie kom in die Franse kerk se kerkorde van 1557 voor waar daar vereis word dat die predikante geen vreemdeling sou toelaat om deel te neem aan die nagmaal nie sonder "een goed getuigenis van de kerkeraad van de kerk waartoe hij behoort, en als er in hun plaats geen enkele opgerichte kerk zou zijn, zullen zij een voldoende getuigenis van goed gedrag moeten overleggen van de plaats waar zij wonen" (Speelman 1994:128). Die sinodes van Emden (1571), Dordrecht (1574), Middelburg (1581), Alkmaar (1587), Delft (1587), Leiden (1592) en Dordrecht (1618-19) het almal een of meer bepalings gehad om attestasie te reël (Van der Merwe 1973:36).

In Suid-Afrika het sinodes vóór 1842 slegs van attestate gepraat. Die 1842-sinode het 'n byvoeging gemaak: "of certificate" (Nederduitse Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika 1857:208). Die voorstel het van die vloer af gekom en daar is nie aangeteken wie dit ingedien het nie en daar is geen motivering vir die voorstel genotuleer nie. Die 1842-sinode het die kerklike bepalinge hersien. Hierdie hersiening is sterk beïnvloed deur die 1816-reglement van die Hervormde kerk in Nederland wat deur kerkregtelikes soos Vorster (1951:128), Kleynhans(1974:125), Smit (1985:53,54) en Eybers (1934:26,27) as kollegialisties bestempel is en deur Van Wyk (1989:164) en Pont (1990:466) as voortvloeiende uit die verenigingsreg en eerder erastiaans as kollegialisties.

Dat hierdie dubbele stelsel van lidmaatsertifikate en attestate probleme oplewer is duidelik uit talle verwysings na die saak op sinodes. Van der Merwe(1973:1,2) toon aan dat die saak alreeds vanaf die eerste vergadering van die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk in 1962 op die tafel was. Een van die neweprodukte van die gebruik van lidmaatsertifikate is dat dit 'n kollegialistiese kerkbegrip help bevorder het in terme waarvan sommige lidmate die idee begin kry het dat "'n lidmaat van die een 'afdeling' van die 'kerk' na 'n ander oorgeplaas word" (Van der Merwe 1973:31). In hoofstuk 5 word die resultaat van die empiriese ondersoek oor die kerkbegrip van lidmate in die ring van Pietermaritzburg bespreek. In terme van die hipotese wat vroeër vermeld is oor die verskil tussen lidmate se siening en die amptelike standpunt van die kerk, behoort die empiriese ondersoek die bogemelde stelling oor die invloed van die lidmaatsertifikate op lidmate se kerkbegrip te staaf.

4.1.7 Woonplek

Op bladsye 131, 196 en 183 word daar verwys na die rol wat die territoriale beginsel speel in die bepaling van wie lidmate is in die Ned Geref Kerk en ook in verskeie ander kerkverbande. Dit is iets wat binne gereformeerde verband dikwels as vanselfsprekend aanvaar word - asof dit 'n wesenskenmerk van die kerk is.

4.1.7.1 Parogie in die vroeë kerk

Die woord parogie hang saam met *παροιμία* wat in die vroeë kerk gebruik is om die vreemdelingskap van die kerk aan te dui (Van de Wiel 1988:59). So is daar in die oud-christelike literatuur gepraat van die *ἐκκλησία παροικουσα* - die plaaslike gemeente in transitio (Van de Wiel 1988:60).

As Clemens (100 n.C.) 'n brief skryf aan die gemeente in Korinthe dan begin hy sy brief so: "De Kerk Gods die in Rome als vreemde woont, aan die Kerk Gods die in Korinthe als vreemde woont" (Van de Wiel 1988:60). Hier is dit opmerklik dat daar van "die kerk in Rome" en "die kerk in Korinthe" gepraat word, terwyl daar waarskynlik 'n hele aantal huisgemeentes in elkeen van die stede was (bv. Rom. 16:5; 1 Kor. 16:19; vgl. Cranfield 1975:22; Barret 1971:396).

Aanvanklik was die kerk 'n stedelike verskynsel - so lees ons in die Nuwe Testament (bv. eers Jerusalem en later Antiochië). Die gemeente en die Romeinse stadsopset (*civitas*) het geografies saamgeval (Littikhuis 1992:12; vgl. Van de Wiel 1988:60) en die struktuur van die Romeinse staatsadministrasie het die kerk ook beïnvloed sodat die biskop algaande meer gesag gekry het (Littikhuis 1992:18). Toe die kerk in die stede uitbrei, het daar *tituli* (titelkerke) ontstaan wat deur *presbyteri cardinales* bedien is. Hulle het in die stad gewoon en saam die *presbyterium* of biskop-paraad gevorm. "De priesters die de *tituli* bedienden, kregen van de acolieten het *fermentum*, een stukje van het door de bisschop geconsacreerde brood, en celebreeerden ter plekke de mis" (Van der Wiele 1988:61).

Die biskop het jurisdiksie behou oor die hele gebied, maar van die vyfde eeu af kon die *presbyteri* enkele sakramente bedien (Van de Wiel 1988:61). Die hele gebied met die biskop se hoofkerk en titelkerke, is die *paroecia* genoem. So het die woord algaande sy verband met die vreemdelingskap van die kerk verloor en 'n geografiese aanduiding van die kerk geword (Van de Wiel 1988:62).

Die kerk het uitgebrei na die platteland en daar het gemeenskappe van gelowiges op die platteland vir hulle aanbiddingsplekke opgerig (Van de Wiel 1988:62). Rondom so 'n kerkgebou het daar gaandeweg 'n parogie ontstaan (Littikhuis 1992:14). Om die bediening te kon volhou in so 'n gedesentraliseerde situasie, is presbiters en diakens (*presbyteri plebani*) aangestel as "'zaakwaarnemers' ten plattelande van de (nog steeds in zijn bisschopsstad residerende) bisschop" (Littikhuis 1992:13; Van de Wiel 1988:62). Dit was veral die geval in Gallië en Spanje in die 4de en 5de eeu. In Noord-Afrika was daar ook plattelandse biskoppe (*Χωρεπίσκοποι*) met minder regte as die stadsbiskoppe.

Vanaf die tweede helfte van die 5de eeu moes die gemeentes sonder die infrastruktuur van die Romeinse Ryk klaarkom. Die biskop het aan die plattelandse biskoppe of priesters die reg kon verleen om die doop en eucharistie te bedien asook van die ander sakramente. "De kerk wier priester

dit voorrecht geniet, draagt als eretitel *ecclesia baptismalis*, in ondersheid van de kerken met een lagere rang" (Littikhuis 1992:15).

In hierdie vroeë stadium van die kerk se ontwikkeling was die desentralisering van die bediening en gaandeweg die ontwikkeling van plaaslike kerke die gevolg van 'n poging om *pastoraal* beter sorg aan die gemeente te lewer. In die latere fase (750-850) verskuif die klem na juridiese en finansiële motiewe, in die meeste gevalle sonder dat die pastorale verontagsaam is (Littikhuis 1992:30), maar soms was daar ook skade gedoen aan die pastoraat (Van de Wiel 1988:65,66).

Die eerste amptelike grense tussen gemeentes in Wes-Europa het tussen 810 en 813 ontstaan toe Karel die Grote bepaal het dat elke kerk 'n grens moet hê om tiendes te kan ontvang uit die landerye binne daardie grense. Hierdie tiendestelsel is begin deur Karel se vader Pippijn. Daardeur wou hy die kerk se steun verseker vir sy posisie as heerser (Littikhuis 1992: 25).

Vroeëre geografiese grense was nie tussen gemeentes nie, maar tussen bisdomme (Weijland 1984:9). Teen die sewende eeu het die band tussen die plaaslike gemeente en die biskop begin verswak as gevolg van die vinnige uitbreiding van die aantal gemeentes en alles wat daarmee saamgehang het (Van de Wiel 1988:65). Daar moes, volgens 'n besluit van die sinode van Tribur in 895, 'n afstand van minstens vier myl tussen gemeentes wees. "Men kan dus stellen, dat naast pastorale motieven vooral ook juridisch-finansiële belangen het parochiestelsel nader hebben gestructureerd" (Weijland 1984:13). 'n Mens het aan die parogie behoort as jy die tiende aan die pastoor of priester betaal het en dan moes jy deelneem aan die sakramente wat in die gemeente bedien is (Van de Wiel 1988:66).

Die ideaal was om die kerklike en burgerlike bestuursindeling sover moontlik te laat saamval. So kon die kerk en staat mekaar help in die opbou van 'n Christelike samelewing (Weijland 1984:13).

Dit het daartoe gelei dat die geestelike en maatskaplike versorging van lidmate ineengevloei het. Van die voordele van die handhawing van parogiegrense was dat "zielzorg ook in afgelegen gebieden finansiële ... veilig gesteld" kon word, die finansiële onderhoud van die kerkgeboue en pastorieë is verseker en dit was voordelig vir armesorg. Onder die nadele was daar die 'Pfarrzwang' waardeur die biskoppe die grense selfs met ekskommunikasie kon afdwing. 'n Uitsondering op die reël was dat met pouslike toestemming 'n '*parochia personalis*' gevorm kon

word wat ongeveer soos 'n hedendaagse kategoriale gemeente gefunksioneer het. Dit was veral met die oog op vorstelike families, gildes of anderstalige minderheidsgroepe. "Merkwaardig is overigens dat een van de oudste kategoriale gemeenten die ik in de canones vinden kon betrekking had op een kerk van slaven (Toledo III, 589, can. 15). Een basisgemeente uit de 6de eeuw?" (Weijland 1984:14).

4.1.7.2 Die geografiese beginsel by die Reformasie

Die reformatore het die gebruik van geografiese gemeentes wat oor die eeue in die Rooms Katoelike kerk ontwikkel het, sonder kritiek oorgeneem. Trouens, die parogiale stelsel is teologies geregverdig deur die reformatore (Littikhuis 1992:43-48).

Calvyn het die territoriale benadering gemotiveer deur pastorale oorwegings en dit "nimmer tot een zaak van confessionele zuiverheid gemaak" nie (Littikhuis 1992:68 [voetnoot]; vgl. Van 't Spijker 1990:155). Sy pastorale motief blyk duidelik in die volgende aanhaling: "Het eerste is, dat de stad in een aantal parochies verdeeld wordt⁵⁹. Omdat zij immers, behalve dat zij zeer veel inwoners telt, ook is samengesteld uit een grote verscheidenheid van verschillende volkeren, zal de bediening daarvan altijd zeer verward zijn, als het volk niet nauw betrokken is op zijn herder, en de herder wederkerig op het volk. Dat nu zal het geval zijn, als men die verdeling heeft doorgevoerd" (Calvyn aangehaal deur Littikhuis 1992:43).

Luther met sy *twee ryke leer* het geen probleem daarmee gehad dat die parogie en die regsgebied van die keurvorste saamval nie. In Duitsland was die beleid net na die Reformasie dat elke vors "self besluit watter vorm van godsdienst in sy gebied sou oorheers ... Hierdie beginsel van '*cuius regio, eius religio*'⁶⁰ sou die 'godsdienstige kaart' ... bepaal" (Cloete 1986:62,63; Vgl. Pirson 1965::52-59,78).

Luther en Calvyn se bedoeling oorspronklik was dat die gemeente binne bepaalde grense die enigste plaaslike kerk sou wees (vgl. Jonker 1964:3). Verskille in leer en liturgieë wat opgeduik het, het later aanpassings in hierdie verband genoodsaak (Weijland 1984:18-22).

⁵⁹ "Parogie" kan hier dui op 'n wyk of 'n gemeente - elk met 'n eie leraar of herder.

⁶⁰ 'n Fatale stelreël volgens Abraham Kuyper (Kuyper 1883:46).

4.1.7.3 Twee beginsels (persoonlike keuse en - belydenis / woonplek) naas mekaar

Die Nederlandse gereformeerde vlugteling in Londen het hulle in 'n situasie bevind waar hulle nie vanuit die geografiese beginsel 'n gemeente kon wees wat die enigste plaaslike kerk was nie. Hulle moes ook versigtig wees om die vreemde owerhede en ook die kerke in Londen, nie die indruk te gee dat hulle lede van die inheemse kerk daar sou wegrokkel nie. Onder leiding van A Lasco het hulle 'n kerkorde opgestel waarin die geografiese beginsel nie 'n rol speel nie en waarin die nagmaal die eintlike gebeurtenis is waar kerklidmaatskap sigbaar word. "Wij spreken publiekelijk uit, dat wij in onze kerken van geen andere Nederlanders de Dienaren zijn, dan van diegenen die belijdenis van hun geloof hebben afgelegd en zich uit eigen beweging en vrijwillig aan de kerkelijke tucht hebben onderworpen, aldus A Lasco" (Littikhuis 1992:50). Nuwe lede is eers toegelaat tot die nagmaal nadat hulle "uitvoerige examinering hebben ondergaan en belijdenis hebben afgelegd" (Littikhuis 1992:51). Daarna is hulle name in 'n register aangeteken waarby ook hulle woonadres vermeld is.

Oor die doop was die bepaling dat alleen kinders van diegene wat deur openbare belydenis tot die gemeente toegetree het, se kinders gedoop sal word (Littikhuis 1992:51).

In die Londense vlugtelinggemeente was die deurslaggewende beginsel waarvolgens lidmaatskap gereël is, die *persoonlike keuse en belydenis* van die persoon wat lidmaat wil word (Littikhuis 1992:50,54). Littikhuis noem hierdie benadering tot gemeentevorming die *verenigingsmodel* (Littikhuis 1992:63).

By die konvent van Wezel(1568) is die geografiese beginsel gehandhaaf deur te besluit op die indeling van die gemeente in wyke. In elke wyk is 'n ouderling verantwoordelik vir weeklikse besoeke aan die lidmate van daardie wyk. Daarby is die classis, wat ook 'n territoriale eenheid ('n *paroecia*) was, ingestel deur die Wezelse konvent (Littikhuis 1992:60,61). Die sinode van Emden het Nederland ingedeel en geografiese gebiede aan klassisse toegewys. Die volgende aanhaling uit artikel 42 van die Emdense sinode is veelseggend: "De Dienaren ende Ouderlinghen der Classen die onder 't Cruys zijn, zullen in allen Steden ende Dorpen onder haren Classe, ofte daer omtrent ghelegghen, naerstelijck ondersoecken ende vernemen nae den ghenen, die tot de reyne Religie geneghen zijn, om de selve tot haren schuldigen plicht te vermanen. Derhalven sullen sy poghen,

Kercken, ofte ten minsten beginselen der Kercken te vergaederen; Ende om sulcx te beter na te comen, soo sullen de Classen alle die naest-gheleghen Steden ende Dorpen onder haer verdeylen, op dat niet versuymt en werde (de Latijnse versie geeft hier: 'ne quid negligatur')" (Littikhuis 1992:61). Hierdie benadering tot gemeentevorming noem Littikhuis die *territoriale* model (Littikhuis 1992:63) terwyl daar aan die ander kant gepoog is om tog die beginsel van belydenisaflegging meer sentraal te stel.

In die besluit om die gemeente of stad in wyke te verdeel, is daar aangesluit by die *Ordonnances Ecclesiastiques* wat in Calvin se gemeente in Genève gefunksioneer het (Coertzen 1989:17). Daar die kerkorde het met die stadswyke gewerk (Pont 1981:29) en bepaal dat 'n verteenwoordiger van die stadswyk met die leraar en ouderling op besoek moes saamgaan om al die mense in sy wyk aan te wys sodat niemand die ondersoek sal vryspring nie (Pont 1981:42).

Die *Disciplines Ecclesiastique* van 1559 (Pont 1981:50-54) het ook die territoriale beginsel gehandhaaf. Dit kom na vore in artikel 9 wat bepaal dat 'n "dienaar" van een kerk nie in 'n ander kerk kan preek sonder die toestemming van die "dienaar" van die plaaslike gemeente nie (Pont 1981:51; vgl. Kerkorde art. 10). Verder bevat die *Disciplines Ecclesiastique* geen verwysing na reëlins ten opsigte van die hantering van lidmaatskap of oor die bediening van die sakramente⁶¹ nie.

Die twee "modelle" het 'n spanning in feitlik alle gereformeerde kerkordes veroorsaak. Die territoriale model was die dominerende, maar die persoonlike belydeniskeuse van die verenigingsmodel was tog belangrik. As sintese het die verenigingsmodel sy plek binne die geografiese gemeente rondom die nagmaalgemeenskap en die kiesreg in die gemeente gekry (Littikhuis 1992:67). So het daar *twee kategorieë lidmate* ontstaan. 'n Mens kon aan die gemeente behoort sonder om deel te hê aan die nagmaal of die kiesreg of jy kon deel wees van die "kerngroep" van belydende lidmate wat volle voorregte in die gemeente geniet (Littikhuis 1992:67).

In Nederland het die reformatoriese gemeentes die bestaande parogie-indeling van die Rooms-Katolieke kerk net so oorgeneem nadat die Rooms-Katolieke kerk in 1573 verbied is om in Holland en Zeeland eredienste te hou (Weijland 1984:16).

⁶¹ Behalwe vir 'n verwysing na die tug waar die gebruik van sakramente iemand ontsê kan word in artikel 27.

Abraham Kuyper het in 1883 die territoriale beginsel in die kerkreg 'n skeppingsordening genoem en gesê dat daar net een gemeente op een plek kan wees. Sy sterk klem op die "leerstuk van de autonome plaatselijke kerk" hang hiermee saam (Littikhuis 1992:239). In 1888 het hy uit kerkpolitiese oorwegings toegegee dat daar "twee kerkformaties" in dieselfde gebied kon wees - een afgekeide en een dolorerende gemeente. In 1892 het hy weer teruggekeer na sy standpunt in 1883 (Littikhuis 1992:112,113,127,239).

Vir die oorweging van die beginsels rondom kerklidmaatskap is die vraag of daar wel net een gemeente op een plek kan wees, van groot belang. Dit sou beteken dat die hantering van lidmaatskap hierdie eenheid sigbaar moet maak. In hoofstuk 6 meer hieroor.

Hoedemaker het skerp van Kuyper verskil. By hom het die verbondsmotief die leidende rol gespeel in sy denke oor die gemeente. Teenoor Kuyper stel hy dat die gemeente nie gebou is op die dae van gelowige mense nie, maar 'n openbaring van God se verbondshandelinge is. Daarom is die kerk veelvormig, beweeglik en het 'n oop struktuur met territoriale vryheid. Kerklike eenheid lê nie in dwingende verband tussen territoriale gemeentes nie, maar in "*het broederlijke geestelijke gesprek zoals dat in een classis gevoerd wordt*" (Littikhuis 1992:241). In reaksie op Kuyper se opmerking na aanleiding van die doleansie dat "nu 'Jan Rap en zijn maat' achterblijven in de Hervormde Kerk" het Hoedemaker gesê: "Godlof! Van nu aan behoort ik bij Jan Rap en zijn maat" (Littikhuis 1992:123). Hierdie opmerking van Hoedemaker dui op 'n meer oop benadering tot lidmaatskap - iets wat by Noordmans ook duidelik word wanneer hy praat oor die skare-motief by die kerk (Noordmans 1984:197, 213, 246).

Littikhuis dui die volgende motiewe aan in die historiese ontwikkeling van die territoriale beginsel: die pastorale motief, die juridiese motief, politieke motief, 'n kerkpolitiese motief [Kuyper], skeppingsteologiese motief [Kuyper] en verbondsteologiese motief [Hoedemaker] (Littikhuis 1992:70-130).

4.1.8 Kollegialisme

Die term kollegialisme word op verskillende maniere verstaan en gebruik in die kerkreg-debat in Suid-Afrikaanse kerke van Nederlandse oorsprong. Die standpunte van bv. Jonker (1964:4-8), Du Toit (1959:3), Smit (1985:57-62), Du Plooy (1989:2-6), Van Wyk (1989:159,162), Pont

(1990:466) en Spoelstra (o.a. 1984:24) bevestig dit. Dit word soms gebruik om diegene wat kerkregtelik 'n ander standpunt inneem mee te etiketteer. Spoelstra se uitspraak: "Die Skrif noem nooit soos die kollegialiste onder ons 'n eenheid van afsonderlike en verskillende gemeentes 'kerk' nie" (1984:24), is 'n voorbeeld hiervan.

Kortweg word hier aanvaar dat kollegialisme verwys na 'n siening van die kerk waardeur die feit dat Christus sy kerk plant en self daarin regeer en daaraan vorm gee, ontken of onderwaardeer word (vgl. Jonker 1964:4-8; Du Plooy 1989:2,4). Die implikasie daarvan is dat die kerk gesien word as 'n oorkoepelende vrywillige (Van Wyk 1989:159) vereniging van mense wat rondom 'n bepaalde geloofsbelydenis groepeer (Schlaich 1969:14; Smit 1985:57, Spoelstra 1984:28), waar die subjek van gesag die hele kerk is (Schlaich 1969:15), die sinode as die hoogste gesagsliggaam beskou word en gemeente as takke van die oorkoepelende organisasie gesien word (Smit 1985:58). Die sigbare en onsigbare kerk word geskei (Schlaich 1969:65,66; Du Plooy 1989:6).

In die geskiedenis van die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika het hierdie denkrigting 'n groot rol gespeel. Die Algemene Reglement van 1824 en die hersiening daarvan in 1842 is sterk beïnvloed deur die 1816 se "Algemeen Reglement" wat koning Willem 1 uitgevaardig het in Nederland (Kleynhans 1974:119-123).

Die 1842-kerkorde begin deur lidmaatskap van die kerk te omskrywe:

"1. To the Dutch Reformed Church belong all who upon profession of their faith have been admitted as members, such as have been baptized in the Dutch reformed churches as such as have been acknowledged in other countries as belonging to the reformed church and have settled in this country provided this have been made to appear by proper proofs and certificates of their baptism and membership.

2. These continue to belong to the reformed church as long as they have not voluntarily and distinctly declared themselves to have separated or for lawful reasons have been separated from it" (Aangehaal deur Pont 1991:263).

Dit word veral uit die tweede artikel duidelik dat die kerk homself verstaan het as 'n vrywillige organisasie en dat die klem sterk op die individu se vrywillige besluit om by die kerk aan te sluit of te bedank (Pont 1991:264).

Nog 'n voorbeeld van die invloed van die kollegialistiese denke in die geskiedenis van die Ned Geref Kerk kan gesien word in 'n episode wat in 1923 begin het. In 'n hoofartikel op 26 Desember 1923 maak die redakteur van *De Kerkbode* beswaar teen die standpunte wat P.J.S. de Klerk in sy proefskrif *Kerk en Sending in Suid-Afrika* inneem en vereenselwig hom met 'n standpunt van S.P. Engelbrecht wat deur De Klerk afgewys word (De Klerk 1923:113): "De Algemene Kerk vormt één ondeelbaar geheel, waarvan geen plaatselike gemeente zich kan afscheiden" (Engelbrecht 1920:13) en "Men is in de eerste plaats lid der Kerk en uit kracht daarvan lid van 'n biezonder gemeente" (Engelbrecht 1920:108, Kerkbode 1923:1757).

Hieroor het 'n hewige polemieek ontstaan waarin prof. B.J. Keet die standpunt van De Kerkbode as kollegialisties uitgewys het. "Hoe word 'n mens lid van die Kerk (in die algemeen) en uit krag daarvan lid van 'n besondere gemeente? Dien die Sinode dan die doop toe of neem hy belydenis van geloof af? ... " Oor die die opmerking van De Kerkbode dat die kerk 'n ondeelbare geheel is skryf Keet: "Kan daar in die Kerk van Christus ooit sprake wees van dwang? Besef u nie, dat u hier sowel as in die eerste geval, heeltemal op Rooms-Katholieke of Kollegialistiese standpunt staan nie?" (Keet 1924:218).

Die polemieek is voortgesit deur Botha (1924:251-252), Pienaar (1924:250) en Van der Merwe (1924:250) met Keet (1924:281-282) wat weer gereageer het. Na aanleiding van hierdie polemieek het die kuratorium met prof. Keet in gesprek getree oor sy beskouinge nadat hulle die "indruk ontvang" het dat hy die kerkreg nie doseer volgens die gangbare opvatting van die kerk en die "Wette en Bepalinge" nie. Die saak is uitgepraat en die kuratorium verklaar in De Kerkbode van 2 Desember 1925: "dat er geen verschil bestaat in tussen de opvatting van Dr. Keet over ons Gereformeerde Kerkrecht en die welke bij ons algemeen gangbaar is, en dat hij 't standpunt in onze kerklike wetten en bepalingen neergelegd, hartelik onderschrijft" (Kerkbode 1925:1610).

In 1935 se tweede helfte het 'n sekere "Bekommerd" 'n polemieek aan die gang gesit met 'n reeks briewe onder die titel "Die twee rigtings van Calvinisme" (Kerkbode 1935[2]:637e.v.). Die twee rigtings waaroor hy dit gehad het, was die meer 'evangeliese' rigting van die Ned Geref Kerk en die rigting wat hy die 'enkel Gereformeerde' rigting noem. Sy bekommernis was dat daar heelwat druk op die Ned Geref Kerk geplaas word om meer soos die enkel gereformeerdes te word. In hierdie debat kom daar heelwat sieninge na vore wat die invloed van kollegialisme op die denke van die tyd laat blyk.

4.1.9 Samevatting

Uit die kort historiese verkenning blyk dit dat die volgende faktore 'n duidelike invloed het op die verstaan van lidmaatskap in die kerk:

- 4.1.9.1 Die eie karakter van die Christelike gemeente wat hom onderskei het van die sinagoge en die vrywillige vereniging. Hierdie onderskeiding het veral te doen met die sentraliteit van die verlossing in Jesus Christus, verbondenheid aan die Woord van God, die afwesigheid van etniese en sosiale eksklusiwiteit, die rol van liefde en onderlinge sorg vir mekaar, die charismaties bepaalde gemeentestruktuur, die totale aanspraak van God op die gemeentelid se lewe en die afwesigheid van die besnydenis as voorvereiste.
- 4.1.9.2 Die ontwikkeling van die geestelikes/leke onderskeiding het die volle uitlewing van die gelowiges se diensverantwoordelikheid in die gemeente belemmer. Hoewel die Reformasie die priesterskap van die gelowiges beklemtoon het, en geleer het dat daar nie een amp belangriker as die ander is nie, is dit tog 'n vraag of die beginsel van die priesterskap van die gelowiges tot sy volle konsekwensies uitgewerk is in die inrigting van die kerk.
- 4.1.9.3 Die Didaché het klem gelê op die doop, die nagmaal, die behandeling van vreemdelinge en die gedrag van die lidmate in onderskeiding van die ongelowiges. Die inhoud van die Didaché laat 'n mens vermoed dat die gemeenskap waaroor dit gaan 'n vermenging van Judaïsme en die Christendom was.
- 4.1.9.4 Daar is eenstemmigheid oor die stelling dat daar nie buite die kerk enige saligheid is nie, maar oor die interpretasie daarvan was daar in die geskiedenis verskille.
- 4.1.9.5 Die verhouding tussen die doop, kategese, konfirmasie, nagmaal en lidmaatskap het deur die loop van die eeue verander. Daar was drie fases in die hantering van die kerklike onderrig, doop en nagmaal: (1) Die tydperk toe die doop dadelik na belydenis van geloof in Jesus Christus bedien is. Toegang tot die nagmaal en voortdurende onderrig het gevolg (Hand. 2:38-42; 10:44-48; König 1986:14-18; Theron 1994:298). Die orde was dus normaalweg: doop → nagmaal en deurlopende onderrig (2) Daarop volg die tydperk met die

orde: onderrig → doop → nagmaal. (3) Die derde orde was: doop → onderrig → konfirmasie of belydenis van geloof → nagmaal. Die onderskeiding tussen belydende lidmate en dooplidmate hang ten nouste hiermee saam.

Of hierdie proses in die kerkgeskiedenis ontwikkeling of verval beteken, is 'n belangrike vraag en nie eensydig te beantwoord nie. Die toetrede van persone uit die heidendom tot die geloofsgemeenskap, die doop van kinders, die ontwikkeling van die transsubstansiasieleer en 'n magiese beskouing van die doop het op verskillende stadia in die geskiedenis 'n rol gespeel.

Wanneer die gemeente as verbondsgemeenskap gesien word, raak dit logies dat alle lede van die verbondsgemeenskap deel aan die sakramente sal hê en voortdurend onderrig word. Tog is dit so dat die belydenisskrifte ten opsigte van die nagmaal selfondersoek en geloof as toegangsvereistes stel (NGB Art. 35; HK vr. 81).

4.1.9.6 Attestate is oorspronklik gebruik om te voorkom dat ongelowige vreemdelinge aan die nagmaal deelneem. Gedurende die tydperk toe die 1816-reglement van die Hervormde Kerk in Nederland 'n sterk invloed op die Suid-Afrikaanse kerkreg uitgeoefen het, het die kerk naas attestate ook van lidmaatsertifikate gebruik begin maak - 'n gebruik wat help vorm het aan 'n kerkbegrip waar die kerk vanuit die kerkverband en nie vanuit die plaaslike gemeente benader word nie.

4.1.9.7 As gevolg van 'n verskeidenheid van dikwels nie-teologiese motiewe het die territoriale beginsel in die kerkgeskiedenis 'n gevestigde deel van die kerkpraktyk geword en is dit ook verhef tot 'n beginsel wanneer daar van lidmaatskap gepraat word. In die gereformeerde geskiedenis het dit gelei tot 'n spanning tussen persoonlike keuse of belydenis van geloof aan die een kant en die geografiese bepaling van die gemeente aan die ander kant. Albei faktore bly behoue in die meeste gereformeerde kerkordes, maar die geografiese beginsel domineer terwyl die persoonlike belydenis gekoppel word aan die onderskeid tussen belydende en dooplidmate.

4.1.9.8 Kollegialisme het veral in die 19de eeu 'n duidelike invloed uitgeoefen op die denke binne die Ned Geref Kerk oor kerklidmaatskap.

4.2 Die huidige praktyk

4.2.1 **Nederduitse Gereformeerde kerk**

4.2.1.1 Wie is lidmate

Daar is drie kategorieë lidmate: belydende lidmate, dooplidmate en ongedoopte kinders van belydende lidmate. Belydende lidmate moet binne die gemeentegrense woon en daar aangeteken wees as lidmate (Nederduitse Gereformeerde Kerk 1982:1436). Dooplidmate is gedoopte kinders van belydende lidmate en ook ander dooplidmate wie se "domisilie in die gemeente is" (Nederduitse Gereformeerde Kerk 1982:1436). Ten opsigte van die ongedoopte kinders word die verbond ter sprake gebring in die 1982-besluit oor wie lidmate is.

Die Kerkorde het nie 'n afsonderlike artikel wat bepaal hoe 'n gemeente saamgestel word nie.

Uit **Kerk en Samelewing** kom die volgende bekende uitspraak: "Geloof in die God van die Heilige Skrif soos dit in die drie Formuliere van Eenheid tot uitdrukking kom, is die enigste voorwaarde om aan 'n Ned Geref gemeente as gemeente van Jesus Christus te behoort. Lidmaatskap van alle Ned Geref gemeentes is oop vir enige gelowige wat die belydenis van hierdie kerk aanvaar ... Die algemene gebruik in die gemeentelike opset is dat gelowiges die Here aanbid en as lidmate ontvang word daar waar vir hulle eie bedieningsbehoefte voorsiening gemaak word" (Nederduitse Gereformeerde Kerk. 1990[2]:36). Geloof en die aanvaarding van die belydenis as uitdrukking daarvan word as die enigste voorwaarde gestel. Bedieningsbehoefte word genoem in 'n paragraaf waar dit nie pas nie. Dit is nie iets wat die toelating tot lidmate bepaal nie, maar die beskrywing van 'n "algemene gebruik" sonder om enige normatiewe waarde daaraan te koppel.

'n Ou bepaling van die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika wat in 1983 a.g.v. die besluit van die Algemene Sinode van 1982 vir die eerste keer beduidend gewysig is sedert 1873, is 'n goeie weergawe van die huidige praktyk in al die sinodale gebiede:

"Tot elke Ned Geref gemeente in die verband van die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika behoort diegene wat binne die gemeentegrense woon, wie se lidmaatskap deur die kerkraad aanvaar is en wat:

1. belydenis van geloof afgelê het;
 2. deur die doop in sy gemeenskap ingelyf is;
 3. as kinders van lidmate deur geboorte tot hom in betrekking staan;
 4. met bewys van doop of lidmaatskap oorgekom het van ander Gereformeerde kerke;
 5. uit ander Protestantse Kerke in ooreenstemming met die kerklike bepalings oorgekom het"
- (Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1979:Bepaling 14.1).

Wanneer iemand wat voorheen aan 'n ander gemeente behoort het, aansoek doen om lidmaatskap by 'n gemeente, oordeel die kerkraad oor so in 'n aansoek in die lig van die volgende oorwegings: of daar aan die bedieningsbehoefte van die persoon voldoen kan word, die beweegredes vir die aansoek, getrouheid aan "leer en belydenis", kennis van die leer van die kerk, lewe, kerklike meelewing en gemeentegrense (Nederduitse Gereformeerde Kerk in Oos-Kaapland 1991:35).

4.2.1.1.1 Belydenis van geloof

Persone wat belydenis van geloof in die gemeente wil aflê moet ouer as 16 jaar wees en ondersoek word om vas te stel of daar 'n behoorlike kennis van die Woord van God is, van die leer van die kerk, die hoofsake van algemene en vaderlandse kerkgeskiedenis, betekenis van die erediens, kerkregering, sekere afwykende beskouinge en die pligte van lidmate (Nederduitse Gereformeerde Kerk van Natal 1992:64). Normale belydenisklaskategese duur 'n jaar (Nederduitse Gereformeerde Kerk van Natal 1992:bepaling 88.1). As iemand toegelaat word tot die ondersoek tot belydenisaflegging voordat so 'n persoon 16 is, is dit 'n "oortreding" waarvoor "kondonasie by die Ring aangevra moet word" (Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1991:bepaling 26.2.2).

Die rol van die belydenisaflegging kom helder onder die lig in die debat oor kinderkommunie. As kinders tot die nagmaal toegelaat word, wat is dan die funksie van 'n verdere openbare belydenis van geloof? Aangesien die deelname aan die nagmaal onder andere 'n toe-eiening van die verbondsbeloftes is, kan daar dan nog gesê word dat die openbare belydenis van geloof met die doop verbind moet word as 'n aanvaarding van die doopbeloftes (Prins 1994:314)? Die aflegging van openbare belydenis van geloof sal al hoe meer die betekenis kry van 'n openbare verbintenis tot die leer van die besondere gemeente en 'n toelating tot die voorreg om tot die besondere amp verkies

te kan word, onderrig te gee in die gemeente, deel te neem aan gemeentestemmings of op een of ander manier leiding te neem in 'n gemeente-aksie.

4.2.1.2 Wanneer lidmate trek

Bepalinge 74 en 75 van die Natalse Sinode (Ned Geref Kerk van Natal 1996) verteenwoordig ook die gebruik in al die afsonderlike sinodale gebiede ten opsigte van die oorplasing van lidmaatskap van een gemeente na 'n ander:

"74.1 Wanneer 'n ongesensureerde lidmaat na 'n ander gemeente van die kerk verhuis en binne ses maande daarom versoek, reik die kerkraad aan hom 'n attestaat uit.

74.2 'n Attestaat is slêgs drie maande na uitreiking geldig."⁶²

74.3 In ander gevalle geskied die oordrag van lidmaatskap deur middel van 'n bewys van lidmaatskap.

74.4 'n Lidmaat wat vir 'n onbepaalde tyd in die buiteland vertoef en wat nie onder tug staan nie, mag aansoek doen om 'n reisattestaat.

74.5 Die bewys van lidmaatskap van 'n persoon wat onder tug staan of teen wie 'n klag ingedien is, word deur die kerkraad direk gestuur aan die kerkraad waar hy hom gaan vestig met 'n begeleidende skrywe wat die volle besonderhede verstrek.

74.6 Die oordrag van lidmaatskap van 'n leraar en sy gesinslede geskied deur die Akte van Demissie wat ook dien as attestaat. 'n Proponent dien sy attestaat in by die gemeente waar hy bevestig word.

74.7 'n Lidmaat wat die kerk verlaat en daarom versoek, word voorsien van 'n sertifikaat met die strekking dat hy tot op die betrokke datum lidmaat van die kerk was.

74.8 'n Lidmaat wat weier om sy lidmaatskap na die gemeente waar hy hom gevestig het, te laat oorplaas, se bewys van lidmaatskap mag deur die kerkraad aangevra word waarna hy as lid-

⁶² Sommige sinodale gebiede bepaal hierdie tydperk op 6 maande (Nederduitse Gereformeerde Kerk van Oos-Transvaal 1991: bepaling 43.1.2, Nederduitse Gereformeerde Kerk van Noord-Transvaal 1991: bepaling 26.12.1.3; Nederduitse Gereformeerde Kerk van Wes-Transvaal 1991: bepaling 26.4.1). Die 1824-sinode het bepaal dat as die tydperk van 1 jaar en 6 weke oorskry word, daar onder andere 'n boete van 1 Riksdalder opgelê sou word (Nederduitsch Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika 1883:18).

maat behandel word, tensy hy te kenne gee dat hy hom van die kerk wil afskei, waarvan sy vorige gemeente verwittig word."

- "75.1 Sodra 'n lidmaat uit 'n gemeente vertrek, verval sy lidmaatsregte in daardie gemeente.
- 75.2 Voordat sy atestaat of bewys van lidmaatskap by die kerkraad van die nuwe gemeente ingelewer is, kan hy daar geen lidmaatsregte geniet nie, hoewel die kerkraad kragtens die kerkverband geroepe is om herderlike sorg aan en toesig oor sulke lidmate uit te oefen.
- 75.3 Kerkrade moet voortdurend en veral by afkondiging van die volgende bediening van die sakramente, nuwe intrekkers oproep om hulle bewyse van lidmaatskap in te lewer, ten einde te deel in die lidmaatsregte."

4.2.1.3 Opmerkings

Die vereistes waarvolgens 'n mens lidmaat word van 'n Ned Geref Kerk, die inhoud van sodanige lidmaatskap en die beëindiging daarvan word kortliks bespreek.

4.2.1.3.1 Vereistes vir lidmaatskap

Die doop, geboorte, geloof, belydenis van geloof, woonplek, kategeese en bedieningspatrone word op een of ander wyse gekoppel aan voorwaardes of vereistes vir lidmaatskap.

4.2.1.3.1.1 Doop

Die doop as teken van die genadeverbond speel 'n belangrike rol by die bepaling van wie lidmate is.

Sadler meen dat die Nederduitse Gereformeerde kerk die doop as inlywing in die gemeente van Christus verstaan. "Lidmaatskap berus primêr dus nie op aansluiting nie, maar op inlywing. Kinders van gelowige ouers word deur die doop in die gemeente ingelyf en word daardeur lidmate van die gemeente" (Sadler 1991:66). Daarom word daar gepraat van *dooplidmate* wanneer daar na gedooptes verwys word wat nog nie belydenis van geloof afgelê het nie.

Sadler is reg as hy sê dat iemand deel van die gemeente word deur inlywing. Dit is egter nie die doop wat mense inlyf in die gemeente nie, maar die doop is 'n bevestiging daarvan dat 'n persoon deur die Heilige Gees in Christus ingelyf is. Die doop wat die inlywing is, is die doop met die Heilige Gees. Daarvan is die waterdoop 'n teken en seël. Die konsep kerkorde van die Verenigde Protestantse Kerk in Nederland beskryf die doop as die *bekragtiging*⁶³ van iemand se inlywing in die Algemene Christelike Kerk (SOW 1994:artikel III). As sodanig word iemand dan in die gemeenteregister aangeteken.

4.2.1.3.1.2 Lidmaat deur geboorte?

Deur **geboorte** kan 'n mens as deel van die gemeente beskou word. Dit moet in dié sin verstaan word dat 'n kind wat uit gelowige (verbonds)ouers gebore word, in die midde van die gemeente gebore is en grootword en as gevolg daarvan deel het aan die heilsweldade wat Christus vir sy gemeente skenk. Die gemeente is die woonplek van God en enigeen wat deel het aan die gemeente, het deel aan die seëninge van God se teenwoordigheid. Trouens, die doop is 'n bevestiging dat 'n persoon reeds aan die gemeente as volk van God behoort.

4.2.1.3.1.3 Geloof

Geloof in die Drieënige God is die enigste voorwaarde vir lidmaatskap van 'n Nederduitse Gereformeerde gemeente gestel (Nederduitse Gereformeerde Kerk 1990[2]:36)⁶⁴. Of hierdie geloof *fides qua* is of *fides quae* (Theron 1985:299), is nie uit die formulering ondubbelsinnig duidelik nie. As lidmaatskap afhanklik gemaak word van die vermoë van die mens om te glo, sou babas uitgesluit wees van lidmaatskap - selfs al sou hulle gedoop wees!

Tog, is dit juis geloof, soos wat dit sigbaar word in die gemeente se belydenis en gehoorsaamheid, wat die kerk onderskei van die res van die samelewing. As die nagmaal buite die geloof om gebruik word, baat dit die gebruiker nie (NGB art. 35). Artikel 35 se verwysing na geloof in hierdie verband sou neerkom op die *fides qua*: "Hy (Christus - JHS) voed en onderhou die

⁶³ Die uitdrukking dat die doop die *bekragtiging* van iemand se inlywing in die kerk is, kom ook by die kerkorde van die Hervormde Kerk in Nederland voor (HKN 1969:61)

⁶⁴ Aanhaling verskyn op bladsy 125

geestelike lewe van die gelowiges wanneer Hy geëet, dit wil sê deur die geloof geestelik toegeëien en ontvang word". So ook is die doop en geloof nou verbonde en roep die doop ook op tot geloof in Jesus Christus.

4.2.1.3.1.4 Belydenis van geloof

Alleen belydende lidmate het toegang tot sekere lidmaatsregte. Belydenisaflegging is 'n amptelike verbondsantwoord op God se genadebewys in die midde van die gemeente waarmee die persoon homself vereenselwig met die gemeente (vgl. Lazenby 1994:206).

4.2.1.3.1.5 Woonplek

Woonplek is 'n vereiste vir lidmaatskap in terme van die 1982-besluit wat hierbo aangehaal is. Die veronderstelling daaragter is dat gemeentes met geografiese grense die normale is.

Hoe sterk die beginsel van gemeentegrense geld binne die Ned Geref Kerk blyk onder andere uit artikel 10 van die kerkorde: "'n Bedienaar van die Woord mag geen ampspligte (Artikel 9) uitoefen binne die grense van 'n ander gemeente sonder die toestemming van daardie kerkraad nie" (Nederduitse Gereformeerde Kerk 1994[1]:3). Hierdie artikel sien die ruimte binne die grense van die gemeente as 'n *regsgebied* waarbinne die kerkraad die finale instansie is wat bepaal hoe en waar die ampsbediening van die kerk plaasvind. Verder veronderstel hierdie artikel ook dat die normale model waarvolgens 'n gemeente ingerig word, 'n geografiese begrensde gemeente is. Dat daar reeds verskeie sogenaamde kategoriale gemeentes binne die Ned Geref Kerkverband bestaan, word deur hierdie artikel geïgnoreer.

In 'n studiestuk wat in erg verkorte vorm voor die Algemene Sinode van 1990 gedien het, is daar gevra vir 'n benadering waarvolgens 'n gemeente se **verantwoordelike gebied** deur gemeentegrense omlin word, maar dat die **lidmaatskap van die gemeente nie tot inwoners van die bepaalde gebied beperk word nie**. Die "verantwoordelike gebied" sou beteken dat dit die geografiese gebied is waar die gemeente verantwoordelik is vir "die bevordering van die Koninkryk op elke terrein, soos byvoorbeeld, sending, evangelisasie, diakonaat, ens" (Nederduitse Gereformeerde Kerk 1990[1]:395).

Na 'n artikel van prof. Johan Heyns in 1991 (Heyns 1991:5)⁶⁵ met die titel "Móét gemeentes geografiese grense hê?" het 'n lewendige polemieek in Die Kerkbode plaasgevind. Die polemieek het getoon hoe dat daar tot op daardie stadium nie regtig prinsipiël gedink is oor geografiese grense nie. Die meeste argumente was uit die praktyk gebore. Geografiese grense is as vanselfsprekend aanvaar dat dit 'n "sentrale konsep in die gereformeerde kerkregtelike stelsel" (Van Vuuren 1992:4) of selfs 'n Bybelse beginsel (Kleynhans 1992:11) genoem is.

Die besluite van die Algemene Sinode van 1994 waarvolgens daar 'n verslapping kom in die grense tussen gemeentes (Nederduitse Gereformeerde Kerk 1994[1]:574) is 'n aanduiding dat daar 'n groeiende ervaring is dat streng afdwingbare gemeentegrense 'n probleem skep in die praktyk. Die besluit is eerder gebore uit praktiese probleme as wat dit gevolg het op 'n prinsipiële besinning oor die saak.

In paragraaf 4.1.7 op bladsye 113 en verder is daar aandag gegee aan die geskiedenis van hierdie gebruik om die geografiese realiteit tot beginsel te verhef as dit by kerklidmaatskap en -grense kom.

4.2.1.3.1.6 Kategese

Artikel 50.3 van die Kerkorde stel kategese as 'n vereiste vir gemeentekinders (dooplidmate) of "alle buitekerklikes wat tot die gemeenskap van die Kerk wil toetree". Die laaste deel die vorige sin sluit aan by die gebruik van die kategumenaat wat nog altyd deel van die kerkgeskiedenis was. Artikel 50.3 raak sowel die toetrede tot die kerk as die inhoud van lidmaatskap.

4.2.1.3.1.7 Bedieningspatrone

Hoewel bedieningspatrone nie as 'n voorwaarde vir lidmaatskap genoem word nie, word dit tog aangedui as 'n belangrike oorweging wanneer daar besluit moet word oor inskakeling by 'n gemeente. Hieroor kan twee standpunte gehuldig word nl. dat dit belangrik is dat die evangelie in die eie idioom van elke lidmaat bedien word. Aan die ander kant kan 'n mens ook dan redeneer dat die mens en sy behoeftes so verhef word tot 'n normerende faktor in die strukturering van die

⁶⁵ Sien Van Rensburg (1991:8), Van Renen (1991:6,7), Van Vuuren (1992:4), Kleynhans (1992:11), Bosman (1992:7) Smuts (1992:7), Du Plessis (1992:7) en Heyns (1992[1]:530-537).

kerk. Om met laasgenoemde gevaar rekening te hou, bly vir die kerk belangrik. Daarmee saam bly dit belangrik dat elke mens die evangelie hoor en die Here aanbid op 'n wyse waarin hy vanuit sy eie persoonlikheid en agtergrond die Here in eie idioom hoor en dien.

4.2.1.3.2 Die inhoud van lidmaatskap

Hier kom onderwerping aan die belydenis en orde van die kerk ter sprake, die dienslewering van lidmate, lidmaatsregte en die toesig deur die kerkraad ter sprake.

4.2.1.3.2.1 Onderwerping aan die belydenis en orde van die kerk

By die aflegging van belydenis, verklaar die lidmaat dat hy in die "belydenis van die leer⁶⁶ tot die einde" sal volhard. Die Ned Geref Kerk van Natal het 'n bepaling 1 wat ook die gebondenheid aan die kerkorde en bepalinge op lidmate betrek (Nederduitse Gereformeerde Kerk van Natal 1992:7).

4.2.1.3.2.2 Diens

Artikel 3 van die Kerkorde meld dat Christus deur die Heilige Gees *al die gelowiges* betrek by die dienswerk van die gemeente. Die implikasie daarvan is dus dat *elke lidmaat* 'n verantwoordelikheid tot *diens* het as deel van die verbondsvolk. Artikel 55 praat van die noodsaak om alle lidmate van die gemeente te aktiveer om "werksaam te wees ten opsigte van die Skriftuurlike opdragte tot opbouing van die liggaam van Christus en die uitbreiding van die Koninkryk van God." So word sending as die "roeping van elke lidmaat" beskryf in Artikel 53.3.

Hierdie dienswerk vind spontaan plaas, maar die kerk het ook die "onvervreembare reg om sy eie lidmate vir bepaalde werksaamhede te organiseer" of te laat organiseer (Kerkorde artikel 55.2).

4.2.1.3.2.3 Lidmaatsregte

Bepalings 74 en 75 van die Ned Geref Kerk van Natal wat gedeeltelik hierbo aangehaal is, verwys na lidmaatsregte. Hierdie regte word deur bepaling 75 gedefinieer as "onder andere die gebruik

⁶⁶ Die Heilige Skrif, die artikels van die geloof en dit wat in die kerk hier geleer word. (Nederduitse Gereformeerde Kerk 1988:79)

van die sakramente; die beklee van kerklike ampte⁶⁷ en betrekkinge; die uitoefening van stemreg waar van toepassing; die indiening van versoeke, besware en klagtes." Daarby sou 'n mens kon byvoeg die reg om deur die besondere ampte bedien te word met die Woord van God, die opsig en tug, en om deel te neem aan die dienswerk in die gemeente (Nederduitse Gereformeerde Kerk van Natal 1996:48).

Fourie (1990:8) wys daarop dat alhoewel die lidmaatsregte in die plaaslike gemeente uitgeoefen word, dit ook die lidmaat se toegang tot die kerkverband raak. As voorbeeld noem hy die reg om by die ring te appelleer in 'n tugsak. Hy noem sake soos ongehinderde erediensbywoning, huweliksbevestiging en die begrafnis van dierbares as lidmaatsregte bykomend tot dit wat alreeds hierbo genoem is. Dat 'n lidmaat op daardie vryheid in die gemeente kan aanspraak maak, is waar. Dit is egter nie net die lidmaat wat daardie vryheid het nie. Die implikasie van sy stelling is dat nie-lidmate en gesensureerde lidmate nie ongehinderd die erediens mag bywoon nie, nie in die huwelik bevestig mag word nie en nie hulle dierbares vanuit die gemeente mag begrawe nie. As dit waar was, sou die gemeente geen missionêre bediening gehad het nie. Die erediens is oop vir enigeen wat dit wil bywoon. Die gemeente sou alleen teen 'n persoon kon optree as sy optrede tydens 'n erediens die erediens so versteur dat dit nie kan voortgaan nie. Die huwelik en begrafnis is tog nie sakramente nie. In die geval van die huwelik sou daar alleen besware teen die bevestiging daarvan kon wees as een of albei van die voornemende egpaar die huwelikswet oortree, as daar egskeiding by betrokke was en die behoorlike kerklike weg nie gevolg is nie, of as hulle nie met volle oortuiging die inhoud van die huweliksformulier kon aanvaar nie. 'n Begrafnis is 'n geleentheid om die Woord van God aan treurendes te bedien ter vertroosting ongeag wie daarom vra. Dit sou nie as 'n soort "lidmaatsreg" geweier kon word aan nie-lidmate nie.

Wes-Kaap het 'n bepaling 26.2.15 gehad wat meld dat vergunning aan 'n lidmaat om sy kerklike voorregte elders te geniet, alleen op die gebruik van die bondseëls betrekking het (Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1991:19). In die lig van die Algemene Sinode se besluit oor die verslapping van gemeentegrense (Nederduitse Gereformeerde Kerk 1994[1]:574) is hierdie bepaling gewysig.

4.2.1.3.2.4 Toesig van die kerkraad

⁶⁷ Vgl. Bepaling 15.10.1 van Oos-Kaap (Nederduitse Gereformeerde Kerk in Oos-Kaapland 1991:29).

Wanneer 'n persoon belydenis van geloof aflê bevestig hy dat hy hom onderwerp aan die opsig en tug van die gemeente (Nederduitse Gereformeerde Kerk 1988:79). Dit is die geleentheid wanneer die gemeente deur die belydenis kan hoor dat so 'n persoon die besef van God se genadewerking bely en die verbondsverantwoordelikheid aanvaar. 'n Belangrike deel van hierdie verbondsverantwoordelikheid is om toe te sien dat medegelowiges opgebou word en nie afdwaal nie (Hebreërs 3:12; 10:24-25). Verder is dit die kerkraad, in besonder die ouderlinge, wat toesig moet hou oor die leer en lewe van lidmate en ook oor die toelating van persone as lidmate van die gemeente. 'n Belangrike deel van hierdie toesig en opbou deur die kerkraad, is die huisbesoek - die Reformasie se antwoord op die bieg (Louw 1980:11; Rossouw 1988:144; Trimp 1990:428).

4.2.1.3.3 Die beëindiging van lidmaatskap

Die Natalse Sinode het 'n bepaling (79.3) wat soos volg lui: "Die lidmate bly aan die gemeente behoort totdat hulle uit eie beweging bedank, of deur tughandeling van die kerk afgesny word, of hulle na die oordeel van die kerk in woord en daad van die kerk afskei en ten opsigte van wie die kerkraad die lidmaatskap formeel as vervalde verklaar het, dit in die erediens laat afkondig het en in die lidmaatregister laat aanteken het" (Nederduitse Gereformeerde Kerk van Natal 1992:59). Hierdie bepaling verwoord die algemene gebruik binne die kerkverband van die Ned Geref Kerk. Daarvolgens is daar drie maniere waarvolgens lidmaatskap beëindig kan word: vrywillige bedanking, afsnyding deur kerklike tughandeling, en die afskeiding deur woord en daad.

Die interessante en vir die doel van hierdie studie 'n baie belangrike feit is dat die verval van lidmaatskap soos hierbo uiteengesit is, nie die verval van die doop inhoud nie. So verklaar artikel 66.1.3 van die Kerkorde (1994): "Wanneer 'n dooplidmaat wat van die gemeente afgesny is, berou toon, word hy toegelaat om belydenis van geloof af te lê sonder om weer gedoop te word."

'n Vraag wat in die lig van die onophefbaarheid van die doop aandag moet kry, is of 'n mens werklik kan ophou om deel van die gemeente te wees. Is die moontlikheid van die beëindiging van lidmaatskap deur bedanking nie maar weer 'n manier van werk met die kerk asof dit 'n vereniging is nie?

'n Verdere opvallende feit is dat wanneer daar gepraat word oor die beëindiging van lidmaatskap, daar nie van die woonplek as 'n faktor gepraat word nie. Die besluit van die Algemene Sinode van

1982 oor wie aan die gemeente behoort (hierbo aangehaal), bepaal dat 'n mens 'n lidmaat is in die gemeente waar jy woon en as sodanig **aangeteken** is. Die implikasie daarvan is dat die vertrek van lidmate na 'n gebied buite die geografiese grense van die gemeente, die lidmaatskap laat verval. Of is hier by Natal 'n lidmaatskapsbegrip te bespeur wat spring tussen lidmaat wees van die kerkverband aan die een kant en lidmaat van die gemeente aan die ander kant? Noord-Transvaal het wel bepaling 26.9.1. wat sê dat 'n persoon se lidmaatskap beëindig word wanneer hy die gemeente verlaat (Nederduitse Gereformeerde Kerk van Noord-Transvaal 1991).

4.2.1.3.4 "Kragtens die kerkverband"?

Bepaling 75.2 van Natal noem dat die kerkraad "kragtens die kerkverband geroepe is om herderlike sorg aan en toesig oor sulke lidmate (wat nie meer lidmaatsregte het nie - JHS) uit te oefen". Lidmate wat nie meer lidmaatsregte het nie, bly nog lidmate in terme van hierdie bepaling. Lidmate waarvan? Dit lyk of die implikasie van die bepaling is dat hulle lidmate van die kerkverband is sonder lidmaatsregte in die gemeente. Dit lyk tog of hier 'n aanduiding is dat daar met 'n dubbele betekenis van lidmaatskap gewerk word.

Wes-Kaap hanteer die saak so: "Sodra iemand vertrek uit 'n gemeente waarvan hy lidmaat is, verval sy lidmaatskap in daardie gemeente waar hy woon" (Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1991:bepaling 1.3.4; 26.2.11). "Alvorens 'n persoon se attestaat of bewys van lidmaatskap by 'n gemeente ingelewer is, kan hy sy lidmaatsregte nie aldaar geniet nie, hoewel hy onder opsig en tug van die Kerkraad staan en sy lidmaatsverantwoordelikhede moet nakom" (Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1991:bepaling 26.12.13). Dit lyk dus of die kerkverband ook in Wes-Kaap se bepalings 'n groot rol speel ten opsigte van die lidmaatskap en dat 'n mens lidmaat sonder lidmaatsregte kan wees.

4.2.1.3.5 Wanneer persone van ander kerkverbande oorkom

Die Algemene Sinode van 1994 het 'n besluit oor riglyne vir die oordrag van lidmaatskap en erkenning van ander kerke na die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) verwys. Tog is daar tussentydse riglyne gepubliseer tot tyd en wyl die ASK sy studie afgehandel het (Nederduitse Gereformeerde Kerk 1994[2]:81-83).

In hierdie riglyne word die volgende "algemene beginsels en oorwegings" gestel: "Geloof in die Drie-enige God, sy openbaring in die Skrif en die verwoording daarvan in die Belydenisskrifte die enigste voorwaarde is om aan die kerk van Jesus Christus te behoort. Daarom is hierdie geloof ook die fundamentele voorwaarde om lidmaat van 'n Ned Geref gemeente te word. Die Kerk moet toesien dat hierdie geloof die regte inhoud het en dat dit opreg bely en uitgeleef word" (Nederduitse Gereformeerde Kerk 1994[2]:81).

Hierdie paragraaf veronderstel dat nie almal wat aan die kerk van Jesus Christus behoort (per implikasie in dieselfde gebied) aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk aldaar behoort nie. Daarom die onderskeid tussen "enigste voorwaarde" en "fundamentele voorwaarde". Verder veronderstel die paragraaf ook dat as iemand nie die "aanvaarde Belydenisskrifte" onderskryf nie, lidmaatskap van die kerk van Jesus Christus nie moontlik is nie. Die verwoording van die openbaring in die Skrif word, vir sover dit 'n vereiste is vir die egtheid van geloof, hier gelykgestel met die inhoud van die belydenis. 'n Opvallende afwesigheid is enige verwysing na die kerk as verbondsvolk van God. Geloof kan alleen binne verbondsperspektief reg verstaan word.

In die res van die riglyne word die "gewone sake" herhaal soos bedieningsbehoefte, motiewe, getrouheid in leer en belydenis, gemeentegrense en kennis van die Skrif en belydenis en die feit dat die hantering van lidmaatskap 'n gemeentelike aangeleentheid is. Oor aansoeke om lidmaatskap binne die Ned Geref Kerkfamilie word ook die standpunte van Kerk en Samelewing herhaal dat die lidmaatskap oop is en dat daar op kerkordelike en verantwoordelike wyse met sulke aansoeke gewerk sal word⁶⁸.

Die tussentydse riglyne werk met kategorieë van kerke en Christelike groepe met verskillende grade van erkenning. In uiterste gevalle word die doop van 'n groep nie erken nie. Groepe wat hier genoem word is die Nuwe en Ou Apostoliese Kerke, die Mormone, Christian Science, Jehovagetuies en "alle sinkretistiese groepe waar Christendom en heidendom sodanig vermeng is dat die evangelie van sy wese beroof is" (Nederduitse Gereformeerde Kerk 1994[2]:83).

Die benadering van hierdie tussentydse riglyn (wat 'n tydelike voortsetting is van die vorige reëling), is onder hersiening. In 'n stuk wat voor die Algemene Sinode van 1994 gedien het, as uitgangspunt aanvaar is en na die Algemene Regskommissie en Algemene Sinodale Kommissie ver-

⁶⁸ Iets wat vanselfsprekend is in enige kerk wat gehoorsaam aan sy Hoof wil wees.

wys is vir finalisering (Nederduitse Gereformeerde Kerk 1994[1]:66-68,560), is die benadering van kategorisering van kerke op grond van belydenisskrifte en Protestantse beginsels laat vaar ten gunste van 'n kategorisering volgens die lyne wat deur die kerkgeskiedenis aangedui is: Gereformeerde kerke, ander Protestantse kerke, die Rooms Katolieke Kerk, die Oosterse Ortodokse kerke (27 van hulle), ander kerkgroepe en laastens sektes en sinkretistiese groepe (Nederduitse Gereformeerde Kerk 1994[1]:67). Die erkenning van die doop word ongeveer gehandhaaf soos by die vorige riglyne, maar daar kom 'n verskil by die hantering van aansoeke om lidmaatskap. Hierdie aansoeke word in alle gevalle so hanteer dat daar gelet word op "punte van verskil in leer en lewe, sodat so iemand die leer van die kerk heelhartig kan onderskryf" (Nederduitse Gereformeerde Kerk 1994[1]:67). In gevalle waar persone uit ander groepe as die eerste twee kom, kan belydenis van geloof na onderrig nodig wees.

In geval van sektes en sinkretistiese groepe moet dit in elk geval so wees. Skriftelike verlof tot die bediening van doop sal aanvaar word van die eerste vier groepe en by kerke uit die vyfde groep wat die verbondsdooop aanvaar. Deelname aan nagmaal kan toegelaat word wat die eerste twee groepe betref en die vyfde groep na 'n pastorale gesprek (Nederduitse Gereformeerde Kerk 1994[1]:67,68). "Die graad en wyse van samewerking sal in elke geval bepaal word deur die graad van ooreenstemming ten opsigte van belydenis, kerkorde, erediens en siening van die Christelike lewenswandel van die betrokke kerk" (Nederduitse Gereformeerde Kerk 1994[1]:68).

Hierdie uitgangspunt van die Algemene Sinode is 'n verbetering op die vorige omdat daar op 'n meer konsekwente manier omgegaan word met die moeilike saak van die verdeeldheid van die kerk. Die verdeeldheid van die kerk kan nooit gemaklik en rigoristies verklaar of bestuur word nie, maar alleen met 'n belydenis van eie sonde (vgl. Nederduitse Gereformeerde Kerk 1994[1]:68 punt 14.4.3) en 'n biddende soeke na die sigbaarmaking van die heerskappy van Christus in sy kerk.

4.2.1.3.6 Die kerkordelike administrasie van lidmaatskap

Attestate, lidmaatsertifikate, dooplidmateregisters en lidmateregisters vorm 'n groot deel van die administrasie van lidmaatskap in die gemeente. Attestate en lidmaatsertifikate vorm verbindings tussen verskillende gemeentes se lidmateregisters - altans so is die veronderstelling. Oor hoe hierdie prosedures veronderstel is om te funksioneer, is daar nie in alle opsigte eenstemmigheid onder die verskillende streeksinodes nie.

Een so 'n saak waaroor daar nie eenstemmigheid is nie, is aan wie die attestaat of lidmaatsertifikaat oorhandig word. Terwyl Natal (hierbo aangehaal) en Noord-Transvaal (Nederduitse Gereformeerde Kerk van Noord-Transvaal 1991:bepaling 26.12.3) byvoorbeeld lidmate aanmoedig om self die inisiatief te neem, die dokumente te ontvang en by die nuwe gemeente in te lewer, is daar meer as een streeksinode (byvoorbeeld Oos-Kaap [Nederduitse Gereformeerde Kerk in Oos-Kaapland 1991:bepaling 26.2.5.3.4] en Vrystaat [Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje Vrystaat 1983: bepaling 4.2]⁶⁹) wat in die voetspore van 'n 1970-besluit van die Algemene Sinode volg wat bepaal het dat die attestaat en lidmaatsertifikaat nie aan die "persone gegee sal word nie, maar aan die kerkrade gestuur sal word" (Nederduitse Gereformeerde Kerk 1970:71,829).

Ten spyte van 'n besluit van die Algemene Sinode van 1974 (Nederduitse Gereformeerde Kerk 1974:142,588) wat die geldigheidsduur van 'n attestaat op drie maande vasgestel het, is daar, soos hierbo aangetoon ook verskil tussen die verskillende sinodes hieroor. Dieselfde besluit het ook bepaal dat wanneer 'n bewys van lidmaatskap "wat ouer is as ses maande na uitreiking, of wat langer as ses maande na die vertrek van 'n persoon uit 'n gemeente uitgereik word" nie aanvaar behoort te word sonder behoorlike ondersoek deur die kerkrade nie. Hierdie besluit kom ook nie in al die streeksinodes se bepalinge voor nie.

Behalwe verskeie bepalinge oor die administrasie van doop- en belydende lidmateregisters is daar ook nog die Argief- en Museumreglement vir die Ned Geref Kerk (Nederduitse Gereformeerde Kerk 1994[2]:177,457) wat tot in die fynste besonderhede beskryf wat, hoe, waar, ingeskryf moet word en wat met al die dokumente en registers gedoen moet word.

Lazenby het bevind: "Alhoewel die sinode betreklik duidelike riglyne in die Kerkorde en aanvullende bepalinge in verband met lidmaatskap gee, is dit opvallend dat daar in die huidige praktyk min daarvan tot hul reg kom" (Lazenby 1994:208). Hy toon aan hoedat hy uit telefoniese gesprekke met registerhouders verteenwoordigende gemeentes uit elke ring in die sinodale gebied van Noord-Transvaal vasgestel het dat daar in die volgende opsigte afgewyk word van die ideaal wat die sinode stel: Lidmaatsertifikate eerder as attestate is die normale dokument in die meeste gevalle waar lidmate van gemeente verwissel. In baie gevalle word die dokumente direk aan die volgende gemeente gestuur uit vrees dat dit sal "wegraak". Selde word daar enige aantekeninge op die lidmaat-

⁶⁹ t.o.v van die lidmaatsertifikaat. Ten opsigte van die hantering van die attestaat is die Vrystaat in ooreenstemming met bv. Natal.

sertifikaat gemaak bv. oor die datum van die persoon se vertrek uit die gemeente. In die meeste gevalle word lidmaatsertifikate en attestate sonder enige navraag of ondersoek aanvaar. Die siening dat gedoopte kinders eers lidmate word by aflegging van belydenis, is nog volop. Die meeste gemeentes het nie 'n kommissie vir die goedkeuring van attestate nie (Lazenby 1994:208-210).

Lazenby kom tot die gevolgtrekking: "Dit is dus duidelik dat die manier wat die sinode bedoel het lidmaatskap in die gemeentes hanteer moet word, nie in die praktyk tans so geskied nie. Dit gebeur ten spyte van die feit dat byna al die registerhouders wat ondervra is, gesê het dat hulle die dokumente volgens die bepalings in die Kerkorde hanteer" (Lazenby 1994:211). Hoewel sy ondersoek net gemeentes in die sinodale gebied van Noord-Transvaal betrek het, is dit waarskynlik veilig om aan te neem dat hierdie tendense baie wyer as net in Noord-Transvaal voorkom.

4.2.1.4 Samevatting

Die geboorte, doop, kategese, belydenis van geloof en woonplek speel 'n belangrike rol in die hantering van lidmaatskap. Bedieningsbehoefte, kerklike meelewing, getrouheid aan die leer en belydenis, kennis van die leer van die kerk speel ook 'n rol in bepalinge en besluite. Lidmaatskap is lidmaatskap tot diens en elke lidmaat het bepaalde lidmaatsregte en staan onder toesig van die kerkraad.

Daar is 'n dubbele administratiewe stelsel wat geld wanneer lidmate van een gemeente vertrek en by 'n ander een aansluit: bewyse van lidmaatskap en attestate. Die herkoms van hierdie stelsels (in paragraaf 4.1.6 op bladsy 112 bespreek) suggereer dat hierdie twee stelsels 'n spanning ten opsigte van kerkbegrip verteenwoordig. Die verskille tussen sinodale gebiede in die hantering van hierdie administratiewe stelsels dui op die feit dat daar nie regtig duidelikheid is oor die teologiese grondslag waarop lidmaatskap hanteer word nie. Die feit dat, soos Lazenby aangedui het, die praktyk ook in baie gevalle verskil van die beleidsbesluite van die sinode, is waarskynlik 'n verdere aanduiding hiervan.

Hoewel dit 'n oorvereenvoudiging is, sou die volgende beskrywing van bogenoemde spanning dalk nie so vergesog wees nie: Die kerkbegrip wat meer na vore kom by die lidmaatsertifikaatstandpunt en -praktyk is dié van die kerk as kerkverband in die eerste plek met die plaaslike gemeente 'n vertakking daarvan. Die attestaat laat die klem meer op die lidmaat se betrokkenheid by en verantwoordelikheid in die plaaslike gemeente val.

4.2.2 Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika (VGKSA)

Die Kerkorde van die VGKSA het 'n Artikel 3 onder die opskrif "Lidmaatskap van die Kerk" waarin geloof as die enigste voorwaarde vir lidmaatskap gestel word. Daarby word genoem dat persone van buite kan aansluit deur belydenis van geloof en lidmate van ander Protestantse kerke kan met attestasie of lidmaatsertifikate lid van die gemeente word. Gedoopte kinders van belydende lidmate is ook kragtens die verbond deel van die kerk, en sal hulle lidmaatskap van die kerk moet "bevestig" deur belydenis van geloof (VGK 1994:2,3).

4.2.2.1 Inhoud van lidmaatskap

Artikels 4 (Die verantwoordelikheid van die gemeente) en 5 (Die dienste in die gemeente) gee 'n aanduiding van wat dit beteken om lidmaat te wees. *Diens aan God en medemens* staan sentraal. In hierdie diens is die "samekomste van die gemeente rondom die Woord van God en die sakramente" die middelpunt (VGK 1994:3). In hierdie samekomste word die gelowiges toegerus om mekaar te dien en versorg ten opsigte van geestelike en liggaamlike behoeftes. Hierdie diens word ook verder geneem deur in die wêreld "God se versoenende en bevrydende handeling" te verkondig, die liefde van Christus uit te leef, geregtigheid te verkondig, lyding te verlig en veral om te sien na diegene wat verontreg word. Die erediens, onderrig, onderlinge en gesamentlike sorg, getuienis op georganiseerde wyse en diens aan "noodlydendes en behoeftiges" word as dienswerk genoem in artikel 5 (VGK 1994:5).

4.2.2.2 Beëindiging van lidmaatskap

Daar word nie in die Kerkorde iets hieroor gemeld nie.

4.2.2.3 Opmerking

Geloof, die verbond en belydenis van die geloof speel 'n belangrike rol by die bepaling van wie lidmate is. Die geskiedenis van die kerke waaruit die VGKSA saamgestel is, het ook ingehou dat velkleur of bevolkingsgroep in die verlede 'n rol gespeel het - veral in die totstandkoming van die onderskeie kerkverbande. Dit word nou deur die Belhar-belydenis geheel en al uitgeskakel.

Dit is interessant dat daar nie baie aandag gegee word aan die agtergrond van persone wat uit ander Protestantse kerke lid van die VGKSA word nie. Dit lyk, op grond van die Kerkorde, asof enige attestaat of lidmaatsertifikaat van 'n Protestantse kerk aanvaarbaar sou wees. Dit kan op die lang duur gevaarlik wees omdat leersuiwerheid bedreig kan word. Daar is groot teologiese verskille tussen Protestantse kerke en dit wil voorkom asof hierdie bepaling ten opsigte van lidmaatskap nie daarmee rekening hou nie.⁷⁰

4.2.3 Reformed Church in Africa

Die Kerkorde maak voorsiening vir lidmaatskap op drie vlakke: Eerstens die belydende lidmate, gedoopte kinders en ander gedooptes wat deur die gemeente as lidmate erken word. Tweedens persone wat met die gemeente geassosieer word. Hulle is die ongedoopte kinders van lidmate "as well as those converts who have been admitted to the catechism". Die derde vorm van lidmaatskap verwys na die toetrede van ander kerke tot die kerkverband wanneer hulle die belydenisgrondslag en Kerkorde aanvaar (RCA 1989:1,2).

Wanneer gemeentede wat vertrek daarvoor vra, word 'n attestaat uitgereik wat hulle die reg gee om by 'n ander gemeente van die kerkverband as lidmate in te skakel. Wanneer daar besware is oor sodanige lidmate se geloof of optrede, of wanneer meer as 6 maande verloop het sedert hulle vertrek, word daar slegs 'n lidmaatsertifikaat uitgereik (RCA 1989:2,24-26).

Evangeliste wat uit die familie van Ned Geref Kerke aangestel word, moet volle lidmaatskap van die gemeente aanvaar (RCA 1989:5).

4.2.3.1 Toelating tot lidmaatskap

Almal wat belydenis van geloof wil aflê, insluitende kinders van die gemeente, nuwe bekeerlinge en ander buitelanders wat lid van die gemeente wil word, moet gekatkiseer word (RCA 1989:9,

⁷⁰ Dis nogal ironies as 'n mens kyk na die voorbladberig in Die Kerkbode van 1 November 1996: "Die onvoorwaardelike aanvaarding van die Belydenis van Belhar deur die Ned Geref Kerk is volgens die Verenigende Geref Kerk (VGK) 'n ononderhandelbare vereiste vir die voortgang van die gesprek oor kerkeenheid" (Kerkbode 1996:1). So 'n standpunt skep juis die indruk dat die leersuiwerheid 'n baie hoë premie het in die VGKSA.

62-62b). Die Heidelbergse Kategismus vorm die basis van die leerplan vir kategese. Katkisanter wat openbare belydenis van geloof wil aflê, moet geestelike rypheid toon, hulle verlossing in Jesus Christus in die openbaar bely en bewys lewer dat hulle gedoop is. Ongedoopte katekisanter word na belydenis van geloof gedoop (RCA 1989:22). Die kerkraad laat persone toe tot die gemeente wat 'n ware geloof het, 'n sekere kennis van die Skrif en die leer van die kerk en nadat hulle positief geantwoord het op die vrae van die formulier vir belydenisaflegging in die teenwoordigheid van die gemeente (RCA 1989:23).

Van persone wat van ander kerke af wil oorkom word verwag dat hulle lidmaatsertifikate van hulle vorige kerke sal voorlê. Die kerkraad oorweeg so 'n aansoek in die lig van "necessary knowledge of faith, doctrine and confession". Waar hierdie vereistes gebrekkig voorkom by die applikant, sal so 'n persoon tot 'n kategeseklas toegelaat word om verdere onderrig te ontvang. Lidmate wat van ander gemeentes in die kerkverband afkomstig is, kry eers lidmaatvoorregte wanneer 'n lidmaatsertifikaat voorgelê is (RCA 1989:25).

4.2.3.2 Inhoud van lidmaatskap

Lidmaatskap is lidmaatskap van die plaaslike gemeente (RCA 1989:115). Lidmate moet pastoraal versorg en beskerm word teen dwaalleer (RCA 1989:9). Die tug, na aanleiding van die voorbeeld in Matt.18 word uitgeoefen wanneer iemand sondig in leer of lewe (RCA 1989:13,80-86). Tugmaatreëls word opgehef in geval van berou, behalwe wanneer daar openbaar gesondig is of godslastering plaasgevind het. In so 'n geval mag die weerhouding van die deelname aan sakramente vir 'n beperkte tyd voortduur selfs na die aanduiding van berou (RCA 1989:13). Lidmate moet geaktiveer word in die evangelisasie- en sendingaksies van die gemeente en daar moet gereeld aan hulle verslag gedoen word oor die stand van die finansies van die gemeente (RCA 1989:9).

'n Belydende lidmaat het die reg om skriftelik beswaar aan te teken teen die verkiesing van 'n persoon tot 'n besondere amp (RCA 1989:29,56). Net ongesensureerde belydende lidmate mag deelneem aan die nagmaal (RCA 1989:62).

4.2.3.3 Beëindiging van lidmaatskap

Wanneer daar geen berou is oor sonde nie - ook na sensuur - kan daar uiteindelik oorgegaan word tot afsnyding waardeur die lidmaatskap beëindig word (RCA 1989:14,23). Wanneer daar na afsnyding berou is, kan 'n persoon weer lid word. So 'n persoon se naam word dan vir twee Sondae afgekondig in die gemeente (RCA 1989:14).

'n Lidmaat verloor lidmaatsvoorregte in 'n gemeente wanneer hy uit die bedieningsgebied van die gemeente vertrek (RCA 1989:25). "Should a member for six months in succession refrains from committing his/her membership responsibilities/duties, he/she loses all membership privileges, and eventually after continuous reprimanding also his/her membership in the RCA" (RCA 1990:2).

4.2.4 Ander kerke met gereformeerde belydenis

4.2.4.1 Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Die Kerkorde van die GKSA het minstens 3 artikels wat lidmaatskap raak naamlik artikels 59, 61 en 82. Dié artikels lui soos volg:

Artikel 59

"Volwassenes deur die doop in die gemeente van Christus ingelyf word en as lidmate van die kerk opgeneem en daarom is hulle verplig om die Nagmaal van die Here te gebruik soos hulle by hulle doop belowe het om te doen" (GKSA 1979:26,27).

Artikel 61

"Tot die Heilige Nagmaal word alléén diegene toegelaat wat volgens gebruik van die plaaslike kerk belydenis van die Gereformeerde godsdienst gedoen het en 'n goeie getuienis van 'n vrome lewenswandel besit. Sonder sodanige getuienis moet ook diegene wat uit ander kerke (van dieselfde kerkverband)⁷¹ kom, nie toegelaat word nie" (GKSA 1979:27).

⁷¹ Hierdie woorde tussen hakies is deur die sinode van 1964 ingevoeg en is tans onder dispuut. Die 1994 Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke het 'n beswaarskrif hieroor vir studie verwys. (GKSA 1994:455)

Artikel 82

"Aan diegene wat uit die gemeente vertrek, moet die kerkraad 'n attestasie (getuienis) van hulle belydenis en wandel saamgee wat deur twee van sy lede onderteken is" (GKSA 1979:31).

Wanneer 'n "lidmaat van die Gereformeerde Kerk" deur 'n sekte gedoop is, word dit beskou as dat hy by daardie sekte aangesluit het en verval sy lidmaatskap van die Gereformeerde Kerk. So 'n persoon moet weer openbare belydenis van geloof aflê voor heropname (GKSA 1979:86). As iemand uit 'n ander "kerkgenootskap" hom by die 'n Gereformeerde Kerk wil voeg, word hy ondersoek oor die "redes vir sy oorkoms" (GKSA 1979:88). Sake oor "bewys van lidmaatskap" word deur die plaaslike kerkraad hanteer. Alle vorige sinodebesluite in hierdie verband is in 1958 herroep (GKSA 1979:94). 'n Bewys van lidmaatskap beteken in hierdie geval dat gesertifiseer word dat 'n bepaalde persoon lidmaat was van 'n gemeente tot op 'n bepaalde datum. "Kollegialistiese tendense het al meer verwag dat sinodes 'lidmaatskap' moes reël" (Spoelstra 1989:457). Terwyl sodanige bewyse van lidmaatskap in die verlede gebruik was "vir opname binne kerke in dieselfde kerkverband" was dit nooit die bedoeling nie en het sinodes hulle ook daarteen uitgespreek (Spoelstra 1989:457).

'n Reisattestaat kan uitgereik word. Dit is slegs 'n getuigskrif aan 'n reisende lidmaat en moet weer ingelewer word na 'n beperkte tyd (GKSA 1979:94,95). As sodanig is 'n reisattestaat dus iets anders as 'n attestaat in dié sin dat dit nie daar gaan om iemand wat by 'n ander gemeente wil aansluit nie.

4.2.4.1.1 Opmerkings

Die verbond, belydenis en woonplek is belangrike maatstawwe vir lidmaatskap. Dit is opvallend dat daar 'n noue verband bestaan tussen lidmaatskap en die gebruik van die nagmaal. Die indruk kan ontstaan dat dit in lidmaatskap om toelating tot die nagmaal as die hoogste doel van lidmaatskap gaan. Sodra lidmate uit 'n gemeente vertrek, verval hulle lidmaatskap en moet hulle aan hand van 'n attestaat aansoek doen om lidmaatskap van 'n volgende gemeente. 'n Attestaat behoort "saamgee" te word wanneer lidmate uit 'n gemeente vertrek. "'Saamgee' wil verseker dat iemand nie deur sy vertrek wat hom as't ware van daardie kerk afsny, kerkloos word nie" (Spoelstra 1989:453).

4.2.4.2 Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Die bekende Artikel 3 van hierdie kerk se Kerkorde bepaal dat die lidmate blankes is wat gedoop is, deur belydenis van geloof lidmate van die kerk geword het of uit ander kerke as belydende of dooplidmate opgeneem is of kinders van lidmate is. Daar word verder op die gevaar van "vermenging van blank en nie-blank vir altwee groepe" gewys en die kerk "wil geen vermenging in sy midde toelaat nie" en "beoog die vorming van ander volkskerke onder die verskillende volks-groepe" (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1993:1,2). Artikel 3 het weer tydens die 1995-sinode ter sprake gekom en toe is 'n verklaring uitgereik wat sê dat hierdie artikel nie 'n filosofiese beginsel verwoord nie, maar 'n praktiese maatreël oor lidmaatskap tref, dat dit 'n lidmaatskapsreëling is en nie bywoning van eredienste reël nie, dat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 'n volkskerk in die midde van die Afrikanervolk is, dat alle ampsdraers opgeroep word om hulle optrede deur die evangelie te laat bepaal en die wesenlike eenheid van die kerk te handhaaf en dat daar in die toekomstige Kerkorde geen "rasmatige" verwysings sal wees nie. Die saak van die volkskerk, waaroor dit in artikel 3 gaan, sal so verwoord word dat "die allesoorheersende verbondenheid van die Nederduitsch Hervormde Kerk aan Jesus Christus en sy versoeningswerk, duidelik sal blyk" (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1995:14,15). Dit lyk of die Sinode homself weerspreek in die vergadering deur eers te sê dat artikel 3 nie 'n filosofiese beginsel verwoord nie, maar bloot praktiese maatreëls tref en dan later te praat van die "saak van die volkskerk waaroor dit in artikel III gaan" (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1995:15).

Die kerkraad is verantwoordelik vir die byhou en bewaring van die registers van doop- en belydende lidmate, die indiening en uitreiking van attestate, die beskikbaarstelling van bewyse van lidmaatskap en doopsertifikate asook 'n jaarlikse sensus (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1993:13).

Die 1995-sinode het ten opsigte van attestate die volgende besluit geneem:

- "* Die gebruik van die attestaat verval. Slegs 'n bewys van lidmaatskap word op aanvraag deur die betrokke funksionaris van die kerkraad uitgereik.
- * Indien 'n predikant of kerkraadslid van oordeel is dat 'n getuigskrif gewens is, kan die predikant of kerkraadslid 'n getuigskrif aan die volgende kerkraad stuur. Indien 'n nuwe kerkraad 'n getuigskrif verlang kan dit van die vorige kerkraad aangevra word" (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1995:9).

As motivering is die "groot onkunde by lidmate en selfs kerkraadslede ten opsigte van die onderskeid tussen 'n attestaat en bewys van lidmaatskap" aangevoer sowel as die feit dat dit "lomp en omslagtig" is om eers by die kerkraadsvergadering goedkeuring ten opsigte van 'n attestaat of bewys van lidmaatskap te verkry (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1995:9).

Daar is ook 'n bepaling (19) oor die wysiging van gemeentegrense. Van die faktore wat in ag geneem moet word is "die kulturele en maatskaplike aard van die gemeentes" en moontlike bevolkingsaanwas (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1993:26).

Die gemeentevergadering speel 'n belangrike rol in die kerklike lewe. Dit is "die vergadering van die geroepe gelowiges binne die grense van die plaaslike gemeente wat saamgevoeg is as openbaring van die liggaam van Christus" (Van Wyk 1989:273). Die kworum van so 'n vergadering word gevorm deur die aanwesige belydende lede wat nie onder sensuur staan nie. Die vergadering het die bevoegdheid en taak om te waak oor die geestelike en stoflike belange van die gemeente. "Die Nederduitsch Hervormde Kerk aanvaar nie die opvatting dat daar 'n amp van die gelowige is nie en aanvaar ook nie dat die besondere ampte van predikant, ouderling en diaken die verbesondering van die amp van die gelowige is nie" (Van Wyk 1989:276). Die priesterskap van die gelowiges word nie gesien as iets wat direk met die amp verband hou nie (Van Wyk 1989:279).

"Omdat die kerkbegrip van die Hervormde Kerk verbondsmatig is, beteken dit dat die doop teken is van die genadeverbond, en dat die primêre vorm van lidmaatskap dooplidmaatskap is. ... Die feit dat dooplidmaatskap nie beteken dat die gemeentes van die Nederduitsch Hervormde kerk oop is vir 'elck wat wils', of dat die kerk deur die wêreld binnegestroom word sodat die verskil tussen die kerk en die wêreld uitgewis word, word duidelik uit bepaling 97, waar die toelating van die nagmaal beperk word tot 'Belydende lidmate van die gemeente wat suiwer in leer en opreg in lewenswandel is, ...'" (Van Wyk 1989:324). "Die identifikasie van Kerk en Verbond kan dus sonder moeite onderskryf word" (Van Wyk 1989:325).

"'n Mens word nie lidmaat van die kerk nie, 'n mens is lidmaat van die kerk" (Van Wyk 1989:337). Jy word as lid van die gemeente gebore.

4.2.4.2.1 Opmerkings

Die verbond, geboorte, belydenis, velkleur, volk, kultuur, maatskaplike omstandighede en woonplek speel 'n rol in die bepaling van wie lidmate mag wees met dooplidmaatskap as die primêre en belydende lidmate wat alleen die voorreg tot nagmaal het. 'n Sensus word aangewend om lidmate te identifiseer. Die priesterskap van gelowiges is 'n konsep wat nie aanvaar word nie.

Dit is interessant dat voorstelle oor die attestaat, die inskrywing van dooplidmate en die vereistes vir lidmaatskap aan die sinode voorgelê is deur 'n "Raad vir sensus en statistiek" (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1995:8-10). Dit skep die indruk dat reëlins rondom lidmaatskap as administratiewe aangeleenthede beskou word en nie as teologiese sake nie. Tog is 'n studie-opdrag oor die betekenis van die doop vir lidmaatskap nie na die Raad vir Sensus en Statistiek verwys nie, maar na die Kommissie vir die Algemene Kerkvergadering met die vooruitsig dat die resultate van die ondersoek aan die Komitee vir die herskrywing van die Kerkwet deurgegee sal word (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1995:126).

4.2.4.3 Gereformeerde Kerke in Nederland

Daar is nie kerkorde-artikels wat spesifiek oor lidmaatskap gaan nie behalwe artikel 58 oor die bediening van doop aan volwassenes, artikel 60 oor die toelating tot die nagmaal en artikel 63 wat oor attestasie gaan.

In artikel 58 word gesê: "Volwassen dopelingen worden door de doop als leden in volle rechten bij de christelijke gemeente ingelijfd. Zij zijn daarom geroepen het avondmaal van de Here te vieren en zullen dit bij hun doop beloven" (GKN 1983:III-Art.58-1).

Artikel 60 stel as vereiste vir die toelating tot die nagmaal die volgende: belydenis van geloof in ooreenstemming met die gereformeerde leer en 'n godvresende lewe. Persone uit susterskerke kan op grond van "een goede attestatie" oor leer en lewe toegelaat word (GKN 1983:III-Art.60-1).

Attestate oor leer en lewe word uitgereik na afkondiging in die gemeente. Ook kinders wat nog nie belydenis van geloof afgelê het nie, word daarop vermeld. Die attestaat word deur die voorsitter en skriba van die kerkraad onderteken. Artikel 63 gaan voort: Aan de kerkeraad van de betrokken gemeente zal tijdig bericht worden gezonden. Indien een lid dat nog geen belijdenis van het geloof heeft afgelegd, besluit te verhuizen naar een andere plaats, zal een attest aan de

betrokken kerkeraad worden gezonden met het verzoek, dit lid onder zijn opzicht en tucht te nemen (GKN 1983:III-Art.63-1).

4.2.4.3.1 Opmerkings

Bo en behalwe die "gewone" gereformeerde gebruik dat doop, belydenis van geloof, godvresende lewe en bedieningsgebied as vereistes vir lidmaatskap gestel word, is die gebruik om die gemeente na wie se gebied 'n lidmaat vertrek (selfs 'n dooplidmaat), te laat weet, iets wat dui op 'n verstaan van lidmaatskap wat verskil van byvoorbeeld dié van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Daarmee hang ook saam die bepaling dat 'n attestaat direk aan die ander kerkraad gestuur kan word in geval van 'n dooplidmaat.

4.2.4.4 Hervormde Kerk in Nederland

Artikel II beklemtoon die genadeverbond wanneer daar oor lidmaatskap gepraat word en dui die lidmate aan as diegene wat belydenis van geloof afgelê het, "zij wier inlijving in de gemeenschap der Kerk is bekrachtigd door de Heilige Doop; en zij, die uit Hervormde ouders zijn geboren" en verder diegene wat van ander kerke af na die Hervormde Kerk oorgekom het (HKN 1969:11).

Wanneer 'n persoon van een gemeente na 'n ander trek, word 'n verklaring vereis waarin gemeld word dat so 'n persoon 'n "lidmaat der Kerk" is en dat daar geen tugmaatreëls op hom toegepas word nie. So 'n persoon kan wel as gas tot die nagmaal toegelaat word as die attestaat nog nie ontvang is nie (HKN 1969:165).

Buitengewone wyksgemeentes kan geskep word indien "bijzondere overwegingen van pastorale aard" daartoe aanleiding gee. Die grense is dieselfde as die van die sentrale gemeente⁷². "Tot een buitengewone wijksgemeente behoren die leden der centrale gemeente, die sich hebben doen inschrijven in een door het college van kerkvoogden voor die wijksgemeente bij te houden bijzonder ledenregister, in welk geval de stembevoegdheid van de in dat register ingeschreven - zolang deze inschrijving van kracht blijft - in de wijksgemeente binnen welke grenzen zij hun domicilie hebben, word opgeheven" (NHK 1969:61).

⁷² Wanneer meer as een leraar 'n gemeente bedien, kan wyksgemeentes gevorm word. Die wyksgemeentes saam vorm 'n sentrale gemeente (NHK 1969:58)

Die Hervormde Kerk wil volkskerk wees waaronder Dingemans verstaan dat dit veral twee dinge beteken: kerk vir die *hele volk*, 'n kerk wat hom solidêr voel met die Nederlandse volk en tweedens dat die kinders wat uit Hervormde ouers gebore is, deel van die gemeente vorm (Dingemans 1987:37).

4.2.4.4.1 Opmerkings

Lidmaatskap van die gemeente en die Nederlandse Hervormde kerkverband word naas mekaar gebruik as sinonieme. Daarom word daar ook gepraat van mense wat na die Hervormde Kerk oorgekom het.

"Die saak oor die sogenaamde geboortelede beklemtoon dat 'n mens van jou geboorte af lid van die kerk is, met ander woorde, dat die kerk voorafgaan aan die lidmaat. 'n Mens is van geboorte deel van die kerk; dit word bevestig deur die doop en voltooi deur die aflê van die belydenis, sodat die geboortelid volle lid van die kerk word. Dit is bevestiging van die verbond as reële en empiriese basis van die kerk. Tog gebeur dit tans in Nederland dat geboortelede dieselfde voorregte gebruik as volle lede. Dan word geboorte die enigste grond vir lidmaatskap en nie meer die verbond nie" (Van Wyk 1989:217).

Die reëling ten opsigte van die vorming van 'n buitengewone wyksgemeente met dieselfde grense as die sentrale gemeente, bring die saak van bedieningsbehoefte en kategoriale gemeentes op die voorgrond.

Die ander gebruike lewer nie iets nuuts op nie.

4.2.4.5 Reformed Church in America

Hierdie kerk maak onderskeid tussen "communicant and non-communicant members" (The Reformed Church in America 1983:21) en die raad van ouderlinge is die enigste liggaam wat mense tot die nagmaal kan toelaat en wat lede van die gemeente se lidmaatskap aan ander kerke kan oordra. Persone kan alleen in die volle gemeenskap van die gemeente opgeneem word as daardie persone 'n belydenis van hulle geloof afgelê het voor die raad van ouderlinge of 'n vorige belydenis beves-

tig of met 'n bevredigende "certificate of transfer" van 'n ander evangeliese kerk oorkom (The Reformed Church in America 1983:20).

As 'n lidmaat vir 'n jaar nie deelgeneem het aan die genademiddele (veral Woordverkondiging en nagmaal) nie, kom sy naam op 'n "inactive list", tensy daar goeie rede vir sy optrede was. So 'n persoon word van die besluit in kennis gestel en vir 'n volgende jaar aktief bearbei om hom terug te wen. As die bearbeiding dan nog nie vrug gedra het nie, kan so 'n persoon se lidmaatskap beëindig word (The Reformed Church in America 1983:21).

Lidmate wat uit die gebied van die gemeente wegtrek word aangemoedig om oordragsertifikate te kry om by ander gemeentes aan te sluit. Buitelandse sendelinge kan ook van die plaaslike gemeente lid wees.

Lidmaatskap word in die volgende gevalle beëindig: oordrag na 'n ander gemeente, wanneer 'n persoon by 'n ander gemeente aangesluit het sonder om 'n oordragsertifikaat aan te vra, as vrug van 'n tugprosedure, langdurige "inactive status", afsterwe of wanneer 'n lidmaat leraar van 'n ander gemeente word (The Reformed Church in America 1983:21).

4.2.4.5.1 Opmerkings

Die onderskeid "communicant" en "non-communicant" is ongeveer dieselfde as die belydende- en dooplidmate-onderskeiding wat gebruik word in die meeste Afrikaanse Gereformeerde Kerke. "Non-communicant" hoef egter nie dooplidmate te beteken nie, maar kan ook ongedooptes insluit. Belydenis van geloof is 'n sentrale vereiste vir toelating tot lidmaatskap. Aktiewe deelname is 'n voorwaarde vir voortgesette lidmaatskap. Hoewel gemeentegrense nie duidelik genoem word nie, is dit duidelik en logies dat 'n gemeente 'n bepaalde bedieningsgebied het waarbuite dit nie meer prakties moontlik om lidmate sinvol te bedien nie. Woonplek speel dus steeds 'n rol in die besluit oor lidmaatskap.

4.2.4.6 Christian Reformed Church in America

Vier kategorieë persone kan tot "communicant membership" toegelaat word: gedooptes, belydende lidmate van ander Christian Reformed gemeentes, belydende lidmate "coming from churches in

ecclesiastical fellowship⁷³" en persone van ander kerkverbande. 'n Sertifikaat of verklaring van lidmaatskap is nodig wanneer mense van 'n ander gemeente of kerkverband as lidmate aanvaar wil word. Die kerkraad ondersoek die motiewe, leer en gedrag van sulke persone voordat hulle toegelaat word. Hulle name word dan aan die gemeente voorgehou vir approbasie voordat hulle formeel toegelaat word (Christian Reformed Church 1987:265).

Lidmaatskap kan beëindig word wanneer 'n persoon na 'n gebied trek waar daar nie 'n gemeente van die Christian Reformed Church is nie of wanneer 'n lidmaat (doop of belydend) vir 'n tydperk van 2 jaar "fails to attend and support the congregation". Die gronde wat hiervoor aangegee word, is die feit dat lidmaatskap sowel voorregte as verpligtinge behels en dat lidmaatskap verbeur kan word wanneer die verpligtinge daaraan nie nagekom word nie. Die lidmaatskap verloor betekenis as 'n persoon so totaal onaktief is en die verbeurdverklaring van die lidmaatskap is eintlik net die amptelike bevestiging van 'n toestand wat reeds bestaan. So 'n stap het nodig geword omdat te veel kerke die waarde van lidmaatskap van die sigbare kerk ignoreer of verwerp. Dit is ook 'n manier om 'n persoon se naam van die lidmaatlys te verwyder sonder om 'n oordeel uit te spreek van die lidmaat se "relationship to the church universal" (Christian Reformed Church 1987:292,293).

Op die "Transfer of Membership"-sertifikaat is daar ruimte om die betrokkenheid by kerklike aksies in te vul sowel as 'n afskeurkwitansie wat aandui dat die sertifikaat ontvang en erken is (Christian Reformed Church 1987:372). Drie sinodebesluite gee ook insig in die hantering van die oordrag van lidmaatskap: "A member who moves shall not be admitted as a member into another congregation until his membership transfer has been received there" (*Acts of Synod 1914, p. 69*). "A member having requested his consistory to give him a testimony as to his membership remains a member of his church until his letter of membership has been accepted by the consistory of the church with which he desires to affiliate himself" (*Acts of synod 1936, p. 51*). Membership transfers containing information about conduct or discipline shall generally be accepted with the understanding that the proper ecclesiastical course is to be pursued. In exceptional cases consistories shall act

⁷³ 'n Lys van Gereformeerde kerke van oor die hele wêreld deur die sinode geïdentifiseer as kerke met wie 'n daar 'n besondere band bestaan. Dit is interessant dat in 1987 die Ned Geref Kerk nie een van daardie kerke was nie, terwyl die Ned Geref Sendingkerk, Ned Geref Kerk in Afrika, Reformed Church of Africa en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wel deel van die lys was.

according to their best judgement (General Rules of 1881, Art 64)" (Christian Reformed Church 1987:289).

4.2.4.6.1 Opmerkings

Motiewe, leer en gedrag speel 'n belangrike rol in die oorweging van lidmaatskap. Aktiewe deelname is weer eens 'n vereiste vir voortgesette lidmaatskap. 'n Onderskeid word hier gemaak tussen lidmaatskap van die **universele kerk** en lidmaatskap van die **plaaslike of sigbare kerk**. In die administrasie van oordrag van lidmaatskap word groot sorg gedra dat 'n persoon onder die aandag van die vertrekkende gemeente bly totdat daar behoorlike reëlins getref is vir die oordrag van sy lidmaatskap.

'n Opvallende saak is ook die moontlikheid om besonderhede oor inskakeling by gemeenteaktiwiteite te vermeld op die lidmaatskap en ook die antwoordstrokie wat deur die ontvangende gemeente teruggestuur moet word aan die gemeente wat die oordragsertifikaat uitgereik het.

4.2.4.7 Presbyterian Church of Southern Africa

Dié kerk skryf sy ontstaan en voortbestaan aan die werk van God deur die krag van die Heilige Gees toe. Die doel van die kerk is om getuie te wees van die Evangelie van verlossing in Jesus Christus teenoor almal wat nog nie glo nie, en om diegene wat reeds glo, op te bou in die geloof, hoop en liefde en om die soewereiniteit van God oor die wêreld te verkondig. "It is catholic in that God of his love calls all people to share in its membership" (PCSA 1992:1) en die kerk sien homself as "a branch of the holy catholic Church, and maintains the liberty of all members of the holy catholic Church to worship as and where their conscience directs" (PCSA 1992:1).

Deur die doop in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees, word mense toegelaat tot lidmaatskap van die kerk. Diegene wat as suigelinge gedoop is, sal aangemoedig word om openbare belydenis van geloof af te lê nadat hulle onderrig is (PCSA 1992:1). Diegene wat openbare belydenis van geloof afgelê het, word tot die "Roll of Members" toegelaat (PCSA 1992:6). "The life of its members is lived by faith in God and sustained by the ministry of the Word and Sacraments" (PCSA 1992:1).

Die doop in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees is nie herhaalbaar nie. "A member of any branch of the holy catholic Church may be accepted as a member of this Church on production of satisfactory proof of membership" (PCSA 1992:1) "and his/her name may be placed on the Roll of Members after such instruction and profession as may be required" (PCSA 1992:6).

Toegang tot die nagmaal is oop vir alle lede van die kerk, insluitende gedoopte en gelowige kinders wat deelneem "at the discretion of the Session after application by their parents or sponsors" (PCSA 1992:2).

Die kerkregering is Presbiteriaans en ten opsigte van die kerkverband "link together the several Congregations as organic members of one body for the glory of God" (PCSA 1992:2). Die gemeente het die wetlike status (in die burgerlike reg - JHS) van 'n vrywillige assosiasie van lede "having perpetual succession and power to own and hold property (immovable, movable and incorporeal) in its own name independently of its members as well as power to sue and be sued in its own name" (PCSA 1992:5).

Die gemeente is 'n "constituent member" van die ring (Presbytery) en is 'n eenheid van die Kerk "when it adopts in proper form the Constitution of the Congregation ... and is formally recognised by the Presbytery of the bounds" (PCSA 1992:5).

"Enrolled" lidmate het stemreg in die gemeentevergadering. Diegene van ander kerke wat om aanvaarbare redes verhoed word om in hulle eie gemeentes deel te neem, mag "associate members" word en met die regte en verantwoordelikhede van "enrolled members". "The name of an enrolled member who manifests indifference to the work and worship of the Church may be removed from the Roll by decision of the Session and the member shall be so informed, but only after the Session shall have communicated with him/her in an effort at restoration to active membership" (PCSA 1992:6). As 'n "enrolled member" die gemeente verlaat, sal op versoek 'n "Certificate of Transfer" uitgereik word (PCSA 1992:6).

Die "enrolled members" het die reg om 'n versoek tot die "Session" te rig oor enige saak wat sy geestelike welsyn of dié van die gemeente raak en ook die reg om oor besluite van die kerkraad te appelleer by die ring (PCSA 1992:7).

Oor die tug bepaal die kerk onder andere: "Discipline is necessary to protect the honour of Christ and the witness of his Church, to help those who go astray to repent and be restored, and to discourage others from being tempted by bad example. ... No member of the Church or of any Church body may resort to secular legal proceedings concerning matters dealt with in this chapter before the matter has been dealt with by the Church authorities" (PCSA 1992:75). Tug word uitgeoefen deur vermaning, bestraffing, skorsing⁷⁴, ontslag uit die amp, of skrapping van die lidmaatlys (PCSA 1992:75).

4.2.4.7.1 Opmerkings

Die klem op die verbintenis van die Presbiteriaanse Kerk met die heilige, katolieke kerk is opvallend. Die bewussyn wat dit bring van die res van die kerk van Christus op aarde laat 'n vryheid dat gelowiges kan aanbid "as and where their conscience directs" (PCSA 1992:1). In hierdie stuk is daar geen element van kompetisie met ander kerke nie.

Daar is ook geen verwysing na geografiese grense van gemeentes nie. Dooplidmate kan ook deelneem aan die nagmaal en die onderskeid in voorreg tussen "enrolled members" en die ander lede lê eerder in die kerkregering as in deelname aan liturgiese aktiwiteite. "Associate membership" is 'n vorm van tydelike lidmaatskap.

4.2.4.8 Presbyterian Church in America

In hoofstuk 1 van die Presbyterian Church se Kerkorde word die volgende stelling oor lidmaatskap gemaak: "The members of this visible Church catholic are all those persons in every nation, together with their children, who make profession of their faith in the Lord Jesus Christ and promise submission to His laws" (Presbyterian Church in America 1982:par. 1-3).

Daar word onderskeid gemaak tussen "communing members" wat stemreg het in die gemeentevergadering (Presbyterian Church in America 1982:par 25-1) en "noncommuning members of the Church" wat as lede van die verbond en deur geboorte lidmate van die kerk is (Presbyterian Church in America 1982:par. 6-1). "Communing members" is diegene wat gedoop is, belydenis afgelê het en toegelaat is tot die nagmaal. Hulle is tot al die voorregte en regte van lidmaatskap toegelaat.

⁷⁴ Opskorting van lidmaatsvoorregte

Soos by sy Suid-Afrikaanse naamgenoot, het hierdie kerk 'n vorm van tydelike lidmaatskap "associate membership". "Such believers may become associate members of a particular church without ceasing to be communicant members of their home churches" (Presbyterian Church in America 1982:par 46-4). So 'n reëling kom ooreen met 'n reisattestaat.

Lidmate wat uit die gebied van die gemeente trek, het self die verantwoordelikheid om 'n "certificate of dismissal" te kry en by 'n ander gemeente aan te sluit. As so 'n sertifikaat nie bekom kan word nie, kan bevredigende getuigskrifte ook gebruik word. Ook in hierdie kerk is daar 'n reëling dat 'n lidmaat se lidmaatskap beëindig kan word as hy vir 'n jaar lank onaktief was in die gemeente nadat 'n bepaalde voorgeskrewe prosedure gevolg is wat nou aansluit by die bekende gedeelte in Matt.18:15-17 (Presbyterian Church in America 1982:par 46-5 en 27-5).

4.2.4.9 Opmerkings

Afkoms ten opsigte van nasionaliteit speel geen rol by lidmaatskap nie, maar wel in die huisgesin in dié sin dat kinders ook as deel van die gemeente beskou word. Belydenis van geloof en 'n belofte van onderwerping aan die wet van die Here is belangrike vereistes vir lidmaatskap. Klem word ook gelê op die toelating tot die nagmaal. Die benaming "associate members" kom nie normaalweg voor by ander gereformeerde kerke nie. Die bedieningsgebied speel ook 'n rol by lidmaatskap en aktiewe deelname in die gemeente is weer eens 'n vereiste vir voortgesette lidmaatskap.

4.2.4.10 De Verenigde Protestantse Kerk in Nederland

Hierdie kerk bestaan nog nie, maar daar is onderhandelinge aan die gang wat, as die ideaal daarvan realiseer, tot gevolg sal hê dat hierdie kerk die voortsetting is van die Nederlandse Hervormde Kerk, die Gereformeerde Kerke en die Evangelisch-Lutherse Kerk in Nederland (SOW 1994:artikel II).

4.2.4.10.1 Wie behoort aan die gemeente?

Diegene wie se inlywing in die Algemene Christelike Kerk (SOW 1994:13) bekragtig is deur die heilige doop en wat as sodanig ingeskryf is as lid van die gemeente. Die gedooptes word geroep

tot verantwoordelikheid in die midde van die gemeente deur openbare belydenis van die Naam van Christus. Daar is dus doop- en belydende lidmate. Die gemeente behou kragtens die verbond 'n besondere band met die ongedoopte kinders van lidmate sowel as van ander wat blyke gee van verbondenheid met die gemeente (SOW 1994:artikel III). Ruimte word gelaat vir geografiese, kategoriale en "mentale" gemeentes (SOW 1994:13). Dit behels dat daar onderhandelinge sal moet plaasvind waar gemeentes dieselfde geografiese gebied deel oor wie watter persone bedien.

4.2.4.10.2 Inhoud van lidmaatskap

Die gemeente is geroep tot diens aan die Woord van God wat na vore kom in die prediking, viering van die sakramente, openbare erediens, missionêre arbeid, diakonaat, herderlike sorg, geestelike vorming en alle ander arbeid tot opbou van die liggaam van Christus.⁷⁵ "Alle leden van de gemeente zijn geroepen en gerechtigd hun gaven aan te wenden tot vervulling van de opdracht die Christus aan de gemeente geeft" (SOW 1994:artikel IV). Die gemeente is steeds besig om in sy getuienis deur woord en daad daaraan gebonde om "te bewegen in de weg van haar belijdenis" (SOW 1994:artikel I.9). Die opsig funksioneer tot eer van God, bewaring van die gemeente en behoud van "hen die dwalen" (SOW 1994:artikel XII.1). Daar bestaan maatreëls om die tug "in het uiterste geval" toe te pas (SOW 1994:21). Dit dui waarskynlik op afsnyding.

Lidmate is betrokke by kerkraadsbesluite in die opsig dat die kerkraad geen besluite kan neem oor aangeleenthede wat van wesenlike belang is vir die gemeente sonder om die gemeente daarin te ken en hulle aan te hoor nie (SOW 1994:artikel VI.5). Dié wisselwerking is in die lig van die "hernieuwde aandacht voor de charisma in de gemeente" (SOW 1994:15) belangrik sodat lidmate, in wie die Gees van God ook werk, volgens hulle gawes kan deelneem aan die opbou van die gemeente.

Elke kerkraad bepaal saam met die gemeente hoe lidmate vir die gebruik van die nagmaal voorberei moet word en of alleen belydende lidmate aan die nagmaal mag deelneem (SOW 1994:artikel IX.3). Geloofsbelydenis word afgelê om die doop te ontvang of te beaam (SOW 1994:artikel XI.7).

⁷⁵ Volgens die verduideliking beteken opbou van die liggaam nie "binnekerkelijk" nie. Die gemeente se "selfbestaan" en "in de wereld gesteld zijn" kan nie van mekaar losgemaak word nie (SOW 1994:14).

4.2.4.10.3 Ekumeniese gerigtheid

Die feit dat die kerk gestalte is van "de ene heilige katholieke of algemene christelike kerk" kom twee keer in die kerkorde voor (SOW 1994:artikels I,XVI). In die lig daarvan word daar aktief gesoek na kerkvereniging waar daar ooreenstemming in belydenis en kerkorde is en nouer betrekking met kerke waar daar besondere bande van belydenis of geskiedenis is. Deur missionêre en diakonale arbeid wil die kerk 'n verskil maak in die wêreld (SOW 1994:XVI).

4.2.4.11 Afrikaanse Protestantse Kerk

Die subtitel van hierdie kerk se naam "'n Gereformeerde kerk vir Christus onder blanke Afrikaners" (APK 1992:9) sê al klaar dat ras, blankes, een van die deurslaggewende toelatingsvereistes tot lidmaatskap van hierdie kerk is. Hierdie vermoede word bevestig deur artikel 3: "Net blanke Afrikaners, asook ander Blankes wat hulle met blanke Afrikaners vereenselwig, wat die saligmakende geloof in Christus het (Rom. 10:9-10), wat die belydenis, leer en Kerkorde van die Afrikaanse Protestantse Kerk onderskryf, kan saam met hulle kinders lidmaatskap van 'n plaaslike kerk (gemeente) verkry" (APK 1992:9). Lidmaatskap word verkry op een van twee maniere: deur aflegging van belydenis van geloof of deur 'n attestaat of bewys(verklaring) van lidmaatskap (APK 1992:10). In albei gevalle moet die ouderlingevergadering dit goedkeur. As die attestaat of bewys van lidmaatskap deur 'n ander gereformeerde of "Gereformeedgesinde" kerk uitgereik is, moet daar twee lidmate van AP kerke getuienis lewer oor so 'n persoon voordat die aansoek deur die ouderlingevergadering goedgekeur kan word (APK 1992:10). Immigrante van gereformeerde belydenis word "met attestasie ontvang nadat die vereistes van die Kerkorde met betrekking tot lidmaatskap nagekom is" (APK 1992:46).

'n Attestaat kan net binne drie maande na vertrek aangevra word en is vir drie maande geldig. Daarna word dit as bewys van lidmaatskap hanteer (APK 1992:10). Belydende lidmate wat onder sensuur is en vertrek uit die gemeente ontvang 'n attestaat met 'n inligtingsbrief aan die volgende gemeente se ouderlingevergadering (APK 1992:10,11). "'n Belydende lidmaat wat hom/haar in 'n volgende gemeente vestig, maar weier om sy/haar attestaat of bewys(verklaring) van lidmaatskap aan te vra of in te dien, moet deur **daardie** ouderlingevergadering aangemaan word. Indien volhardend geweier word, moet hy/sy as kerkloos geag word (APK 1992:11). 'n Reisattestaat, wat

ook vir binnelandse gebruik geldig is, kan uitgereik word aan mense soos projekwerkers en dienspligtiges (APK 1992:11).

4.2.4.12 Beëindiging van lidmaatskap

Wanneer 'n lidmaat vertrek, bly hy lidmaat tot hy in die nuwe gemeente opgeneem is mits dit binne drie maande gebeur. Na drie maande verval sy lidmaatskap in die gemeente van waar hy vertrek het. Ander maniere waarop lidmaatskap beëindig kan word is deur skriftelike bedanking, wanneer 'n lidmaat aansluit by 'n ander kerkverband of sekte of wanneer die lidmaatskap na 'n tugproses beëindig word (APK 1992:12).

4.2.4.13 Opmerkings

Die gebruike in hierdie kerk herinner baie aan die gebruike van die Ned Geref Kerk van voor 1983 toe verskeie sinodes⁷⁶ nog bepalings gehad het dat alleen blankes lid van 'n gemeente van die Ned Geref Kerk kon wees. Die sonde van die verlede regverdig egter nie 'n voortsetting daarvan nie. Op geen manier kan biologiese onderskeiding tussen mense 'n maatstaf word vir wie lid van 'n kerk mag wees nie. Dit is onbarmhartig en onbybels.

Die verwysing na blanke Afrikaners in die uitdrukking "asook ander Blankes wat hulle met blanke Afrikaners vereenselwig" het waarskynlik politieke konnotasies. Dit klink baie na uitsprake wat baie van politieke verhoë gehoor is veral in die tydperk 1982-1995. Alleen Afrikaanssprekende gelowiges wat eksklusiewe blanke lidmaatskap in die kerk voorstaan, is aanvaarbaar as lidmate [vgl. paragrawe 1.2 en 2.2.1 van die prosedure by die opname van lidmate (APK 1992:56,57)].

4.2.5 Ander kerke

4.2.5.1 Evangelischen Kirche in Deutschland(EKD)

⁷⁶ Byvoorbeeld Natal (Nederduitse Gereformeerde Kerk van Natal 1975:bepaling 31.1) en Vrystaat(Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat, 1975:bepaling 2.1)

Lidmaatskap is lidmaatskap van die plaaslike gemeente en kragtens die kerkverband behoort so 'n lidmaat dan aan "der deutschen evangelischen Christenheit" (Nuyken 1979:327). 'n Mens word lidmaat deur die doop.

Binne die EKD is daar sowel Lutherse as Gereformeerde gemeentes. Hierdie lidkerke het in hulle kerkorde die reëling getref dat elke lidmaat in terme van sy persoonlike belydenisstandpunt kan kies by watter gemeente hy wil inskakel (Nuyken 1979:334).

Uit kerkordeartikels van die EKD van Noord-Elbe blyk verder die volgende: Die lede van die kerk is geregtig daarop dat die Woord en sakramente amptelik aan hulle bedien word. "Die Kirchengemeinde ist in der Regel Ortsgemeinde ... Wenn sich Gemeindeglieder unabhängig von Ortsgemeinden zu kirchlicher Gemeinschaft sammeln, kann dieser (Gemeinde) ... die Rechtsstellung einer Kirchengemeinde zuerkannt werden" (Weijland 1984:42).

Kerkordelike reëlings wat vanaf 1 Januarie 1978 van krag was (Nuyken 1979:237-241), het onder andere die volgende bepaal: Lidmate is gedoopte evangeliese Christene wat woon binne die grense van 'n lidkerk van die EKD. Lidmaatskap is lidmaatskap van die plaaslike kerk, maar kerklike regte kan ook in ander gemeentes van die kerkverband uitgeoefen word. Die lidmaat is deel van die gemeenskap van die Duitse evangeliese Christendom en is kragtens sy lidmaatskap van die plaaslike kerk ook lid van die kerkverband. Lidmate word bedien met die Woord, pastoraat, diakonie en het deel aan die nagmaal (Nuyken 1979:337).

Die Kerkorde bepaal verder ten opsigte van die verantwoordelikhede dat lidmate aan kerklike diens moet deelneem, ook deur ampswerk en die vorming van kerklike diensaksies en bereid moet wees om bydraes te gee. Lidmate is verplig om die gegewens te verskaf wat vir die opdrag van die kerk in die verkondiging, pastoraat en diakonie nodig is om sy taak uit te voer. Ook aan die staat moet hulle meld aan watter kerk hulle behoort (Nuyken 1979:338). Dit hang saam met die invordering van die lidmate se bydrae wat in Duitsland nog deur die staat hanteer word.

4.2.5.1.1 Hoe word jy lidmaat en hoe word lidmaatskap beëindig

Deur die doop word 'n mens lid van die gemeente. "Ein religionsunmündiges Kind, dessen Taufe nicht in einer zu einer Gliedkirche gehörenden Kirchengemeinde stattgefunden hat, erwirbt die

Kirchenmitgliedschaft durch die Erklärung der Erziehungsberechtigten über die Zugehörigkeit des Kindes zu einem evangelischen Bekenntnis gegenüber der nach kirchlichem Recht zuständigen Stelle" (Nuyken 1979:338). Plaaslike kerke besluit self hoe die opname van lidmate uit ander kerke gereël moet word.

Wanneer 'n lidmaat verhuis na 'n gebied wat deur 'n ander lidkerk bedien word, word sy lidmaatskap in die nuwe lidkerk voortgesit. Sy lidmaatskap verval egter sodra hy by 'n ander evangeliese kerk binne die gebied van sy nuwe gemeente aansluit (Nuyken 1979:338). As nuwe intrekkers wat nie aan 'n lidkerk van die EKD behoort nie, wil aansluit, moet hulle verklaar wanneer hulle lidmate geword het van 'n evangeliese kerk en of hulle tot op daardie stadium lidmate van 'n buitelandse evangeliese kerk was (Nuyken 1979:339).

Kerklidmaatskap word beëindig wanneer iemand trek uit 'n gebied waar hierdie kerkorde geld, wanneer 'n lidmaat by 'n ander kerk of godsdienstige gemeenskap aansluit of in terme van die siviele reg sy uittrede uit die kerk verklaar (Nuyken 1979:339). "Bei einem Übertritt zu einer anderen Kirche ... endet die Kirchenmitgliedschaft mit dem Ablauf des Monats, in dem die Übertrittserklärung wirksam geworden ist, jedoch nicht vor dem Beginn der Mitgliedschaft in der anderen Kirche" (Nuyken 1979:340).

Verdere bepalings raak die administrasie van lidmaatsregisters. Daaruit blyk dat daar 'n belydenisaflegging (*Konfirmation*) plaasvind wanneer 'n dooplidmaat ouer as 14 jaar is (Nuyken 1979:341).

4.2.5.2 Evangelical Lutheran Church in Southern Africa

Die lidmate is volwassenes en kinders wat in die kerk ontvang is deur die doop. Lidmate kan tussen gemeentes oorgeplaas word in terme van die regulasies van die kerk. Alle persone wat gedoop is in die Naam van die drie-enige God "and in the recognized manner who have been admitted from other denominations after having been instructed in the Lutheran doctrine and who have expressed their adherence thereto" (ELCSA 1984:17). Die wese van kerklidmaatskap lê in die roeping, uitverkiesing en "incorporation into the Body of Christ, effected by the Word and the holy sacraments" (ELCSA 1984:17). Daarom moet elke lid van die kerk lid van die plaaslike gemeente wees.

Die lidmate moet God aanbid, hulle getrou neerlê by sy Woord, die sakramente gereeld gebruik, die inhoud van die geloof en die leer van die kerk aanvaar en bely, 'n Christelike lewe lei, die groei van die kerk aanhelp, ongelowiges na Christus lei, die reëls en regulasies van die kerk nakom, mekaar se laste dra, en bereid wees om ter wille van die gemeenskap van die gelowiges op te offer, gereelde bydraes gee soos wat die kerk daarvoor besluit en hulle onderwerp aan die kerklike tug (ELCSA 1984:17).

Lidmate is geregtig op geestelike versorging, belydende lidmate mag deelneem aan die nagmaal, "act as sponsors for children who are brought for baptism", deelname aan die beraadslagings in die gemeente, stemreg en appèl teen besluite van die kerkraad (ELCSA 1984:17,18).

Bogenoemde voorregte kan verbeur word tydens die tugproses en "everyone who for two years has not attended church services or has not partaken of holy communion, or has failed to bring regularly all contributions and offerings, loses the right to take active part in deliberations and to hold any office of trust except when valid reasons approved by the congregational council can be shown" (ELCSA 1984:18).

Lidmaatskap word beëindig deur skriftelike bedanking van die lidmaat of wanneer die biskop na behoorlike kerklike prosedure dit beëindig (ELCSA 1984:18).

4.2.5.3 Evangelical Lutheran Church in Southern Africa (Natal-Transvaal)

In die artikels 4 en 5 van die tweede hoofstuk van die "Congregational Constitution" maak hierdie kerk onderskeid tussen "fellowship in the local congregation" (Gliedschaft) en "membership in the legal sense" (Mitgliedschaft)⁷⁷. Eersgenoemde ("fellowship") is gebaseer op die doop wat deur die gemeente bedien is of deur 'n gemeente van 'n susterskerk volgens die Evangelies-Lutherse belydenis. 'n Verdere voorwaarde vir hierdie vorm van lidmaatskap is dat die persoon in die gemeente moet woon. Voltydse personeel van die gemeente is ook op hierdie manier lidmate. "Membership" is gebaseer op "Confirmation". Daarby word stemreg gevoeg sodra die lid 18 jaar

⁷⁷ Die Duitse terme is ter verduideliking aan my verskaf deur ds. G.M. Scriba by die biblioteek van die Lutherse Teologiese opleidingsentrum in Pietermaritzburg.

oud word. Vir hierdie vorm van lidmaatskap moet daar skriftelik aansoek gedoen word by die kerkraad.

Wanneer die lidmaat wegtrek uit die gebied wat deur die gemeente bedien word, verval die lidmaatskap (albei vorms daarvan). Dit kan ook beëindig word wanneer die lidmaat skriftelik bedank of na 2 jaar nie opgespoor kan word nie (ELCSA[N-T] 1991:Artikels 4,5).

In die grondwet van hierdie kerk is die volgende bepaling oor "The Church Membership" wat interessant is: "The members of the Evangelical Lutheran Church in Southern Africa (Natal-Transvaal) are the congregations united within it. Every Lutheran congregation in Natal and Transvaal or in neighbouring areas may become a member of the Evangelical Lutheran Church in Southern Africa (Natal-Transvaal) provided that it is not a member of another church" (ELCSA[N-T] 1991:Seksie 5). Sulke gemeentes moet skriftelik aansoek doen om lidmaatskap en kan ook met opgaaf van redes en 6 maande kennisgewing, bedank. Hulle lidmaatskap kan ook beëindig word wanneer hulle geskors word of ontbind (ELCSA[N-T] 1991: Seksies 6,7).

4.2.5.4 Church of England in South Africa

Hierdie kerk word saamgestel uit "constituent Churches", dogterkerke, streekskerke en nasionale kerke. Oor presies wat elkeen beteken word nie hier uitgebrei nie.

Oor lidmaatskap word daar bepaal dat elke lid van een van hierdie vlakke of kategorieë van kerke *ipso facto* lid van die Church of England in South Africa is (COESA, sj:7). Selfs al sou 'n persoon nie van een van hierdie 4 kategorieë van kerke lidmaat kon word nie, ouer as 18 en gedoop is en deur die Uitvoerende Komitee goedgekeur is, kan so-iemand nog lid van die Church of England in South Africa word. Net lede van die Church of England in South-Africa kan die sinode bywoon en stem (COESA, sj:7).

In die plaaslike gemeentes se konstitusie moet 'n klousule opgeneem word oor lidmaatskap wat bepaal dat die vereistes vir lidmaatskap die volgende is: iemand wat gedoop is en 'n persoonlike belydenis van geloof in Jesus Christus gemaak het, wat die konstitusie van die Church of England in South Africa aanvaar, bo 18 is, nie 'n lidmaat van 'n ander kerk is nie en wat al vir langer as

6 maande "a habitual worshipper of this Church" was⁷⁸ (COESA, sj:19). Die kerkraad moet aansoeke om lidmaatskap goedkeur.

4.2.5.4.1 Inhoud van lidmaatskap

Behalwe dat 'n mens kan aflei uit die artikel oor die tug (sien volgende paragraaf) dat erediensbywoning 'n sentrale verantwoordelikheid van die lidmaat is, word daar nie in baie besonderhede uitgespel wat die lidmaatsregte en -verantwoordelikhede is nie behalwe dat alleen lidmate die reg het om te stem "at any Vestry meeting" of verkies kan word tot 'n amp en/of enige ander liggaam wat deur die kerkraad ingestel word.

4.2.5.4.2 Beëindiging van lidmaatskap

Daar word nie na spesifieke tugprosedures verwys nie, behalwe dat die kerkraad die reg het om 'n persoon se naam te skrap van die lidmaatlys (nadat aan die lidmaat kennis gegee is van so 'n voorneme per geregistreerde pos) wanneer die kerkraad oortuig is dat so-iemand "no longer qualifies to be a member, unless the member has ceased to be an habitual worshipper on account of age or ill-health or any other similar valid reason" (COESA, sj:20).

4.2.5.5 Church of England

"According to this traditional pattern, the Church of England has baptised infants and confirmed teenagers into full membership" (Francis en Lankshaer 1993:64). Hierdie "confirmation" vind plaas op 'n ouderdom van ongeveer 12 jaar en verleen ook toegang tot die nagmaal. By die geleentheid van die "confirmation" vind daar ook 'n "renewal of baptismal vows" plaas (Francis en Lankshaer 1993:65). Die verband tussen die doop en wedergeboorte is in die verlede al heftig gedebatteer in die Church of England en in die 18de eeu het daar 'n sterk klem op regverdiging deur die geloof en in die 19de eeu 'n sakramentalistiese klem na vore gekom (Sykes 1979:395,396).

⁷⁸ Hier word 'n uitsondering gemaak ten opsigte van lidmate van die Church of England in South Africa wat van 'n ander gemeente in dieselfde kerkverband af kom (COESA, sj:19).

Binne die Church of England is daar twee teologiese standpunte oor doop en "the sacrament of confirmation": Die eerste beskou die doop as die "the total and sufficient sacrament of Christian initiation" en daarom kan iemand wat gedoop is toegelaat word om nagmaal te gebruik⁷⁹. Die tweede beskou die doop "as, in some senses incomplete without confirmation". In hierdie geval moet daar eers 'n "confirmation" plaasvind voordat nagmaal gebruik kan word (Francis en Lankshaer 1993:66).

Na 'n empiriese studie oor die veranderende neigings in die bevestigingspatroon in die Anglikaanse kerk kom Francis en Lankshaer tot die volgende vier gevolgtrekkings (Francis en Lankshaer 1993:74v): 1. Daar is 'n konstante vermindering in die aantal "confirmation candidates" - 'n feit wat nie korreleer met die bevolkingsgroei nie. "This reduction in confirmed membership holding communicant status must continue both to erode the prestige and standing of an established national church and to raise questions regarding the possible minority and sectarian future of the Church of England." 2. Die ouderdom van die jong lidmate wat bevestig word, is nie meer net dié van tienerjariges nie. "The view that confirmation is no longer primarily a teenage sacrament leaves an important pastoral vacuum in the church's ministry among this age group" 3. Die tendens is dat al hoe meer volwassenes belydenis van geloof aflê en die kerk sal al hoe meer aandag moet gee aan volwasse kategeese. 4. "... the Church of England is likely to build a stronger future for itself by reasserting confirmation as an adult rite of Christian commitment, rather than as a childhood rite of admission to communion"

4.2.5.5.1 Opmerkings

Hoewel die studie van Francis en Lankshaer feitlik 'n suiwer sosiologiese studie is en ook hulle gevolgtrekkings daarop gebaseer is, is die teologiese onderbou van belang vir hierdie studie. Daar is amptelik twee tipes lidmate nl. dooplidmate en belydende lidmate. "Confirmation" word as 'n sakrament beskou waartydens die doopbeloftes hernuwe word. Die wyse waarop hierdie proses

⁷⁹ In Kanada is daar 'n nuwe "Ritus der Aufnahme in die Gemeinde die Handauflegung einschließen und möglicherweise die Erteilung der Heiligen Kommunion an die neu Getauften. Kinder im Alter von sieben oder acht Jahren oder sogar jüngere können mit Zustimmung der Eltern regelmäßige Kommunikanten sein. Was früher als Konfirmation bezeichnet wurde, wird jetzt wesentlich als eine Erneuerung des Taufgelübdes nach einer angemessenen Vorbereitung verstanden" (Sykes 1979:400).

hanteer word, stimuleer blykbaar nie betrokkenheid by die gemeente nie. Die resultate van hulle studie behoort dalk ook in berekening gebring in 'n debat oor kinderkommunie.

4.2.5.6 Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika

Die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika het ingrypende veranderinge ondergaan in 1995 toe die drie afdelings van die kerk verenig het en die Kerkorde [of Konstitusie (AGS 1995:Bylae 2:1)] as gevolg daarvan heeltemal hersien is. In hierdie eenwording verskuif die klem al hoe meer van sentralisasie na die plaaslike gemeente (AGS 1995:3,4).

In die geloofsbelydenis van die AGS word bely dat "alle mense voor God gesondig het en dit die wil van God is dat alle mense deur geloof saligheid sal ontvang; ons glo in die dooping in die Heilige Gees met die spreke in tale as die eerste bewys. Ook glo ons in die werking van die geestelike gawes en die vrug van die Heilige gees in 'n Christen se lewe. Ons glo dat 'n Christen 'n dissipel van Jesus Christus moet wees wat 'n toegewyde en heilige lewe lei; ons glo dat Jesus Christus die Hoof van die Kerk is; wat saamgevoeg word deur die Heilige Gees en bestaan uit alle weergebore gelowiges. Die Kerk is verantwoordelik vir die verkondiging van en demonstrasie van die evangelie en die wil van God aan alle mense. As 'n gemeenskap van Geesvervulde Christene hou hulle onderlinge gemeenskap, en bou mekaar op; ons glo dat die doop van die gelowige deur onderdompeling en die nagmaal instellings is van Christus en deur die Kerk onderhou moet word" (AGS 1995:Bylae 2:2). Deel van die doel van die kerk is om "persone as lidmate voor te berei en op te neem, voorskrif vir hulle neer te lê en gemeentes te stig" (AGS 1995:Bylae 2:3).

Lidmate word as lidmate van die kerkverband beskou in die eerste instansie en as sodanig lidmate van die plaaslike gemeente.⁸⁰ "Die lidmate van die kerk sal bestaan uit persone wat erkende lidmate van die kerk op hierdie stadium is, en wat bewys lewer van bekering, gedoop is en deur onderdompeling en daarna in die gemeenskap deur die betrokke gemeenteraad, onderworpe aan artikel 1.2 hieronder, opgeneem is." Artikel 1.2 bepaal dan "Niemand sal voortaan 'n lidmaat van die kerk word nie, tensy hy bereid is om 'n doopsertifikaat of 'n lidmaatskapsertifikaat soos deur die Raad insake Leerstelling, Etiek en Liturgie bepaal, te onderteken. Die ondertekening van so

⁸⁰ Die vertaling op die tweetalige aansoekvorm vir doopkandidate is veelseggend : Die Afrikaanse weergawe vra "Vorige Kerkverband" en die Engelse weergawe : "Previous Church Membership".

'n sertifikaat sal vertolk word as 'n onderskrywing van die kerkwette, leerstellings en norme vir lidmate van die kerk soos deur die Raad insake Leerstelling, Etiek en Liturgie bepaal en as 'n onderneming om daaraan gehoorsaam te wees" (AGS 1995:Bylae 2:5). Die verklaring op die aansoekvorm vir doopkandidate lui so: "Ek, die ondergetekende, aanvaar hiermee lidmaatskap van die A.G.S. van S.A., en beloof om my te onderwerp aan die leer en tug van die A.G.S., ooreenkomstig die Woord van God" (Bylae 1 op bladsy 171). Op die aansoekvorm vir doopkandidate (bladsy 171) word ook gevra na die datum en plek van bekering sowel as die datum en plek van die doop met die Heilige Gees. Op die "Lidmaatregistrasievorm" moet die "datum gedoop deur onderdompeling" ingevul word.

Voor 'n *doopkandidaat* gedoop word, word hy ondersoek ten einde vas te stel of hy tot redding gekom het en dit wenslik is om hom te doop. Die doop vind eers plaas nadat die belydenisskrifte en kerkwette in soverre dit sy lidmaatskap raak, met hom in behandeling geneem is en hy verklaar dat hy dit onderskryf en onderneem om hom daaraan te onderwerp (AGS 1995:Bylae 2:6). Wanneer 'n *gedoopte persoon* aansoek doen om lidmaatskap word hy ondervra om vas te stel of hy voor sy doop waarlik tot bekering gekom het en of dit wenslik is om hom as lidmaat op te neem (AGS 1995:Bylae 2:6). Hoewel dit nie in die konstitusie staan nie, is die implikasie hiervan dat as dit sou blyk dat so 'n persoon nie voor sy doop tot bekering gekom het nie, die proses herhaal sou word soos in die geval van die doopkandidaat.

By navraag⁸¹ het dit geblyk dat alleen die doop na belydenisaflegging en deur onderdompeling erken word. Die (kinder)doop deur die gevestigde kerke word nie erken nie tensy dit 'n onderdompelingsdoop na belydenisaflegging was. Geloof moet voor die doop aanwesig wees (Möller 1984:70).

Wanneer 'n lidmaat na 'n ander gemeente vertrek, word 'n lidmaatsertifikaat na die nuwe gemeente oorgeplaas en indien dit onmoontlik is, na 12 maande na die argief gestuur (AGS 1995:Bylae 2:5).

"Afsonderlike groepe lidmate wat reeds in gemeentelike verband georganiseer is, sal as gemeentes bekend staan onder die name soos deur die Uitvoerende Raad by regulasie bepaal ..." (AGS 1995:Bylae 2:7). Die konstitusie maak ook voorsiening vir 'n situasie waar 'n "georganiseerde

⁸¹ Pastoor Willem Botha, AGS, Stellenbosch

groep gelowiges of 'n gemeente van 'n ander kerk" aansoek sou doen om deel van die AGS te word (AGS 1995:Bylae 2:8).

"Die gemeenteraad sal, ingevolge die Konstitusie, lidmate opneem, toesig oor hulle hou, tug oor hulle uitoefen of hul lidmaatskap beëindig" (AGS 1995:Bylae 2:9).

'n Streeksraad het onder andere die verantwoordelikheid om grense van gemeentes binne sy ressort te bepaal "wat geografiese, demografiese en spontane groepering" in ag neem (AGS 1995:Bylae 2:17). Navraag⁸² hieroor het aan die lig gebring dat grense van gemeentes nie behels dat net mense van 'n sekere gebied deel van 'n gemeente kan wees nie, maar dat dit eintlik daarop neerkom dat mense kan inskakel waar hulle dit verkies.

"Die doel van die tug is om:

Die verderf wat tugwaardige sondes meebring uit die geledere van die kerk te verwyder; en

die oortreders deur tugmaatreëls te help om weer in die regte verhouding tot God en sy Kerk te kom" (AGS 1995:Bylae 2:36; AGS 1991:artikel 355).

Daar word onderskeid gemaak tussen gewone wangedrag (AGS 1991:artikel 357) en ernstige wangedrag (AGS 1991:artikel 358). Gewone wangedrag het te doen met sake wat die orde en welsyn van die gemeente raak en ernstige wangedrag met sake soos geweld, oneerlikheid, onsedelikheid, huweliksontrou en kriminele oortredings. Persone wat skuldig bevind is en hulle nie aan die tug wil onderwerp nie, se lidmaatskap kan deur die gemeenteraad ontnem word (AGS 1991:artikel 365). Lidmate kan verplig word om getuienis in 'n tugsak af te lê (voor 'n ondersoekbeampte of die kerklike hof) en as hulle dit weier, kan hulle aan wangedrag skuldig wees (AGS 1991:artikel 395).

"Alleen lidmate wat gereeld die Here se tiende gee, mits hulle 'n eie inkomste het, mag in die gemeenteraad, en enige ander raad van die gemeente dien. Die pastoor en die tesourier het die reg om van die lidmate in die gemeente, sowel as raadslede, rekenskap te vra aangaande die tiende van

⁸² Pastoor Willem Botha, AGS, Stellenbosch

die Here" (AGS 1995:Bylae 4:3). Die gee van tiendes is ook 'n diensvoorwaarde vir pastore en heeltydse werkers (AGS 1995:Bylae 4:4,36).

4.2.5.6.1 Opmerkings

Hier is duidelik 'n afwyking van die gebruik in die gevestigde kerke. Wanneer daar dieper as die oppervlak gekyk word na die gebruike in hierdie kerk, kom dit aan die lig dat 'n Skrifbeskouing, wat met die heilsgeskiedenis op 'n totaal ander manier omgaan as wat dit in die gevestigde kerke gebeur, 'n deurslaggewende rol speel in die kerkbeskouing en hantering van lidmaatskap. By die deurlees van die Kerkorde of Konstitusie kry 'n mens die indruk dat daar in sommige opsigte op die letter van die Bybelteks af gewerk word in sekere gebruike van die kerk en dat daar in ander opsigte sonder gewetenswroeging sekulêre strukture en -taal in die kerk gebruik word. Terme soos "departemente" en "kerkhowe" getuig daarvan. Groot gedeeltes van die konstitusie handel oor die administrasie van die finansies op so 'n wyse dat dit as 'n handleiding vir 'n boekhouer gebruik kan word. Atterbury wys op probleme veral in die hantering van die Ou Testament in die teologie van die Apostoliese Geloof Sending (Atterbury 1993:92-114) waarin hy bevind dat die "AGS se Skrifbeskouing, soos afgelei vanuit sy interpreterende konteks en die status van die Bybel in die AGS, verantwoordbaar is binne die kerklike belydenisse rondom die Bybel", maar dat die AGS "daaraan aandag sal moet gee dat hul Skrifbeskouing ook verantwoordbaar is teenoor die navorsingsresultate rondom die Bybel, en meer spesifiek die Ou Testament as deel van die totale Bybel" (Atterbury 1993:113).

4.2.5.6.2 Hoe word 'n mens 'n lidmaat?

Terme soos "bekering", "wedergeboorte" en "doping met die Heilige Gees" speel 'n deurslaggewende rol. By 'n navraag oor hoe die aansoeker om lidmaatskap "bewys van bekering" kan lewer, was die antwoord dat daar 'n onderhoud met hom gevoer word en hy moet getuienis hê van "'n ervaring met die Here". Die klem op datum en plek van bekering en doping met die Heilige Gees bevestig dat ervaring 'n groot rol speel en in 'n sekere opsig as die basis van 'n mens se geloofslewe (en redding?) gesien kan word.

Die verbond, soos dit in die gereformeerde teologie verstaan word, speel nie 'n rol in die toelating tot lidmate nie. "Incorporation into the covenant of grace, and hence redemption, is a matter of

identification with Christ by faith and conversion (Jn. 1:12,13; 3:16, 18; Acts 2:38-41; 16:31, etc.)" (Möller 1984:76). Die verbond van besnydenis en die verbond van genade word van mekaar onderskei (Möller 1984:77). Tog word kinders ingeseën - 'n aanduiding van aanvoeling dat daar iets gemis word. "The imputation takes place not because babies are considered sinless, but purely as a matter of grace; after all, every divine favour is a matter of grace. Although babies cannot participate in the covenant of grace by a change of heart (the circumcision of Christ), yet the blessing of the covenant of grace is ascribed to them by grace while they are still unable to think; while they cannot yet accept moral responsibility or be compelled by God's Spirit to choose. This ascription of grace of the covenant is therefore a temporary thing" (Möller 1984:81).

4.2.5.6.3 Inhoud van lidmaatskap

Die klem op "dissipelskap" kom sterk na vore in die geloofsbelydenis. In die Konstitusie is daar nie veel besonderhede hieroor gegee nie, behalwe ten opsigte van die gee van tiendes en die tugwaardige sondes. Dit is interessant dat selfs die weiering om 'n wettige bevel (deur die kerkowerheid) te gehoorsaam as "gewone wangedrag" beskou word en as sodanig tugwaardig is. Die feit dat lidmate opdrag kan ontvang om getuienis te lewer voor 'n kerklike hof, bevestig 'n outoritêre styl van kerkregering. Dit tug funksioneer prominent in die Konstitusie.

Hoewel daar van belydenisskrifte melding gemaak word, word hulle nie gespesifiseer in die Konstitusie nie. Daar is wel 'n geloofsbelydenis van enkele paragrawe in die Konstitusie waarvan sommige hierbo (bladsy 166) aangehaal is. Atterbury meld wel dat in die 1957-Konstitusie die belydenisskrifte opgeneem is. Dit bestaan uit die drie ekumeniese belydenisse wat ook in die Gereformeerde Kerke erken word saam met 'n verwerking van die Nederlandse Geloofsbelydenis⁸³ (Atterbury 1993:63).

4.2.5.6.4 Beëindiging van lidmaatskap

Lidmaatskap kan deur tughandeling beëindig word.

⁸³ Artikels 15,16,25,33,34 en 37 is gewysig

4.2.5.7 The Methodist Church

Die hele hoofstuk 3 in *The Methodist Church in South Africa se "Manual of the Laws and Discipline"* (1962) word aan lidmaatskap gewy. 'n Verskeidenheid van sake word behandel waaronder die voorwaardes vir lidmaatskap, die kerklike tug, kategese, sakramente en "love feasts." Hier volg 'n paar aanhalings wat vir die onderwerp van hierdie studie van belang is:

"Membership is not conditional upon the profession of theological tenets, nor dependent upon traditional authority or ecclesiastical ritual. It is based upon a personal experience of the Lord Jesus Christ, wrought by His Spirit ... All persons are welcomed into membership who sincerely desire to be saved from their sins through faith in the Lord Jesus Christ..." (*The Methodist Church of South Africa 1962:10*).

Van sulke persone word dan verwag om deel te word van 'n weeklikse "Class Meeting ... to cultivate ... the fellowship" (*The Methodist Church of South Africa 1962:10*) en na 'n proef tydperk van 3 maande kan hulle toegelaat word tot volle lidmaatskap deur die "Leader's Meeting". Dit word dan by 'n erediens afgekondig en hulle neem dan deel aan die nagmaal. Klem word daarop gelê dat niemand 'n lidmaatskapkaartjie kan ontvang sonder dat die leraar of 'n leier in die gemeente so 'n persoon vir minstens 2 maande ken nie of 'n aanbeveling oor so 'n persoon ontvang het nie (*The Methodist Church of South Africa 1962:13*). Hierdie "lidmaatskapkaartjie" is waarskynlik nog 'n oorblyfsel van 'n gebruik wat Wesley ingestel het: "Wesley gaf aan hen, die hij rijp genoeg achtte, society tickets (vereenigingskaarten), waarop een pakkende bijbeltekst, soms met een anker der hoop, een beschermengel of een andere symbolische figuur, gedrukt was. Deze tickets, welke ieder kwartaal moesten worden vernieuwd, dienden als bewijzen van lidmaatschap" (*Bouwman 1928:279*). So is die "Class Meetings" ook 'n uitvloeisel van 'n gebruik van Wesley, wat in 'n vereniging tot bekering gekom het en in wie se bediening so 'n klassestelsel geskoei op die grondslag van die bestuur van verenigings, 'n sentrale plek ingeneem het.

Die Metodiste in Brittanje noem ook nog die verpligting om aan die sakramente deel te neem, om bydraes te gee en om deel te neem aan een of ander vorm van Christelike diens as voorwaardes vir lidmaatskap (*Methodist 1951:5*).

As 'n persoon wegtrek van die een "Circuit" na 'n ander, ontvang hy 'n "Note of Removal" van die leraar van die "Circuit" vanwaar hy vertrek. Enige lidmaat wat sonder voldoende rede wegbly van die nagmaal, onderlinge byeenkomste en die amptelike eredienste "is regarded as self-excluded from Church Membership" en ná vermanings en herderlike besoeke word hy uiteindelik formeel geskrap van die "Roll of Members" as hulle in hierdie sonde volhard. "No person shall be expelled from membership in the Church till his offence has been proved after trial before a Society Leader's Meeting" (The Methodist Church of South Africa 1962:14,15).

4.2.5.7.1 Opmerkings

Dit is opvallend dat die hantering van lidmaatskap deur die Metodiste Kerk die klem swaar laat val op die persoonlike ondervinding van die voornemende lidmaat, persoonlike betrokkenheid by onderlinge opbou, sakramente, dienslewering en gee van finansiële bydraes en dan ook die begeerte om van sonde verlos te word. Lidmaatskap bly nie vanselfsprekend voortbestaan nie, maar is afhanklik van volhardende inskakeling en die moontlikheid bestaan om jouself uit te sluit van die gemeente.

4.2.5.8 Stellenbosch Baptist Church

Die oorspronklike bedoeling was dat hierdie paragraaf oor die Baptiste Kerk moet gaan, maar na 'n gesprek met die leraar van bogenoemde kerk, het die opskrif verander soos hy nou daar uitsien. Die volgende sake het tydens die gesprek aan die lig gekom: Daar is nie in die kerkverband 'n kerkorde nie; elke gemeente stel sy eie kerkorde op. Die kerkverband (Baptist Union) is nie 'n vergadering wat afdwingbare besluit neem nie - alleen adviserend. Afgevaardigdes van gemeentes stem ook in opdrag van die gemeente oor sake. Daar funksioneer ook geen belydenisskrifte in die kerk nie⁸⁴ en daar is ses "baptist principles" waarop kerkordes van alle Baptiste-gemeentes gebou word: Die "regenerated membership", twee sakramente wat deur die Here Jesus Christus ingestel is nl. onderdompelingsdoop na belydenis en nagmaal, die priesterskap van alle gelowiges, "congregational church government", geloofsvryheid en die skeiding tussen kerk en staat (SBC 1990:1,2).

⁸⁴ Tog word daar 11 punte onder die opskrif "The Church believes : " ingevoeg in die kerkorde (SBC 1990:1)

Die universele kerk is die vertrekpunt vir die verstaan van die plaaslike gemeente: "That the one true Church is the whole company of those who have accepted the Lord Jesus Christ as their Saviour, been redeemed by Him and regenerated by the Holy Spirit, and that the local church on earth should take its character from this conception of the Church spiritual and, therefore, that the new birth and personal confession of Christ are the essentials of church membership" (SBC 1990:1,2). Die plaaslike kerk word gevorm deur gedoopte gelowiges⁸⁵ "who covenant together to form foundation members of the Church" (SBC 1990:3).

4.2.5.8.1 Hoe word iemand 'n lidmaat?

Elke aansoek om lidmaatskap word deur die gemeentevergadering hanteer nadat 'n aansoekvorm ingevul is en 'n onderhoud deur twee gemeentede gevoer is met die applikant. Diegene wat lidmate wil word, moet getuienis lewer van hulle verlossing deur geloof in Jesus Christus. Hierdie geloof word sigbaar bely deur die onderdompelingsdoop. Persone wat lidmate van ander Baptiste-gemeentes was, word aanvaar mits hulle die onderdompelingsdoop ondergaan het, en deur die gemeentevergadering as lidmate aanvaar word. Ook met hulle word daar onderhoude gevoer voordat 'n aanbeveling aan die gemeentevergadering voorgelê word oor hulle aansoek (SBC 1990:3).

König wys daarop dat daar onder die Suidelike Baptiste in Amerika vier sienings is oor die lidmaatskap van babas of kinders wat nog nie gedoop is nie: (1) hulle is glad nie lede van die gemeente nie; (2) hulle is kandidate; (3) hulle is potensiële dissipels; en (4) hulle is groeiende deelnemers (König 1995:82).

4.2.5.8.2 Die inhoud van lidmaatskap

"Under the divine Headship of the Lord Jesus Christ, the final authority and responsibility in all matters touching the life and service of the Church rest with the whole membership" (SBC 1990:3). In hierdie gemeente het elke lid die reg en plig om voluit deel te neem aan die kerkregering deur

⁸⁵ Ds. J.C. Landsdell het in die gesprek gemeld dat daar twee soorte lidmaatskap in Baptiste-gemeentes voorkom nl. oop en geslote lidmaatskap. Die oop lidmaatskap stel nie die belydenisdooop as 'n voorvereiste nie, maar bloot 'n getuienis van verlossing in Jesus Christus. Stellenbosch Baptist Church het 'n stelsel van geslote lidmaatskap.

die gekonstitueerde gemeentevergaderings. Hierdie gemeentevergaderings onder die hoofskap van Jesus Christus, is die hoogste gesagsliggaam in die kerk. "It is fully autonomous and remains so notwithstanding responsibilities it may accept by voluntary association" (SBC 1990:2).

Van die lidmate word die volgende verwag: "Members shall be expected to support the ministry and maintain the fellowship of the Church, especially by prayer, attendance at the services whenever possible, engaging in some definite work in connection with the Church, and conscientious giving as God's provision enables" (SBC 1990:3,4). Verder is dit die besondere voorreg van lidmate om te getuig vir Christus "and to introduce strangers to the Church" (SBC 1990:4).

4.2.5.8.3 Beëindiging van lidmaatskap

Enige lidmaat "in good standing" wat by 'n ander Baptiste kerk wil aansluit, sal 'n brief van oordrag ontvang. Wanneer so 'n lid by 'n ander Protestantse kerk wil aansluit, ontvang so 'n persoon 'n bekendstellings- en aanbevelingsbrief wanneer die kerk daarom versoek. Die diakonaat⁸⁶ het die reg om sulke briewe uit te reik of te weerhou met rapport aan die volgende algemene gemeentevergadering (SBC 1990:4).

Enige lid kan sy lidmaatskap beëindig deur bedanking (SBC 1990:4). Verder kan dit ook gebeur deur die uitoefening van die tug; "The suspension or expulsion of members of the Church shall be resorted to only if there is no evidence of repentance and all efforts to bring about restoration have proved unsuccessful" (SBC 1990:10).

4.2.5.9 Rooms Katolieke kerk

Die Codex Iuris Canonici is die amptelike orde waarvolgens die Rooms Katolieke Kerk ingerig word. Daarvolgens word 'n mens deur die doop in die kerk "ingegliedert". So iemand word beskou as 'n persoon met pligte en regte binne die kerklike gemeenskap (CIC 1984:35[kanon 96]). Die doop is die ingangspoort tot die sakramente. Die ontvangs van die doop of ten minste 'n verlange daarna is vir die heil noodsaaklik. Daardeur word die mens van sonde bevry, tot kind van

⁸⁶ Saamgestel uit die leraar, ouderlinge en diakens met 'n kworum van 4 lede (SBC 1990:7).

God gemaak, word jy onuitwisbaar deur Christus gestempel en in die kerk ingelyf mits die doop geldig bedien is (CIC 1984:401[kanon 849]).

Kanon 98 maak onderskeid tussen kinders (onder 7), minderjariges (tussen 7 en 18) en volwassenes ten opsigte van kerklike regte. Verstandelik verdraagdes word met kinders gelykgestel in Kanon 99 (CIC 1984:35).

Kanon 204: "Gläubige sind jene, die durch die Taufe Christus eingegliedert, zum Volke Gottes gemacht und dadurch auf ihre Weise des priesterlichen, prophetischen und königlichen Amtes Christi teilhaft geworden sind; sie sind gemäß ihrer je eigenen Stellung zur Ausübung der Sendung berufen, die Gott der Kirche zur Erfüllung der Welt anvertraut hat." Volgens kanon 205 staan diegene wat deur die doop sigbaar aan Christus verbind is en ook deur die band van die geloofsbelydenis, die sakramente en die kerklike leiding, in die volle gemeenskap van die kerk. Die kategumene is op 'n besondere manier aan die kerk verbonde omdat hulle deur die Heilige Gees gelei is tot 'n begeerte om in die kerk opgeneem te word. Die kerk gee besondere aandag aan kategumene "während sie diese zu einer dem Evangelium gemäßen Lebensführung einlädt und in die Feier der heiligen Riten einführt, gewährt sie ihnen schon verschiedene Vorrechte, die den Christen eigen sind" (CIC 1984:305).

Die sakrament van konfirmasie skenk aan die gedoopte die gawe van die Heilige Gees en verbind hom nog meer volkome met die kerk. Dit versterk hom en verplig hom nog meer daartoe om in woord en daad as getuie van Christus op te tree en die geloof uit te brei en te verdedig (CIC 1984:401).

Volgens Robert Bellarminus se definisie van die kerk as 'n samekoms van mense (*coetus hominum*) is daar bogenoemde drie elemente wat bepaal wie aan die kerk behoort: belydenis van die ware geloof, deelname aan die sakramente en onderwerping aan die wettige kerkleiers (uiteindelik die plaasvervanger van Christus: die pous) sentraal (Dulles 1987:16, Jonker 1963:70). Pius XII se *Enzyklika Mystici Corporis* van 1943 het die volgende stelling oor lidmaatskap bevat waarin Bellarminus se drie elemente vervat is: "*In Ecclesiae autem membris reapse ii soli annumerandi sunt qui regenerationis lavacrum receperunt veramque fidem profitentur, neque a Corporis compage ipsos misere separarunt vel ob gravissima admissa a legitima auctoritate seiuncti sunt.*" [Alleenlik diegene wat die bad van die wedergeboorte ontvang het, die ware geloof bely en hulleself nie tot

hulle ellende van die struktuur van die Liggaam afgeskei het nie of wat as gevolg van swaar oortredings deur van die wettige owerheid daarvan afgeskei is nie, word tot lidmate van die kerk gereken] (Congar 1979:281; vgl. Hilling 1979:11). Ludwig Ott (1952:358) stel na aanleiding hiervan die drie vereistes vir lidmaatskap as die geldige ontvang van die doopsakrament, die belydenis van die ware geloof en die verbondenheid aan die gemeenskap van die kerk. Die ongedooptes, dwaalleraars ("Apostaten und Häretiker"), skismatiese Christene, en die geëkskommunikeerdes behoort nie aan die kerk nie (Ott 1952:359,360).

4.2.5.9.1 Opmerkings

Die basis vir hierdie lidmaatskap is die doop (Puza 1983:169, Kanon 96) wat nie opgehef kan word nie. Die doop verleen "konstitutionelle Mitgliedschaft" as eerste fase van lidmaatskap (Von Campenhausen 1979:259) wat beperkte voorregte en pligte het. "In voller Gemeinschaft zur katholischen Kirche stehen diejenigen, die mit ihr durch das Band des Glaubensbekenntnisses, der Sakramente und der kirchlichen Leitung verbunden sind(c.205). Sie sind voll Rechtsperson in der katholischen Kirche" (Puza 1983:169).

Daar word 'n onderskeid gemaak tussen die leke en die priesterstand in die kerk. Die leke is belangrik omdat "Christus verlangt nar der Hilfe seiner Glieder, so gewiß diese ohne ihn nichts tun können. Die Glieder sollen mitwirken bei der Ausführung des Erlösungswerkes. ... Der Papst bekennt sich hier also zum Laienapostolat, was aber die Unterordnung der Laien unter die Priester nicht ausschließt" (Von Loewenich 1970:171).

Die Tweede Vatikaanse Konsilie het die vroeëre klem op die kerk as 'n *societas perfecta* verskuif na die kerk as gemeenskap (communio). Lidmaat wees is om deel van hierdie gemeenskap te wees. Jonker wys daarop dat die klem op die eenheid met Christus en die eenheid van gelowiges onderling al hoe meer klem kry in die teologiese debat in die Rooms-Katolieke Kerk. Van die jonger geslag teoloë lê al hoe meer klem op die kerk as organisme teenoor die kerk as organisasie. "Die kerk moet 'n liefdesgemeenskap wees, nie 'n regsgemeenskap nie. Die kerk moet 'n 'Gemeinschaft' wees, nie 'n 'Gesellschaft' nie. Dit lei daartoe dat die lede van die kerk al hoe meer aandag kry" (Jonker 1963:71). Die Tweede Vatikaanse Konsilie het die grense van die kerk nie meer so skerp getrek soos die *Enzyklika Mystici Corporis* nie. Daar word selfs erken dat

Christene buite die Rooms Katolieke Kerk ook tot die liggaam van Christus behoort (Nissiotis 1979:372; Congar 1979:282).

4.2.5.10 Ortodokse kerke

Nissiotis (1979:372,373) verwelkom die groter openheid by die Rooms Katolieke Kerk ten opsigte van die definiëring van die kerk se grense en pleit vir 'n groter universaliteit in die kerk se nadenke oor homself. Die verskeurdheid van kerke (Oos-Wes) is 'n sprekende bewys van die feit dat die vasstelling van wie tot die kerk behoort en wie nie, steeds onvoltooid en van relatiewe waarde is (Nissiotis 1979:367). Vir die Ortodokse Kerke is die skisma "ein Geheimnis, eine Tiefe, einen Abgrund, angesichts dessen man sich in dem theologischen Widerspruch verliert: Die Kirche ist der eine ungeteilte Leib Christi; aber sie kann nur in einem Zustand der Spaltung existieren" (Nissiotis 1979:372).

Die kosmiese aspekte van die versoeningswerk van Christus soos wat dit in Kol. 1:16-17 en Ef. 1:10 tot uitdrukking kom, lei vir die Ortodokse kerke tot "die Ausweitung der Zugehörigkeit zur Kirche zu einer kosmischen Christologie, die durch die Sakramente von einer universalen Dimension ist. ... Nach diesem Verständnis wird das Heil für die Orthodoxie nicht nur und in erster Linie als Vergebung der Sünden ergriffen, sondern insofern es die Inkorporation des gesamten Kosmos in die Kirche auf eine positive Art aufgrund der Tatsache bedeutet, daß das Wort Fleisch geworden ist und daß das Ganze an ihm teilhaben soll in dem Geist" (Nissiotis 1979:377). Papapetrou (1972:115) wys ook daarop dat die Griekse kerkvaders die grense van die kerk positivisties vasgestel het nie, maar in universele perspektief gesien het.

Die vraag na "der Zugehörigkeit zur Kirche" bly in 'n sekere sin onbeantwoord soos wat daar ook 'n diskontinuiteit tussen die amptelike opvatting oor wie lidmate is aan die een kant en die mistiese werklikheid van die kerklike gemeenskap aan die ander kant is. Die nagmaal realiseer en vernuwe die "Zugehörigkeit zur Kirche. Sie ist ihr Anfang, ihr Beginn und zu gleicher Zeit auch ihre Fülle, ihre Vollendung. Wer also die Zugehörigkeit zur kirchlichen Gemeinschaft bricht, der bricht auch die eucharistische Gemeinschaft; denn die Eucharistie integriert das ganze Leben in Christus in dem biblischen Sinne des *ἐν Χριστῷ εἶναι* und, was die orthodoxe Praxis betrifft, das ganze kultische Leben, den Akt des den Glauben Bekennens, den Akt der Buße und der Wiederherstellung der

Gläubigen, ja, die Kirche überhaupt, insoweit in ihr die Gemeinschaft ihren Höhepunkt erreicht" (Nissiotis 1979:380).

Nissiotis kom tot die gevolgtrekking dat daar 'n 'kerklikheid' (*Ekklesialität*) is wat die kanoniese grense transendeer. Hierdie kerklikheid is nie een of ander mistiese realiteit nie, maar word sigbaar en histories konkreet in die sakramente, die dogmatiese geloof, die missionêre en evangeliserende arbeid van die kerk. Elke Christen wat deel van 'n historiese kerk is en in hierdie elemente rus, is ook deel van hierdie kerklikheid (Nissiotis 1979:382).

Die kerk is ontologies een en hierdie eenheid kan op 'n dinamiese wyse in die kerklike lewe uitgeleef word. "Wir gehören als einzelne zu ihr, aber die Kriterien unserer Zugehörigkeit sind objektiv gegeben als die notwendigen Bande des charismatisch-eucharistischen Lebens und der eschatologischen Erwartung, welche die ekklesiale und dynamische Wirklichkeit konstituieren" (Nissiotis 1979:384). Daarom behoort daar verskillende grade van lidmaatskap te wees.

4.2.5.11 Simul iustus et peccator

'n Siening van Papapetrou wat sterk filosofies gekleur is, gaan uit van die waarheid dat die mens tegelyk sonaar en geregverdig is. Hy hanteer die *iustus* egter in sy boek net nie as iemand wat uit genade in Jesus Christus gered is nie, maar eerder in terme van 'n filosofies-etiese onderskeid tussen goed en kwaad. *Peccator* verteenwoordig dan die kwaad en *iustus* die goeie. Terwyl in die lidmate van die kerk die goeie en die kwade terselfdertyd teenwoordig is, is daar in die kerk geen sonde nie. "Im Menschen gibt es beides: das Heilige, d.h. das Kirchliche, und das Sündige, d.h. das NichtKirchliche. Die Kirche aber ist nur heilig" (Papapetrou 1972:105). Die sonaar behoort wel aan die kerk, maar sy sonde is nie deel van die kerk nie. "Die Sünde ist extra ecclesiam, sie ist dort, wo es keine salus gibt" (Papapetrou 1972:106). "Die ecclesia peccatrix ist ecclesia, nur insofern sie nicht peccatrix ist. Insofern sie aber peccatrix ist, ist sie keine ecclesia" (Papapetrou 1972:111). In die gelowige is daar dus kerk sowel as nie-kerk. Hy is *simul iustus et peccator*.

Die onderskeid tussen die sigbare en onsigbare kerk beteken dat die onsigbare kerk dui op die selfvervreemding van die kerk. Die sigbare kerk het as "verskyningsvorm" van sy wese (die onsigbare kerk) vervreem geraak. Tot die sigbare kerk behoort individue wie se sonde nie tot die onsigbare kerk toegereken kan word nie. Die sigbare kerk groei steeds in die rigting van die

onsigbare - van *ecclesia militans* na *ecclesia triumphans*. Die sigbare kerk is net kerk vir sover die wese van die kerk daarin voltrek word (Papapetrou 1972:107). Waarin word die kerk se "sigbaarheid" sigbaar? Lê die sigbaarheid van die kerk net in sy kerkordelike of kerkregtelike vorm? Sou liefde nie ook 'n gestalte van die sigbare kerk kon wees nie (Papapetrou 1972:119)?

Papapetrou vra ook kritiese vrae oor die siening dat die nagmaalgemeenskap die eintlike kerk verteenwoordig. "Sind die Eucharistie und die Gottesgemeinschaft identisch, so ist die Kirche sicher mehr als nur eine Form, etwa die kultische Form der Gottesgemeinschaft" (Papapetrou 1972:124). Die kerk is ook nie maar nog 'n belangegroep in die wêreld nie, maar die waarheid van die mensdom (Papapetrou 1972:125). Die mens se deelname aan die kerk is deelname aan die goddelike openbaring en daardeur en vir sover hy daaraan deelhet, word die mens vergoddelik (Papapetrou 1972:113).

4.2.5.12 Opmerkings

Uit beide Papapetrou en Nissiotis se bydraes is dit duidelik dat 'n alte maklike positivisties-kerkregtelike afbakening van die kerk vreemd is aan die wese van die kerk. Die eenheid tussen die universele kerk en die sigbare kerk of plaaslike kerk lê vir die Ortodokse kerke na aan die hart. Hoewel ons nie met die filosofiese benadering van Papapetrou kan saamgaan nie, is dit goed om te luister na wat hy sê en moet die Westerse Kerke miskien weer 'n slag vir hulleself afvra of daar nie te maklik met die kerk omgegaan word op 'n manier waarin die misterie van die kerk nie tot sy reg kom nie.

Die gedagte van verskillende grade of vlakke van lidmaatskap wat deur Nissiotis genoem word, moet ook oordink word.

4.2.6 Samevattend

In feitlik al die Christelike kerke word die doop as die aanduiding van die inlywing in die kerk gesien. Vir baie kerke is die doop die daad van inlywing. "Die Zugehörigkeit zur Kirche wird durch die Taufe begründet" (Von Campenhausen 1979:258). Die erkenning van drie kriteria vir

lidmaatskap word feitlik in alle kerke aanvaar: die doop, geloof(sbelydenis) en woonplek. Verskille kom na vore in die verstaan van die verbond in betrekking met kerklidmaatskap.

"Presbyterians and Baptists, Lutherans and Catholics do not interpret redemption the same way, and that is a bias which alters the meaning of church" (Lee 1992:176). Hierdie opmerking van Lee is gemaak teen die agtergrond van 'n meer sosiologies-fenomenologiese benadering in die teologie en al sou 'n mens nie noodwendig saamstem met die gevolgtrekking wat hy maak nie, is die waarneming van ernstige verskille tussen kerke waar en beklemmend. Dit onderstreep die belangrikheid van die bede van Paulus in Ef. 3:18: "Mag julle in staat wees om *saam met al die gelowiges* te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek." Dit is van groot belang dat Christene van verskillende tradisies na mekaar sal luister en saam na die Skrif sal luister om dieper insig te kry in die redding wat Christus vir ons bewerk het en so dan ook dieper insig in die wese van die kerk.

4.2.6.1 Toelating tot die nagmaal

By feitlik alle kerke wat bespreek is, is daar 'n noue band tussen lidmaatskap en die gereelde gebruik van die nagmaal. In sommige gevalle lyk dit of gebruik van die nagmaal die hoogste doel van die toelating tot lidmaatskap is. Feitlik al die kerke vereis dat daar 'n belydenis van die regte geloof sal wees en 'n godvresende lewenswandel voordat iemand toegang tot die nagmaal kan verkry. 'n Vraag wat hier aandag sal moet kry, is die vraag oor kinderkommunie en die rol van belydenisaflegging in dié verband.

4.2.6.2 Lid van plaaslike gemeente, kerkverband of universele kerk?

Die Ned Geref Kerk en Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika se standpunt is baie duidelik dat 'n persoon nie lidmaat van 'n kerkverband word nie, maar van die plaaslike gemeente. So word daar ook in die formulier vir openbare belydenis van geloof van die Ned Geref Kerk verklaar: "Op grond van die genadeverbond, soos verseël deur die doop, en kragtens die belydenis wat julle so pas afgelê het, word hiermee verklaar dat julle belydende lidmate is van die Nederduitse Gereformeerde gemeente van ..." (Nederduitse Gereformeerde Kerk 1988:79). In teenstelling hiermee verklaar die ooreenstemmende formulier van die Nederduitsch Hervormde Kerk van

Afrika: "Die kerkraad van hierdie gemeente verklaar u tot belydende lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk en nooi u uit om gereeld saam met die gemeente die nagmaal van die Here Jesus te ontvang" (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1977:39). Tog spreek Jonker die opinie uit: "'n Mens vra jouself dan ook af waarom dit so vreeslik verkeerd is om iemand wat lidmaat van 'n plaaslike gemeente binne die kerk(verband) is, te sien as behorende tot die geheel *op grond daarvan* dat hy aan die plaaslike gemeente behoort.... As iemand lid is van die nuwe volk van God en die kerk (ook in sy sigbare gestalte) is die volk van God, waarom dan so skamper spreek daarvoor as lidmate van 'n plaaslike gemeente ook lidmate genoem word van die kerk waarby die plaaslike gemeente as samestellende deel ingesluit is?" (Jonker 1960:77).

Teoloë uit die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika hou nie van die term universele of plaaslike kerk nie, maar gebruik die terme "Algemene Christelike Kerk" en "die kerk plaaslik" (TKK 1981:41).

Dit is opmerklik dat die Christian Reformed Church verwys na lidmaatskap van die *universele kerk* (Christian Reformed Church 1987:292v). Dit raak 'n vraag aan waaroor daar in hoofstuk 6 besin word. Die tradisionele onderskeid tussen sigbare en onsigbare kerk kom ook hierin na vore.

"Für die romisch-katholische Kirche ergeben sich Schwierigkeiten der kirchenrechtlichen Regelung dadurch, daß sie sich nicht als Partikularkirche versteht, sondern ihre Rechtsorganisation mit der Kirche Christi, der Kirche des dritten Glaubensartikels identifiziert. Eine Folge davon ist die herkömmliche Nichtanerkennung der ökumenischen Kirchen durch die römisch-katholische" (Von Campenhausen 1979:258).

4.2.6.3 Verskillende tipes lidmate

Die opmerking oor kinderkommunie hierbo (paragraaf 4.2.6.1) onderstreep die dilemma waarmee die kerk sit ten opsigte van lidmaatskap. Gedoopte mense en selfs ongedoopte kinders van gelowige ouers wat lidmate is, is ook lidmate van die gemeente. Deur die doop word hulle in Christus en sy gemeente ingelyf kragtens die soendood van Jesus Christus en die genadeverbond. Tog vind die kerke deur die bank dit nodig om te onderskei tussen verskillende kategorieë lidmate. So is daar in die bespreking van die gebruike by die verskillende kerke afgekome op terme soos dooplidmate of gedoopte lidmate, belydende lidmate, "communicant and non-communicant

members"⁸⁷, "communing members"⁸⁸, "associate members"⁸⁹ en "inactive list"⁹⁰. Verder word daar ook gepraat van lidmaatskap wat "bevestig" moet word deur belydenis van geloof⁹¹. Hierdie terme dra in hulle gebruik 'n spanning: terwyl hierdie persone lidmate is, is daar tog nog sekere beperkinge en verdere voorwaardes voordat die volle voordele van lidmaatskap beleef kan word. Ook vanuit die Ortodokse kerke (Nissiotis) word gepleit vir verskillende grade van lidmaatskap.

4.2.6.4 Belydenis

Vanaf die begin van die Christelike kerk was die belydenis van Jesus Christus as Verlosser en Here deel van kerkwees. Wat nou gebeur in die kerke wat hierbo ondersoek is, is dat dit in die belydenis nie meer net gaan om die belydenis van Jesus Christus nie, maar om die onderskrywing van die bepaalde kerk se belydenis soos in sy belydenisskrifte uiteengesit. Die Metodiste is hierin miskien die minste voorskriftelik. Hier kom die faktor wat in Kerk en Samelewing 1986 genoem word ook na vore nl. dat groot verskille in geloofsbelydenis skadelik vir die onderlinge gemeenskap van die gelowiges kan wees (Nederduitse Gereformeerde Kerk 1986:110).

4.2.6.5 Woonplek

'n Groot meerderheid van die kerke wat hierbo bespreek is, speel woonplek (met sy keersy: bedieningsgebied) 'n rol in die bepaling van wie lidmate van die gemeente is of kan wees. Of dit beteken dat geografies begrensde gemeentes 'n noodsaaklikheid is, is daarmee nog nie uitgemaak nie. Elders (bladsy 131, 196), in bespreking van die historiese agtergrond van die domisiliebeginsel word daaraan aandag gegee.

⁸⁷ Paragraaf 4.2.4.5

⁸⁸ Paragraaf 4.2.4.8

⁸⁹ Paragraaf 4.2.4.8

⁹⁰ Paragraaf 4.2.4.5

⁹¹ Paragraaf 4.2.2

4.2.6.6 Volhardende betrokkenheid

Lidmaatskap is nie 'n doel op sigself nie en die belydenis van Jesus Christus as Here vereis 'n lewe waarin meegewerk word aan die opbou en uitbou van die kerk. In al die kerke wat hierbo bespreek is, is volhardende betrokkenheid by die gemeente, veral by die Woordverkondiging en nag-maalviering, 'n vereiste vir lidmaatskap. Waar dit ontbreek, volg tugoptrede. Oor die wyse van tug is daar groot verskille tussen die kerke. Hierdie verskille is dikwels simptome van uiteenlopende kerkbegrippe.

4.2.6.7 "Oordrag" van lidmaatskap

Scholtz (1992:5) maak beswaar teen die term "oordrag" van lidmaatskap. Dit sou neerkom op 'n lidmaatskap wat nie lidmaatskap van die plaaslike gemeente is nie, maar van 'n oorhoofse instituut wat verskillende takke het. Wanneer daar oor die beginsels op die spel by die hantering van lidmaatskap geskryf word, word weer aandag hieraan gegee⁹². Die Ned Geref Kerk het 'n slordige praktyk rondom die oordrag van lidmaatskap. Met die dubbele stelsel van attestate en bewyse van lidmaatskap waardeur 'n persoon by 'n nuwe gemeente kan gaan aanmeld, het daar 'n praktyk ontwikkel wat baie skade doen aan die waarde van lidmaatskap in die oë van die gewone mens. By die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is dit anders. Daar word uitsluitlik met attestate gewerk. Daarteenoor het die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika besluit om attestate af te skaf en uitsluitlik te werk met bewyse van lidmaatskap.

In sommige gevalle is dit die lidmaat se eie verantwoordelikheid om so 'n attestaat of bewys van lidmaatskap of "Certificate of Transfer" te verkry en by die nuwe gemeente om lidmaatskap aansoek te doen. In ander gevalle vind daar korrespondensie tussen die twee betrokke kerkrade plaas en kan dit selfs gebeur dat die lidmaatskap "oorgeplaas" kan word sonder dat die lidmaat daarom gevra het. Die vraag wat hier na vore kom is wie se verantwoordelikheid dit is om hierdie "oordrag" te reël en op wie se inisiatief so 'n attestaat of oordragsertifikaat uitgereik moet word? Hierdie vraag hang ten nouste saam met die kerkbegrip en verbondsbegrip, met die vraag of 'n mens lidmaat van die universele kerk of die plaaslike kerk is?

⁹² Bladsy 203

5 HOE SIEN LIDMATE DIE KERK EN LIDMAATSKAP?

5.1 Werkswyse

Om 'n aanduiding te kry van lidmate se siening van die kerk en kerklidmaatskap is 'n beperkte empiriese studie onderneem waardeur 'n aantal lidmate in die Ring van Pietermaritzburg gevra is om 'n vraelys (voorbeeld op bladsy 199 - 202) in te vul. Die ideaal was dat die mening van 10% van die belydende lidmate gekry word. Daar is 411 vraelyste aan die onderskeie gemeentes gestuur met die versoek dat lidmate wat die vraelys moet invul soos volg geïdentifiseer word: elke 10de naam op 'n alfabetiese naamlys van belydende lidmate.

Daar is 195 (47.44%) ingevulde vraelyste teruggekry. Die statistiese verwerking is gedoen met die hulp van prof. J.S.M. Maritz en dr. T.J.v.W. Kotze van die Sentrum vir Statistiese Konsultasie aan die Universiteit van Stellenbosch. Die aantal vraelyste uitgestuur, terug ontvang en die persentasies lyk soos volg:

Gemeente	Vraelyste	Respons	%
Geen gemeente aangedui nie of verkeerde gemeente aangedui		3	
Pietermaritzburg	70	39	56
Greytown	35	29	83
Pietermaritzburg-Wes	52	15	29
Pietermaritzburg-Noord	46	21	46
Pietermaritzburg-Suid	127	50	39
Merrivale	30	19	63
Hayfields	51	19	37
Totaal	411	195	47

5.2 Die vraelys

Die vraelys was opgestel met die doel om die volgende sake te bepaal:⁹³

Wat die persoon se persepsie is van lidmaatskap ten opsigte van die volgende sake:

- * Wanneer is 'n mens lidmaat van 'n kerk?
- * Of die lidmaat lidmaatskap verstaan as 'n vrywillige aansluit by 'n kerk soos by 'n sekulêre organisasie ?
- * Onderskeid tussen doop- en belydende lidmaatskap
- * Lidmaat van plaaslike kerk, kerkverband of algemene kerk
- * Of dit noodsaaklik is dat 'n Christen lid van 'n plaaslike gemeente behoort te wees
- * Wie se verantwoordelikheid is dit dat jy as lid van die gemeente aanvaar word?
- * Wat is die vereistes vir lidmaatskap?

Hoe voel die lidmaat oor strenge geografiese grense vir gemeentes? en

Of die lidmaat weet wat die belydenisgrondslag is van die kerk waaraan hy behoort.

5.3 Enkele metodologiese opmerkings

Die lae responssyfer (47,44%) kan die gevolg wees van 'n verskeidenheid van faktore bv. die entoesiasme van die leraar van die betrokke gemeente, die hoeveelheid beskikbare kerkraadslede of ander wykswerkers wat vraelyste na die geselekteerde mense toe kon neem, gebrek aan entoesiasme by die persone wat vraelyste moes invul en verskeie ander. Greytown en Merrivale is die enigste twee gemeentes wat nie binne die stad van Pietermaritzburg funksioneer nie en dis ook die gemeentes wat die hoogste responssyfer (83% en 63% onderskeidelik) gehad het. Van die stadsgemeentes het Pietermaritzburg en Pietermaritzburg-Noord die beste gevaar - gemeentes wat albei 'n redelik goeie infrakstruktuur het vir sover dit die funksionering van wyke en vulling van kerkraadsvakatures betref. Waaraan die besonder lae responssyfer by Pietermaritzburg-Wes te wyte is, is onseker. Pietermaritzburg-Suid het 'n groot aantal vakatures wat kerkraadslede en wykswerkers betref en dit het waarskynlik 'n bydrae gelewer tot 'n lae responssyfer.

⁹³ Ds. Kobus Schoeman van Riviera-gemeente het waardevolle hulp verleen by die ontwerp van die vraelys.

Statistiese inferensie sal nie gedoen word nie as gevolg van die lae responskoers (47.44%) en omdat sydighe in die monster nie vasgestel kan word nie.

5.4 Die bevindinge

5.4.1 Wanneer word ek lid van die kerk?

Die antwoorde van lidmate op die volgende stellings was soos volg (persentasies word aangegee):

As my ouers lede van die kerk is, is ek alreeds by geboorte lid van die kerk

Toe ek belydenis van geloof afgelê het, het ek lid van die kerk geword

Toe ek gedoop is, het ek lid van die kerk geword

Ja	Onseker	Nee
65.64	7.18	27.18
53.85	1.03	45.13
80	4.1	15.9

5.4.1.1 Opmerkings

By al drie vrae was die antwoord van die meeste lidmate ja. Dit dui op 'n verwarring onder lidmate oor wanneer 'n mens regtig deel van die gemeente word. Daar was 61 (31.28%) respondente wat op al drie vrae "ja" geantwoord het, 81 (41.53%) wat op beide die vrae oor die doop en die geboorte "ja" geantwoord het, 83 (42.56%) wat sê dat 'n mens tydens belydenisaflegging én by die doop lidmaat word en 71 (36.41%) wat meen die geboorte en die belydenisaflegging is die geleentheid waar 'n mens lid van die kerk word. Die meeste respondente (80%) se aanvoeling is dat die doop die eintlike punt is waar 'n mens lidmaat van die gemeente word. Oor die plek wat belydenis van geloof inneem met betrekking tot lidmaatskap, is daar verdeeldheid. Net meer as die helfte (53.85%) van die respondente het aangedui dat dit die punt was waarop 'n mens lidmaat van die gemeente word. Dit is interessant dat die persentasie wat by hierdie vraag "onseker" gemerk het, laag was (1.03%) en dat die stelling oor die verband tussen die geboorte en lidmaatskap die hoogste persentasie "onseker"-antwoorde opgelewer het (7.18%).

Die gevolgtrekking is dat daar onder die respondente van hierdie vraelys groot onduidelikheid is oor wanneer 'n mens lid van die gemeente word. Die kerk se amptelike standpunt dat kinders van gelowige ouers reeds tot die gemeente behoort en dat die doop die teken en seël van die inlywing in Christus en sy gemeente is, word nie helder weerspieël in die reaksies van die respondente nie.

5.4.2 Kennis van die belydenis(skrifte) van die kerk

Vrae en response (persentasies):

Ek ken die name van die belydenisskrifte van ons kerk

Die Nederlandse Geloofsbelydenis is een van die belydenisskrifte van ons kerk

Die kerklike tug is een van die kenmerke van 'n ware kerk

Die Dordtse Leerreëls is een van die belydenisskrifte van ons kerk

Die geloofsbelydenis van Nicea is een van die artikels van die geloof wat ons kerk aanvaar

Die geloofsbelydenis van Belhar is een van ons kerk se belydenisskrifte

Die Heidelbergse Kategismus is een van die belydenisskrifte van ons kerk

Ons kerk onderskryf die geloofsbelydenis van Athanasius

	Ja	Onseker	Nee
Ek ken die name van die belydenisskrifte van ons kerk	54.87	25.13	20
Die Nederlandse Geloofsbelydenis is een van die belydenisskrifte van ons kerk	86.67	9.23	4.1
Die kerklike tug is een van die kenmerke van 'n ware kerk	74.36	12.31	13.33
Die Dordtse Leerreëls is een van die belydenisskrifte van ons kerk	56.92	36.41	6.67
Die geloofsbelydenis van Nicea is een van die artikels van die geloof wat ons kerk aanvaar	34.36	56.92	8.72
Die geloofsbelydenis van Belhar is een van ons kerk se belydenisskrifte	10.77	48.72	40.51
Die Heidelbergse Kategismus is een van die belydenisskrifte van ons kerk	92.82	6.15	1.03
Ons kerk onderskryf die geloofsbelydenis van Athanasius	21.05	60	18.97

5.4.2.1 Opmerkings

'n Groot persentasie (25.13%) respondente was onseker of hulle weet wat die name van die belydenisskrifte is en 'n verdere 20% het aangedui dat hulle dit nie ken nie. Van die 107 (54%) wat aan-

gedui het dat hulle die name van die belydenisskrifte ken, het net 27 beide die geloofsbelydenis van Athanasius en die geloofsbelydenis van Nicea as belydenisse aangedui en 72 het al drie die gereformeerde belydenisskrifte korrek aangedui. Die Heidelbergse Kategismus (92.82%) en die Nederlandse Geloofsbelydenis (86.67%) is blykbaar die bekendste name wat die belydenisskrifte onder die respondente betref. Opvallend is die 36.41% wat onseker was of die Dordtse Leerreëls deel van die belydenisskrifte is, die 48.72% wat onseker was oor Belhar, 60% oor die belydenis van Athanasius en die 56.92% wat onseker was oor die belydenis van Nicea.

Die Drie Formuliere van Eenheid is duidelik meer bekend as die Geloofsbelydenis van Athanasius en Geloofsbelydenis van Nicea. Baie lidmate het ook nie duidelikheid oor die posisie van die Belhar-belydenis nie.

Die reaksie op vrae wat die belydenis van die kerk raak het in hierdie ondersoek aangedui dat daar 'n gebrek aan kennis is oor wat die belydenis van die kerk is en dat die twee ekumeniese belydenisse wat in die vorige paragraaf genoem is en die Dordtse Leerreëls minder bekend is as die ander twee lede van die Drie Formuliere van Eenheid.

5.4.3 Kollegialisme en die woonplek-beginsel

Sekere aspekte van kerkbegrip wat kollegialisme raak, is deur die vraelys getoets. Die vrae met die reaksies (weer eens persentasies) daarop is die volgende:

Ek is lid van die Ned Geref Kerk in die algemeen,
maar nie noodwendig van 'n spesifieke gemeente nie

Dit is elke gelowige se vrye keuse of hy aan die kerk
wil behoort of nie

Ek moet self kan besluit by watter gemeente ek wil
inskakel ongeag waar ek woon

Ja	Onseker	Nee
35.9	6.67	57.44
76.41	3.08	20.51
62.05	5.64	32.31

5.4.3.1 Opmerkings

Meer as $\frac{3}{4}$ van die respondente beskou lidmaatskap van die kerk as iets waaroor die gelowige 'n vrye keuse het en meer as 35% sien hulle lidmaatskap as lidmaatskap van 'n oorhoofse organisasie genaamd Ned Geref Kerk met lidmaatskap van die plaaslike gemeente as opsioneel. Hier is duidelike tekens van 'n kollegialistiese kerkbegrip.

Dit is ook opvallend dat byna 5 uit elke 8 respondente meen dat woonplek nie 'n deurslaggewende rol behoort te speel by die inskakeling van lidmate by die gemeente nie. Hier is 'n duidelike afwyking van die amptelike standpunte van die Ned Geref Kerkverband waar woonplek een van die aanduidings van lidmaatskap is.

5.4.4 Hoe funksioneer die onderskeiding dooplidmaat - belydende lidmaat?

Die resultate van vrae wat hierdie aspek behandel was soos volg:

Gelowige dooplidmate behoort saam met belydende nagmaal te gebruik

Toe ek belydenis van geloof afgelê het, het ek lid van die kerk geword

Alle belydende lidmate behoort gereeld nagmaal te gebruik

Toe ek gedoop is, het ek lid van die kerk geword

	Ja	Onseker	Nee
Gelowige dooplidmate behoort saam met belydende nagmaal te gebruik	51.79	12.31	35.9
Toe ek belydenis van geloof afgelê het, het ek lid van die kerk geword	53.85	1.03	45.13
Alle belydende lidmate behoort gereeld nagmaal te gebruik	88.72	5.13	6.15
Toe ek gedoop is, het ek lid van die kerk geword	80	4.1	15.9

5.4.4.1 Opmerkings

Oor wanneer 'n mens lid van die kerk word, het 42.2% van die respondente sowel by die vraag oor aflegging van belydenis as die vraag oor die doop bevestigend geantwoord. 37.5% het aangedui dat die doop en nie die belydenis nie, die gebeurtenis is waardeur 'n mens lid van die kerk word.

Die gemiddelde ouderdom van diegene wat aangedui het dat 'n mens lidmaat word by belydenisaflegging, was 55.04 jaar terwyl diegene wat "nee" geantwoord het op die vraag gemiddeld 46.65 jaar oud was. Dit kan dalk 'n aanduiding wees dat die ouer mense lidmaatskap

primêr as belydende lidmaatskap beskou terwyl die jonger respondente meer geneig is om die aflegging van belydenis nie as 'n verkryging van lidmaatskap te beskou nie. Daar kan nie te veel afleidings gemaak word oor ouderdomsverskil nie omdat ook waar die doop en geboorte as begin van lidmaatskap ter sprake was, die gemiddelde ouderdom van die "ja"-groep ouer was as die van die "nee"-groep. Die verskille was kleiner (geboorte: 51.1 - 45.81 / doop: 50.62 - 43.667). Dit kan 'n interessante studieprojek word om 'n korrelasie tussen hierdie tipe van standpunte van lidmate en hulle ouderdom te ondersoek en indien daar wel positiewe korrelasies bestaan, om dan die oorsake daarvan te probeer vasstel. So 'n studie lê buite hierdie verhandeling se skopus.

Terwyl die grootste meerderheid (88.72%) meen dat belydende lidmate gereeld nagmaal behoort te gebruik, meen 51.79% dat gelowige dooplidmate ook nagmaal behoort te gebruik. Dit lyk of die meerderheid respondente groter gewig toeken aan belydende lidmaatskap as aan dooplidmaatskap vir sover dit gebruik van die nagmaal raak.

5.4.5 Hoe funksioneer die verbond in die denke oor die kerk?

Die response op stellings was soos volg (in persentasies aangegee):

As my ouers lede van die kerk is, is ek alreeds by geboorte lid van die kerk

Elke lidmaat moet werklik 'n kind van God wees

Ek verstaan nou baie beter wat die verbond is as toe ek belydenis van geloof afgelê het.

Gelowige dooplidmate behoort saam met belydende nagmaal te gebruik

Toe ek belydenis van geloof afgelê het, het ek lid van die kerk geword

Dit is elke gelowige se vrye keuse of hy aan die kerk wil behoort of nie

	Ja	Onseker	Nee
As my ouers lede van die kerk is, is ek alreeds by geboorte lid van die kerk	65.64	7.18	27.18
Elke lidmaat moet werklik 'n kind van God wees	93.33	1.03	5.64
Ek verstaan nou baie beter wat die verbond is as toe ek belydenis van geloof afgelê het.	89.23	5.64	5.13
Gelowige dooplidmate behoort saam met belydende nagmaal te gebruik	51.79	12.31	35.9
Toe ek belydenis van geloof afgelê het, het ek lid van die kerk geword	53.85	1.03	45.13
Dit is elke gelowige se vrye keuse of hy aan die kerk wil behoort of nie	76.41	3.08	20.51

Alle belydende lidmate behoort gereeld nagmaal te gebruik

Toe ek gedoop is, het ek lid van die kerk geword

Ja	Onseker	Nee
88.72	5.13	6.15
80	4.1	15.9

5.4.5.1 Opmerkings

Die reaksie op die vrae wanneer 'n mens lid van die kerk word - by geboorte, belydenisaflegging of doop - dui op verwarring soos reeds hierbo (bladsy 187) aangedui . Hierdie verwarring is waarskynlik die gevolg van 'n vae of verwronge begrip van die verbond. Dat daar 'n aanvoeling is dat die verbond met lidmaatskap verband hou, blyk uit die 80% respondente wat positief geantwoord het oor die verband tussen die doop en lidmaatskap. Die feit dat die persentasie positiewe antwoorde by die vraag oor die verband tussen geboorte en lidmaatskap minder was (65.64%) dui waarskynlik op die aanname dat die doop die intrede in die verbond is.

Die hoë persentasie respondente wat meen dat 'n lidmaat kind van God moet wees (93.33%) dui op die aanvoeling dat kerklidmaatskap 'n besondere band met God is waardeur die lidmaat verseker word van God se Vaderskap.

Dit is duidelik dat die grootste meerderheid respondente (88.72%) die gebruik van die nagmaal as 'n belangrike element van belydende kerklidmaatskap beskou. Of die nagmaal as verbondsmaaltyd beskou word, is nie duidelik uit hierdie ondersoek nie. Tog is die feit dat 51.79% van die respondente meen dat gelowige dooplidmate ook aan die nagmaal moet kan deelneem, dalk 'n aanduiding dat die verbond tog 'n rol speel in hulle siening van die nagmaal.

5.4.6 Lid van plaaslike kerk, kerkverband of algemene kerk?

Die response op stellings wat hierdie sake probeer toets het was so:

Dit is elke gelowige se vrye keuse of hy aan die kerk wil behoort of nie

Ek is lid van die Ned Geref Kerk in die algemeen, maar nie noodwendig van 'n spesifieke gemeente nie

'n Christen wat nie aktief deelneem aan die gemeentewerksaamhede nie, is ongehoorsaam aan die Here

Ek is 'n ingeskrewe lidmaat van die gemeente binne wie se grense ek woon

Ja	Onseker	Nee
76.41	3.08	20.51
35.90	6.67	57.44
64.62	9.74	25.64
93.33	3.08	3.59

5.4.6.1 Opmerkings

Dat soveel as 93% van die respondente meen dat hulle ingeskrewe lidmate van die gemeentes is waar hulle woon, dui op 'n begrip van lidmaatskap wat tog die verbintenis met die plaaslike gemeente hoog waardeur. Die hoofsaaklik negatiewe reaksie op die stelling oor lidmaatskap van die Ned Geref Kerk in die algemeen bevestig hierdie sentiment. Die meeste respondente sien hulleself nie as lidmate van die kerkverband nie, maar daar is tog 'n groot persentasie wat dit wel doen (35.9%). Dit is ook 'n duidelike afwyking van die amptelike standpunte oor lidmaatskap.

Die reaksie op die stelling oor aktiewe deelname aan gemeentewerk is flou in vergelyking met dié op ingeskrewe lidmaatskap hoewel die meerderheid (64.62%) positief geantwoord het. Dalk is die minder positiewe reaksie op gemeentebetrokkenheid iets wat verband hou met die gesindheid van vryblywendheid wat na vore kom in die reaksies op die stelling oor die vrye reg van die gelowige om self te besluit of hy aan die kerk wil behoort of nie. Dit blyk hieruit dat verbondenheid aan die plaaslike gemeente nie noodwendig vir almal aktiewe betrokkenheid beteken nie.

Die feit dat 76.41% van die respondente meen dat dit die gelowige se vrye keuse is of hy aan die kerk wil behoort of nie, dui daarop dat hulle nie 'n sterk band tussen gelowig wees en kerklidmaatskap lê nie. Dalk is die veronderstelling dat 'n mens, as jy gelowige is, tog deel is van die "algemene" (en miskien "onsigbare") kerk en dat betrokkenheid op plaaslike vlak opsioneel is. Dat daar so 'n neiging is, word bevestig deur die opmerkings oor kollegialisme hierbo (bladsy 190).

Hoe dit ookal sy, 'n ideale lidmaat in terme van die amptelike standpunte oor kerklidmaatskap sou "nee" gesê het op die stelling oor die gelowige se vrye keuse, "nee" op die stelling oor die lidmaatskap van die Ned Geref Kerk in die algemeen, "ja" op die deelname aan gemeentewerksaamhede en "ja" op die stelling oor ingeskrewe lidmaatskap. Die patroon wat die response in hierdie steekproef vertoon, is ver van dié van die ideale lidmaat.

5.4.7 Wie se verantwoordelikheid is dit om as lid van die gemeente betrokke te raak en as sodanig erken te word?

Die reaksies is soos volg (weer eens persentasies):

Ek het beloof om aktief deel te neem aan die werksaamhede van die gemeente

As ek van een gemeente na 'n ander trek, is dit my eie verantwoordelikheid om seker te maak dat ek 'n ingeskrewe lidmaat van die nuwe gemeente is.

As ek 'n gebied verlaat en binne die grense van 'n ander gemeente gaan woon, is dit die vorige gemeente se plig om my attestaat aan te stuur sonder dat ek daarvoor vra.

Ek moet self kan besluit by watter gemeente ek wil inskakel ongeag waar ek woon

As ek van een gebied na 'n ander trek wat nie meer binne die huidige gemeente se grense val nie, is dit die nuwe gemeente se plig om my attestaat aan te vra.

Ek is 'n ingeskrewe lidmaat van die gemeente binne wie se grense ek woon

	Ja	Onseker	Nee
Ek het beloof om aktief deel te neem aan die werksaamhede van die gemeente	78.46	7.69	13.85
As ek van een gemeente na 'n ander trek, is dit my eie verantwoordelikheid om seker te maak dat ek 'n ingeskrewe lidmaat van die nuwe gemeente is.	92.82	2.56	4.62
As ek 'n gebied verlaat en binne die grense van 'n ander gemeente gaan woon, is dit die vorige gemeente se plig om my attestaat aan te stuur sonder dat ek daarvoor vra.	14.87	9.23	75.90
Ek moet self kan besluit by watter gemeente ek wil inskakel ongeag waar ek woon	62.05	5.64	32.31
As ek van een gebied na 'n ander trek wat nie meer binne die huidige gemeente se grense val nie, is dit die nuwe gemeente se plig om my attestaat aan te vra.	30.26	8.72	61.03
Ek is 'n ingeskrewe lidmaat van die gemeente binne wie se grense ek woon	93.33	3.08	3.59

5.4.7.1 Opmerkings

Dit blyk uit die antwoorde dat die meeste respondente die eie verantwoordelikheid van die lidmaat sterk beklemtoon vir sover dit betrokkenheid by die plaaslike gemeente betref. Meer as 92% (181)

van die respondente meen dat die lidmaat self verantwoordelik is om seker te maak dat hy 'n ingeskrewe lidmaat van die nuwe gemeente is. Van hulle het 25 ook gemeen die ou gemeente moet die dokumentasie aanstuur en 54 dat die nuwe gemeente dit moet aanvra. Die indruk wat hieruit na vore kom, is dat daardie respondente meen dat hoewel dit die lidmaat se eie verantwoordelikheid is, die gemeentes (oue of nuwe of albei) verantwoordelik is vir die administrasie daarvan. 'n Mens sou kon aflei dat die implikasie daarvan is dat die lidmaat ook in sulke gevalle die inisiatief moet neem.

Meer as 93% is seker dat hulle ingeskrewe lidmate is van die gemeente waar hulle woon. Dit dui daarop dat hulle bewustelik betrokke is by die administratiewe proses waarvolgens hulle lidmaatskap erken word.

5.4.8 Wat is die vereistes vir die toelating tot kerklidmaatskap?

Reaksies op stellings oor hierdie onderwerp:

Geloof behoort die enigste maatstaf by toelating tot lidmaatskap te wees

Elke lidmaat moet werklik 'n kind van God wees

Dit is elke gelowige se vrye keuse of hy aan die kerk wil behoort of nie

Toe ek gedoop is, het ek lid van die kerk geword

	Ja	Onseker	Nee
Geloof behoort die enigste maatstaf by toelating tot lidmaatskap te wees	67.69	9.23	23.08
Elke lidmaat moet werklik 'n kind van God wees	93.33	1.03	5.64
Dit is elke gelowige se vrye keuse of hy aan die kerk wil behoort of nie	76.41	3.08	20.51
Toe ek gedoop is, het ek lid van die kerk geword	80.00	4.10	15.90

5.4.8.1 Opmerkings

Die aanvoeling by meer as 93% van die respondente is dat kerklidmaatskap 'n verhouding tussen die lidmaat en God veronderstel waarin die lidmaat kind van God is. Meer as $\frac{2}{3}$ van die respondente meen dat geloof die enigste maatstaf by toelating tot lidmaatskap behoort te wees. As iemand 'n gelowige is, is dit nie so vanselfsprekend dat daardie iemand 'n lid van die kerk is nie. 76.41% meen dat die gelowige 'n vrye keuse het in dié opsig.

Die stelling oor die doop het nie die standpunt oor die doop as voorwaarde vir lidmaatskap getoets nie. Die reaksies op die stelling oor die doop dui op 'n aanvoeling dat daar 'n noue band tussen doop en lidmaatskap bestaan.

5.4.9 Wat word verwag van kerklidmate?

Die stellings en reaksies daarop (persentasies) is soos volg:

	Ja	Onseker	Nee
'n Christen wat nie aktief deelneem aan die gemeentewerksaamhede nie, is ongehoorsaam aan die Here	64.62	9.74	25.64
Ek het beloop om aktief deel te neem aan die werksaamhede van die gemeente	78.46	7.69	13.85
Die kerklike tug is een van die kenmerke van 'n ware kerk	74.36	12.31	13.33
Elke lidmaat moet werklik 'n kind van God wees	93.33	1.03	5.64
As ek van een gemeente na 'n ander trek, is dit my eie verantwoordelikheid om seker te maak dat ek 'n ingeskrewe lidmaat van die nuwe gemeente is.	92.82	2.56	4.62
Gelowige dooplidmate behoort saam met belydende nagmaal te gebruik	51.79	12.31	35.90
Toe ek belydenis van geloof afgelê het, het ek beloop om getrou te getuig vir Jesus Christus	95.90	2.56	1.54
Alle belydende lidmate behoort gereeld nagmaal te gebruik	88.72	5.13	6.15

5.4.9.1 Opmerkings

Die reaksies op hierdie groep stellings dui op 'n meerderheid respondente wie se mening oor die verantwoordelikhede van lidmate ooreenstem met wat in die belydenisskrifte en amptelike besluite oor die bostaande verantwoordelikhede vervat is. Die aktiewe betrokkenheid by gemeentewerk-

saamhede, deelname aan die nagmaal en kerklike tug, getuienis en eie verantwoordelikheid ten opsigte van die erkenning van lidmaatskap is almal sake wat vir die respondente belangrik is - ten minste vir sover dit hulle standpunte daaroor betref. Die vraelys het nie die uitlewing van hierdie sake getoets nie. Tog is die relatiewe lae positiewe reaksie op die vraag oor aktiewe deelname aan gemeentewerksaamhede 'n aanduiding dat van die standpunte soos in die ander reaksies weerspieël dalk nie regtig in die gemeentelike lewe neerslag vind soos dit hoort nie.

Die Algemene Sinode het nog nie 'n beleidsbesluit geneem oor die deelname aan die nagmaal deur dooplidmate nie. Tog is daar 'n klein meerderheid van respondente wat positief daarvoor voel. Hier is dit interessant dat Pietermaritzburg-Noord se respondente oor die deelname aan die nagmaal deur dooplidmate duidelik 'n ander reaksiepatroon as die res ingeneem van die gemeentes vertoon:

Gemeente	Ja	Onseker	Nee
Pietermaritzburg	22	5	12
Greytown	15	6	8
Pietermaritzburg-Wes	6	3	6
Pietermaritzburg-Noord	6	1	14
Pietermaritzburg-Suid	26	5	19
Merrivale	13	1	5
Hayfields	10	3	6

Hierdie tabel toon dat Pietermaritzburg-Noord die enigste is waar 'n meerderheid ($\frac{2}{3}$) van die respondente gevoel het dat gelowige dooplidmate nie saam met die belydende lidmate nagmaal behoort te gebruik nie. Verder is dit duidelik dat daar 'n bewuswording is van die moontlikheid dat die dooplidmaat in die toekoms ten opsigte van die nagmaal 'n ander rol kan speel as die tradisionele.

5.5 Gevolgtrekking

Die ondersoek het getoon dat daar onder die respondente van die Ring van Pietermaritzburg persepsies bestaan wat afwyk van die amptelike standpunte van die Ned Geref Kerkverband oor sake wat

kerklidmaatskap raak: Daar is verwarring oor wanneer 'n mens lid van die gemeente word en oor wat die belydenisgrondslag van die kerk is. Daar is duidelike spore van kollegialistiese denke en 'n afwyking van die tradisionele standpunte oor gemeentegrense.

Aan die positiewe kant is daar tekens van 'n gevoel van verbondenheid aan die plaaslike gemeente en eie verantwoordelikheid om as lidmaat erken te word en 'n baie sterk klem op 'n band tussen die lidmaat en die Hemelse Vader. Die meeste respondente meld dat hulle begrip van die Bybel en die verbond gegroei het sedert belydenisaflegging. Die Heidelbergse Kategismus en Nederlandse Geloofsbelydenis is wyd bekend.

Tog wonder 'n mens of die term "Geloofsbelydenis" in die Nederlandse Geloofsbelydenis se naam nie die "bekendheid" veroorsaak het nie. Lidmate hoor die term by elke Sondagoggend-erediens waar die Apostoliese Geloofsbelydenis⁹⁴ gewoonlik gebruik word.

Hierdie ondersoek het aangetoon dat daar 'n spanning is tussen wat die respondente in hierdie ondersoek oor verskeie aspekte van lidmaatskap dink en die amptelike standpunt van die Ned Geref Kerkverband oor sulke sake.

⁹⁴ Juis as gevolg van sy bekendheid is daar nie 'n vraag oor die Apostoliese Geloofsbelydenis in die vraelys gestel nie. In retrospek gesien, sou dit dalk goed gewees het as daar tog 'n vraag of twee - oor hierdie belydenis in die vraelys was.

Vraelys oor kerklidmaatskap

Dankie vir u bereidheid om deel te neem aan hierdie ondersoek om te bepaal hoe lede van u gemeente dink oor kerklidmaatskap.

Hierdie vraelys word anoniem ingevul en daar is geen manier waarop daar by die verwerking van die vraelys uitgevind kan word watter persoon watter vraelys ingevul het nie.

Merk asseblief by elke stelling of u daarmee saamstem of nie deur net 'n merkie in die betrokke blokkie te maak soos dit in die voorbeeld hieronder aangedui is. Maak asseblief u merk langs die syfer en nie bo-oor die syfer nie. Merk die tweede kolom (met die ? bo-aan) indien u onseker is oor u eie standpunt. Probeer om dit so min as moontlik te doen asseblief. Moet asseblief nie iets invul in die regterkantste kolom wat donker gekleur is nie.

VOORBEELD

Die vraag of stelling

Naam van gemeente

Hoe oud is u (in jare)?

Ek behoort aan die kerk?

Merk u reaksie op die stelling (of u saamstem of nie) in hierdie kolom.

Vir kantoor-gebruik

Vraelys nommer

--	--	--

1-3 V1

--	--	--

5-6

Ja	Onseker	Nee
1 <input checked="" type="checkbox"/>	2 <input type="checkbox"/>	3 <input type="checkbox"/>

7

Die vraag of stelling

Merk u reaksie op die stelling (of u saamstem of nie) in hierdie kolom.

Vir kantoor-gebruik

Vraelys nommer

--	--	--

1-3 V1

4

V2

Naam van gemeente

Hoe oud is u (in jare)?

--	--

5-6 V3

As my ouers lede van die kerk is, is ek alreeds by geboorte lid van die kerk

Ja	Onseker	Nee
65.64	7.18	27.18

7 V4

Die Nederlandse Geloofsbelydenis is een van die belydenisskrifte van ons kerk

86.67	9.23	4.10
-------	------	------

8 V5

Ek is lid van die Ned Geref Kerk in die algemeen, maar nie noodwendig van 'n spesifieke gemeente nie

35.90	6.67	57.44
-------	------	-------

9 V6

My kennis van die Bybel is nou beter as toe ek belydenis van geloof afgelê het

88.21	4.62	7.18
-------	------	------

10 V7

'n Christen wat nie aktief deelneem aan die gemeentewerksaamhede nie, is ongehoorsaam aan die Here

64.62	9.74	25.64
-------	------	-------

11 V8

Ek het beloop om aktief deel te neem aan die werksaamhede van die gemeente

78.46	7.69	13.85
-------	------	-------

12 V9

	Ja	Onseker	Nee	
Geloof behoort die enigste maatstaf by toelating tot lidmaatskap te wees.	67.69	9.23	23.08	13 V10
Ek ken die name van die belydenisskrifte van ons kerk	54.87	25.13	20.00	14 V11
Die kerklike tug is een van die kenmerke van 'n ware kerk	74.36	12.31	13.33	15 V12
Elke lidmaat moet werklik 'n kind van God wees	93.33	1.03	5.64	16 V13
As ek van een gemeente na 'n ander trek, is dit my eie verantwoordelikheid om seker te maak dat ek 'n ingeskrewe lidmaat van die nuwe gemeente is.	92.82	2.56	4.62	17 V14
Die Dordtse Leerreëls is een van die belydenisskrifte van ons kerk	56.92	36.41	6.67	18 V15
Ek verstaan nou baie beter wat die verbond is as toe ek belydenis van geloof afgelê het	89.23	5.64	5.13	19 V16
Die geloofsbelydenis van Nicea is een van die artikels van die geloof wat ons kerk aanvaar	34.36	56.92	8.72	20 V17
Gelowige dooplidmate behoort saam met belydende nagmaal te gebruik	51.79	12.31	35.90	21 V18
As ek 'n gebied verlaat en binne die grense van 'n ander gemeente gaan woon, is dit die vorige gemeente se plig om my attestaat aan te stuur sonder dat ek daarvoor vra.	14.87	9.23	75.90	22 V19

	Ja	Onseker	Nee	
Toe ek belydenis van geloof afgelê het, het ek lid van die kerk geword	53.85	1.03	45.13	23 V20
Die geloofsbelydenis van Belhar is een van ons kerk se belydenisskrifte	10.77	48.72	40.51	24 V21
Dit is elke gelowige se vrye keuse of hy aan die kerk wil behoort of nie	76.41	3.08	20.51	26 V22
Die Heidelbergse Kategismus is een van die belydenisskrifte van ons kerk	92.82	6.15	1.03	26 V23
Ek moet self kan besluit by watter gemeente ek wil inskakel ongeag waar ek woon	62.05	5.64	32.31	27 V24
Toe ek belydenis van geloof afgelê het, het ek beloop om getrou te getuig vir Jesus Christus	95.90	2.56	1.54	28 V25
As ek van een gebied na 'n ander trek wat nie meer binne die huidige gemeente se grense val nie, is dit die nuwe gemeente se plig om my attestaat aan te vra.	30.26	8.72	61.03	29 V26
Ons kerk onderskryf die geloofsbelydenis van Athanasius	21.03	60.00	18.97	30 V27
Alle belydende lidmate behoort gereeld nagmaal te gebruik	88.72	5.13	6.15	31 V28
Ek is 'n ingeskrewe lidmaat van die gemeente binne wie se grense ek woon	93.33	3.08	3.59	32 V30
Toe ek gedoop is, het ek lid van die kerk geword	80.00	4.10	15.90	33 V31

6 NORME VIR LIDMAATSKAP EN BEVINDINGE

Aan die begin van hierdie proefskrif is die stelling gemaak dat daar duidelikheid gekry moet word oor wat ons met **kerk** bedoel wanneer daar oor kerklidmaatskap gepraat word. Wat tot sover in hierdie ondersoek aan die lig gekom het, is dat die Bybel nie op een manier oor die kerk praat nie en dat die kerk hom nie sonder meer laat definieer of begryp nie. Wanneer daar nou oor beginsels gepraat word, behoort die spanning wat daar in die teologiese nadenke oor die kerk is, duidelik te word in wat hier volg. Sonder om die onderwerp "kerkbegrip" eksplisiet aan die orde te stel, sal 'n bepaalde verstaan van die kerk na vore kom in die bespreking van die beginsels rondom lidmaatskap van die kerk.

Op bladsy 13 word die volgende definisie van kerklidmaatskap gegee: "Die term 'kerklidmaatskap' in die titel van hierdie studie is 'n aanduiding van 'n bepaalde band tussen 'n gemeente en 'n individu waarvolgens die gemeente van Jesus Christus die individu as deel van daardie gemeente se verbondsverhouding met die drie-enige God aanvaar en waarvolgens die individu deelneem aan die diens van die gemeente aan God, medemens en skepping." Dit beteken dat die gemeente moet bepaal of 'n persoon deel van die gemeente se verbondsverhouding met God is of nie.

Daar moet dus *onderskei word tussen mense* om te bepaal of hulle deel van die kerk is of nie. In die Ou Testament was die onderskeid gemaak ten opsigte van geloof in Jahwe soos wat dit ook na vore gekom het in die verhouding met die medemens en deelname aan die verbondsvolk. Dáár was dit 'n onderskeid tussen volk van God en die heidene. In die Nuwe Testament het die onderskeid gegaan oor geloof-ongeloof, oor of iemand aan Christus behoort of nie. Ongelukkig het daar in die kerkgeskiedenis soveel sondige verdeeldheid en dwaling gekom dat die onderskeid ten opsigte van lidmaatskap al hoe meer 'n afgrensing geword het van kerk teenoor kerk. In sommige gevalle gaan dit oor ware kerk teenoor valse kerk (bv. NGB artikel 29), maar in baie gaan dit oor verskille wat nie so wesentlik is dat die ander kerk as 'n valse - of nie-kerk bestempel kan word nie.

Waar die saak van lidmaatskap dus die onderskeid tussen kerk en ongelowige wêreld moes aandui, en dit tog in 'n mate doen, onderstreep die afgrensing van plaaslike kerke teenoor mekaar die verdeeldheid van die kerk van Jesus Christus. In die Nuwe Testament was daar nie sprake van meer as een kerk in dieselfde omgewing nie.

By die vraag na norme vir kerklidmaatskap sal daar onderskei moet word tussen beginsels wat die afgrensing van die kerk teenoor die wêreld op die oog het en ander beginsels wat onderskeid maak ten opsigte van verskille tussen verskillende kerke.

6.1 Onderskeid kerk-wêreld

In Romeine 1:18-11:36 is Paulus volgens Dunn besig met "the theological redrawing of the boundaries of the people of God" (Dunn 1988:759). In Rom. 12 maan Paulus die gemeente om die onderskeid tussen kerk en wêreld te handhaaf en vernuwe te word. Die kerk mag nie sy lewe volgens die "skema van hierdie wêreld" (*καὶ μὴ συσχηματίζεσθε τῷ αἰῶνι τούτῳ* - Rom. 12:2) inrig nie. Hierdie motivering vir die kerk se optrede is dankbaarheid vir die barmhartigheid van God⁹⁵ (Rom. 12:1) in Christus Jesus waardeur hy uit genade gered is sonder enige verdienste.

Die onderskeid tussen kerk en wêreld bring ons by die grense van die kerk. Dit is juis wanneer die kerk by sy grense vertoef, dat groot verantwoordelikheid aan die dag gelê moet word. Dáár word die kerk se kerkwees, sy gehoorsaamheid, getoets ten aanskoue van die wêreld (Berkouwer 1970:201). "If a boundary exists between the church and the world, it is located and marked by the cross, viewed from one side as God's victory and from the other as scandalous and foolish. But as boundary the cross is also a bridge for constant two-way traffic. Whatever the distance between church and world, this distance must and can be crossed by the church because it has already been crossed by its head" (Minear 1960:243). Hierdie grens word sigbaar in die kerk se belydenis (Balke 1990:265) en die uitlewing van die belydenis ook in die hantering van sake soos lidmaatskap.

6.1.1 Toetrede tot die kerk

"Die enigste grond vir toebehore tot die Israel van God is God se vrymagtige en genadige uitverkiesende verbondswerking binne die geslagslyn van Abraham" (Coetzee 1965:310; vgl. Meinhold 1979:353). Toetrede tot die kerk het te doen met die heilsdaad van Christus wat die vervulling van daardie verbond is. Alleen wanneer God iemand die verlossing in Christus toesê, kan die gemeente aanvaar dat daardie persoon lid van die gemeente is. Jonker stel dit so: "Niemand kan aan die kerk

⁹⁵ "Alle beelden wijzen in dezelfde richting van het éne geheimenis der kerk vanuit haar oorsprong, vanuit de liefde en de barmhartigheid Gods" (Berkouwer 1970:94).

van Christus behoort, as God hom nie red en deur die daad van redding by die kerk voeg nie (Hand. 2: 47). Die kerk is Gods werk (vgl. Heidelbergse Kategismus Sondag 21). Christus self versamel sy kerk. Geen mens het dus gesag om iemand by die kerk te voeg of van die kerk uit te sluit nie. Die grense van die kerk word deur niks anders gevorm as die genade van God nie. Buite en binne word met betrekking tot die kerk slegs deur een ding bepaal, en dit is die verhouding wat daar tot Christus bestaan (vgl. 1 Kor. 5: 13)" (Jonker 1962:20). Dit hang ten nouste saam met die uitverkiesing en die verbond wat beteken "dat God uit vrye welbehae en uit louter genade uit die ganse menslike geslag in Christus vir Hom 'n gemeente tot die ewige lewe vergader, beskerm en onderhou (HK vr. 54)" (Jonker 1989:113). Die plaaslike gemeente moet die verbondskarakter (vgl. Vorster 1991:246,247) van die universele kerk vertoon ook in die hantering van sake soos lidmaatskap.

6.1.1.1 Hoe kan die gemeente weet of God aan 'n persoon sy heil toegesê het?

God skenk sy heil aan die gemeente, sy verbondsvolk. Hy woon daar waar sy gemeente besig is met hulle diens aan Hom, medemens en wêreld. Iemand wat in die gemeente gebore word (vgl. König 1995:83,84), en grootword in die midde van die gemeente, het deel aan die oorfloed van genadebetoning wat die gemeente van God ontvang. Daarom kan die gemeente sulke kinders identifiseer as verbondskinders en so word hulle as gemeentekinders gedoop. Ten opsigte van sulke mense is Hoedemaker se opmerking waar: "Men word als lid der Kerk geboren. De doop heeft dit bezegeld" (P.J. Hoedemaker aangehaal deur Van Wyk 1989:185).

Daar is tog ook mense (ongelukkig baie) wat nie in hierdie voorreg deel nie. God gebruik sy gemeente om getuie van die Evangelie van Jesus Christus te wees en in die gehoorsame uitvoering van hierdie opdrag raak die gemeente betrokke by die proses waardeur God mense uit die duisternis roep tot sy wonderbare lig (1 Petr. 2:9). Die prediking en getuienis staan só in diens van die uitverkiesing. "'n Mens kan selfs in 'n sekere sin sê dat die uitverkiesing in die prediking *voltrek* word en *geskied*" (Jonker 1989:120). Weber stel dit so: "Erwählt-Sein heißt: in und mit der Gemeinde erwählt-sein" (Weber 1972:564). Waar mense tot geloof in Jesus Christus (Hand. 16:31) kom as gevolg van die verkondiging van die Woord, en daardie geloof bely (Rom. 10:8-15), word sulke mense met blydschap gedoop en in die gemeente opgeneem as deel van die verbondsvolk (Hand. 2:38,39). "An Jesus Christus zu glauben, das hat nicht die schließlich auftretende *Folge*

der unio Mystica, sondern es ist wesenhaft bereits die Zugehörigkeit zu seinem Leibe" (Weber 1972:575; vgl. Schmaus 1979:59).

Persoonlike geloof is nooit bloot individuele geloof nie en dit kan nie van die gemeente losgemaak word nie. Geloof veronderstel gemeenskap (Berkhof 1973:358). "Als wij de kerk met de nog door Calvijn gebezigde, maar onder ons ongewone titel onze 'moeder' noemen, zeggen we juist dat de betekenis van de kerk gelegen is in wat zij voortbrengt: het persoonlijk geloof. De verbondsontmoeting wordt pas werkelijk in de enkele persoon" (Berkhof 1973:359). God se beloftes, soos ons dit in die gemeente verneem, wek en vereis ons geloof (Strauss 1984:386).

Geloof en die belydenis daarvan is dus van sentrale belang wanneer die vraag beantwoord moet word oor wie as lid van die gemeente toegelaat kan word. Die 123 ondertekenaars van die "Ope Brief" in 1982 verklaar "dat die kerk geen ander maatstaf vir lidmaatskap as die belydenis van die ware geloof in Christus mag aanlê nie (Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 27)" (Bosch, König, Nicol (red):1982:14) en die Cottesloe-beraad het besluit: "Niemand wat in Jesus Christus glo, mag uitgesluit word uit enige kerk op grond van kleur of ras nie" (Aangehaal deur Lückhoff en Nicol:1982:27).

Wat sou die minimum-inhoud van die geloof moet wees wat so 'n persoon bely voor die doop bedien kan word? Sou dit die instemming met die belydenisskrifte van die kerk moes behels? Sou dit voorafgegaan moes word deur kategeese (Nederduitse Gereformeerde Kerk 1994[2]:Artikel 50.3) en allerlei toetse om kennis vas te stel? Sou dit, soos in die geval van die Apostoliese Geloof-Sending, nodig wees om 'n verklaring te onderteken dat die doopkandidaat hom/haar aan die "kerkwette" onderwerp of die Kerkorde moet onderskryf (Afrikaanse Protestantse Kerk)? Sou dit "geloof in die Drie-enige God, sy openbaring in die Skrif en die verwoording daarvan in die Belydenisskrifte" (Nederduitse Gereformeerde Kerk 1994[2]:81) wees? Of die inhoud van die Apostoliese Geloofsbelydenis? Moet die voornemende lidmaat aan bepaalde woonplek-vereistes voldoen? Of taalvereistes? Of ouderdomsvereistes (bv. ouer as 16 jaar)? Sou die missiestelling van die gemeente eers onderteken moes word? Moet die voornemende lidmaat aan 'n bepaalde ras (Afrikaanse Protestantse Kerk en Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika) behoort?

Feitlik al die werklike of denkbeeldige "voorwaardes" vir lidmaatskap wat in die vorige paragraaf genoem is, het nie te doen met die afgrensing van die kerk teenoor die ongelowige wêreld nie,

maar met onderlinge verskille tussen kerke of bykomstige sake (soos ras) wat nie kerklike sake is nie. Die Skrif ken nie al hierdie voorwaardes nie. As iemand uit die heidendom tot geloof gekom het, en Christus as Verlosser bely, kon so 'n persoon in Christus en sy gemeente in gedoop word. So 'n dopeling was volwaardig lid van die gemeente en moes deur die gemeente onderrig en begelei word om die implikasies van sy/haar inlywing in Christus te verstaan en uit te leef. Ook die Nederlandse Geloofsbelijdenis (NGB) beskryf die kerk as "almal wat waarlik in Christus glo, wat almal hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees" (Artikel 27). Paulus skryf aan die Korintiërs: "niemand kan sê: 'Jesus is die Here' nie, behalwe deur die Heilige Gees" (1 Kor. 12:3). "Daher ist unser Dasein in der Gemeinde nicht eine, womöglich abtrennbare, Folge unseres Seins „in Christus“, sondern es ist mit ihm im *Vollzuge identisch*" (Weber 1972:564). Die gemeente is alleen gemeente *in Christus* en hierdie feit moet in die onderskeid tussen kerk en wêreld in die hantering van lidmaatskap duidelik na vore kom.

Op die vraag oor die minimum geloofsinhoud wat bely moet word, sou in die lig van die Skrif en die NGB gesê moes word dat "almal wat hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag" (Artikel 27), Jesus Christus met al sy verdienstes omhels en niks anders as na Hom soek vir saligheid nie (Artikel 22), Hom aangeneem het as enigste Verlosser en as enigste Hoof erken (Artikel 29), gedoop behoort te word en as lede van die gemeente as nagmaalsgemeenskap verwelkom behoort te word. Verdere onderrig en inskakeling by die diens van die gemeente behoort daarna voort te gaan soos wat dit in die Nuwe Testament die geval was. Wanneer daar oor die inhoud van lidmaatskap gepraat word, meer hieroor.

Die motivering vir allerlei voorwaardes bo en behalwe dit wat in die vorige paragraaf genoem is, is gewoonlik dat die eer van die Here beskerm moet word en dat daar so ver moontlik seker maak moet word dat die huigelaars gekeer word om deel van die gemeente te word. Van die voorwaardes is inderdaad van groot belang vir lidmaatskap, maar nie noodwendig by die *toelating* tot lidmaat nie.

Die verskillende kerke het ook heel verskillende benaderings om hierdie probleem te hanteer. As voorbeeld kan verwys word na die Gereformeerde Kerke in Suider Afrika (of in Nederland) en die Nederduitsche Hervormde Kerk van Afrika (of hulle Nederlandse susterskerk). In die Gereformeerde Kerke is daar baie streng kontrole ten opsigte van attestasie en toegang tot die nagmaal,

terwyl die Hervormers veel vryer is. Twee aanhalings uit Dingemans se werk illustreer die standpunt van die Hervormde tradisie in Nederland: "Het lidmaatschap van de kerk is nooit duidelijk begrens. Er is een vage en brede 'rand' tussen de actieve gemeenteleden, die op allerlei wijze participeren in de gemeente en de mensen die 'er niets meer van willen weten'... De hervormden willen graag hun band vasthouden met rand- en buiten-kerkelijken, die zich toch op de één of andere wijze met de Hervormde Kerk en het christelijk geloof verbonden voelen" (Dingemans 1987:38,39). "Principiële houdt de Hervormde Kerk er echter theologisch aan vast, dat men de grenzen van de kerk niet nauwkeurig kan trekken: de liefdevolle genade van de Heer rimpelt de oppervlakte van de bevolking rondom de gemeente, zoals een steen het water van de vijver beroerd... De grenzen zijn principiële vloeiend in de gemeente van Christus" (Dingemans 1987:39,40).

Searle, wat ook 'n vryer toelatingsbeleid ten opsigte van lidmate bepleit, toon aan dat sowel in die Ou Testament as in die Nuwe Testament daar altyd 'n spanning was binne die verbondsvolk in dié opsig dat daar altyd ook die gevaar van valse lidmaatskap was: "that in the OT we have a *Church within a church*⁹⁶. And that is not, I urge, a bad mistake; but a pattern" (Searle 1983:27). Hy gaan voort om te wys op die oorblyfsel-motief in Jesaja as 'n voorbeeld hiervan. In Nuwe-Testamentiese verband verwys hy na die talle koninkryksgelykenisse wat dui op God se oordeel wat skeiding maak soos die gelykenisse van die saaiër, die onkruid en die koring, die net vol visse, die tien maagde en nog meer. "Do not all of these show that Awesome Judgement of God that begins with the Church of God? Christ separating the genuine from the counterfeit, the true from the false? This is what the Kingdom of God is like, says Jesus" (Searle 1983:27).

Hy pleit vir 'n hantering van lidmaatskap wat meer inklusief as eksklusief is en sluit aan by die volgende vier vereistes vir lidmaatskap wat hy meen hy by die hervormers ook raakloop: 1. Belydenis van geloof in Christus Jesus. 2. Behoorlike toepassing van die kerklike tug. "And to confess Christ is never merely the uttering of some creed, it is a real *identification of the person with the Body of Christ*. Confession of Christ involves *crossing* over to Jesus' side; and that imposes on the church the responsibility of exercising discipline, that shame may not be brought on the name of Christ by some who may not be giving evidence of repentance" (Searle 1983:29). 3. "We would expect, therefore, those asking for membership of Christ's Church to be ready to sit regularly under

⁹⁶ Searle werk hier met die onderskeiding sigbare ("church") kerk en onsigbare kerk ("Church").

the teaching of the Word of God" (Searle 1983:29). 4. Die gereelde bediening van die sakramente. Die tweede en vierde vereiste wat Searle identifiseer, het meer met die gemeente se verantwoordelikheid teenoor die lidmaat te doen terwyl die derde een se klem meer op die verantwoordelikheid van die lidmaat val.

Die klem by Searle val dus nie soseer op die voorkoming daarvan dat 'n persoon wat nie eg is nie, lidmaat word nie, maar op die sorg aan die lidmate om te verseker dat die belydenis uitloop op 'n sigbare gehoorsaamheid aan Jesus Christus. "We warn, we rebuke, we invite, we instruct, we charge, we teach ... and we trust the Holy Spirit of God to use His Word" (Searle 1983:31). Hierdie benadering is teologies meer konsekwent as wat daar vóór die aanvaarding van 'n nuwe lidmaat allerlei ander vereistes gestel word bo en behalwe die belydenis van die geloof dat Jesus Christus die enigste Verlosser is. Die implikasies daarvan sal duideliker word soos wat die hantering van lidmaatskap beredeneer word.

Op die vraag hoe die gemeente weet aan wie God sy heil toegesê het, is die antwoord dus tweërlei: Van verbondskinders in die midde van die gemeente, wat deel in die heil wat aan die gemeente toegesê is, en daarmee saam almal wat met water gedoop is in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees, weet die gemeente kragtens sy aard as verbondsgemeenskap dit reeds. Mense wat van buite die verbond tot die gemeente toetree, kan dit net doen nadat die gemeente oortuig is van 'n opregte geloof in Jesus Christus as die enigste Verlosser op grond van 'n belydenis van daardie geloof. "Niemand behoort werklik tot die gemeente van Christus wat nie deur die Middelaarswerk van Christus aan die Vader behoort nie" (Nel 1994:89). Alleen in die geloof kan die seëninge van die verbond ontvang word (Jonker 1990:565).

Ware geloof in Christus, het as 'n wesenlike bestanddeel die deelwees van die gemeente. "Ein Glaube, der nicht konkret Aufgenommen werden in die Kirche wäre, wäre kein christlicher Glaube. Das Aufgenommenwerden in die glaubende Gemeinschaft ist ein Teil des Glaubens selbst, nicht nur ein nachträglicher juristischer Akt" (Ratzinger 1979:319). Hierdie geloof word aan die individu geskenk deur die Heilige Gees vanuit die gemeente as gemeenskap van die gelowiges. Die doop is 'n bevestiging dat die inlywing van die gemeente in Christus, ook aan die dopeling geskenk word. "Die pneumatologiese inkorporasie van die gemeente in Christus Jesus, stel 'n nuwe skepping daar. D.m.v. die sakramente, verkondiging en geloof word die gemeente subjektief ingelyf in die Nuwe Mens (resp. skepping) sodat hierdie heilsordelike inkorporasie die karakter dra

van 'n wedergeboorte, 'n herskepping: ... Daarom kan die doop 'die bad van die wedergeboorte' (Tit. 3: 5) genoem word" (Theron 1978:65).

6.1.1.2 Doop

Die doop is 'n sakramentele toesegging van die heil⁹⁷. Dit word nooit losgemaak van geloof⁹⁸, die heilsdade van Christus en die Heilige Gees nie. Dit is 'n middel waardeur Christus deur die Heilige Gees werk (König 1995:23).

Natuurlike verwantskappe is bane waarin God se verbondsgenade sigbaar word, al gaan sy genadebetoning veel verder as dit. Die verbond het in gedeeltes soos Gal. 3 en 4; Hand. 2:38,39 en die doop van huishoudings 'n rol gespeel (König 1995:12-22). Kinders kon dalk deel van die huishoudings wat gedoop is, gewees het (Harris 1978:19), maar dié gedeeltes is nie 'n bevestiging van kinderdoop in die Nuwe Testament nie (König 1995:21). Die doop in die Naam van Jesus Christus⁹⁹ (Hand. 2:38; 8:16; 10:48; 19:5), of in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees (Matt. 28:19), bevestig dat die gedoopte aan die Een wie se Naam oor hom/haar

⁹⁷ König (1995:7-32) dui 8 betekenis van die doop aan : dit "maak ons die eiendom van Christus, lyf ons in Christus, in sy kerk, en in die verbond in" (1995:7), dui op ons reiniging en vergifnis en dui op die ontvangs van die Heilige Gees en ons wedergeboorte.

⁹⁸ König wys op die interessante parallele tussen geloof en doop in die Nuwe Testament met behulp van die volgende tabel (König 1986:13) :

Heilswerk	Deur die doop	Deur die geloof
Vereniging met Christus	Gal 3:27	Ef 3:17
Vereniging met sy dood of opstanding	Rom 6:1 e.v. Kol 2:11 e.v.	Gal 2:19-20; 5:24, Ef 2:4-9; Kol 2:12; Rom 8:12-13
Regverdiging	1 Kor 6:11	Rom 3:21-28; Fil 3:9
Vergifnis	Hand 2:38	1 Joh 1:9
Reiniging	Hand 22:16	1 Joh 1:9
Ontvangs van die Gees	Hand 7:38	Gal 3:2-5, 14
Weergeboorte en nuwe lewe	Tit 3:5; Joh 3:5	Joh 3:14, 16; 20:31
Redding	1 Pet 3:21	Rom 1:16; Ef 2:8

⁹⁹ De Villiers (1977:61) wys daarop dat wanneer daar gemeld word van die doop in die Naam van Jesus Christus, dit nie impliseer dat die doop nie in die naam van die Vader, Seun en Heilige Gees bedien is nie.

uitgeroep is, behoort (König 1995:8; Van Wyk 1983:111), aan Christus se sterwe en opstanding deelgekry het (Rom. 6:1-14; Kol. 2 en 3) en by die gemeente ingelyf is (1 Kor. 12:13; vgl. NGB art. 34).

Dit het nie net te doen met die verhouding tussen 'n individu en God nie (Evans 1994:30), maar verbind, soos hierbo gesê, die dopeling met die gemeente. "So hört der Glaubende in der Taufe auf, ein Einzelner zu sein" (Schlink aangehaal deur Brunotte:1979:176). Garner (1978:32) sien die doop as die enigste ritus vir toelating tot die gemeente (vgl. Frost 1979:238). "Die Taufe ist wesentlich das signum efficax der Zugehörigkeit zur *eschatologischen* Heilsgemeinde" (Weber 1972:570). As sodanig het die doop nie alleen heilshistoriese betekenis nie, maar ook kerkregtelike betekenis juis omdat dit onder andere dui op die opname van die dopeling in die gemeente van Jesus Christus (Brunotte 1979:173). Omdat hierdie opname nie 'n daad van vrye wilsbesluit deur 'n mens is nie, maar 'n genadige ingrype van God, bots die ekklesiologiese funksie van die doop met 'n kollegialistiese verstaan van kerklidmaatskap en 'n kerklidmaatskapspraktyk wat soos dié van 'n vereniging funksioneer (Wendt 1979:225).

6.1.2 Inhoud van lidmaatskap

As die gemeente oortuig is dat iemand aan Jesus Christus behoort en hulle erken so 'n persoon as lid van die gemeente, wat is dan daardie lid se verantwoordelikheid en wat is die gemeente se verantwoordelikheid teenoor daardie lidmaat? Wat is die gestaltes van die gemeente (ook die enkele lidmaat) se gehoorsaamheid en dankbaarheid vir die verlossing? Die diens van die gemeente kom hier ter sprake.

Die tweede deel van die definisie van lidmaatskap (bladsy 13) meld dat die individu vanuit die verbond "deelneem aan die diens van die gemeente aan God, medemens en skepping". Diens is so 'n belangrike deel van gemeentewees dat Karl Barth gesê het: "Service is not just one of the determinations of the being of the community. It is its being in all its functions" (Barth 1958:692; vgl. Van 't Spijker 1990:391, Nel 1994:36, Chikakuda 1994:99-105, Harris 1978:25). Dat die kerk kan dien, is deel van God se genadebetoning. As daar dan gepraat word oor die inhoud van lidmaatskap kom hierdie inhoud daarop neer dat aspekte van God se genade en die kerklike dienslewering diens as deel daarvan beskryf word. "Tegenover een kerkbegrip dat is opgebouwd vanuit transcendente normen en zich richt op 'ontische' of 'substantiële' eigenschappen, hebben wij een

functionele ecclesiologie nodig. De kerk *is* wat zij *doet* en de kerk zit nooit stil, omdat zij altijd onderweg is" (Trimp 1990:453). Uit die ondersoek na die Ou en Nuwe Testament en belydenis-skrifte kom die volgende sake, wat in sommige gevalle oorvleuel, na vore:

6.1.2.1 Christokrasie

Jesus Christus is die Hoof van die kerk (vgl. Ahlers 1985:29). Die kerk is deur die Woord en Gees daargestel en Christus regeer steeds die gemeente deur sy Woord en Gees. "Ambten en dienste zijn erop gericht het zicht op Christus, het Hoofd en Here van de kerk open te houden" (Noordegraaf 1990:62). Daarom is Woord van God, onder leiding van die Heilige Gees, die rigsgaander vir die gemeente(lid). "Slechts waar de Christocratie tot z'n recht komt, komen ook de eigenschappen¹⁰⁰ tevoorschijn. Daaraan worden de eigenschappen op hun wezenlijke waarde en waarheid getoetst" (Balke 1990:260).

Lidmaatskap behels dus 'n lewende bewys van die verbondenheid en gehoorsaamheid aan Christus. Die diens saam met die gemeente, gee sigbare uitdrukking aan hierdie verbondenheid en gehoorsaamheid.


6.1.2.2 Dienslewering

'n Volwasse gemeente is 'n gemeente waar *dienslewering* die normale lewenswyse van die gemeente en lidmate is - 'n gemeente-in-aksie. Ten opsigte van die doop en diensbaarheid sê Brunotte: "Das bedeutet zugleich: herausgerufen aus der Welt und gesendet zum Dienst an der Welt" (Brunotte 1979:176). Hierdie dinge sal aan alle gelowiges geleer moet word en dit sal geleef moet word. Om dit moontlik te maak stel Burger 'n "*gevarieerde bediening*" voor "waarin daar 'n balans en *wisselwerking is tussen die vier belangrikste dinamiese beginsels* van die Christelike geloofsgemeenskap. ... - *visie, verbintenis, gemeenskap en diens* - moet gereeld direkte aandag (=be-dien-ing) kry ..." (Burger 1991:21). Lidmaatskap wat nie aktiewe dienslewering behels nie, verloor sy betekenis en daarmee sy invloed op die wêreld.

¹⁰⁰ Eenheid, heiligheid, katolesiteit en apostolisiteit - JHS

Nel (1994:27) gebruik die volgende diagram om die diens van die gemeente mee te illustreer¹⁰¹:

"Die gemeente en gemeentebou dien



Dit is 'n nuttige onderskeiding wat gebruik word in die gemeentebouteologie solank dit aangewend word om in die beplanning van die bediening seker te maak dat al hierdie aspekte van dienslewering aandag kry. Dit kan egter nie aangewend word om die totale diens en funksionering van die gemeente mee te struktureer of selfs te beskryf nie. Twee voorbeelde sal hierdie opmerking illustreer: 1. Die missionêre dimensie van die gemeente is veel meer as die *marturia* of selfs *missionêre diakonia*. Alles wat die gemeente doen, behoort ook 'n missionêre gerigtheid te hê. In die liturgiese viering van die verlossing en die diens aan medemens en skepping is die gemeente die liggaam waardeur God die wêreld met die versoening van Jesus Christus wil bedien. Missionêre dienslewering deur woord en daad is wesenlik deel van gemeentewees. Wanneer daar oor lidmate gedink word, mag dit nie vergeet word nie. 2. Die toerusting of onderrig van gelowiges (Ef. 4:12) is veel meer as *didache*. Soos wat die missionêre gerigtheid van die gemeente deel van al sy dienslewering behoort te wees, is dit met die onderrig of toerusting van lidmate. Diens is terselfdertyd ook in-diens-opleiding en aktivering en motivering tot verdere diens. Dit is eintlik eers wanneer die gelowige in diens van die God staan wat hom uit die duisternis geroep het, toerus en gebruik, wanneer hy as't ware die evangelie in aksie sien in sy eie lewe en dienslewering, dat hy

¹⁰¹ In aansluiting by Nel se opmerking dat diens die kommunikasie van die Evangelie is, kan gewys word op 'n opmerking van Bavinck: "Alle dienst in de kerk is een dienst des woords" (Bavinck 1930:297).

die grootheid van God se genade eksistensiële leer ken. Die dienslewering van die gemeente is dus so geïntegreerd dat, hoewel aspekte daarvan beskryf kan word, dit nooit regtig in kompartemente ingedeel kan word nie.

Nel wys daarop dat "elke gelowige as deel van die geheel van die liggaam direk aan die Hoof, Jesus Christus, verantwoording verskuldig is" en dat 'n dankbare, "groeïende gehoorsaamheid aan Jesus se oproep tot dissipelskap" belangrik is. Hy gaan voort: "Die gemeente wat dit verwaarloos, mag *nog besig wees* (lyk asof dit dien), maar het grondbeginsels prysgegee en betaal mettertyd die prys daarvoor. Hier skuil die wortel van die kollegialisme wat soos kweek stelselmatig 'n grasperk 'oorneem'. Voor iemand dit beseft, verword die kerk tot 'n vereniging vir 'n bepaalde volk (breedweg wat die kollegialisme is). Sommige se ledegeld is net agterstallig. In so 'n kerkbegrip is daar ook nie 'n klousule in die grondwet dat agterstallige ledegeld of die weerhouding van diens jou lidmaatskap bedreig nie. Wie sal dan ook so 'n vereniging bedank en daarmee sy doop-, trou- en begrafnisvoordele verloor" (Nel 1994:49)? Dit is juis by die persoonlike lewensheiliging, die betrokkenheid by die dienslewering van die gemeente aan God en medemens en skepping dat die eintlike doel van lidmaatskap, die gesamentlike verering van God, na vore kom (vgl. Frost 1979:242,243). Enige vorm van klerikalisme of gesagsbeheptheid is 'n ingrype in die wese van die kerk (Lee 1992:188-191).

Die NGB se artikel 28 wat daarop wys dat geen gelowige homself eenkant mag hou nie, maar hom by die ware kerk moet voeg, behoort ook in die perspektief van aktiewe dienslewering gesien word. Gesien teen die agtergrond van Trimp se opmerking (bladsy 212) oor 'n *funksionele ekklesiologie*, is die gemeente daar waar vanuit die verkondiging van die Woord, en die viering in die sakramente uit dankbaarheid vir die verlossing diens gelewer word aan God, medemens en skepping.

Met die oog op hierdie dienswerk van die gelowige, gee die Heilige Gees gawes. "Die gawe (*chárisma*) wat die gelowige ontvang het, staan parallel met die funksie (*praxis*) wat die lidmaat in die liggaam het" (Du Rand 1988:86).

6.1.2.3 Toerusting

Die gelowige moet onderrig word oor die volle implikasies van die verlossing in Christus en verder toegerus word om, met die gawes wat die Heilige Gees gee, mee te werk aan die opbou en uitbou

van die gemeente. "De kerk kan dan alleen maar een 'vergadering van ware Christ-gelovigen' zijn (N.G.B., art. 27), wanneer zij in een voortdurend leerproces het ware geloof aan haar leden leert" (Verboom 1990:404). Die ampsdraers wat die opdrag het om gelowiges toe te rus, moet die dienswerk koördineer en stimuleer (Versteeg 1988:57,62; Du Rand 1988:88).

6.1.2.4 Viering

Gereelde liturgiese viering van die verlossing moet plaasvind waartydens lofprysing, musiek, aanbidding, Woordverkondiging, lering, belydenis van geloof, skuldbelydenis en gereelde nagmaalviering 'n sentrale plek inneem. "The vitality of worship in the life of the congregation is a measuring rod for the health of the people of God" (Miller 1992:268).

Die prediking van die Woord van God in die erediens "staat in de context van de *tegenwoordigheid van de levende Heer*" (Runia 1990:392) en is "een *pneumatologische* werkelijkheid" (Runia 1990:395). Dit kan ook van die nagmaalviering gesê word waarvan Kilian (1992:215) meen dat dit die kultiese middelpunt van die gemeentelike bestaan is. Trimp sien die nagmaal ook as 'n belangrike vertrekpunt vir die pastoraat: "De identiteit van dit kerkelijke pastoraat zal veilig zijn in het kader van een doorzichtige, vanuit het avondmaal opgebouwde leer van het ambt en een heldere overtuiging omtrent de heilzame kracht van de gehoorzaamheid onder het evangelie van Christus" (Trimp 1990:433).

6.1.2.5 Liefde

Liefde teenoor die medemens vorm saam met liturgiese viering 'n eenheid in die dankbare gehoorzaamheid van die gemeente. "Het verticale(...) en het horizontale (...) zijn nauw met elkaar verbonden. De in Christus gegeven eenheid vormt de grondslag voor de roeping" (Noordegraaf 1990:62). Die een sonder die ander een raak 'n klug.

6.1.2.6 Onderlinge sorg

Die gemeente moet sorg dra vir die gelowiges en toesien dat daar nooit by een van hulle 'n verkeerde gesindheid van ongeloof ontstaan en so 'n persoon van die lewende God afvallig word nie (Hebr. 3:12). Onderlinge sorg en die tug moet in liefde funksioneer. Dit beteken dat elke

gelowige, uit die aard van sy verbondenheid aan die gemeente, hom of haar aan hierdie opsig en tug onderwerp. "Die verwaarlosing van kerklike dissipline het noodlottige gevolge vir Gemeentebou" (Nel 1994:47). Deur ongehoorsaamheid bring die gemeente/gelowige homself in die ellende en die gevaar bestaan dat hy sy plek kan verloor in die kerk van Christus.

Van Wyk maak 'n valse teenstelling as hy beweer dat omdat die vroom gelowige nie die kerk dra nie, maar die Woord van God in die prediking en onvoorwaardelike binding aan die belydenis, "moet dit vir die kerk steeds gaan oor die kwaliteit van die prediking *en nie oor die kwaliteit van die vroom lidmaat nie*" (Van Wyk 1989:134 - kursivering JHS). As daardie stelling vir Paulus gegeld het, sou hy nie opmerkings gemaak het soos "hoofsaak is dat julle lewenswandel in ooreenstemming met die evangelie van Christus moet wees" (Fil. 1:27) nie. Goeie prediking lê juis ook klem op die lewe van die lidmaat vanuit God se genade. "The test for the purity of the proclamation of the Church is whether it creates obedience to the Word of God in the lives of the people who hear it" (Chikakuda 1994:131). Artikel 29 van die NGB wat op bladsy 13 aangehaal word, dui juis die kenmerke van die lidmate se lewe aan as dit waaraan die kerk in sy lidmate uitgeken kan word.

Hierdie onderlinge versorging en versorging van die gemeente deur die besondere ampte, word met die herder-kudde-beeld verbind (bv. Hand. 20:28-30) en ook aan die liggaamsbeeld (1 Kor. 12; Rom. 12; Ef. 4). "Het herderschap werd een zaak van 'opzicht' en 'tucht': paraklese in vertroostende en vermanende zin en bij gebleken noodzaak ook paraklese in bestraffende zin" (Trimp 1990:428). Die genade van God bly die grondslag van die onderlinge versorging. Die gemeente het vergifnis ontvang en tree teenoor mekaar op met vergifnis. "Als we een kerk willen maken met een absoluut karakter, dan blijft er geen kerk over. Daarbij komt dat de vergeving der zonden de sleutel der kerk is. Zonder die vergeving zouden we geen dag in de kerk kunnen blijven. En we krijgen die vergeving ook zelf slechts in de gemeenschap der kerk" (Noordmans 1984:107).

6.1.2.7 Missionêre gerigtheid

Die gemeente is God se verteenwoordiger in die wêreld as draer van die evangelie. Die redding van die geskape werklikheid is die doel van die verbond (Theron 1978:26). "Die gerigtheid op en missionêre betrokkenheid by die wêreld behoort tot die wese van die Nuwe-Testamentiese ekklesia"

(Rossouw 1976:154). Rossouw wys drie aspekte van die kerk se diens aan die wêreld uit: die priesterlike waardeur die kerk deur voorbedding by God vir die wêreld intree en deur woord en daad God se liefde aan die wêreld in nood bedien; die koninklike funksie waardeur die kerk homself is in onderskeiding van die wêreld om so die koningskap van Christus te demonstreer; en die profetiese funksie waardeur die kerk die getuienis van God se liefde en sy wil helder laat hoor in die wêreld op 'n verskeidenheid van maniere. Dit sluit profetiese kritiek in (Rossouw 1976:156-158). Daar is dus 'n antitese én 'n solidariteit in die kerk se verhouding met die wêreld (Noordegraaf 1990:62). Die lidmaat in sy dagtaak vervul 'n belangrike brug-funksie vir die evangelie tussen kerk en wêreld (Wolfaardt sj:10,11).

6.1.2.8 Korporatiewe eenheid

Die gemeente is 'n korporatiewe eenheid waarin elke lid deel het aan die genade wat God aan die gemeente bewys en waar die gemeente kan ly as gevolg van die sonde van sy lede. Die Aufklärung, met sy klem op die individu, en Piëtisme, met die siening van die kerk as 'n vrywillige vereniging van ware gelowiges, het die korporatiewe kerkbegrip op verskeie maniere ondergrawe (Meinhold 1979:361). So 'n gelowige kan dan aansluit by die kerk of daaruit bedank. Dié soort van denke oor die kerk beweeg van die individu na die kerk terwyl die korporatiewe denke oor die kerk, soos dit in die Skrif voorkom, hoofsaaklik vanuit die gemeente dink en die individuele gelowige sien in sy verband met die gemeente.

6.1.2.9 Eenheid

Die eenheid van die kerk is wesenlik en hang saam met sy verbondenheid aan die een Hoof, Jesus Christus. "Die wahre kirchliche Einheit gründet sich auf das Bekenntnis zu Jesus Christus dem Herrn, zur Ehre Gottes des Vaters, und auf dem gemeinsamen Willen zur Nachfolge" (Von Loewenich 1970:436). Later, wanneer die afgrensing van kerke teenoor mekaar ter sprake kom, sal daar weer oor die eenheid van die kerk gepraat word.

Dit is vir die getuienis van die kerk teenoor die wêreld krities belangrik dat die eenheid van die kerk gesien moet kan word sodat die wêreld kan glo (Joh. 13:34-35; 17:21-23). Aangesien die kerk in sy wese kerk van Christus is, is die minimum sigbaarheid wat die kerk behoort te hê dit dat alle Christene as mense aan wie God sy heil toegesê het - waarvan die doop 'n teken en 'n seël

is - as sodanig deur die kerk erken en verwelkom sal word in sy midde. "Die kerk is die somtotaal van die gelowige, gedoopte volk van God wat rondom die Woord en sakrament byeen is as **verbondsvolk**" (Van Wyk 1989:116).

6.1.2.10 Heiligheid

Die heiligheid van die kerk, soos dié van Israel, is eweneens wesenlik. Die heiligheid van die kerk moet nie in die eerste plek as 'n sedelike kwaliteit verstaan word nie (Balke 1990:268), maar is "sy innige verbondenheid met God in sy Woord" (Heyns 1992:328). 'n Onverdeelde lojaliteit en liefde aan God drie-enig word verwag van die gemeente en elke lid daarvan. Daarom is dit belangrik dat die gelowige of gemeente se verhouding met Christus telkens vernuwe sal word in die keuses wat hy uitoefen. Deur dit te doen beveg en ontvlug die gemeente die sonde.

Wanneer die heiligheid van die kerk ter sprake kom, is Papapetrou se uitsprake oor *simul iustus et peccator* (sien bladsye 178 - 179) aktueel. Die kerk sal in hierdie bedeling 'n *corpus permixtum* (Balke 1990:269) bly in meer as een sin: daar is huigelaars ook in die kerk en verder is die sonde nog 'n lastige deel van elke lid van die kerk se lewe. Of sal ons saam met Papapetrou moet sê dat die huigelaars en sonde nie regtig deel van die kerk is nie? Heyns (1977:186) meen ook dat die huigelaars nie regtig deel van die kerk is nie alhoewel hulle *in* die kerk is. Die Codex Iuris Canonici sê dat die kerk "Sünder in ihrem eigenen Schoße umfaßt. Sie ist zugleich heilig und stets der Reinigung bedürftig, sie geht immerfort den Weg der Buße und Erneuerung" (Aangehaal deur Kaiser 1979:293).

In die verlede is die onderskeiding tussen die sigbare en onsigbare kerk gebruik om hierdie vrae te beantwoord. Later volg daar meer oor hierdie onderskeiding.

6.1.2.11 Katolisiteit

Die kerk is katoliek. Dat die kerk katoliek is, dui op die universaliteit of totaliteit van die kerk. In die vroeë kerk is die katolisiteit met die teenwoordigheid van die biskop verbind (Küng 1967:297). Die Hervormers het al hoe meer die katolisiteit gesien as die ortodokse leer in terme van die Skrif - dit wat nog altyd deur almal en orals geglo is (Küng 1967:199; Polman sj[1]:255). "Katholiciteit = waar het dominium Christi, de heerschappij van Christus over de hele wereld

wordt geproclameerd en gepraktiseerd. ... De katholiciteit dient men niet alleen kwantitatief op te vatten in die zin van geografies alomvattend, maar ook kwalitatief. Het gaat om die volheid van Christus" (Balke 1990:273). Heyns onderskei tussen kontinuele, ekstensiewe, kwalitatiewe en pluriforme katholiciteit (Heyns 1992:329-332).

Balke (1990:276) en Pelsers (1976:203-224) wys op die rol van die begrip "volheid" in Ef. 1:23 en Ef. 3:14-19; 4:10-16; 5:18¹⁰² en wys daarop dat die volheid 'n gawe is sowel as 'n opgawe. Dit bring die perspektief van die Christusregering in die kerk sterk na vore (Pelsers 1976:224). "De kerk groei de gegee volheid tegemoet voorzover zij haar natuurlike, geografiese, sosiale, politieke grense doorbreek. Een kerk die sich met haar grense tevreden stelt en waar in die praktyk geen plaas is voor kunstenaars en grote fabrikante, voor negers en intellektuelen, voor zigeuners, is on-katholiek. Een kerk die haar grense kanoniseert is anti-katholiek en mag niet langer kerk heten" (Balke 1990:277).

6.1.2.12 Apostolisiteit

Die begrip "apostoliese kerk" kan beteken dat die kerk gebou word op die leer van die apostels (m.a.w. die Skrif [Balke 1990:279]), maar dit kan ook beteken dat die kerk 'n gestuurde kerk is (Heyns 1992:332). Albei betekenisse is geldig en moet behou word. Die implikasie vir die inhoud van lidmaatskap is dat elke lidmaat behoort te lewe uit die waarheid van die Woord van God as 'n gestuurde na die wêreld.

6.1.3 Lidmaatskap beëindig?

Kan lidmaatskap beëindig word? As die gemeente as verbondsvolk gesien word, is hierdie vraag nie so eenvoudig om te beantwoord nie. In die Ou Testament was dit moontlik om uit die verbondsvolk te tree soos wat Orpa (Rut 1:15) gedoen het. Hoe is dit moontlik? Wie daardie vraag kan beantwoord, sal waarskynlik ook 'n verduideliking vir die verskynsel van sonde kan verskaf.

Die vraag oor die beëindiging van lidmaatskap hang saam met die tug en die doop. Kan die doop, teken van die toesegging van Gods heil, opgehef word? Selfs waar daar in die tugproses tot die

¹⁰² Pelsers werk ook Kol. 1:19 en 2:9-10 by.

afsnying van die gemeente oorgegaan word, kan die betekenis van die doop nie vernietig word nie. Waar die ongehoorsame dopeling tot die einde van sy lewe volhard in opstandigheid teen God, hoe onverstaanbaar ookal, sal sy doop uiteindelik as aanklag teen hom tel. "Hoe ongerieflik dit ookal vir die ongelowige bondeling mag wees, God gee hom nie sommer prys nie. Hy bly aan sy verbond getrou ook deur ontroue bondelinge te straf, soos Hy met Israel gedoen het. En het God nie Israel deur die eeue en tot vandag toe gepynig en aan lyding oorgegee nie! Van sy kant bly die verhouding deur genade en gerig heen bestaan. Paulus sê selfs van die ongelowige Israel dat hulle, wat die evangelie betref, vyande van God is, maar kragtens die uitverkiesing en om die aartsvaders se ontwil geliefdes bly (Rm 11:28)" (Jonker 1990:566).

Die tug kan nie veroorsaak dat 'n gedoopte se verhouding met die gemeente geheel en al opgehef word nie. Selfs al moet die gemeente so-iemand behandel soos 'n tollenaar en sondaar, moet die gemeente in gedagte hou dat die tollenaars en sondaars juis dié mense was aan wie Jesus besonder baie tyd en aandag spandeer het. Ten diepste is die tug ook 'n vorm van evangelieverkondiging, 'n oproep tot bekering.

Ook wanneer die dopeling van sy kant af aanduiding gee dat hy verkies om nie langer aan die gemeente gebonde te wees nie, bly sy doop nog staan en bly die gemeente verantwoordelik om die versoening wat God in Jesus Christus vir ons bewerk het, te bedien teenoor so 'n persoon. Nooit mag 'n mens, veral nie 'n dopeling nie, afgeskryf word asof daar geen kans is vir redding nie. 'n Gedoopte mens mag nooit die boodskap "God wil jou nie hê nie," kry nie.

In die ondersoek na gebruike in die verskillende kerke het dit aan die lig gekom dat die beëindiging van lidmaatskap in die meeste Protestantse kerke kan plaasvind deur bedanking, vertrek na 'n ander gebied of afsnyding deur die tug. By die Rooms Katolieke kerk is dit nie so nie. Omdat die doop volgens hulle 'n onverliesbare karakter het, bly die gedoopte altyd 'n lid van die kerk selfs al sou hy nie meer in die praktyk as lid funksioneer nie (Meinhold 1979:6).

Verhuising van lidmate en kerkverwisseling van lidmate word bespreek wanneer daar oor die verhouding van kerke teenoor mekaar besin word.

6.2 Onderskeid tussen verskillende kerke

'n Opmerking van Durand is hier van pas: "... sodra besin word oor die verskeurdheid van die kerk van Christus, bevind ons ons in dogmatics onveilige vaarwaters met die Lorelei van rasionalisasie as een van die grootste gevare. Ten slotte gaan dit in die gebroke eenheid van die kerk om wat Barth 'ein finsteres Rätsel' noem" (Durand 1964:169). Dit is juis hierdie verskeurdheid van die kerk wat die hantering van lidmaatskap so moeilik maak omdat kerke dit nodig vind om voorwaardes vir lidmaatskap daar te stel wat nie 'n afgrensing teenoor die ongelowige wêreld behels nie, maar teenoor ander kerke. "Die Beschränkung der einzelnen Partikularkirchen auf einen Teil der Christenheit und ihre institutionelle Abgrenzung gegenüber den übrigen Teilen kann mit dem Hinweis auf die durch Mannigfaltigkeit vermittelte Fülle nicht gerechtfertigt werden" (Pirson 1965:43). Die kerkregtelike probleem van kerklidmaatskap, waarvoor Pirson meen daar nie 'n oplossing is nie, is volgens hom identies met "der Problematik der Glaubensspaltung" (Pirson 1979:160). So gebeur dit dat 'n gelowige nie sonder meer deur 'n ander gemeente as die een waar hy gewoonlik inskakel, erken word nie en nie daar vrye toegang het tot die sakramente en gemeenskaplike dienslewering nie. Dit is 'n vraag of die praktyk waarvolgens lidmaatskap hanteer word nie grootliks daartoe bydra dat die kerk en kerkeenheid so moeilik sigbaar is vir die buitewêreld nie.

6.2.1 Die probleem van 'n veelheid van kerke

Dit sou teologies konsekwent gewees het as daar in een gebied net een Christelike kerk was. Dit sou dan die vergadering van die volk van God in daardie omgewing wees. So 'n gemeente sou moes voorsiening maak vir alle Christene in die omgewing en sou waarskynlik 'n verskeidenheid van liturgieë en bedienings gehad het sodat elkeen in sy eie taal en idioom die evangelie van Christus kon hoor en saam met die gemeente volgens sy gawes diens kon lewer. Alle gedooptes in daardie omgewing sou as lede van die gemeente erken word en toegang tot die nagmaal hê - met die uitsondering van diegene wat onder sensuur is. Ongelukkig het die kerk hierdie ideaal verwoes en 'n verskeurdheid het ingetree.

In die geskiedenis was daar pogings om die beginsel van pluriformiteit van kerke af te lei van Calvyn se uitsprake oor die Rooms Katolieke kerk (Hanekom 1964:155-156; vgl. Durand 1964:168-169) en so die verskeurdheid minder ernstig te laat lyk. Hanekom maak gebruik van die onderskeiding tussen die sigbare en onsigbare kerk om die pluriformiteit van kerke te regverdig (Hanekom

1964:155-156). Abraham Kuyper het die veelheid van kerke geregverdig vanuit 'n skeppingsmotief en 'n historiese motief (Durand 1961:52).

Iemand sou kon reageer deur te sê dat dit nou eenmaal 'n historiese realiteit is en dat daar niks aan gedoen kan word nie. Hierop sou ons saam met Gunning kon antwoord dat die feit dat 'n verskeidenheid of pluriformiteit van kerke 'n historiese realiteit is, nog nie die sondigheid van die toestand wegneem nie (Gunning 1897:12). "... we have no right to explain the multiplicity of the Churches at all. We have to deal with it as we deal with sin, our own and others, to recognise it as a fact, to understand it as the impossible thing which has intruded itself, as guilt which we must take upon ourselves, without the power to liberate ourselves from it. We must not allow ourselves to acquiesce in its reality; rather we must pray that it be forgiven and removed, and be ready to do whatever God's will and command may enjoin in respect of it" (Barth sj:28,29). Gunning sê dat 'n siening wat aanvaar dat eenheid van die kerk 'n "onpraktische idylle" is, die almag en genade van Jesus Christus loën (Gunning 1897:16). Die ideaal van 'n sigbare eenheid van die kerk mag nooit prysgegee word nie. "The quest for the unity of the Church must in fact be identical with the quest for Jesus Christ as the concrete Head and Lord of the Church" (Barth sj:18,19).

Waarin lê die eenheid van die kerk? Is organisatoriese eenheid kerkeenheid? Is kerkvereniging 'n voorwaarde vir kerkeenheid? Barth (sj:41) en Berkouwer toon aan dat Christus die eenheid van die kerk is: "In Zijn omgeving ontstaat de gemeenschap tussen hen, in wier midden Hij woont en present is, een gemeenschap in eenheid en concordia, in kennis, geloof en liefde. Het is *Zijn* nabijheid, die het „schisma" in het lichaam buitensluit, niet als een óók te honoreren secundair gevolg, maar vanwege de aard van Zijn Heer en Verlosser zijn" (Berkouwer 1970:109).

Die verwysing na die kerk as die *gemeenskap van die heiliges* in die Apostoliese Geloofsbelydenis en die Heidelbergse Kategismus (vr. 55) bring 'n bepaalde verstaan van die eenheid van die kerk na vore: die eenheid lê in die deelhê aan Christus en sy genadegawes (waaronder die Woordbediening en sakramente) aan die een kant en onderlinge en gesamentlike diens met die gawes van die Heilige Gees aan die ander kant. As plaaslike kerke in hulle hantering van lidmaatskap aan hierdie twee aspekte gestalte kan gee, sal die wêreld moet kan sien dat die kerk een is. Die vraag is hoe dit in die praktyk gedoen kan word sonder om die waarheid van die evangelie prys te gee.

6.2.1.1 Wat van leerstellige verskille tussen kerke?

Daar is inderdaad ernstige leerverskille tussen kerke. Dis waaroor dit in die Reformasie gegaan het. Is eenheid nog moontlik tussen kerke wat van mekaar verskil oor sake soos die uitverkiesing of die aard en funksie van die sakramente?

Om na Calvyn oor hierdie saak te gaan luister is ook nie so eenvoudig nie¹⁰³. Die volgende aanhalings illustreer dit: "Die kerkregtelike denke van die Reformasie, soos dit ook nog in die Dordtse Kerkorde gestalte vind, hou nie eers rekening met die bestaan van 'n ander kerk wat ook as kerk kan geld náas die gereformeerde kerk nie. Die gereformeerde kerk is die kerk van Christus. Wie uit die gereformeerde kerk tree of daarvan afgesny word deur die ban, se verband met die kerk van Christus, is verbreek" (Jonker 1964:3). "Die gedagte as sou die ware kerk van Christus met die Gereformeerde kerke saamval, terwyl die ander, soos bv. die Lutherane of die Anglikane, valse kerke of sektes was, was ten ene male vreemd aan Calvyn. Bewus daarvan dat daar grade van suiwerheid in die verskillende kerke was, handhaaf hy dat, solank as wat 'n bepaalde kerk vashou aan die hoofsaak van die geloof, solank as wat die Woord heers, die Gees werk en die amp en sakramente in ere gehou word, so 'n kerk aanvaar moet word as kerk van Christus en moet die band van eenheid gesoek en gehandhaaf word" (Durand 1964:180). In dieselfde jaar het Hanekom, soos hierbo aangetoon, ook nog die pluriformiteit van kerke verdedig op grond van wat hy meen by Calvyn te vinde is (Hanekom 1964:155-156; vgl. Kleynhans 1982:49-40).

Deur in hulle hantering van lidmaatskap konsekwent die aspekte van lidmaatskap wat die kerk onderskei van die ongelowige wêreld te skei van die aspekte wat kerke van mekaar onderskei, kan daar, ondanks groot verskille tussen kerke, tog iets van die eenheid van die kerk na vore kom.

Vroeër is daar opgemerk dat Christus self sy kerk versamel en dat die gemeente ten opsigte van lidmaatskap moet onderskei of God die verlossing in Christus aan 'n persoon toegesê het.

¹⁰³ Dis ook nie noodwendig dat wat Calvyn gesê het, normatief is nie. Die Kerkbode se irritasie met die mode om dit wat geleerdes uit die verlede gesê het die maatstaf vir Gereformerdheid te maak, blyk uit 'n reaksie op 'n verhandeling: "Dit is moeilik om altoos te weet wat die toets is vir wat Gereformerd moet heet. Ons weet wat Skriftuurlik is, want daar is die Bybel, waaraan ons dit moet toets, maar of ons nou alles wat Kerkreg en Kerkinrigting betref, aan Voetuis en Dort moet toets en daarvan nie mag wyk nie, weet ons nie. Ons Kerkleer is deur die Drie Formuliere van Enigheid (ons Belydenisskrifte) vasgelê en daaraan toets ons ons Gereformeerde leerstellig standpunt" (Kerkbode 1935:427).

Konsekwent toegepas beteken dit dat almal wat met water gedoop is in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees en by die plaaslike gemeente wil inskakel, toegelaat moet word om as mense wat die teken van die verbond ontvang het, deel te neem aan die diens van die gemeente aan God en die naaste. Dit sluit toegang tot die nagmaal in. Niemand vir wie God by sy gemeente gevoeg het, mag hierdie voorregte geweier word nie. "Die ökumeniese Basis der Taufe stellt partikular-kirchliche Grenzen in Frage" (Wendt 1979:225). Saam met die voorreg om te dien, gaan ook die verantwoordelikheid van die lidmaat om toegerus te word en aktief deel te neem aan die diens van die gemeente. Dit beteken ook dat die kerk die geleentheid kry om onderrig te gee aan 'n wyer verskeidenheid van verbondskinders, wat hulle agtergrond betref, en hulle in die ware leer op te voed. Die plaaslike kerk is kerk van Christus en dit kom duidelik na vore in die prediking van die Woord, bediening van die sakramente soos Christus dit ingestel het en die toepassing van die kerklike tug (NGB artikel 29). Dit is juis hier waar die verskeurdheid van die kerk die duidelikste sigbaar is, waar iets van die ideaal van sigbare kerkeenheid sigbaar behoort te word. "Die plaaslike eenheid van gelowiges, is dus die een heilige algemene kerk van Christus op daardie plek" (Spoelstra 1984:25).

Daar is egter 'n perk aan die deelname van sulke persone aan die diens van die gemeente. Die Nuwe Testament stel verdere vereistes vir mense wat as leiers in die gemeente optree (bv. 1 Tim. 3). Voordat 'n lidmaat leiding kan neem in die gemeente, moet aan bepaalde vereistes voldoen word en hier behoort sake soos die kennis en belydenis van die leer van die kerk 'n onderskeidende faktor te wees saam met die ander vereistes wat die Skrif stel. Niemand sal dus 'n kategeet kan wees, kerkraadslid, wyksleier, Bybelstudieleier of 'n leier in enige diensaksie, tensy so 'n persoon 'n belydende lidmaat is wat die leer van die kerk heelhartig onderskryf nie.

Deur lidmaatskap so te hanteer, verskuif die klem van die kerk se pogings om huigelaars uit die kerk te weer van die toelating tot lidmaat, na die toepassing van die tug - waar dit hoort. Dit skep ook die ruimte vir 'n element wat 'n belangrike rol speel in Noordmans se ekklesiologie: Hy noem dit die *skare* en definieer skare as die massa of menigte, wat in sy geheel by die kerk hoort, maar waarvan die individue nie tot die gemeentelike lewe ontwaak het nie. Die gemeente daarenteen definieer hy in hierdie verband as die deel van die volkskerk wat in 'n bewuste en aktuele verhouding tot die ampte staan (Noordmans 1984:246). "De cultusgemeente krijgt overlast en kan haar katholieke karakter niet uitleven als ze aan de schare niet toestaat, binnen de kerk een voorlopige positie in te nemen" (Noordmans 1984:197). Die skare is die tussen kerk en wêreld.

Noordmans sien die skare binne die konteks van die volkskerk¹⁰⁴, maar selfs al sou 'n mens nie die kerk as volkskerk sien nie, bly die perspektief van die skare as die roeping van die kerk (Noordmans 1984:246) 'n belangrike perspektief wat nie in die huidige praktyke van lidmaatskap die aandag kry wat dit behoort te kry nie. "En het lichaam, waarvan Christus het Hoofd heet, zullen wij hebben te zoeken onder de scharen die Hem volgden" (Noordmans 1984:319).

Hierdie hantering van lidmaatskap wat nie met die onderskeiding instituut-organisme wil werk nie, maak dit moontlik dat die eenheid van die *corpus Christi* en kerk (as instelling) sigbare gestalte kry. "Uit die eenheid van *corpus Christi* en kerk (as instelling) volg dat die eenheid en die katolesiteit nie soos by Kuyper net aan die organisme toegeskryf kan word nie, maar dit moet ook institusioneel tot uitdrukking kom" (Theron 1989:94; vgl. Bavinck 1930:258, 264).

Die onderskeiding doop- en belydende lidmaat word dus so behou, maar anders toegepas as wat die huidige gebruik in die Ned Geref Kerkverband is. Mörsdorf pleit ook vir twee soorte lidmaatskap wat hy *konstitusionele- en effektiewe (tätige)* lidmaatskap noem (Mörsdorf 1979:97). Die konstitusionele lidmaatskap is gebaseer op die doop wat 'n onuitwisbare karakter het en die gedoopte 'n persoon in die kerk maak. Daardeur word hy van almal onderskei wat nie aan die Godsvolk behoort nie, word hy tot diens in die Godsryk verplig en ontvang hy die heil. "*Tätige Gliedschaft* ist der personale Vollzug der konsekраторisch geprägten Christusförmigkeit des Getauften. Sie besteht darin, daß der Getaufte in Aufnahme der Heilsgaben Gottes und in freier personaler Entscheidung danach strebt, ein getreues Bild der konsekраторisch in ihm gezeichneten Christusgestalt zu werden" (Mörsdorf 1979:97). Mörsdorf se siening van die doop is baie sakramentalisties en die verbond, waarvan die doop 'n teken en seël is, speel nie regtig 'n rol in sy opmerkings nie. Tog bly die belangrikheid van die ontvangs van die doop iets waarmee ons kan saamstem - al is dit om ander redes.

6.2.2 Sigbare en onsigbare kerk?

¹⁰⁴ By Noordmans (en by die Hervormder Kerk in Nederland) funksioneer die volkskerk-gedagte in 'n ander sin as by die Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika en slaan dit op die totale bevolking van die land.

Oor die debat oor die sigbare en onsigbare kerk in die kerkgeskiedenis en die invloed daarvan op die kerkreg en kerklike denke is daar al baie geskryf¹⁰⁵ en op 'n verskeidenheid maniere is hierdie onderskeid al gebruik om die verstaan van die kerk te probeer verhelder en misbruik om dit te verduister en sonde te regverdig.

Die probleem waaroor dit gaan is dat sowel God as mens aan die werk is in die kerk. Daarom sê Liermann (1979:22) dat lidmaatskap iets van 'n amfibiese aangeleentheid is omdat dit by die "metajuridiese sfeer" aan die een kant en by konkreet aardse dinge aan die ander kant betrokke is. God werk deur die mense wat Hy uit die sonde gered het en aan wie Hy sy heil geskenk het. Soms werk Hy ook, soos in die geval van Kores, deur die ongelowige mens om sy doel met die verbondsvolk te bereik.

Dit is juis omdat die mens soms in God se pad staan en ongehoorsaam is, dat 'n mens nie sonder meer kan sê dat dit wat deur die kerk gedoen word, deur God gedoen word nie. Wanneer die kerk ongehoorsaam word, word hy minder sigbaar. So word die werk van God verduister (vgl. Heyns 1977:190). En tog werk God tog ten spyte van die sonde van die kerk deur die kerk. Daarom kon daar bv. in Hand. 13:3 gesê word dat die *gemeente* Saulus en Barnabas laat gaan het en in 13:4: "So is Barnabas en Saulus deur die Heilige Gees uitgestuur."

Hierdie spanning is die werklikheid waarin die kerk leef. Die onderskeiding tussen die sigbare en onsigbare kerk mag dus nooit aangewend word om hierdie spanning te probeer verklaar of op te los nie. "In allelei ecclesiologiese beskouwingen werd meermalen getracht de spanningen te matigen door de eenheid te accentueren in een vlucht naar het eschaton of naar de alles overkoepelende ecclesia invisibilis" (Berkouwer 1970:61; vgl. Heyns 1977:188). Die kerk is geroep om in die geloof te leef in hierdie spanning wat die kerk in biddende afhanklikheid laat soek na die leiding van die Hoof van die kerk en in gehoorsaamheid die verlossing sigbaar te maak. In die kerk kom tyd en ewigheid bymekaar - beide realiteite waarvan die mens maar min verstaan.

¹⁰⁵ Sien o.a. Keet (1924:282); Bavink (1930:290); Van der Linde (1958:12-15); Heyns (1962:532; 1977:185-191); Jonker (1962:21-22; 1964:4-8; 1965[2]:24); Küng (1967:37,38); Schlaich (1969:65 e.v.); Berkouwer (1970:61); Weber (1972:577); Zwaanstra (1974:161-3); Pelser (1976:181-183); Nol (1978:83,84); Searle (1983:27); Du Plooy (1989:6); Graafland (1990:171 e.v.); Coertzen (1991:7,8)

Graafland verwys na 'n opmerking van Koopmans oor Calvin se onderskeiding tussen sigbare en onsigbare kerk waarvolgens Calvin die onderskeiding tussen sigbare en onsigbare kerk veral histories verstaan. Die kerk word sigbaar in die prediking, sakramentsbediening en tug en as die kerk onsigbaar word, moet dit as straf van God ervaar word (Graafland 1990:171 e.v.). Daarvolgens hang die sigbaarheid van die kerk saam met die gehoorsaamheid van die kerk en is dit 'n dinamiese begrip. Bavinck meen dat dit "onjuis" is om die sigbaarheid van die kerk te sien as alleen maar geleë in die "instituut, in ambt en bediening, in woord en sacrament, in eenigen vorm van kerkregering. Ook wanneer dit alles weggedacht wordt, is nochtans de kerk zichtbaar" (Bavinck 1930:290). Hy meen dat die kerk sigbaar word in die gelowiges se belydenis en lewenswandel.

Die negentiende eeuse teologie het die klem in die ekklesiologie verskuif na die individu in sy verhouding met God. Daarvolgens is kerkformasie iets wat ter wille van die nuttigheid daarvan volg wanneer "gelowiges hulle self eers op plaaslike vlak ... organiseer en later 'n breër organisasie ontwikkel" (Roberts 1984:283). Die eintlike kerk is grootliks onsigbaar en bestaan uit "die somtotaal van individuele gelowiges", uit alle "ware wedergeborenes" (Jonker 1965[2]:24). Die sigbare kerk is die "gebrekkige *verskyningsvorm* van die onsigbare idee" van die kerk (Jonker 1965[2]:24). Die onderskeiding onsigbare-sigbare kerk word so hanteer dat die sigbare kerk nie eintlik die wesentlike kerk is nie (Jonker 1964:4-8) en daarom gemanipuleer kan word (Roberts 1984:284). 'n Voorbeeld hiervan vind ons by Potgieter wat toegee dat lidmaatskap afhang van die uitverkiesing, maar dan van die mistieke liggaam van Christus. "Kragtens die Skrifwaarheid dat die herskepping by die skepping aansluit, handhaaf ons ook dat die besondere beskikking van lidmaatskap van die institutêre kerk by die algemene beskikking van lidmaatskap van 'n bepaalde volk - onder die bestel van God - moet aansluit. Dit raak egter nie die wese van dié kerk nie, maar sonder twyfel tog sy welwese" (Potgieter 1982:110).


Küng sien die kerk as tegelyk sigbaar en onsigbaar. "The visible aspects of the Church are quickened, formed and controlled by the invisible aspects. This means that *the Church is essentially more than what it appears to be*" (Küng 1967, 37 - Kursivering JHS). Hy gaan voort om aan te dui dat die sigbare en onsigbare kerk nie so verstaan moet word dat een van die twee as die eintlike kerk beskou moet word nie. "The one Church in its essential nature and its external forms alike, is always at once visible and invisible" (Küng 1967:38).

In die meegaande illustrasie dui Heyns aan wat hy as 'n verskil tussen hom en Barth ten opsigte van die begrippe "sigbare" en "onsigbare" kerk sien. Hy verduidelik die twee figure soos volg: "AB is die menslike ervaringshorison en verskuif na bo met die verloop van tyd, sodat ál meer van die onsigbare kerk sigbaar sal word." Die XY-lyn in Fig. 2 toon dat die kerk in twee verdeel is: nl. in gelowiges en ongelowiges. "Vir Barth gaan dit oor die dialektiek van sigbaarheid-onsigbaarheid met betrekking tot die *kwaliteit* van die aantal

kerklidmate, vir ons gaan dit óók om die *kwantiteit* van die aantal kerklidmate" (Heyns 1962:532). Daar is wel ongelowiges *in* die kerk, maar hulle is nie *van* die kerk nie (Heyns 1977:186). "Die kerk moet juis *uit* sy onsigbaarheid uittree en sigbaar word" (Heyns 1977:190).

Om van 'n sigbare en onsigbare kerk te praat as twee entiteite wat mekaar iewers oorvleuel, sou onbybels wees. "Ieder dualisme van zichtbaarheid en onzichtbaarheid, van gestalte en Geest is vreemd aan het nuoutestamentiese, óók aan het pauliniese kerkbegrip" (Ridderbos 1973:492). Die kerk is een en is sigbaar, alhoewel soms gebrekkig sigbaar. Dit is ook meer as wat met die oog gesien kan word. "Die kerk word deur die Woord van God tot stand gebring en is as sodanig voorwerp van geloof. Die onsigbaarheid van die kerk dui juis op hierdie oorsprongsdimensie in die bestaan van die kerk en op die kerk soos dit aan God bekend is. Dit is nie in die eerste instansie bedoel om op die menslike onoorsigtelikheid daarvan te dui nie" (Wethmar 1991:453). Daarom leef die kerk uit die geloof met 'n sekerheid dat God sy Woord hou, dat Hy tog, ten spyte van ons sondige swakheid, ons in sy diens neem en deur ons, as sy kerk, werk. En daarom word die kerk gedring om God se genadige liefde al hoe meer 'n sigbare gestalte te gee in die uitvoering van die roeping waarmee hy geroep is.

Die onderskeiding sigbare - onsigbare kerk is dus nie 'n maklike oplossing vir die probleem van sonde (en huigelaars) in die kerk nie en ook nie 'n ontvlugtingsoord om die spanning rondom kerkeenheid op te los of die vrae oor die katolisiteit van die kerk te beantwoord nie.



Barth en Heyns oor sigbare en onsigbare kerk. Fig. 1 stel Barth se siening voor en Fig. 2 Heyns s'n

Hoewel die Rooms Katolieke kerk nie met die onderskeiding sigbare-onsigbare kerk wil werk nie, is dit tog interessant dat ten opsigte van die siening van lidmaatskap daar van 'n soort uiterlike en innerlike lidmaatskap gepraat word: "Auch „Lumen gentium“ unterscheidet mit einem Wort Augustins (Nr. 14) zwischen einer Zugehörigkeit zur Kirche „corde“ (im Herzen) und einer solchen „corpore“ (dem Leibe nach). Der katholische Christ weiß, daß er „corpore“ zur Kirche gehört; daß er aber auch „corde“ in ihr *lebt* durch die glaubende Liebe, das weiß er *nicht* sicher, das kann er nur - und muß er - *hoffen*" (Rahner 1979:125,126).

6.2.3 Plaaslike kerk, kerkverband en universele of algemene kerk?

Kerklidmaatskap bring die individuele gelowige in 'n besondere verhouding met die plaaslike kerk, die kerkverband en die universele kerk.¹⁰⁶ Roberts het aangedui dat die liberale teologie, wat sy standpunt neem in die streng individualisme, tot die gevaarlike neiging gelei het om die plaaslike kerk so te beklemtoon dat die eenheid van die kerk wat die plaaslike kerk voorafgaan, onderwaardeer word en as van minder belang beskou word. "In die lig hiervan is die plaaslike gemeente nie anders te verstaan as die plaaslike verskyningsvorm van die Godsvolk nie" (Roberts 1981:189; vgl. Spoelstra 1984:26). Die ondersoek na die gebruike in verskillende kerke het aangedui dat daar verskil van mening is of 'n lidmaat in die eerste plek lidmaat van die plaaslike kerk, die kerkverband of die universele kerk is. So sien die Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika dit dat 'n persoon lid word van die kerkverband as volkskerk (sien die bespreking op bladsye 180 - 181). Spoelstra beskou kerkverband nie as kerk nie: "Die Skrif noem nooit soos die kollegialiste onder ons 'n eenheid van afsonderlike en verskillende gemeentes 'kerk' nie" (Spoelstra 1984:24). Hierdie siening van Spoelstra is hoofsaaklik gebaseer op sy verstaan van die gebruik van die woord *ἐκκλησία* in die Nuwe Testament. Op bladsy 74 is daar aangedui dat *ἐκκλησία* wel gebruik word vir 'n aantal gemeentes in 'n streek.

As kerklidmaatskap nie die totstandbrenging van 'n individu se redding is nie, maar die erkenning van sy opname in die verbondsvolk, is dit duidelik dat 'n persoon alleen maar as lid van die plaaslike gemeente erken en gedoop kan word wanneer die gemeente oortuig is dat God daardie persoon reeds by sy verbond ingesluit het. Alleen lede van die Godsvolk, van die liggaam van

¹⁰⁶ Grundmann praat ook nog van 'n *ecclesia spiritualis* (Grundmann 1979:108). Dit lyk asof dit in Grundmann se denke ongeveer dieselfde betekenis het as die van die sogenaamde "onsigbare kerk" waarvan die lidmaatskap van 'n mens se geloof afhang en nie deur mense beoordeel kan word nie.

Jesus Christus, kan toegelaat word tot die gemeente. Hierdie Godsvolk, wat ons die universele of algemene of katolieke kerk noem en wat die plaaslike gemeente voorafgaan en daarin tot openbaring kom, bind dan ook die plaaslike gemeente aan ander gemeentes. Die eenheid van die universele kerk lê in sy verbondenheid aan Jesus Christus. "Die plaaslike eenheid van gelowiges, is dus die een heilige algemene kerk van Christus op daardie plek. Ons baie kerke (gemeentes) is aan mekaar verbonde in die een kerk van God in so ver ons aan die Woord gehoorsaam is en daarvolgens lewe" (Spoelstra 1984:25).

"Der Getaufte ist also zugleich das Glied einer lokalen Gemeinde, die für ihn die universale Kirche und den Leib Christi darstellt" (Meinhold 1979:4). Die gemeente moet dus deeglik bewus bly dat hy nie in die sin volwaardig kerk is dat hy sonder die ander dele van God se kerk kan klaarkom nie. Daarom is kommunikasie met die res van die Godsvolk noodsaaklik.

Kerkverband, soos dit vandag funksioneer, is 'n gestalte waardeur die eenheid in Christus (Spoelstra 1984:28) en hierdie kommunikasie tussen en gesamentlike werksaamhede van plaaslike gemeentes tot uitdrukking kom. Leersuiwerheid en kerkregering speel in die vorming van kerkverbande 'n sentrale rol (vgl. Van der Linde 1957:17). Om kerkverband te vorm, is dus 'n uitweg om iets van die eenheid van die kerk sigbaar te laat word in hierdie wêreld. Soos in die plaaslike kerk, is Christus ook Hoof in die kerkverband.

Die ideaal sou dus wees dat die lidmaatskap van die plaaslike gemeente die volle verteenwoordiging van die universele kerk op daardie plek sal wees. "Wir werden gut daran tun, die Unterscheidung zwischen der Zugehörigkeit zur Kirche im allgemeinen bzw. der Gliedschaft am Leibe Christi und der Einfügung in die konkrete, lokale Gemeinde, also der Kirchenmitgliedschaft im besonderen, ganz aufzugeben" (Meinhold 1979:345). By die Rooms Katolieke kerk is dit nie 'n probleem nie. Die plaaslike kerk word nie as 'n kerk of 'n gemeente gesien nie, maar as die kerk op daardie plek (Rahner 1979:120). Dit bring ons by die vraag: Kan daar op een plek meer as een plaaslike kerk wees?

Theron se opmerking is 'n belangrike riglyn om 'n antwoord op daardie vraag te probeer kry: "As ecclesia completa is elke gemeente openbaring van die algemene kerk, maar daarom is dit onmoontlik dat die een gemeente (of groep gemeentes) 'n kontra-gemeente sou vorm teenoor die ander"

(Theron 1978:114). In beginsel behoort daar nie meer as een gemeente in dieselfde omgewing te funksioneer nie.

Die feitlike situasie is dat dit wel gebeur. In dieselfde geografiese gebied kom dit soms voor dat tientalle verskillende gemeentes bestaan - soms sommige met dieselfde belydenisgrondslag. Om verskille tussen kerke wat histories van mekaar af weg gegroei het, uit te wis, is nie menslik moontlik nie. Om al die kerke organisatories saam te bind, is daarom ook nie menslik moontlik nie. Aan die ander kant kan die verdeeldheid tussen kerke ook nie aanvaar word nie.

Daar sal dus na 'n ander vorm van eenheid gesoek moet word as na 'n organisatoriese, gelykskakelende eenheid. Deur lidmaatskap te hanteer soos hierbo bepleit (nl. dat alle gedooptes wat by die gemeente wil inskakel of deelneem aan die gemeente se diens aan God, medemens en skepping, as lede van die verbondsvolk erken word en opgeneem word in die diens van die gemeente), kan iets van die eenheid van die plaaslike verbondsvolk weer sigbaar word. Verder sal gemeentes ook getuigend teenoor mekaar moet besig wees in 'n soeke na die waarheid. Pluriformiteit (Bavinck 1930:274) mag nooit die geloofwaardigheid van die kerk se boodskap in die oë van die wêreld beduiwel nie, maar moet steeds 'n pluriformiteit binne die kerk wees.

Die funksionering van die tug, wat een van die kenmerke van die ware kerk is, is noodsaaklik in so 'n situasie.

6.2.3.1 Die geografiese faktor

Vroeër (bladsye 118 - 120) is daar verwys na die twee beginsels wat 'n rol gespeel het in feitlik alle Gereformeerde kerkordes: persoonlike keuse en - belydenis aan die een kant en die geografiese beginsel aan die ander kant. Deur die eeue het die Gereformeerdes probeer om albei vas te hou.

Daar is reeds aangetoon dat die geografiese beginsel nie teologiese wortels het nie, maar dat dit tog met allerlei teologiese motiewe (hoofsaaklik pastoraal van aard) aangewend is in die verlede. Geografiese gemeentes met streng afdwingbare grense, is nie teologies te verantwoord nie. Wat wel belangrik is, is die feit dat 'n gemeente alleen iemand as lid van die gemeente aanvaar wat fisies (sover dit woonplek betref) in staat is om deel te neem aan die diens van die gemeente en wat deur die gemeente pastoraal versorg kan word.

Waar geografiese grense wel as 'n onderlinge reëling tussen gemeentes van dieselfde kerkverband bestaan, behoort dit nie as 'n Skrifbeginsel met streng wettiese toepassing hanteer te word nie.

6.2.3.2 Attestasie

Wanneer 'n lidmaat dus van een gemeente verhuis na 'n ander, behoort daar 'n manier te wees waarop die nuwe gemeente oortuig behoort te word dat hierdie persoon lid van die Godsvolk is. 'n Getuigskrif of attestaat van die gemeente vanwaar so 'n persoon kom, behoort die nuwe gemeente te help om so 'n persoon te aanvaar in die gemeenskap van die gelowiges. Die aanvaarding van so 'n getuienis oor die leer en lewe van 'n persoon, sal saamhang met die mate van ooreenstemming ten opsigte van die belydenisgrondslag met die gemeente wat die getuienis uitgereik het. Waar ernstige belydenisverskille voorkom, kan so 'n persoon as 'n dooplid aanvaar word en verder onderrig word in die leer van die kerk en opgeneem word in die dienslewering van die kerk. Anders kan die gelowige as 'n belydende lidmaat aanvaar word.

So 'n attestaat behoort feite weer te gee oor die persoon se verhouding met die Here en sy gemeente, selfs al is dit nodig om te verwys na tugprosedures teen die lidmaat (Nauta 1971:270; vgl. Van der Watt 1963:397, Bouwman 1970:455). As die attestaat of getuigskrif 'n aanduiding gee van die dienslewering van so 'n persoon, sal dit vir die nuwe gemeente makliker wees om so 'n persoon vinnig en by die regte aktiwiteite in te skakel.

6.3 Kerkordelike riglyne

Uit die voorafgaande kan ons die volgende kerkordelike riglyne vasstel vir die hantering van lidmaatskap:

6.3.1 Christus voeg self mense by die gemeente, God se verbondsvolk en regeer hulle. By die toelating tot lidmaat, moet daar onderskei word of God sy heil aan 'n persoon toegesê het of nie.

Die toelating van 'n lidmaat is die erkenning van 'n reeds bestaande verbondsverhouding en 'n besluit van 'n kerkraad tot die toestaan van lidmaatskap beteken gewoon dat daardie gelowige as deel van hierdie geloofsgemeenskap aanvaar word.

6.3.2 Waar die doop erken word, moet die dopeling verwelkom word as lid van die geloofsgemeenskap.

6.3.3 By die bediening van die doop, moet die gemeente oortuig wees dat die dopeling inderdaad deel van die gemeente is as sodanig deel het aan die heil wat God aan die gemeente skenk.

Hier is dit belangrik dat waar suigelinge gedoop word, sulke kinders behoort groot te word in die midde van die gemeente. Waar ouers nie aktief betrokke is nie, sal dit ten minste vir die eerste belangrike jare van daardie kind se lewe, nie gebeur nie. Sulke ouers behoort in elk geval deur die kerklike tugproses tot bekering vermaan te word. Deur die doop van die kinders te weerhou as deel van die tugproses, word die boodskap aan die ouers deurgegee deur dat hulle, hoewel hulle formeel tot die verbond behoort, deur hulle lewe, die waarhede van die verbond ontken en hulle en hulle kinders deur hulle ongehoorsaamheid die seëninge van die verbond ontnem.

6.3.4 Wanneer iemand van buite die verbond tot bekering kom en Jesus Christus as enigste Verlosser bely, behoort so-iemand gedoop te word.

6.3.5 Gedoopte lidmate wat hulle geloof in Jesus Christus bely, behoort deel te hê aan die nagmaal.

Met die belydenis van geloof in Jesus Christus word bedoel dat hulle ten minste 'n elementêre belydenis moet doen dat hulle hulle volle saligheid van Jesus Christus verwag (NGB artikel 27). Die belangrikheid van geloof hier hang saam met die opmerking in NGB artikel 35 dat Christus alleen aan die gelowiges gegee word in die nagmaal. 'n Eenvoudige belydenis, waarin die redding in Jesus Christus bely word, behoort afgelê te word voordat 'n bekeerling van buite die verbond gedoop word en voordat 'n dooplidmaat wat as kind gedoop is, toegelaat word tot die nagmaal. 'n Geleentheid vir dié belydenis kan selfs in die nagmaalsformulier ingebou word.

6.3.6 Alle lidmate behoort aktief betrokke te wees by die diens van die gemeente as uitdrukking van hulle navolging van Jesus Christus.

- 6.3.7 Alle lidmate het die reg om deur die gemeente en veral die besondere ampte bedien te word met die Woord van God en pastoraal versorg te word.
- 6.3.8 Alle lidmate moet hulleself onderwerp aan die kerklike opsig en tug.
- 6.3.9 Alleen lidmate wat bely het dat hulle hulle vereenselwig met die leer van die kerk, mag toegelaat word om leiding te neem in die gemeente.
- 6.3.10 Wanneer lidmate verhuis, word 'n attestaat aan hulle saam gegee waarin getuig word oor hulle geloofslewe en dienslewering in die gemeente.

In gevalle waar lidmate te midde van 'n tugproses verhuis, word 'n brief met besonderhede van die tugproses aan die lidmaat oorhandig saam met 'n attestaat wat verwys na die brief.

- 6.3.11 Attestate binne die kerkverband word ten volle aanvaar.
- 6.3.12 Attestate buite kerkverband word aanvaar vir sover daar ooreenstemming van leer is. Die minimum aanvaarding is die erkenning van die doop (saamgelees met 6.3.2 en 6.3.5).
- 6.3.13 Afsnyding deur tug beëindig lidmaatskap vir sover dit deelname aan die nagmaal (en die doop van kinders) raak, maar vernietig nie die doop nie.
- 6.3.14 Die doop is onherhaalbaar.
- 6.3.15 God se verbondsgenade en liefde vir die sondaar behoort in die hantering van lidmaatskap sigbaar te word.
- 6.3.16 Alle lidmate, maar veral dooplidmate behoort toegerus te word om hulle kennis en ervaring van die Heilige Skrif en die leer van die kerk te laat groei.
- 6.3.17 Die gemeente behoort besondere aandag te gee aan gedooptes wat binne die

bedieningsgebied van die gemeente woon, maar nie by 'n gemeente ingeskakel is nie.

6.3.18 Woonplek is alleen 'n faktor by die toelating tot lidmaat vir so ver dit die moontlikheid van aktiewe betrokkenheid van die lidmaat en die geestelike versorging van die lidmaat deur die gemeente raak.

Dit beteken dat 'n aansoek om lidmaatskap alleen goedgekeur kan word as die woonplek so is dat dit die lidmaat in staat stel om aktief in te skakel in die gemeente en versorg te word deur die gemeente.

6.3.19 Die gemeente is nie die resultaat van die saamvoeging van individuele gelowiges nie, maar is die moeder van die gelowiges in die sin dat ook persoonlike geloof ontstaan as gevolg van God wat die gemeente se gehoorsame verkondiging van sy Woord gebruik.

Hier word daar verskil van Spoelstra wat sê: "Christus roep deur die Gees dienaars om die Woord te verkondig. *Hierdie presbiteriale diens gaan aan die kerk vooraf* (Rm 10:13-17)..." en verder: "*Die dienste gaan dus aan die kerk vooraf,...*" (Spoelstra 1991:57. Kursivering - JHS).

6.3.20 Die lidmaat se verantwoordelikheid om hom aktief by die gemeente te voeg (NGB artikel 28) bring mee dat hy self verantwoordelikheid behoort te aanvaar vir sy attestasie wanneer daar van een gebied na 'n ander verhuis word.

6.4 Bevindinge

6.4.1 Spanning tussen praktyk en leer

Die eerste hipotese wat gestel is by die aanvang van hierdie verhandeling was dat daar 'n spanning is tussen die praktyk van kerklidmaatskap en dit wat in die Skrif en belydenisskrifte oor die kerk geleer word. Uit die ondersoek het die volgende sake ná vore gekom wat hierdie spanning illustreer:

- 6.4.1.1 Die doop met water in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees, word erken en as onherhaalbaar beskou, maar tog beteken dit nie dat alle gedooptes wat by die gemeente wil inskakel, as lede aanvaar word nie.
- 6.4.1.2 Die vereiste dat daar eers by belydenisaflegging eenstemmigheid met die leer van die kerk betuig moet word (in plaas van 'n eenvoudige belydenis¹⁰⁷ wat uitdrukking gee aan 'n opregte geloof in Jesus Christus) voordat iemand tot die nagmaal toegelaat kan word, is Protestantse teenhanger van die vormsel wat saam met die transsubstansiasieleer ontwikkel het. Dit het tot gevolg gehad dat gedoopte kinders nie tot die mis toegelaat is voordat hulle die sakrament van die vormsel ontvang het nie.
- 6.4.1.3 Woonplek binne streng geografiese grense as vereiste vir lidmaatskap is nie Skriftuurlik verantwoord nie en die herkoms van hierdie gebruik is ook nie teologies bepaald nie.
- 6.4.1.4 Die gebruik van lidmaatsertifikate, bewyse van lidmaatskap of lidmaatskapkaartjies (soos by die Metodiste Kerk) versterk die siening dat lidmaatskap in terme van die verenigingsreg hanteer word. In sommige gevalle word dit as 'n suiwer administratiewe prosedure hanteer.
- 6.4.1.5 Daar is spanning as gevolg van die feit dat die gemeente as verbondsvolk gesien word, maar tog ten opsigte van die erkenning van lidmaatskap, afgegrens word van ander Christelike kerke wat in dieselfde omgewing funksioneer. Dit veroorsaak dat die katolisierteit van die gemeente in gedrang kom.
- 6.4.1.6 Die huidige praktyk waarvolgens lidmaatskap hanteer word, bevestig die verskeurdheid van die kerk in plaas van die eenheid sigbaar te maak.
- 6.4.1.7 In die hantering van lidmaatskap word daar nie voldoende onderskei tussen die afgrensing

¹⁰⁷ Die "eenvoudige belydenis" moet hier verstaan word as 'n belydenis dat die gelowige sy volle saligheid op grond van die soenverdienste van Jesus Christus verwag sonder om rekenskap te hoef gee van 'n voldoende kennis van die belydenisskrifte van die kerk en die kerk se standpunt oor allerlei sake waaroor daar binne die wyer Christendom verskille is.

teenoor die ongelowige wêreld aan die eenkant en teenoor ander kerke aan die ander kant nie. Dit hang ten nouste saam met die feit dat dit lidmaatskap nie altyd bewustelik hanteer word as 'n verhouding tot Christus, m.a.w. 'n *verbonds*verhouding nie.

6.4.1.8 Die maklike manier waarop lidmaatskap "beëindig" kan word bevestig 'n onderliggende siening dat die kerk soos 'n klub of vereniging hanteer word en veroorsaak dat daar nie erns gemaak word met talle onverbonde gedooptes binne die bedieningsgebied van die gemeente nie.

6.4.1.9 Die steekproef het aangetoon dat in sommige gevalle die meeste van die respondente verskil van die amptelike siening van die Ned Geref Kerkverband oor verskeie sake wat lidmaatskap raak.

6.4.1.10 Deur toelating tot die kerk "moeilik" te maak deur allerlei bykomstige voorwaardes buiten die belydenis van Christus, word die toelating van lidmate gebruik om probleme te probeer voorkom wat eintlik deur die kerklike tug hanteer behoort te word.

6.4.2 Korrelasie tussen kerkbegrip en kerklidmaatskappraktyk

Die tweede hipotese was dat daar 'n korrelasie is tussen die kerkbegrip en die wyse waarop lidmaatskap in die praktyk hanteer word. Die verskillende kerkbegrippe tussen byvoorbeeld die Rooms Katolieke Kerk en die Protestantse kerke het duidelik 'n gevolg gehad op die wyse waarop lidmaatskap hanteer word. Nog 'n voorbeeld hiervan is te sien in die verskille tussen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika waar verskillende kerkbegrippe duidelik word in die hantering van lidmaatskap in die praktyk.

6.5 Ten slotte

"Laten wij ons geen al te grote vrijheid in het oordelen aanmatigen. Wij willen immers de kracht van God niet beperken en een wet voorschrijven aan zijn barmhartigheid. Zo dikwijls het Hem

behaagt, worden de allerslechsten veranderd in de allerbesten en zij die vervreemd waren, ingeplant en zij die buiten stonden, toegevoegd aan de kerk" (Calvijn 1992:94).

"De locus 'de ecclesia' is wel de moeilijkste uit de hele dogmatiek" (Noordmans 1984:326).

7 BIBLIOGRAFIE

AGS, 1991. *Die Apostoliese Geloof Sending van S.A. Kerkwette.*

AGS, 1995. *Die Apostoliese Geloof Sending van S.A. Notule van die werkersraadvergadering gehou in die tabernakel, Lyndhurst vanaf Dinsdag tot Donderdag 11 tot 13 April, 1995.*

APK, 1992. *Afrikaanse Protestantse Kerk ('n Gereformeerde kerk van Christus onder blanke Afrikaners): Kerkorde, bepalings, ordereëls vir vergaderings, bylaes.*

Ahlers, Rolf. 1985. The "community of brethren": the contemporary significance of the third thesis of the Barmen Declaration. *Calvin Theological Journal* 20:7-32 Ap.

Albers (S.J.), P. 1925. *Handboek der Algemeene Kerkgeschiedenis. Eerste deel.* Antwerpen: 'S=Hertogenbosch.

Andriessen, P. en Lenglet A. 1971. *De Brief aan de Hebreëen* Roermond: J.J. Romen & Zonen.

Atterbury, V.E. 1993. *'n Analise van die Skrifbeskouing van die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika met spesifieke verwysing na die hantering van die Ou Testament.* M.A.-verhandeling aan die Universiteit van Port Elizabeth.

Bakhuizen van den Brink, J.N. 1940. *De Nederlandsche Belijdenisgeschriften. Vergelykende Teksten.* Amsterdam: Uitgeversmaatschappij Holland.

Balke, W. 1990. De kerk bij Hoedemaker, Gunning, Kraemer en Van Ruler. In: W van 't Spijker, W Balke, K Exalto en L van Driel (red.): *De Kerk. Wegen, weg en werk van de kerk naar reformatorische opvatting.* bls. 202-230. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan.

Baltensweiler, Heinrich. 1984. «Wer nicht gegen uns (euch) ist, ist für uns (euch)!» Bemerkungen zu Mk 9,40 und Lk 9,50. *Theologische Zeitschrift.* 40(2):130-136.

- Banks, Robert 1980. *Paul's Idea of Community. The Early House Churches in their Historical Setting*. Exeter: Paternoster Press.
- Barnard, A.C. 1971. Die Lewende Kerk volgens die Skrif in *Ned.Geref. Teologiese Tydskrif* XII(4):261-266 .
- Barrett, C.K. 1971. *A Commentary on the First Epistle to the Corinthians*. Second Edition. London: Adam & Charles Black
- Bartlett, David L. 1993. *Ministry in the New Testament*. Minneapolis: Fortress Press
- Barth, Karl sj. *The Church and the Churches*. London: James Clarke & Co., Ltd.
- Barth, Karl 1936. *Credo. A presentation of the chief problems of dogmatics with reference to the Apostle's Creed*. Translated by J. Strathearn McNab. London: Hodder & Stoughton.
- Barth, Karl 1958. *Church Dogmatics Volume IV. The Doctrine of Reconciliation part 2*. Edinburgh: T. & T. Clark.
- Bavinck, H. 1930. *Gereformeerde Dogmatiek. Vierde deel*. Kampen: J.H. Kok.
- Berkhof, H. 1973. *Christelijk Geloof*. Nijkerk: Uitgeverij G.F. Callenbach B.V.
- Berkouwer, G.C. 1951. *De Algemene Openbaring*. Kampen: J.H. Kok.
- Berkouwer, G.C. 1970. *De Kerk I EENHEID EN KATHOLICITEIT*. Kampen: J.H. Kok.
- Bolkestein, M.H. 1962. *Het gemeentelid, zijn plaats en roeping volgens het Nieuwe Testament*. *Horstcahiers nummer 14* Driebergen: Kerk en Wereld.
- Bosch, D.J. 1962. Die Selfonderhoud van die Inheemse Kerk. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif* III(IV):481-504.

- Bosch, David J; König, Adrio; Nicol, Willem (Redakteurs), 1982. *Perspektief op die Ope Brief*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Bosch, David J. 1991 *Transforming Mission. Paradigm Shifts in Theology of Mission*. New York: Orbis Books.
- Bosman, A.D. 1992. Grenslose gemeentes kan tog nie. Brief in *Die Kerkbode*. 149(15):7. 1 Mei.
- Botha, D.S. 1924. Het standpunt door ons wetboek neergelegd. Brief in *De Kerkbode*. XIV(8):251-252.
- Bouwman, H. 1928. *Gereformeerd Kerkrecht*. Kampen: J.H. Kok.
- Bouwman, H. 1970. *Gereformeerd Kerkrecht. Het recht der kerken in de practijk. Tweede Deel*. Kampen: J.H. Kok N.V. (Tweede ondveranderde druk).
- Britz, R.M. 1985. "Oor die kerkbegrip en die ordening van die kerklike lewe by die Ned Geref Kerk." *Ned Geref Teol Tydskrif* XXVI nr. 4. September, bls. 432 e.v.
- Bronkhorst, A.J. 1947. *Schrift en Kerkorde. Een bijdrage tot het onderzoek naar de mogelijkheid van een „Schriftuurlijke Kerkorde”*. Den Haag: N.V.Zuid-Holl. Boek- en Handelsdrukkerij.
- Brown, E. 1988. Amp en belydenis. In: P.J. Rossouw (red.): *Gereformeerde Ampsbediening*. Bls. 153-165. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Brown, E. 1993. Opmerkings en vraagstelling aan die beoefenaars van gemeentebou in *Ned Geref Teologiese Tydskrif* XXXIV(3):414-416.
- Bruce, F.F. 1975. *Commentary on the Book of the Acts. The English text with introduction, exposition and notes*. Grand Rapids: WM. B. Eerdmans Publishing Co.
- Brueggemann, Walter 1994. *A Social Reading of the Old Testament* Edited by Patric D. Miller. Mineapolis: Fortress Press.

- Brunotte, Heinz. 1979. Taufe und Kirchenmitgliedschaft in P. Meinhold(red): *Das Problem der Kirchengliedschaft heute*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft p. 173-191.
- Burger, Coenie, 1991. "GEMEENTE EN BEDIENING. Die dinamika van 'n Christelike geloofsgmeenskap. NUUT GEDINK OOR GEMEENTES". Kaapstad: Lux Verbi.
- Calvijn, Johannes 1970. *De Handelingen der Apostelen*. Uit die Latyn vertaal deur G. Wielenga. Eerste deel. Tweede druk. Goudriaan: W.A. de Groot.
- Calvijn, Johannes 1992. *Institutie 1536. Onderwijs in de christelijke religie*. Vertaal deur W. van 't Spijker. Goudriaan - Kampen: Uitgeverij De Groot.
- Calvin, John, sj. *Calvin's Institutes*. Florida: Mac Donald Publishing Company.
- Chikakuda, W.E. 1994. *Karl Barth's concept of the Church for the World*. Ongepubliseerde M.Th.-proefskrif aan die Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.
- Christian Reformed Church, 1987. *Manual of Chrisian Reformed Church Government*. Grand Rapids: CRC Publications.
- CIC, 1984. *Codex Iuris Canonici. Codex des kanonischen Rechtes*. Kevelaar: Butzon & Bercker.
- Clasen, Frederick Johannes 1989. *Die Kinderkommunie. 'n Prakties-teologiese studie*. Ongepubliseerde DD-proefskrif aan die Fakulteit Teologie (Afdeling B), Universiteit van Pretoria.
- Cloete, G.J. 1986. *Die Kerkbegrip van die Nederlandse Geloofsbelydenis*. Ongepubliseerde DD-proefskrif aan die Fakulteit Teologie (Afdeling B), Universiteit van Pretoria.
- Clowney, Edmund P. 1984. Interpreting the Biblical Models of the Church. A Hermeneutical Deepening of Ecclesiology in D.A. Carson(red): *Biblical interpretation and the church: text and context*. Exeter: The Paternoster Press p.64-109.

- Clowney, Edmund P. 1987. The Biblical Theology of the Church in D.A. Carson (red): *The Church in the Bible and the World*. Exeter: The Paternoster Press p.13-87.
- Clowney, Edmund P. 1995. *The Church*. Illinois: InterVarsity Press.
- Coertzen, P. 1984. Belydende kerkreg in Duitsland en die Ned Geref Kerk in *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif* XXV(2):179-187.
- Coertzen, P. 1985. Metodologiese vertrekpunte in die beoefening van Kerkreg in *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif* XXVII(1):47-60.
- Coertzen, P. 1987. Die bronne vir die beoefening van kerkreg en kerkregering in *Ned Geref Teologiese Tydskrif* XXVIII(1):38-45.
- Coertzen, P. 1989. *Vanaf Genève na die suidpunt van Afrika. Stellenbosse Teologiese Studies nr 17*. Kaapstad: N G Kerk-Uitgewers.
- Coertzen, P. 1989[1]. Die belydenisskrifte en ander bronne vir die beoefening van kerkreg en kerkregering in *Ned Geref Teologiese Tydskrif* XXX(1):75-82.
- Coertzen, P. 1991[1]. Die opbou van die kerk as die doel van kerkreg en kerkregering. In Strauss, P.J. (Redakteur): *Byderwets en Gereformeerde: Kerkregtelike opstelle opgedra aan P.B. van der Watt* p. 201-206 Bloemfontein: Pro-Christo Publikasies.
- Coertzen, P. 1991[2]. Gepas en Ordelik. 'n Teologiese verantwoording van die orde vir en in die kerk. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- COESA, sj¹⁰⁸. *The constitution of the Church of England in South Africa*.

108

Die oorspronklike dokument is in 1938 opgestel, maar die dokument gee nie aanduiding van die datum van die laaste hersiening nie. Daar is wel in die dokument 'n verwysing na die samestellende kerke soos dit in 1978 was (COESA, sj:5).

- Coetzee, J.C. 1965. *Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament*. Potchefstroom: Pro Rege-Pers Beperk.
- Combrink, Bernard., 1986. Perspektiewe uit die Skrif in Johann Kinghorn (red): *Die NG Kerk en Apartheid*. Johannesburg: Macmillan Suid-Afrika p. 211-234.
- Congar, Yves. 1979. Veränderung des Begriffs „Zugehörigkeit zur Kirche“ in P. Meinhold(Red): *Das Problem der Kirchengliedschaft heute*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft p. 279-291.
- Correco, Eugenio. 1980. *Theologie des Kirchenrechts. Methodologische Ansätze*. Aus dem Italienischen übersetzt von Heinz Maritz. Trier:Paulinus-Verlag.
- Cranfield, C.E.B. 1972. *The Gospel according to Saint Mark. An introduction and commentary. Fourth impression with revised additional supplementary notes*. Cambridge: The University Press.
- Cranfield, C.E.B. 1975. *A Critical and Exegetical Commentary on the Epistle to the Romans. Volume 1*. Edinburgh: T.& T. Clark Limited.
- Cranfield, C.E.B. 1993. *The Apostles' Creed. A faith to live by*. Edinburgh: T&T Clark.
- Cross, F.L. and Livingstone, E.A.(Ed.) 1974. *The Oxford Dictionary of the Christian Church*. Second Edition. London: Oxford University Press.
- Daines, Brian. 1978. Paul's Use of the Analogy of the Body of Christ - With Special Reference to 1 Corinthians 12. *Evangelical Quarterly*. 56:3-20 Ja.
- Deist, F.E. 1970. "Van die Duisternis tot sy Merkwaardige Lig" (1 Petr. 2:9) in die lig van Elephantine in *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif* XI(1):44-48 Jan.
- Denton, D.R. 1982. Further Reflections on Some Pauline Pictures of the Church. *Evangelical Quarterly* 54:147-149 JI-S.

- De Klerk, P.J.S. 1923. *Kerk en Sending in Suid-Afrika*. Amsterdam: Bottenburg.
- De Villiers, J.L. 1977. *Die Handeling van die Apostels. Deel 1*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.
- Dingemans, G.D.J. 1987. *Een huis om in te wonen... Schetzen en bouwstenen voor een kerk en een kerkorde van de toekomst*. 's-Gravenhage: Uitgeverij Boekencentrum
- Dombois, Hans. 1979. Taufe und Kirchengliedschaft in P. Meinhold(red): *Das Problem der Kirchengliedschaft heute*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft p. 84-94.
- Driver, S.R. 1895. *A Critical and Exegetical Commentary on Deuteronomy*. Edinburgh: T. & T. Clark.
- Dudley, Carl S. en Hilgert, Earle 1987. *New Testament Tensions and the Contemporary Church*. Philadelphia: Fortress Press.
- Dulles, A.S.J. 1987. *Models of the Church. A critical assessment of the church in all its aspects*. Tweede uitgawe. Dublin: Gill and Macmillan.
- Dunn, James D.G. 1988. Romans 9-16. *Word Biblical Commentary Volume 38_B*. Dallas: Word Books, Publisher.
- Du Plessis, Le Roi, 1992. 'n Besliste ja vir grenslose gemeentes. Brief in *Die Kerkbode* 149(21):7. 12 Junie.
- Du Plooy, A. le R. 1989. "Kollegialisme." *In die Skriflig* September, 1989, Jaargang 23, Nummer 91, bladsye 2-11.
- Du Rand, J.A. 1988. Charisma en amp - 'n Pauliniese eksegetiese verkenning. In P.J. Rossouw (red.): *Gereformeerde Ampsbediening*. Bls. 75-94 Pretoria: NG Kerkboekhandel.

- Durand, J.J.F. 1961. *UNA SCANCTA CATHOLICA IN SENDINGPERSPEKTIEF. 'n Analise van die probleme rondom kerklike pluriformiteit en ekumenisiteit in die sending.* Amsterdam: Uitgeverij W. ten Have N.V.
- Durand, J.J.F. 1964. Calvyn as Ekumeniese Gees. *Ned Geref Teologiese Tydskrif* V:167-182.
- Durham, John I. 1987. *Exodus.* Waco, Texas: Word Books.
- Du Toit, S. 1959. Kerkregtelike ontwikkeling in Suid-Afrika in *Die Kerkblad*. 61(1522):2-15 Nov.
- ELCSA, 1984. *Handbook of the Evangelical Lutheran Church in Southern Africa.*
- ELCSA[N-T], 1991. *Statutes of ELCSA(N-T).*
- Ellingworth, Paul 1993. *The epistle to the Hebrews. A Commentary on the Greek Text.* Grand Rapids: William B. Eerdmans Publishing Company.
- Erasmus, L.M. 1994. *SOLA ECCLESIA? 'n Kritiese verantwoording van die kerkbegrip van die gemeentebouteologie in die Nederduitse Gereformeerde Kerk.* Ongepubliseerde D.Th.-proefskrif aan die UOVS. Bloemfontein: UOVS.
- Evans, G.R., 1994. *The Church and the Churches. Toward an ecumenical ecclesiology.* Cambridge: University Press.
- Eybers, J.H. 1934. *Die Kerkinrigting van die Nederduits Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika getoets aan die beginsels van die Gereformeerde Kerkreg.* Pretoria: J.L. van Schaik.
- Fensham, F.C. 1977. *Exodus.* Nijkerk: Uitgeverij G.F. Callenbach B.V.
- Fensham, F.C. 1982. *The Books of Ezra and Nehemia* in die reeks "The New International Commentary on the Old Testament". Grand Rapids: William B. Eerdmans.
- Fourie, D. 1990. "Het 'n lidmaat regte?" in *Die Kerkbode* 145(8):8 '2 Maart.

- France, R.T. 1984. The Church and the Kingdom of God in D.A. Carson(red): *Biblical interpretation and the church: text and context*. Exeter: The Paternoster Press p. 30-44.
- Francis, Leslie J en Lanshear, David W. 1993. Changing trends in Anglican confirmation: The implications for local church life. *Journal of Empirical Theology* 6(1):64-69.
- Frost, Herbert. 1979. Die Gliedschaft in der Kirchengemeinde in P. Meinhold(red): *Das Problem der Kirchengliedschaft heute*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft p. 237-256.
- Fung, Ronald Y.K. 1981. Some Pauline Pictures of the Church. *Evangelical Quarterly* 53:89-107 Ap-Je.
- Fung, Ronald Y.K. 1984. Ministry, Community and Spiritual Gifts. *Evangelical Quarterly* 56:3-20 Ja.
- Garner, Carl. 1978. Church Membership: A Response *Journal of Theology for Southern Africa* 23:26-33.
- Gerber, J.M. Verantwoordelike menswees in perspektief van die genadeverbond in *Ned Geref Teologiese Tydskrif* XXXI(1:53-62).
- Green Jay(red) 1978. *The Interlinear Hebrew/Greek English Bible Volume Three Psalm 56 - Malachi* Evansville: Associated Publishers and Authors, Inc.
- Giesbert, Herbert. 1986. The Evangelist John's Conception of the Church as delineated in his Gospel. *Evangelical Quarterly* 58(2):101-119 Apr.
- Giles, K. N. 1981. The Church in the Gospel of Luke *Scottish Journal of Theology* 32:121-146.
- Giles, Kevin. N. 1983. Is Luke an exponent of "early Protestantism": church order in the Lukan Writings. *Evangelical Quarterly* 54:193-205 O-D; 55:3-20 Ja

- Gilhuis, J.C. 1955. *Ecclesiocentrische aspecten van het zendingswerk met name bij de ontwikkeling daarvan in Indonesië, bijzonder op Midden-Java*. Kampen: J.H. Kok
- Gispen, W.H. 1974: *Genesis I*. Kampen: J.H. Kok.
- GKN, 1983. *Kerkorde van de Gereformeerde Kerken in Nederland*. Groningen: De Vuurbaak.
- GKSA, 1979. *Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika soos gewysig deur verskillende sinodes*. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds.
- GKSA, 1994. *Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika: Handeling van die vyf-en-veertigste Nasionale Sinode*. Potchefstroom.
- Goppelt, Leonhard 1982. *Theology of the New Testament. Volume 2. The Variety and Unity of the Apostolic Witness to Christ* Grand Rapids: William B. Eerdmans Publishing Company.
- Graafland, C. 1990. De kerk in de Nadere Reformasie - Wilhelmus à Brakel (1635-1711). In: W van 't Spijker, W Balke, K Exalto en L van Driel (red.): *De Kerk. Wegen, weg en werk van de kerk naar reformatorische opvatting*. bls: 163-186. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan.
- Grillmeier, Aloys 1967. Dogmatic Constitution on the Church: Chapter I & Chapter II in H. Vorgrimler (ed.): *Commentary on the documents of Vatican II Volume 1* West Germany: Burns & Oates / Herder and Herder.
- Groenewald, E.P. 1962. Die Ekklesia in die Nuwe Testament. *Ned Geref Teologiese Tydskrif* III(III):389-402 Jun.
- Grundmann, Siegfried. 1979. Das Kirchenmitgliedschafts- oder Kirchengliedschaftsrecht in P. Meinhold(red): *Das Problem der Kirchengliedschaft heute*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft p. 108-113.

- Gunning, J.H. 1897. *Hooger dan de Kerk! Openingswoord voor den Universiteitscursus 1897/98*. Nijmegen: Firma H. Ten Hoet.
- Hanekom, T.N. 1964. Kerk en Kerkbegrip by Calvyn. *Ned Geref Teologiese Tydskrif* V:148-159.
- Harris, Vivian W. 1978. The essential requirements of Church membership. *Journal of Theology for Southern Africa* 23:18-25.
- Hendriks, A.N. 1983. *Om de Bediening van de Geest. Bijdragen over het ambt, de prediking en het pastoraat*. Kampen: Uitgeverij van den Berg.
- Hendriksen, William 1974. *New Testament Commentary. The Gospel of Matthew*. Edinburgh: The Banner of Truth Trust.
- Heyns, L. 1992[1]. Gemeentes sonder grense *Ned Geref Teologiese Tydskrif* XXXIII(4):530-537.
- Heyns, J.A. 1962. Kerk en Kerkregering by Karl Barth. *Ned Geref Teol Tydskrif* III(IV)515-533 Sept.
- Heyns, J.A. en Jonker, W.D. 1974. *Op weg met die teologie*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
- Heyns, J.A. 1977. *Die Kerk*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
- Heyns, J.A. 1978. *Dogmatiek*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
- Heyns, Johan, 1991. Móét gemeentes geografiese grense hê? in *Die Kerkbode* 148(4):5. 26 Julie.
- Heyns, J.A. 1992. *Inleiding tot die Dogmatiek*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
- Hilling, Nikolaus, 1979. Die kirchliche Mitgliedschaft nach der Enzyklika Mystici Corporis Christi und nach dem Codex Juris Canonici in P. Meinhold(red): *Das Problem der Kirchengliedschaft heute*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft p. 11-21.

- Hofmeyr, J.W. 1991. *Flip van der Watt as kerkhistorikus en kerkregtelike: 'n kritiese waardering*. *Ned Geref Teol Tydskrif* XXXII nr. 3. September, bls. 346 ev.
- Holmberg, Bengt 1980. Sociological versus Theological Analysis of the Question Concerning a Pauline Church Order in S. Pedersen (red): *Die Paulinische Literatur und Theologie*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht. p. 187-200.
- Holwerda, David E. 1995. *Jesus & Israel. One Covenant or Two?* Grand Rapids: Wm. B. Eerdmans Publishing Co.
- Hossfeld, F.-L./Kindl, E.-M. 1989. כִּיבִּי in *Theologisches Wörterbuch zum Alten Testament Band VI*. Stuttgart: Verlag W. Kohlhammer. p.1210-1219.
- Jefford, Clayton N. (Red), 1995. *The Didache in context. Essays on Its Text, History and Transmission* Leiden: E.J. Brill
- Jeremias, Joachim 1960. *Infant baptism in the first four centuries* Translated by David Cairns. London: SCM Press Ltd.
- Jonker, W.D. 1960. Die ander kant van die Saak. *Die Kerkbode*. LXXXVI(2):41-444, LXXXVI(3):74-77, LXXXVI(4):107-111,119.
- Jonker, W.D. 1962. *Die Sendingbepalinge van die Ned. Gereformeerde Kerk van Transvaal*. Potchefstroom: Die Studie-groep oor „Kerk en Wêreld“.
- Jonker, W.D. 1963. Teologiese Verskuiwinge by Rome in die jongste Tyd. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif* IV(2):67-78 Mrt.
- Jonker, W.D. 1964. Die Liberale Kerkreg en die Veelheid van Kerke. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif* V(1):3-9 Jan.
- Jonker, W.D. 1965[1]. *Om die regering van Christus in sy kerk*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

- Jonker, W.D. 1965[2]. *Aandag vir die Kerk*. Potchefstroom: Die Evangelis.
- Jonker, W.D. 1977. Die unieke karakter van die kerk. *In die Skriflig* 11(43):4-13 Sept.
- Jonker, W.D. 1981. *In diens van die Woord: enkele opmerkinge oor die teologiese gehalte van die amptelike vakke of diakoniologie*. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.
- Jonker, W.D. 1989. *Uit vrye guns alleen - oor die uitverkiesing en verbond*. Pretoria: NG Kerkboekhandel 1988 (Edms) Bpk.
- Jonker, W.D. 1990. In gesprek met Adrio König oor doop en verbond in *Ned Geref Teologiese Tydskrif* XXXI(4):560-567.
- Jordaan J.H. 1975. *Die kerkregtelike posisie van die dooplidmaat*. Ongepubliseerde Lisensiaat-verhandeling. Stellenbosch.
- Kaiser, Matthäus. 1979. Zugehörigkeit zur Kirche in P. Meinhold(Ed): *Das Problem der Kirchengliedschaft heute*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft p. 292-304.
- Kalland, Earl S. 1992. Deuteronomy in Gaebelin, Frank E. (Ed): *The Expositor's Bible Commentary*. Volume 3. Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House p. 3-235.
- Keet, B.B. 1924. Kerk en Gemeente. Briewe in *De Kerkbode*. XIV(7):218, XIV(9):281-282.
- Kerkbode, 1923. Nehustan. *De Kerkbode*. XIII(52):1755-1757.
- Kerkbode, 1925. De Theologiese Kweekschool. *De Kerkbode*. XV(48):1610.
- Kerkbode, 1935. Die Gereformeerde Kerk en die Sending. *Die Kerkbode*. XXXVI(9):427.
- Kerkbode, 1935[2]. Christus die deur: Die twee rigtings van die Calvinisme. *Die Kerkbode*. XXXVI(13e.v.):637-638; 680-682; 728-729; 773-776; 821-823; 881-884; 924-926; 970-972; 1015-1019; 1084-1090; 1136-1139; 1190-1191; 1193; 1195-1197; 1243-1247.

Kerkbode, 1996. 'Belhar ononderhandelbaar'. *Die Kerkbode*. Deel 157(28):1.

Kilian, Andries Petrus 1992. *Geloofsbeslissing en Geloofsbelydenis: 'n Prakties-teologiese ondersoek na die teorie en praktyk van belydenisaflegging in die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Ongepubliseerde DD-proefskrif aan die Fakulteit Teologie (Afdeling B), Universiteit van Pretoria.

Klein, Hans 1986. Die Gemeinschaft der Gotteskinder. Zur Ekklesiologie der johanneischen Schriften in Hauschild, W-D.; Nicolaisen, C. & Wendenbourg, D.: *Kirchengemeinschaft - Anspruch und Wirklichkeit*. Stuttgart: Calwer Verlag. p. 59-67.

Kleynhans, E.P.J. 1974: *Die Kerkregtelike ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1795-1962* Stellenbosch.

Kleynhans, E.P.J. 1982: *Gereformeerde Kerkreg Deel 1*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.

Kleynhans, E.P.J. 1992. Geografiese grense vir gemeentes is 'n Bybelse beginsel. In *Die Kerkbode*. 149(5):11. 14 Februarie.

König, Adrio 1986. *Die doop as kinderdoop én grootdoop*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

König, Adrio 1995. *Stof jou doop af! Sê die Bybel meer oor die doop as wat ons dink?* Kaapstad: Lux Verbi.

Krämer, Peter 1977. *Theologische Grundlegung des kirchlichen Rechts. Die rechtstheologische Auseinandersetzung zwischen Hans Barion und Joseph Klein im Licht des II. Vatikanischen Konzils* Trier: Paulinus-Verlag.

Kraus, Hans-Joachim 1978. *Psalmen 2 Teilband Psalmen 60-150 5., grundlegend überarbeitete und veränderte Auflage* Neukirchener Verlag.

Krause, H.P. 1958. *The People of God in the Old Testament*. New York: Association Press.

- Kritzinger, J.D.W. 1957. *Q^eHAL JAHWE. Wat dit is en wie daaraan mag behoort.* Akademiese proefskrif aan die Vrije Universiteit te Amsterdam. Kampen: J.H. Kok.
- Küng, Hans. 1967. *The Church.* Londen: Search Press.
- Küng, Hans. 1993. *Credo. The Apostles' Creed Explained for Today.* London: SCM PRESS LTD.
- Kuyper, A. 1883. *Tractaat van de Reformatie der Kerken aan de zonen der reformatie hier te lande op Luther's vierde Eeuwfeest.* Amsterdam: Höneker & Zoon.
- Kuyper, A. 1887. *Kerken-Ordering gesteld in de Nationale synode der Gereformeerde Kerken te zamen beroepen en gehouden binnen Dordrecht in de jaren 1618 en 1619, met aanwijzing van hetgeen door de staatkundige gebeurtenissen sinds 1619 ophield te werken.* Amsterdam: J.A. Wormser.
- Ladd, G.E. 1975. *A Theology of the New Testament.* Grand Rapids: William B. Eerdmans Publishing Company.
- Lazenby, M.J. 1994. *LIDMAATSKAP VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK PRAKTIES-TEOLOGIES VERKEN.* Ongepubliseerde D.Th-proefskrif aan die Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.
- Lee, Bernard J. 1992. The Nature of the Church in Miller, Randolph Crump (Red): *Empirical Theology. A Handbook.* Birmingham, Alabama: Religious Education Press p. 175-202.
- Lee, N. 1971. Die Saligheid van Vroeg Sterwende Kindertjies van Ongelowiges in *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif* XII(2):103-116
- Lekkerkerker, A.F.N. 1971. *Oorsprong en funksie van het ambt.* 's-Gravenhage: Boekencentrum N.V.

- Liermann, Hans 1979. Die kirklike Mitgledsmaat na gelangende ewangeliese Kirkenreght in P. Meinhold(red): *Das Problem der Kirchengliedsmaat heute*. Darmstadt: Wissenschaftlike Buekgesellschaft p. 22-41.
- Littikhuis, B.A.M. 1992. *Een grensgeval. Oorsprong en funksie van het territoriale beginsel in het gereformeerde kerkreght*. Gorinchem: Theologiese Uitgewerij Narratio.
- Louw, D.J. 1980. *Op soek na die huisgenote van die geloof* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
- Lückhoff Abraham en Nicol Willem 1982. 'n Historiese perspektief op die Ope Brief in Bosch David J; König , Adrio; Nicol, Willem (Redakteurs): *Perspektief op die Ope Brief*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- LXX, 1975. *The Septuagint Version of the Old Testament and Apocrypha with an English translation; and with various readings and critical notes*. Zondervan.
- Maier, Gerhard 1984. The Church in the Gospel of Matthew. Hermeneutical Analysis of the Current Debate. (Vertaal uit Duits deur Harold H.P. Dressler) in D.A. Carson(red): *Biblical interpretation and the church: text and context*. Exeter: The Paternoster Press p.45-63.
- Macky, Peter W. 1990. *THE CENTRALITY OF METAPHORS TO BIBLICAL THOUGHT. A Method for Interpreting the Bible*. Lewiston/Queenstown/Lampeter: The Edwin Mellen Press.
- Malina, Bruce J. 1993. *The New Testament World. Revised Edition. Insights from Cultural Anthropolpology*. Louisville: Westminster/John Knox Press.
- Malina, Bruce J. 1993[1]. Grace/Favor; Patronage in Pilch, John J. and Malina, Bruce J. (Ed.) *Biblical social values and their meaning*. Peabody ; Hendrickson Publishers. p. 83-86; 133-137.
- Meeks, Wayne A. 1983. *The first urban Christians. The Social World of the Apostle Paul*. New Haven & London: Yale University Press.

- Meinhold, Peter, 1979. Einleitung in P. Meinhold(red): *Das Problem der Kirchengliedschaft heute*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft p. 1-9.
- Meinhold, Peter, 1979. Das Problem der Kirchengliedschaft aus lutherischer Sicht in P. Meinhold(red): *Das Problem der Kirchengliedschaft heute*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft p. 344-365.
- Methodist, 1951. *The Constitutional Practice and Discipline of the Methodist Church*. London: The Methodist Publishing House.
- Miller, Randolph Crump, 1992. Empirical Theology in the Local Congregation in Miller, Randolph Crump (Red): *Empirical Theology. A Handbook*. Birmingham, Alabama: Religious Education Press p. 264-287.
- Minear, Paul S. 1960. *IMAGES OF THE CHURCH IN THE NEW TESTAMENT*. Philadelphia: The Westminster Press.
- Mitchell, Nathan 1995: Baptism in the *Didache* in Jefford, Clayton N. (Red): *The Didache in context. Essays on Its Text, History and Transmission*. Leiden: E.J. Brill. p. 226-255.
- Möller, F.P. 1984. Objections to infant baptism in König, A.; Lederle, H.I.; Möller, F.P. (red): *Infant Baptism? The arguments for and against. Proceedings of a theological congress held at Unisa 3-5 October, 1983*. Roodepoort: Cum Books p. 69-82.
- Mörsdorf, Klaus 1979. Die Kirchengliedschaft in P. Meinhold(red): *Das Problem der Kirchengliedschaft heute*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft p. 95-107.
- Muntingh, L.M. 1962. Die Begrip Gër in die Ou Testament. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif* III(IV):534-558 Sept.
- Nauta, D. 1971: *Verklaring van de Kerkorde van de Gereformeerde Kerke in Nederland*. Kampen: J.H. Kok.

Nederduitse Gereformeerde Kerk. 1970, 1982, 1986, 1990[1], 1994[1]. *Agenda en Handeling van die Algemene Sinode.*

Nederduitse Gereformeerde Kerk. 1988. *Handboek vir die Erediens van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Nederduitse Gereformeerde Kerk. 1990[2]. *Kerk en Samelewing.* Bloemfontein: Pro Christo Publikasies.

Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1994[2]. *Die Kerkorde met reglemente en besluite van kerkregtelike aard soos vasgestel deur die Algemene Sinode in Oktober, 1994.* Wellington: Hugenote Uitgewers.

Nederduitse Gereformeerde Kerk in Namibië, 1991. *Kerkorde, Bepalinge en Reglemente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Namibië. Hersien en nuut saamgestel deur die Sinode in die jaar, 1991.* Windhoek.

Nederduitse Gereformeerde Kerk in Noord-Kaapland, 1991. *Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk tesame met Bepalinge, Reglemente, Besluite en Aantekeninge vir gebruik in die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland. Goedgekeur deur die Sinode van Oktober, 1991.*

Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat, 1975. *Kerkorde (Insluitende die Kerkorde van die Algemene Sinode, 1974) vir die regering van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat.* Bloemfontein.

Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat, 1983. *Kerkorde (Insluitende die Kerkorde van die Algemene Sinode, 1982) vir die regering van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat.* Bloemfontein: N.G. Sendingpers.

Nederduitse Gereformeerde Kerk in Oos-Kaapland, 1991. *Die Kerkorde en aanvullende Bepalinge en Reglemente vir gebruik in die Ned. Geref. Kerk in Oos-Kaapland soos onderskeidelik vasgestel deur die Algemene Sinode, 1990 en die Sinode van Oktober, 1991.* Port Elizabeth

Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1979. *Kerkorde, Bepalinge en Reglemente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Hersien deur die Sinode in die jaar, 1979.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1991. *Kerkorde, Bepalinge en Reglemente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Hersien deur die Sinode in die jaar, 1991.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, 1977. *Diensboek.*

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, 1993. *Kerkwet en bepalings.* Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, 1995. *Besluitebundel.*

Nederduitse Gereformeerde Kerk van Midde-Afrika, 1991. *Kerkorde en Aanvullende Bepalings.*

Nederduitse Gereformeerde Kerk van Natal, 1975. *Kerkorde en Bepalinge van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Natal (Insluitende Reglemente, Vorms en Besluite van die Natalse en Algemene Sinode) soos besluit deur die Sinode van Natal.*

Nederduitse Gereformeerde Kerk van Natal, 1992. *Die kerkorde met aanvullende bepalinge, reglemente, vorms en sinodale besluite.*

Nederduitse Gereformeerde Kerk van Natal, 1996. *Kerkorde en Bepalinge van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Natal met aanvullende bepalinge, reglemente, vorms en sinodale besluite.*

Nederduitse Gereformeerde Kerk van Noord-Transvaal, 1991. *Kerkorde en aanvullende bepalinge vir gebruik binne die gebied van die Sinode van Noord-Transvaal van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Soos onderskeidelik vasgestel deur die Algemene Sinode en die Sinode van Noord-Transvaal.*

- Nederduitse Gereformeerde Kerk van Oos-Transvaal, 1991. *Kerkorde en Aanvullende Bepalings vir gebruik binne die gebied van die Sinode van Oos-Transvaal van die Nederduitse Gereformeerde Kerk soos onderskeidelik vasgestel deur die Algemene Sinode en die Sinode van Oos-transvaal*. Bloemfontein: N G Sendingpers.
- Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Transvaal, 1975. *Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk tesame met aanvullende Bepalings, Reglemente en Besluite van die Sinode van Suid-Transvaal*.
- Nederduitse Gereformeerde Kerk van Wes-Transvaal, 1991. *Bepalings Reglemente en Besluite van die Sinode van Wes-Transvaal*.
- Nederduitse Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, 1857. *De Handelingen van zeven eerste vergaderingen van de Algemene Synode der Nederduitse Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika*. Kaapstad.
- Nederduitse Gereformeerde Kerk van Zuider-Afrika, 1858. *Handelingen der Negende Vergadering van de Synode der Nederduitse Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika gehouden in de Kaapstad op Dinsdag den 13den October en volgende dagen, 1857*. Kaapstad.
- Nederduitse Gereformeerde Kerk van Zuider-Afrika, 1883. *Handelingen der Zeven Eerste Vergaderingen van de Synode der Nederduitse Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika*. Kaapstad.
- Nel, Malan. 1994. *Gemeentebou*. Halfway House: Orion.
- Nestle-Aland, 1979. *Novum Testamentum Graece*. Stuttgart: Deutsche Biblestiftung.
- NHK, 1969 (met wysigings tot, 1985). *Kerkorde der Nederlandse Hervormde Kerk*.
- Nissiotis, Nikos, A. 1979. Die Zugehörigkeit zur Kirche nach orthodoxem Verständnis in P. Meinhold(red): *Das Problem der Kirchengliedschaft heute*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft p. 366-390.

- Nol, Mark A. 1978. Martin Luther and the concept of a "true" church. *Evangelical Quarterly*. 50:79-85 Ap-Je.
- Noordegraaf, A. 1990. De kerk in het Nieuwe Testament. In: W van 't Spijker, W Balke, K Exalto en L van Driel (red.): *De Kerk. Wegen, weg en werk van de kerk naar reformatorische opvatting*. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan. bls.19-64.
- Noordmans, O. 1984. *Verzamelde werken. Deel V. Om de rechte orde der kerk*. Kampen: Uitgeversmaatschappij J.H. Kok.
- Nuyken, Wessel. 1979. Die Kirchenmitgliedschaft im Kirchengesetz über die Kirchenmitgliedschaft vom 10. November, 1976 in P. Meinhold(red): *Das Problem der Kirchengliedschaft heute*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft p. 325-343.
- O'Brien, P.T. 1987. The Church as a Heavenly and Eschatological Entity in D.A. Carson (red): *The Church in the Bible and the World*. Exeter: The Paternoster Press p.88-119.
- Odendaal, D.H. 1989. Covenant - the centre of the Old Testament? in *Ned Geref Teologiese Tydskrif* XXX(2):143-151
- OLB, 1994. *Online Bible 6.1*. Woodside Bible Fellowship [Rekenaarprogram]
- Ott, Ludwig. 1952. *Grundriß der katholischen Dogmatik*. Freiburg: Verlag Herder.
- Pannenberg, Wolfhart. 1972. *The Apostles' Creed In the Light of Today's Questions*. London: SCM PRESS LTD.
- Papapetrou, Konstantinos E. 1972. *Über die anthropologischen Grenzen der Kirche. Ein philosophisch-theologischer Entwurf zum Thema Simul iustus et peccator aus orthodox-katholischer Sicht*. Hamburg: Lutherisches Verlagshaus.
- Patterson, Robert W. 1991. In search of the visible Church. *Christianity Today*. 35:36-40 11 Maart.

- Patterson, Stephen, J. 1995: The legacy of the radical itinerancy in early Christianity in Jefford, Clayton N. (Red).: *The Didache in context. Essays on Its Text, History and Transmission*. Leiden: E.J. Brill. p. 311-329.
- PCSA, 1992. *The manual of the law and procedure of the Presbyterian Church of Southern Africa*. Parkview: General Assembly Office.
- Pelser, G.M.M. 1984. Die Pauliniese Soteriologie in Du Toit, A.B.(Redakteur): *Handleiding by die Nuwe Testament Band V*. Bladsy 256-281. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
- Pelser, Petrus Jacobus 1976. *Die roeping tot sigbaarmaking van die katolesiteit van die kerk*. Ongepubliseerde Th.D-proefskrif aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.
- Perriman, Andrew. 1990. 'His body, which is the church' Coming to Terms with Metaphor. *Evangelical Quarterly* 62(2):123-142 Apr.
- Pienaar, H. 1924. Kerk en Gemeente. Brief in *De Kerkbode*. XIV(8):250.
- Pirson, D. 1965. *Universalität und Partikularität der Kirche. Die Rechtsproblematik zwischenkirchlicher Beziehungen*. Jus Ecclesiasticum Band I. München: Claudius Verlag.
- Pirson, D. 1979. Die Mitgliedschaft in der Deutschen evangelischen Landeskirchen als Rechtsverhältnis in P. Meinhold(red): *Das Problem der Kirchengliedschaft heute*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft p. 138-162.
- Polman, A.D.R. sj. *Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis. Verklaard uit het Verleden. Geconfronteerd met het heden. Eerste Deel*. Franeker: T. Wever.
- Polman, A.D.R. sj[1]. *Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis. Verklaard uit het Verleden. Geconfronteerd met het heden. Derde Deel*. Franeker: T. Wever.
- Pont, A.D. 1981. *Die historiese agtergronde van ons kerklike reg. Deel 1*. Pretoria: HAUM.

- Pont, A.D. 1990. Boekresensie oor Spoelstra, B. 1989: Gereformeerde kerkreg en kerkregering: 'n Handboek by die Kerkorde. *Hervormde Teologiese Studies* 46(3):463-469 Sep.
- Pont, A.D. 1991. *Die historiese agtergronde van ons kerklike reg. Deel 2*. Pretoria: Kital.
- Potgieter, F.J.M. 1982. Kontinuiteit tussen skepping en herskepping in Bosch, David J; König, Adrio; Nicol, Willem (Redakteurs): *Perspektief op die Ope Brief*. Kaapstad: Human & Rousseau. p. 106-112.
- Potgieter, Marius. 1995. 'n Nuwe Bybelse Lewenswyse. *Die Selgemeente*. George: Lewensvreugde
- Presbyterian Church in America, 1982. *The book of Church Order of the Presbyterian Church in America*. Decatur, Georgia: Committee for Christian Education and Publications.
- Preuß, Horst Dietrich 1991. *Theologie des Alten Testaments. Band 1. JHWH's erwählendes und verpflichtendes Handeln*. Stuttgart Berlin Köln: Verlag W. Kohlhammer
- Preuß, Horst Dietrich 1992. *Theologie des Alten Testaments. Band 2. Israels Weg mit JHWH*. Stuttgart Berlin Köln: Verlag W. Kohlhammer
- Prins, J.M.G. 1994. "Kinders aan die nagmaalstafel - belangrike oorwegings ten opsigte van die implementering daarvan" in *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*. XXXV(2):306-317.
- Puza, Richard 1983. Strömungen und Tendenzen im neuen Kirchenrecht. *Theologische Quartalschrift* 163(3):163-178.
- Rahner, Karl 1979. Das neue Bild der Kirche in P. Meinhold(red): *Das Problem der Kirchengliedschaft heute*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft p. 114-137.
- Ratzinger, Joseph Kardinal 1979. Taufe, Glaube und Zugehörigkeit zur Kirche in P. Meinhold(red): *Das Problem der Kirchengliedschaft heute*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft p. 305-324.

- RCA, 1989. *Church Order of the Reformed Church in Africa with the Bylaws Rules of Procedure Regulations Forms as resolved at the Extraordinary Synod of the Reformed Church in Africa held at Malabar, Port Elizabeth, 1988*. Durban.
- RCA, 1990. *Church Order of the Reformed Church in Africa. First supplement to Church Order, 1989. As approved by Synod, 1990*. Durban.
- Ridderbos, Herman 1973. *Paulus. Ontwerp van zijn theologie* Kampen: J.H. Kok.
- Roberts, J.H. 1973. Ekklesia in Acts - linguistic an theology: a venture in methodology in *Neotestamentica* 7:73-94.
- Roberts, J.H. 1981. Skriftuurlike Grondslae vir die ekumenie. *Ned Geref Teol Tydskrif* XXVII(3):188-200 Junie.
- Roberts, J.H. 1984. Die kerk by Paulus in Du Toit, A.B.(Redakteur):*Handleiding by die Nuwe Testament Band V*. Bladsy 282-319. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
- Roloff, Jürgen 1990. *Exegetische Verantwortung in der Kirche. Aufsätze. Herausgegeben von Martin Karrer*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Roloff, Jürgen 1993. *Die Kirche im Neuen Testament*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Rossouw, H.W. 1976. Opmerkinge na aanleiding van die vraag: Wat is die Kerk? *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif* XVII(3) p. 146-158.
- Rossouw, P.J. 1988. Aspekte van Calvyn se ampsbeskouing. In: P.J. Rossouw (red.): *Gereformeerde Ampsbediening*. Bls: 128-149 Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Runia, K. 1990. De prediking van de kerk. In: W van 't Spijker, W Balke, K Exalto en L van Driel (red.): *De Kerk. Wegen, weg en werk van de kerk naar reformatorische opvatting*. Bls. 392-403. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan.

- Russel, Keith A. 1994. *In Search of the church. New Testament Images for Tomorrow's Congregations* New York City: Alban Institute.
- Rutgers, F.L. 1921. *Kerkelijke Adviezen. Eerste deel.* Kampen: Kok.
- Sadler, T.H.N. 1991. Lidmaatskap: Gebruik in die Ned Geref Kerk. In Strauss, P.J. (Redakteur): *Byderwets en Gereformeerde: Kerkregtelike opstelle opgedra aan P.B. van der Watt* p. 65-76 Bloemfontein: Pro-Christo Publikasies.
- SBC, 1990. *Trust deed and constitution of the Stellenbosch Baptist Church.* Ongepubliseerd.
- Schaff, Philip 1977. *The Creeds of Christendom with a history and critical notes. Volume II. The Greek and Latin creeds with translations.* Grand Rapids: Baker Book House.
- Schlaich, K. 1969. *Kollegialtheorie. Kirche, Recht und Staat in der Aufklärung.* In *Jus Ecclesiasticum* band 8. München: Claudius Verlag.
- Schlatter, Adolf 1969. *Das Evangelium nach Matthäus. Ausgelegt für Bibelleser.* Stuttgart: Calwer Verlag.
- Schmaus, Michael 1979. "Die Zugehörigkeit zur Kirche (Kirchengliedschaft)" in P. Meinhold(red): *Das Problem der Kirchengliedschaft heute.* Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft p. 58-83
- Schnackenburg, Rudolf 1978. Die johanneische Gemeinde und ihre Geisterfahrung in R. Schnackenburg, J. Ernst und J. Wanke (red): *Die Kirche des Anfangs.* Freiburg/Basel/Wien: Herder. p. 277-306.
- Scholtz, Adelbert 1992. Herstel die Attestaat in *Die Kerkbode.* 149(17):4. 15 Mei.
- Searle, David C. 1983. The membership of the church of God. *Scottish Bulletin of Evangelical Theology.* 1:25-31.

- Shedd, Russel P. 1987. Worship in the New Testament Church in D. A. Carson (red): *The Church in the Bible and the World*. Exeter: The Paternoster Press p.120-153.
- Smit, C.J. 1983. Die kerkorde en die heilige Skrif - 'n contradictio in terminis? *In die Skriflig* 17(67):35-41 Sep.
- Smit, C.J. 1985. *Kerkreg en Kerkorde in die lig van God se reg en orde vir sy Kerk*. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.
- Smit, C.J. 1992. Kerkregering as 'n geestelike regeringswyse *In die Skriflig* 26(4):503-521 Des.
- Smit, D.J. 1992[1]. Lyding, Christologie en dissipelskap volgens Markus - en die prediking in *Verdere riglyne vir lydensedikking WOORD TEEN DIE LIG I/8*. Kaapstad: Lux Verbi. p. 73-92.
- Smuts, Mike, 1992. 'Behou grense, asseblief'. Brief in *Die Kerkbode*. 149(20):7. 5 Junie.
- SOW, 1994. *Concept Kerkorde van de Verenigde Protestantse Kerk in Nederland in eerste lezing met de toelichting van de werkgroep kerkorde*. Maart.
- Speelman, H.A. 1994. *Calvijn en de zelfstandigheid van de kerk*. Kampen: Kok.
- Spoelstra, B. 1984. Gereformeerde kerkbegrip en kerklidmaatskap. In *In die Skriflig* 18(70):20-32 Jul.
- Spoelstra, B. 1989. *Gereformeerde kerkreg en kerkregering. 'n Handboek by die Kerkorde*. Hammanskraal: Die Hammanskraalse Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.
- Spoelstra, B. 1989[1]. Het ons kerkwees in strukture gestol? in *Ned Geref Teologiese Tydskrif* XXX(1):64-72.

- Spoelstra, B. 1991. "Presbiteriale kerkregering en presbiterianisme" *Ned Geref Teol Tydskrif* XXXII(1):57-67 Maart.
- Spoelstra, C. 1906. *Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika* Deel 1. Amsterdam: Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers-Maatschappij.
- Strauss, P.J. 1991. Vanwaar gereformeerde kerkregtelike beginsels? In Strauss, P.J. (Redakteur): *Byderwets en Gereformerd: Kerkregtelike opstelle opgedra aan P.B. van der Watt* p. 23-34. Bloemfontein: Pro-Christo Publikasies.
- Strauss, S.A. 1984. K Schilder se siening van die betekenis van die doop in die lig van die struktuur van die verbond in *Ned Geref Teologiese Tydskrif* XXV(4):376-388.
- Sykes, S.W. 1979. Anglikanische Perspektiven zur Mitgliedschaft in der Kirche in P. Meinhold(red): *Das Problem der Kirchengliedschaft heute*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft p. 391-411.
- The Methodist Church of South Africa, 1962. *A Manual of the Laws and Discipline of the Methodist Church of South Africa* Fourth Edition. Methodist Church of South Africa Book Room and Publishing Department.
- The Reformed Church in America, 1983. *The Book of Church Order*. New York: Reformed Church Press.
- Theron, P.F. 1978. *Die Ekklesia as Kosmies-eskatologiese teken - Die Eenheid van die kerk as „Profesie“ van die Eskatologiese Vrede*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
- Theron, P.F. 1985. Verbond, geloofsekerheid en belydenisaflegging in *Ned Geref Teologiese Tydskrif* XXVI(3):299-310
- Theron, P.F. 1988. Natuur en genade, kerk en volk in C.J. Wethmar en C.J.A. Vos (red): *'n Woord op sy tyd. 'n Teologiese feesbundel aangebied aan professor Johan Heyns ter herdenking van sy sestigste verjaardag* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel p. 157-171

- Theron, P.F. 1989. *Corpus Christi*, katolesisme en Kuyper. In P.F. Theron en J. Kinghorn (red.): *Koninkryk, Kerk en Kosmos. Huldigingsbundel ter ere van Prof. W.D. Jonker*. Bloemfontein: Pro-Christo Publikasies p. 87-100
- Theron, P.F. 1994. "Suigelingdoop en kinderkommunie" in *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*. XXXV(2):296-305
- TKK, 1981. *Tussenkerklike kommissie. Die Afrikaanse Susterskerke: Handeling* Deel II (1977-1981)
- Trimp, C. 1988. Ambt als Dienst? In: P.J. Rossouw (red.): *Gereformeerde Ampsbediening*. Bls. 233-242. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Trimp, C. 1990. Het pastoraat van de kerk. In: W van 't Spijker, W Balke, K Exalto en L van Driel (red.): *De Kerk. Wegen, weg en werk van de kerk naar reformatorische opvatting*. Bls. 423-435. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan.
- Trimp, C. 1990. Het diakonaat van de kerk. In: W van 't Spijker, W Balke, K Exalto en L van Driel (red.): *De Kerk. Wegen, weg en werk van de kerk naar reformatorische opvatting*. Bls. 453-471. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan.
- Van der Linde, G.P.L. 1958. *Die attestasie volgens Gereformeerde kerkbegrip*. Potchefstroom: PU vir CHO.
- Van der Merwe, H.P. 1924. Organisasie of organisme? Brief in *De Kerkbode*. XIV(8):250.
- Van der Merwe, W. 1973. *Die gebruik van attestate en lidmaatsertifikate in die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Ongepubliseerde Lisensiaat-verhandeling. Stellenbosch.
- Van der Watt, P.B. 1963. Kerklike attestate in gebruik in *Die Kerkbode* XCII(12):395-397. 18 September.

- Van de Wiel, C. 1988. Geschiedenis van die parochie in Werkgroep Nederlandstalige Canonisten: *De parochie*. Amersfoort: Acco, Leuven p. 59-76.
- Van Genderen, J. 1990. De kenmerken van de kerk. In: W van 't Spijker, W Balke, K Exalto en L van Driel (red.): *De Kerk. Wegen, weg en werk van de kerk naar reformatorische opvatting*. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan. bls. 283-300.
- Van Oort, J. 1990. Augustinus over de kerk. In: W van 't Spijker, W Balke, K Exalto en L van Driel (red.): *De Kerk. Wegen, weg en werk van de kerk naar reformatorische opvatting*. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan. bls. 65-94.
- Van Rensburg, Gert 1991. Gemeentes móét grense hê. Brief in *Die Kerkbode*. 148(8):8. 23 Augustus.
- Van Rensburg, G.F.J. 1992. Beginsel van lidmaatskap nie reg verstaan in *Die Kerkbode*. 149(21):7. 12 Junie.
- Van Renen, Adri-Louise 1991. Moet gemeentelike geografiese grense behou word? Artikel in *Die Kerkbode*. 148(11):6-7. 13 September.
- Van Ruler, A.A. 1968. *Ik Geloof. DE TWAALF ARTIKELEN VAN HET GELOOF IN MORGENWIJDINGEN*. Vyfde druk. Nijkerk: Uitgeverij G.F. Callenbach B.V.
- Van 't Spijker, W. 1990. De kerk bij Bucer: het rijk van Christus. In: W van 't Spijker, W Balke, K Exalto en L van Driel (red.): *De Kerk. Wegen, weg en werk van de kerk naar reformatorische opvatting*. bls. 126-142 Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan.
- Van 't Spijker, W. 1990. De kerk by Calvijn: theocratie. In: W van 't Spijker, W Balke, K Exalto en L van Driel (red.): *De Kerk. Wegen, weg en werk van de kerk naar reformatorische opvatting*. bls. 143-162. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan.

- Van Vuuren, Sampie, 1992. Oop gemeentegrense of nie? In *Die Kerkbode* 149(2):4. 24 Januarie.
- Van Wyk, B.J. 1989. *Die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip met besondere verwysing na die kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*. Ongepubliseerde DD-proefskrif aan die Fakulteit Teologie Afdeling A, Universiteit van Pretoria.
- Van Wyk, S.W. 1983. "Handelinge 2:37-42" in Burger, C.W., Müller, B.A., "Woord teen die Lig 5: Riglyne vir Doopprediking". Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers. p. 110-115.
- Van Zyl, H.C. 1990. God se genade verliesbaar? - Nog eens Hebreërs 6:4-6 in *Ned Geref Teologiese Tydskrif* XXXI(3):336-347
- Verboom, W. 1990. De kerk als leergemeenschap. In: W van 't Spijker, W Balke, K Exalto en L van Driel (red.): *De Kerk. Wegen, weg en werk van de kerk naar reformatorische opvatting*. Bls. 404-422. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan.
- Verbrugge, Verly D. 1980. Towards a new interpretation of Hebrews 6:4-6. *Calvin Theological Journal*. 15:61-73.
- Versteeg, J.P. 1988. Het karakter van het ambt volgens Efeziërs 4:7-16. In: P.J. Rossouw (red.): *Gereformeerde Ampsbediening*. Bls. 49-74. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- VGK, 1994. *Kerkorde en Reglemente van die Algemene Sinode van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika vasgestel deur die Eerste Algemene Sinode te Belhar, 1994*. Belhar.
- Von Allmen, Jean-Jacques. 1979. Die Zugehörigkeit zur Kirche in reformierter Sicht in P. Meinhold(red): *Das Problem der Kirchengliedschaft heute*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft p. 412-433.
- Von Campenhausen, Axel. 1979. Kircheneintritt - Kirchenaustritt - Kirchenmitgliedschaft in P. Meinhold(red): *Das Problem der Kirchengliedschaft heute*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft p. 257-273.

- Von Loewenich, Walther. 1970. *Der moderne Katholizismus vor und nach dem Konzil*. Witten: Luther-Verlag.
- Von Rad, Gerhard 1963. *Genesis. A Commentary*. Translated by John H. Marks. London: SCM Press Ltd.
- Vorster, J.D. 1951. Die Spoor wat die Ned.Geref. Kerk in sy Regering gevolg het. *Die Gereformeerde Vaandel* XIX(4):123-130
- Vorster, J.M. 1991. Die betekenis van die verbondsdoop vir die kerklike bediening en die Christelike lewe in *Ned Geref Teologiese Tydskrif* XXXII(2):242-249
- Weber, Otto. 1972. *Grundlagen der Dogmatik. Zweiter Band*. Neukirchener Verlag.
- Wentzel, B. 1990. De rooms-katholieke leer van de kerk sinds Trente met bijzondere aandacht voor de nieuwe ontwikkelingen. In: W van 't Spijker, W Balke, K Exalto en L van Driel (red.): *De Kerk. Wegen, weg en werk van de kerk naar reformatorische opvatting*. bls. 231-245. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan.
- Weijland, H.B. 1984. "A en B" Een onderzoek naar de geografische gemeente als bijdrage in het beraad over een oecumenisch beleid. Kampen: J.H. Kok.
- Wendt, Günther 1979. Bemerkungen zur gliedkirchlichen Vereinbarung über das Mitgliedschaftsrecht in der EKD in P. Meinhold(red): *Das Problem der Kirchengliedschaft heute*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft p. 173-191.
- Westermann, Claus 1984. *Genesis 1-11. A Commentary*. Translated by John J. Scullion S.J. London: SPCK.
- Wethmar, C.J. 1991. Die ekumeniese roeping van die kerk in die lig van die gereformeerde belydenisskrifte in *Ned Geref Teologiese Tydskrif* XXXII(3):447-454.

- Williamson, H.G.M. 1985. *Esra, Nehemiah* in "World Biblical Commentary volume 16. Waco:Words Books.
- Winkler, Eberhard. 1985. Die Taufe zwischen Offenheit und Verbindlichkeit. *Theologische Literaturzeitung* 110(5):321-332.
- Wolfaardt, J.A. sj. *Kerk en Amp van die Gelowige*. Potchefstroom: Die Evangelis.
- Worgul, George S. Jr. 1982. People of God, Body of Christ: Pauline Ecclesiological Contrasts. *Biblical Theology Bulletin*. XII(1):24-28 Jan.
- Young, Robert 1970. *Analytical Concordance to the Bible*. Michigan: WM.B. Eerdmans Publishing Company.
- Zwaanstra, H. 1974: Abraham Kuyper's conception of the Church. *Calvin Theological Journal* 9:149-181.

- Williamson, H.G.M. 1985. *Esra, Nehemiah* in "World Biblical Commentary volume 16. Waco: Words Books.
- Winkler, Eberhard. 1985. Die Taufe zwischen Offenheit und Verbindlichkeit. *Theologische Literaturzeitung* 110(5):321-332.
- Wolfaardt, J.A. sj. *Kerk en Amp van die Gelowige*. Potchefstroom: Die Evangelis.
- Worgul, George S. Jr. 1982. People of God, Body of Christ: Pauline Ecclesiological Contrasts. *Biblical Theology Bulletin*. XII(1):24-28 Jan.
- Young, Robert 1970. *Analytical Concordance to the Bible*. Michigan: WM.B. Eerdmans Publishing Company.
- Zwaanstra, H. 1974: Abraham Kuyper's conception of the Church. *Calvin Theological Journal* 9:149-181.